D E E L  I

'N KRITIESE OORSIG EN STUDIE VAN DIE WERKINGE VAN DIE BEMARKINGSWET VAN 1937, TOT EN MET DIE GEWYSIGDE EN GEKONSOLIDEERDE WETGEWING VAN WET 59, VAN 1968.

--------------------

D E E L  II

DIE WERKINGE VAN DIE SYBOKHAARRAAD KRAGTENS DIE BEMARKINGSWET 59, VAN 1968, VIR DIE REËL VAN DIE BEMARKING VAN SYBOKHAAR EN VIR AANGELEENTHEDE IN VERBAND DAARMEE.

----------------------


deur

E V E R T  F R E D E R I K  S M I T H


Proefskrif aangebied ter voldoening aan die vereistes van 'n ad eudem gradum student

in die

FAKULTEIT HANDEL

Rhodes Universiteit, Grahamstad

Opsiener: Professor E. H. Smith

PORT ELIZABETH
September 1971

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

D E E L   I

HOOFSTUK 1: KRITIESE OORSIG EN STUDIE VAN WERKINGE VAN DIE BEMARKINGSWET VAN 1937.


Inleiding .................................................. 1

Geskiedkundige Agtergrond .................................. 1

1. (a) Ontwikkeling van Koöperasies in S.A. .......... 1
   (b) Hoofrigting van Ontwikkeling van Koöperasies .. 3
   (c) Opsomming van Ontwikkeling van Koöperasies in S.A. 4

2. Grondbeginsels van koöperasie ...................... 5

3. Modus Operandi in praktyk gevolg ................... 6

4. Spesiale voorregte geniet deur koöperatiewe liggame 6

   Verkoop deur een kanaal - Rade van Beheer .......... 8

   Kommissie van Ondersoek i/s Koöperasies en Landboukrediet ................................................ 10

   Bron van inligting ................................. 12


HOOFSTUK 2: BEMARKINGSWET 1937 (NO. 26 VAN 1937) SOOS GEWYSIG.


Art. 1: Woordomskrywing
   (1) Definisies ... ............................ 13
   (2) Toepassing van Wet ........................ 15

Art. 2: Nasionale Bemarkingsraad ....................... 16

Art. 5: Bevoegdhede van Bemarkingsraad ................. 16

Art. 8: Instelling van Adviserende Produsentekomitee ... 18

Art. 9: Werksaamhede van Produsentekomitee ............. 18

Art. 10: Instelling van Adviserende Verbruikerskomitee .. 18

Art. 11: Werksaamhede van Adviserende Verbruikerskomitee 18

Art. 17: Voorlegging en Ondersoek van Skemas ........... 19

Art. 17 bis: Gesamentlike Skemas ....................... 20

Bladsy

Art. 18: Administratiewe Bepalings van 'n Skema ............ 21

" 18 bis: Amalgamasie van Fondse vir Uitvoering van Bestaande Reëlingswette en Skemas .............. 24

" 19: Opsionele Bepalings van 'n Skema ................ 25

" 20: Spesiale Bevoegdhede van Beheerrade ............. 29

" 21: Publikasie van Skemas en Stemming daaroor ........ 33

" 22: Goedkeuring en Toepassing van Skemas ............ 34

" 23: Wysiging van 'n Skema ......................... 35

" 24: Periodieke Voorlegging van Skemas aan Produsente .. 36

" 25: Herroeping, Opskorting of Wysigings van Skemas .... 37

" 26: Regspersoonlikheid van Beherende Rade ........... 38

" 27: Voorlegging van Besluite van Beheerrade aan Bemarkingsraad ................................. 38

" 28: Verslag aan Bemarkingsraad deur Rade ........... 39

" 29: Bekendmaking van Besluite aan Rade .............. 39

" 30: Landboubemarkingsfonds ........................ 40

" 32: Voorskrif van opgawes met Betrekking tot Produkte deur Minister ............................... 40

" 33: Verbod op of Beheer van in- en uitvoere .......... 41

" 34: Nasionale Merk ................................ 41

" 35: Verkoop onder Nasionale Merk ................... 41

" 36: Verpakking en Merking van Produkte .............. 41

" 37: Aanwysing en Bevoegdhede van Inspekteurs ......... 41

" 38: Strafbepalings ................................ 42

" 39: Geldigheid van Optrede onder Wet ................ 42

(ter)" 41: Regsbevoegdheid .............................. 42

" 42: Spoorweë en Hawens gevrywaar ................... 42

" 43: Regulasies .................................... 43

" 44: Kort Titel van Wet ............................. 44

Bron van Inligting .................................. 44

(iii) ..... Hoofstuk 3

Bladsy

HOOFSTUK 3: 'n KORT OPSOMMING VAN EN 'n KRITIESE OORSIG OOR DIE BEMARKINGSWET VAN 1937 TOT 1948.


1. Die Beginsels ........................................ 45

2. Samestelling van Beheerrade ........................ 46

3. Prysbeleid en Implikasies daarvan ................ 49

4. Prysskommelinge tot ongeveer 1948 ................ 49

5. Uitvoer Subsidië ................................... 51

6. Gradering ........................................... 53

7. Kruisvervoer ........................................ 53

8. Ontwrigting van Bestaande Handelskanale ........... 54

9. Lisensiëring ........................................ 55

10. Doeltreffende Publisiteit ......................... 57

Bron van Inligting ..................................... 57


HOOFSTUK 4: BEMARKINGSWET-KOMMISSIE 1947 (U.G. 48 - 1949).


Inleiding ............................................. 58

Bestek van Ondersoek ................................. 58

Struktuur en toepassing van Bemarkingswet en gebeurtenisse wat tot Wet gelei het ........................ 59

Bepalings en prosedures van Bemarkingswet ............ 60

Toepassing van Wet .................................... 61

Oogmerke van Wet ...................................... 62

Prysstabiliteit ....................................... 63

Vermindering van Distribusie-marge ................... 67

Swakhede van Bemarkingsraadstelsel ................... 67

1. Verbetering van Bemarkingswet ..................... 69

2. In hoeverre Primêre Produkte beheer behoort te word 70

(a) Groter gebruik van Gemeenskaplike Skemas ..... 71

(b) Toevoeging van Produkte ingevolge Bemarkingswet 71


(iv) ..... 3. Samestelling

Bladsy

3. Samestelling en Personeel van Rade
   (a) Gemengde Rade met 'n Produsentemeerderheid .... 72
   (b) Verteenwoordigers van Verbruikers op Rade ..... 74
   (c) Bestuur van die Rade ........................ 74
   (d) Personeelreëlings van Rade ................... 75

4. Prysvasstelling ................................. 75
   (a) Finansiëring van Skemas ..................... 77
   (b) Gesubsidieerde Voedingskemas ................ 78
   (c) Kleinhandelsprys-beheer en Prysvasstellings ... 78
   (d) Oorlegpleging tussen Nasionale Bemarkingsraad en Raad van Handel en Nywerheid i.v.m. pryse ..... 78
   (e) Verantwoordelikheid vir Prysvasstelling ....... 79

5. Beheer oor Bemarking en Verwerking ............... 80
   (a) Oogmerke en Omvang van Beheer ............... 80
   (b) Bevoegdhede ingevolge Skemas ................ 81
   (c) Beleid aangaande Agente, Registrasie en Kwotas 81
   (d) Beheer oor In- en Uitvoere .................. 83
   (e) Rade en Boerdery-doeltreffendheid ............ 84
   (f) Beveiligingsmaatreëls onder Raadstelsel ...... 85

Nasionale Bemarkingsraad ............................ 85

Adviserende Produsente- en Verbruikerskomitees ......... 86

Inspekteurs ......................................... 86

Vereenvoudiging en Verbetering van Skemas .............. 87

1. Vee en Vleis .................................... 87
2. Graanskemas ..................................... 88
   (a) Mielies ..................................... 88
   (b) Koring en Koringprodukte .................... 89
   (c) Hawer, Gars en Rog .......................... 90

3. Suiwelprodukte .................................. 91

4. Vrugteskemas .................................... 91
   (a) Sitrusvrugte ................................ 93
   (b) Sagtevrugte ................................. 93
   (c) Droëvrugte .................................. 94

5. Tabak en Sigorei ................................ 95

(v) ..... 6. Produkte

Bladsy

6. Produkte waarvoor geen Bemarkingskema bestaan nie ........................................ 96
(a) Aartappels ................................ 96
(b) Eiers ...................................... 96
(c) Groente .................................. 96
(d) Margarine ................................ 97

Bron van Inligting ................................ 97

HOOFSTUK 5: GEKONSOLIDEERDE BEMARKINGSWET 1968 (n. 59 van 1968)

Inleiding ................................................ 98

Art. 2: Nasionale Bemarkingsraad ........................ 101

" 3 (1): Vergaderings ................................ 101

" 3 (2): Meerderheidsbesluit ........................ 101

" 4: Werksaamhede en Bevoegdhede ........................ 102

Adviserende Produsentekomitee ............................ 103

Art. 5: Adviserende Verbruikerskomitee .................. 104

Werksaamhede en Bevoegdhede van Verbruikerskomitee ....... 105

Art. 8: Instelling, Wysigings en Herroeping van Skemas .. 105

Algemene opmerkings oor wysigings ............... 106

Bron van Inligting ................................ 108

HOOFSTUK 6: OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKING.

Gevolgtrekkings 1 tot 3 ................................ 109

Heffings (art. 41 - 44) ................................ 110

Gevolgtrekkings 5 tot 12 ................................ 113

Opsomming van hoofpunte van Bemarkingswet ................ 119

A. Nasionale Bemarkingsraad ............................ 120

B. Bemarkingsbeheerrade ................................ 120

C. Verbruikers-Advieskomitee ............................ 121

Bron van Inligting ................................ 122

(vi) ..... DEEL 2.

Bladsy

D E E L II

WERKINGE VAN SYBOKHAARRAAD KRAGTENS BEMARKINGSWET 1968 (NO. 59 VAN 1968).

ERRATA

Bladsy vi TURKYE in plaas van Turkeye

TIDMARSH in plaas van Tidwarsh

Bron van Inligting .................................. 133

HOOFSTUK 2: DIE SYBOKHAAR-ADVIESRAAD ...................... 135

Tidwarsh-kommissie ......................................... 135

Staatskoerant 5.1.1951 - nos, 45 - 47 .................... 135

Produsentelede ............................................. 136

Verwerking van Sybokhaar ................................... 136

Angora en Sybokhaarblad .................................... 137

Oorsese Sending 1962 ....................................... 138

Aanbevelings van Oorsese Sending ........................ 139

Embleem - „Cape Mohair" ................................... 141

Klasregulasies ............................................. 141

Oorsese Sending 1965 ....................................... 142

Fondse ..................................................... 143

Bron van Inligting ......................................... 143

HOOFSTUK 3: DIE SYBOKHAARRAAD ............................. 144

Funksies ................................................... 144

Eerste vergadering Sybokhaarraad 12.11.65 ............... 145

Heffing .................................................... 145

Regeringskennisgewing - 705 - 23.10.70 .................. 145

Bladsy

Skema - 5 dele:

Deel 1 - Naam ens. .................................... 146
" 2 - Die Beheerraad .................................... 147
" 3 - Finansiële Maatreëls .................................... 151
" 4 - Beheer kragtens Skema .................................... 151
" 5 - Strawwe .................................... 152

Opmerking .................................... 152

Opsomming .................................... 152

Bron van Inligting .................................... 154

A. ADMINISTRASIE EN BEMARKING:

1. Administrasie .................................... 155

2. Bemarking .................................... 156

Uitvoere .................................... 157

Markverslae .................................... 158

Bron van Inligting .................................... 160

B. VOORLIGTING .................................... 166

Bron van Inligting .................................... 167

C. NAVORSING .................................... 168

Bron van Inligting .................................... 169

D. BEVORDERING:

(1) Oorsese Bevordering .................................... 170
(2) Plaaslike Bevordering .................................... 172

Bron van Inligting .................................... 174

E. HEFFING EN FONDSE .................................... 175

Finansiële Maatreëls .................................... 176

Spesiale Heffing .................................... 177

Algemene Heffingsfonds .................................... 178

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Spesiale Fondse | ........................................ | 178 |
| Reserwefondse | ........................................ | 178 |
| Bates by Opheffing van Skema | ........................... | 178 |
| Leen van Geld | ........................................ | 179 |
| Boekjaar | ........................................ | 179 |
| Oudit | ........................................ | 179 |
| Bron van Inligting | ................................ | 179 |

F. KODES:

| | | |
|---|---|---|
| Agtergrond van Kodes op Beheerrade | ...................... | 180 |
| Centlivres - kommissie 5de Verslag | ...................... | 180 |
| Bemarkingswet-kommissie (U.G. 48/1949) | .................. | 181 |
| Gekose Komitee (3de Verslag 1967) | ...................... | 182 |
| Algemeen | ........................................ | 185 |

Afdeling A:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Besoldiging van Personeel | ..................... | 185 |
| 2. | Reis- en Verblyftoelaes | ........................ | 186 |
| 3. | Onthaal Uitgawes Buitelandse Reise | ........... | 186 |
| 4. | Onthaal Uitgawes Reise in Republiek | .......... | 187 |
| 5. | Vakansie-besparingsbonus | ...................... | 187 |
| 6. | Verlofverdienste | .............................. | 187 |
| 7. | Verlofgratifikasie | ............................ | 187 |
| 8. | Vakansiereiskonsessies | ........................ | 187 |
| 9. | Myltoelae | .................................... | 187 |
| 10. | Motorvervoer | ................................ | 188 |
| 11. | Reis per vliegtuig | ........................... | 188 |
| 12. | Pensioenskema | ................................ | 188 |
| 13. | Medieseskema | ................................. | 188 |
| 14. | Versekering | .................................. | 189 |
| 15. | Behuisingskema | ............................... | 189 |
| 16. | Oortydbesoldiging | ............................ | 189 |
| 17. | Algemeen | ..................................... | 189 |

(ix) ..... Afdeling B.

Bladsy

Afdeling B: Toelae en Versekering van Lede

A. Toelaes aan Raadslede ........................ 189

1. Dagtoelae en Besonderhede ................ 190

2. Dagtoelae in Buiteland .................. 191

3. Myltoelae ............................... 191

4. Spesiale Toelae - Voorsitter en Onder-voorsitter ........................ 191

B. Versekering van Raadslede ..................... 191

Afdeling C: Finansiële Administrasie van Beheerrade .... 192

1. Skenkings en Donasies uit Raadsfondse ......... 193

2. Sendings na Buiteland ......................... 193

3. Sosiale Funksies .............................. 194

4. Belegging van Raadsfondse ..................... 194

5. Toedeling van Rente op Beleggings ............. 194

6. Aanwending van Fondse ......................... 194

7. Skepping van Rekenings ........................ 196

8. Verkryging van Vaste Eiendom .................. 196

9. Vordering van Heffing en Spesiale Heffing ..... 197

10. Ministeriële Goedkeuring ...................... 197

11. Voorlegging vir Verkryging van Goedkeuring .... 197

12. Algemeen ...................................... 198

Bron van Inligting ............................ 198

G. BESTUUR VAN POELE: ................................ 199

Regeringskennisgewing 705 van 1970 ................... 199

Artikel 38 ........................................... 199

Basiese Beginsels van Poelstelsel 1 - 3 .............. 201

4. Voorskotte ........................................ 203

5 - 6. Verdere Beginsels ............................ 203

Bron van Inligting ............................ 204

(x) ..... H. KONTROLEUR

Bladsy

H. KONTROLEUR- EN OUDITEUR-GENERAAL - PARLEMENTêRE GEKOSE KOMITEE T.O.V. OPENBARE REKENINGE:

Rekeninge van Statutêre Liggame - Skatkis- en Ouditwet 1956 (no. 23 van 1956) .................................... 205

Artikel 56 .............................................. 205

" 57 .............................................. 206

" 58 .............................................. 207

" 59 .............................................. 207

Metode van Indiening van Rekeninge deur K.O.G. ........... 208

Opsomming van Hoofpunte .................................. 208

Verslag deur K.O.G. (Bewoording en Voorbeeld) ............ 209

Sybokhaarraad se Jaarverslag - aanhef .................... 210

Bron van Inligting .................................. 210

HOOFSTUK 4: VEEVERMINDERINGSKEMA ............................ 214

1. Voordele van Skema .................................... 218

2. Veeregisters .......................................... 221

3. Veevermindering en Toekennings ........................ 222

(a) Vir ou deelnemers ................................ 222

(b) Vir nuwe deelnemers .............................. 222

(c) Waar nie verdere toekennings aangevra word nie .. 223

(d) Verbreking van voorwaardes ....................... 223

(e) Toekennings waar eiendom verkoop word ........... 224

4. Addisionele Inligting oor Bo-Oranje ens. ............ 224

5. Skema kry lof en kritiek ............................. 225

6. Opsomming ............................................ 227

Bron van Inligting .................................. 228

HOOFSTUK 5: SLOT, OPSOMMINGS EN AANBEVELINGS ............ 229

A. Inleiding ............................................ 229

B.1. Tegniese Aspek ..................................... 231

2. Bokhaar as 'n vesel vir kleredrag ................. 231

(xi) ..... C. Boere

Bladsy

C. Boere wend hulle na die produsering van Skaap- en Bokvleis ........................................ 231

Angoravleis- en velle ................................ 234

D. Swakhede van die huidige Bemarkingstelsels ......... 234

E. Toekoms van Bokhaar

1. Inleiding ........................................ 238

2. Prysbeheerskema ................................ 239

F. Opmerkings oor die Toekoms van Bokhaar-Industrie soos dit oorsese vervaardigers in Bradford, Engeland raak met betrekking tot die modes van die dra van Sybokhaar verwerkte artikels ................................ 240

Bron van Inligting ............................ 241

G. Die Sybokhaarraad het daarin geslaag om die Bemarkingswet toe te pas.

Inleiding ............................................ 242

Die Sybokhaarraad as 'n Beheerraad ................. 242

Art. 25 ........................................ 242

" 26 - 35 .................................. 243

" 36 - 53 .................................. 244

" 54 - 64 .................................. 245

H. Aanbevelings ........................................ 245

1. Angoraproefplaas dringend nodig vir Oos-Kaapland 246

2. Staatshulp t.o.v. Reklame, Navorsing, Stabilisasie en Finansiële Hulp ............................ 246

3. Plaaslike verwerking van Sybokhaar ............ 247

4. Hoe beter bokhaar deur goeie bestuur verkry kan word ........................................ 248

(a) Genoegsame skuiling ....................... 249

(b) Beheer oor parasiete ...................... 249

(c) Immunisasie teen siektes .................. 250

(d) Skoner haar ............................... 251

5. Belangrikheid van Britanje as 'n Wol- en Bokhaar-invoerder ........................................ 251

(xii) .... ADDENDUM:

Bladsy

ADDENDUM:


1. Afskaffing van permitstelsel t.o.v. die bemarking van beesvleis .......................................... 253

2. Wet op Kommissie vir Varsproduktemarke .................. 254

3. Kommissie van Ondersoek insake Wol- en Sybokhaarbemarking en Bestuur van Poele .................................. 256


LITERATUURLYS:


A. Boeke .............................................. 258

B. Wette .............................................. 259

C. Hofsake ............................................ 260

D. Artikels ........................................... 260

E. Jaarverslag ........................................ 261

F. Regeringskennisgewings ............................. 262

G. Rapporte ........................................... 262

H. Verslae ............................................ 263


TABELLE:


A. Sybok getalle en Produksie 1880 - 1969 .................. 134

B. Hoof Sybokhaartipes ..................................... 162

C. Nuwe indeling van tipes ................................. 163

D. Suid-Afrikaanse Sybokhaar Uitvoere, 1.7.69 - 30.6.70 .... 164

E. Sybokhaar Heffingsfonds - Jaar geëindig 30.6.70 ......... 211

F. Sybokhaar Balansstaat, 30.6.70 .......................... 212

G. Sybokhaar Spesiale Heffingsfonds, 30.6.70 ............... 213

H. Aansporingspryse in V.S.A., Prysvlak in S.A. en Markpryse in V.S.A. en S.A. ............................... 236


GRAFIEKE:


1. Suid-Afrikaanse Sybokhaarpryse per veiling 1964 - 1970 .... 161

2. Wêreld Bokhaar Produksie 1950 - 1970 ...................... 165

3. Vergelyking tussen Suid-Afrikaanse en V.S.A. Bokhaarpryse - 1945 tot 1970 ........................................... 237

## VOORWOORD

Navorsing oor hierdie proefskrif het meegebring dat die Bemarkingswet (soos gewysig) en die Suid-Afrikaanse Sybokhaarbedryf, intensief behandel en ontleed moes word om gevolgtrekkings te maak. Die navorsing het 'n baie wye veld gedek en aan die einde van elke hoofstuk, wat voltooi is, is die bron van inligting wat nageslaan is, genoem. Aan die einde van hierdie verhandeling en sitasie, sal die geografiese verwysings meer volledig aangetoon word. Daar was so baie bronne van navorsing dat alleenlik die belangrikste volgens my mening, genoem en opgesom kon word. Omdat opsommings en gevolgtrekkings gemaak moes word van die bestaande inligting in sy geheel, is daar nie spesifiek kwoteer van waar sekere inligting bekom is nie.

Deel I van hierdie proefskrif behandel die Bemarkingswet, sy ontstaan, kritiek en beginsels.

Deel II handel oor die Sybokhaarraad, sy ontstaan, soos dit onder die Bemarkingsraad as 'n Beheerraad ressorteer, hoe hy daarin geslaag het om die Bemarkingswet toe te pas en sekere aanbevelings en opmerkings met betrekking tot die werkinge daarvan.

In hierdie verband is waardevolle inligting van die tegniese personeel, deur bemiddeling van Dr. C. C. Kritzinger verkry, wat tydig en ontydig die nodige gegewens tot my beskikking gestel het, want sonder hierdie bystand en leiding sou dit moeilik gewees het om hierdie proefskrif af te rond en persklaar te maak.

Dit moet beklemtoon word dat die opinies en gevolgtrekkings in hierdie proefskrif gelug, my eie is en gevolglik dra ek volle verantwoordelikheid daarvoor.

Desimale teken:

Die tempo van metrisering het gedurende 1971 versnel, sodat talle dokumente, tekenings, wette, regulasies, handboeke ens., hersien en gemetriseer moes word. Die desimale teken kom steeds meer voor en neem toe in belangrikheid en die korrekte skryfwyse van metrieke getalle het dus noodsaaklik geword. Om dus in ooreenstemming met die metrieke lande van die wêreld te kom en weens die onbetwisbare voordele van die komma as 'n desimale teken, het die Metriseringsadviesraad besluit om aan te beveel dat vanaf 1ste April 1971, die

(xiv) ..... komma

komma konsekwent as desimale teken in Suid-Afrika gebruik word. 'n Hoeveelheid soos 2.5%, moet nou lees - twee komma vyf (2,5) en daar sal gevalle in hierdie proefskrif voorkom waar die ou bedeling nog genoem word, toe dit nog van toepassing was.

Nog 'n verandering was dié in die geval van gewigte, toe daar nog van die „pond" gebruik gemaak is. Sedert 1.7.1970 het die Wol- en Bokhaarbedryf na die metriekestelsel oorgeskakel, sodat 'n honderd pond nou as 2,204622 kgs beskryf word. Indien daar dus in dele van hierdie proefskrif na die pond verwys word, is dit omdat dit toentertyd nog van toepassing was. So ook word gewig vandag „massa" genoem.

DANKBETUIGINGS:

Graag wil ek hiermee my dank betuig teenoor alle persone en organisasies wat in verskillende opsigte bygedra het om hierdie studie moontlik te maak. In besonder dank aan die volgende:-

(a) Professor H. H. Smith, wat as my opsiener opgetree het, vir sy bekwame leiding en aanmoediging, vir sy opbouende kritiek en inspirasie, sodat die navorsing breedvoeriger aangepak kon word.

(b) Mnr. G. J. v N. Fourie, skakelbeampte te Rhodes Universiteit, wat gemoeid was om my as 'n ad eudem gradum student vir verdere studie te laat inskryf, asook vir al die aanvoorwerk wat hy onbaatsugtig gelewer het.

(c) Die Biblioteekdienste van Rhodes, Universiteit Port Elizabeth, Volksraad en Port Elizabethstad vir hulle bystand en ondersteuning om alle moontlike gegewens tot my beskikking te stel.

(d) Mnr. A. J. du Plessis, Hoof-Direkteur van Landbou-Tegniese Dienste vir die beskikbaarstelling van sekere seldsame stukke.

(e) Die Direkteur, Bemarkingsraad.

(f) Dr. C. C. Kritzinger, Bestuurder Sybokhaarraad.

(g) Mnr. H. Schoeman, Adjunk-Minister van Landbou, vir sy bydrae in verband met die toekomstige byvoeging tot die Bemarkingswet.

(h) Die persone wat belas was met die tik en voorbereiding van hierdie proefskrif en die reproduksie van ekstra kopië op die Xerox-masjien.

(i) Die E.P. Bookbinders vir hulle netjiese bind en afronding van hierdie volume.

(xv) ..... (j) Laaste

(j) Laaste maar nie die minste nie, my eggenote vir haar inspirasie en opoffering.

E. F. SMITH.

Dit word vertrou dat hierdie proefskrif vir ander navorsers vir die doel om proefskrifte op te stel, van waarde sal wees.

E. F. S.

# D E E L   I

## BEMARKINGSWET

'n KRITIESE OORSIG EN STUDIE VAN DIE WERKINGE VAN DIE B E M A R K I N G S W E T VAN 1937, TOT EN MET DIE GEWYSIGDE EN GEKONSOLIDEERDE WETGEWING, VAN WET 59, 1968.

- - -

# HOOFSTUK I

## INLEIDING:

Aangesien die koöperasie stelsel in Suid-Afrika, die basis gevorm het vir die uiteindelike wetgewing van die Bemarkingswet 1937, is dit absoluut noodsaaklik om,

1. die ontwikkeling van koöperasie in Suid-Afrika,
2. grondbeginsels,
3. die modus operandi en
4. die voorregte wat die koöperasie het, breedvoerig te skets, om sodoende die geskiedkundige agtergrond te bepaal. Daar was oorspronklik baie moeilikhede om uit te stryk en dit is om hierdie redes, dat dit wenslik sou wees, om die hele koöperasiestelsel, in sy geheel en die agtergrond, daarvan in oënskou te neem.

## GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND:

1. (a) Ontwikkeling van Koöperasies in Suid-Afrika:

Koöperatiewe organisasies, bestaan in al die vernaamste landboulande van die wêreld - dit beslaan baie en verskillende vorms en het op verskillende maniere in verskillende lande ontwikkel. Plaaslike toestande en volkskarakter, het tot 'n groot mate die aard en metode van koöperatiewe ontwikkeling in elke land bepaal, sodat sekere kenmerke van die beweging in een land, duideliker is as in 'n ander. Gebrek aan kennis van sulke plaaslike verskille, is waarskynlik die hoofoorsaak van die mislukking van die Ierse en Deense stelsels, wat in die eerste stadia, in die Kaap en Transvaal, ingevoer is deur menere P. J. H. Hannon en Stilling-Andersen.

Die koöperatiewe beweging ~~en sy vinnige~~ groei was fenomenaal, veral in Noord-Wes Europa en het met verbasingwekkende rasse skrede oor die hele wêreld versprei.

2/..... By

By sy ontstaan, is die beweging besiel en gekenmerk deur idealisme en ekonomiese druk. In Denemarke byvoorbeeld, het die beweging gepaard gegaan met 'n sterk drang vir die herlewing van onderwys en met 'n patriotiese gevoel vir die hervorming van die Deense grond. In Duitsland het Aoffeisen sy welbekende koöperatiewe-beginsel in werking gestel. In Suid-Afrika, soos in baie ander gevalle, het die beweging ontstaan uit 'n toestand van nood, chaos en die besef van 'n groot behoefte aan die herorganisasie van landbouondernemings en landelike lewe. So was dit in Denemarke en op 'n ander wyse in Duitsland waar die beweging ontstaan het uit 'n drang om die boere te verlos van die knel van die geldskieter.

'n Algemene karaktertrek is dat die oorsprong veral 'n vrywillige onderneming was, gegrondves op eie hulp - later is staatshulp alleenlik verkry nadat sukses verseker was. Die Staat het wel hulp verleen waar koöperasies nie vordering getoon het nie en waar die landbounywerheid gely het as gevolg van gebrek aan hulp.

Sir Horace Plumket, het die saak reg opgesom deur te sê dat „beter boerdery, beter besigheid, beter lewenswyse" nodig is. Dit is die taak van die boer om sy produkte teen die beste prys en op die beste geleentheid te verkoop. Om hierin te slaag, moet verkwisting en verliese, as gevolg van mededinging tussen die boeregemeenskap, uitgeskakel word. Gesamentlike inspanning kan meehelp, nie alleen in die verbetering van produksie, of die vermindering van produksiekoste in landbou nie, maar voorsien ook in die ander essensiële en aanvullende behoeftes, dat produsente self vir die verkoop van hulle produkte reël. Aan die ander kant, maak die organisasie van boere volgens koöperatiewe-beginsels, dit vir die primêre produsente moontliker om hulle invloed te laat voel en sodoende direkte verteenwoordiging van hulle belange te verkry. Staatshulp is meer doeltreffend en meer ekonomies en landboustatistiek is makliker beskikbaar en meer betroubaar waar 'n landbougemeenskap georganiseer is op 'n koöperatiewe wyse, as die indiwidu.

Die ontwikkeling van die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika kan op geskikte wyse nagegaan word, deur oorweging van die verskillende wetgewing wat ten doel het die aanmoediging of regulering van koöperasie in landbou. Die koöperasie-beweging het in Suid-Afrika begin voor

3/..... Unie

Unie in 1910 en elke provinsie het dus sy eie wetgewing gehad, soos Natal in 1904, vir lenings aan boere; in die Kaap-Provinsie, is in 1905 'n wetgewing geloods vir hulp aan koöperasies vir die wynboere. In Transvaal het boere ook moeilikhede ondervind om produkte winsgewend te bemark, sodat die koöperatiewe-beweging aldaar begin is. In 1910 is 'n Koöperatiewe Wet, wat soortgelyk aan dié in Transvaal in die Oranje-Vrystaat toegepas. So blyk dit dat die behoefte ontstaan het om 'n bemarking op 'n beter grondslag te plaas ten einde te verseker dat die boer 'n redelike prys vir sy produkte kon verkry.

(b) Hoofrigting van ontwikkeling:

Koöperasies is na Unie geregistreer, kragtens die Maatskappywette sonder veel steun van die staat, maar in 1922 is die Wet op Koöperatiewe Verenigings gepromulgeer en alle vorige bestaande koöperatiewe verordenings herroep. Alle nuwe koöperasies, moes volgens wet, die volgende beginsels onderskryf, naamlik:

(i) Lede moes bona-fide boere wees;

(ii) koöperasies, tree op as agente;

(iii) koöperasies mag nie handel dryf of optree namens nie-lede nie;

(iv) werksaamhede van koöperasies moes gekontroleer word deur persone, nie deur kapitaal nie; en

(v) opgehoopte fondse moes gedistribueer word slegs by ontbinding van die koöperasie op die basis volgens die lid se omset.

Die nuwe wetgewing is allerweë verwelkom sodat heelwat nuwe koöperasies gestig is. Die Wet het ondermeer voorsiening gemaak vir:

(i) Koöperasies vir die vervaardiging en bemarking van landbouprodukte;

(ii) gesamentlike aankoop van boerderybenodigdhede;

(iii) dienskoöperasies - byvoorbeeld die dors van graan, koelkamers, ens.; en

(iv) handelsverenigings of verbruikersverenigings ensovoorts.

4/..... Tentye

Tentye van die promulgering van die 1922 Wet, was daar 54 koöperasies met 'n totale ledetal van 12,878 en op 30 junie 1933 het dit toegeneem tot 416 met 'n ledetal van 85,697.

Heelwat moeilikhede is ondervind met die uitbreiding van die beweging in Suid-Afrika, soos byvoorbeeld teenstand, gebrek aan eenvormigheid in boerdery, verskil in standaard en opvoeding onder boere en die natuurlike onafhanklikheid en indiwidualisme van mense wat meestal groot afstande van mekaar woon en deur omstandighede gewoond geraak het om op hulself te reken in hulle verskillende transaksies. 'n Behoorlike besef van die gemeenskaplikheid van belange wat die grondslag is van koöperasie, het ongetwyfeld ontbreek. Met die geleidelike uitbreiding in landbou-werksaamhede, het vermeerdering van produksie en die noodsaaklikheid om surplus produkte uit te voer, die vernaamste moeilikhede waarmee koöperasies dwarsdeur die wêreld te kampe het, ook die probleme geword van die plaaslike koöperasie in landbou. Dit is besef dat 'n groter ontwikkeling van koöperasie, die boerdery moet aanspoor, aangesien bemarking van byna net soveel praktiese belang is vir produsente as die prestasie van landbouwetenskap. Die destydse landbou-koöperatiewe organisasies, het die hele boerdery-gemeenskap bevoordeel. Deur middel van hulle stelsel van voorskotte, dra hulle by om die oorstroming van die mark te verhinder. Beter gradering, pryse, wat gemiddeld beter was en gevolglik verbeterde boerdery was, is die direkte gevolge van die werksaamhede van suksesvolle koöperasies.

Ten spyte van staatshulp en ondersteuning, het sommige koöperasies ontbind, deels omdat hulle alleenlik deeltydse koöperasies was wat staat gemaak het op die nodige lenings en omdat hulle aangegaande lenings terugbetaal is; ander het wel as 'n koöperasie geregistreer, maar nooit fungeer nie; ander weer het ontbind met die oog op her-organisasie; ander het nie die ondersteuning geniet waarop hulle geregtig is nie; ander weer deur droogte waaroor hulle geen beheer gehad het nie.

(c) <u>Opsomming van ontwikkeling van die Koöperasie-beweging in Suid-Afrika</u>:

(i) Koöperasie is 'n wêreldbeweging en 'n noodsaaklike en essensiële onderneming aan die kant van landbouers sodat dit 'n

5/..... belangrike

belangrike rol speel in landbouondernemings in Suid-Afrika.

(ii) Baie moeilikhede is ondervind met die uitbreiding van die beweging in Suid-Afrika as die menslike element van onafhanklikheid in aggeneem word.

(iii) Koöperasie in Suid-Afrika het hoofsaaklik ontwikkel in die rigting van koöperatiewe vervaardiging en bemarking van boere se produkte.

(iv) Ontledings van die oorsake van ontbindings van koöperasies is nie toe te skryf aan die swakhede van die beweging nie. Die mislukkings was grotendeels besigheidsmislukkings en nie as gevolg van die toepassing van koöperatiewe beginsels nie.

2. GRONDBEGINSELS VAN KOÖPERASIE:

Die belangrikste doel wat deur koöperasie beoog word, is die verkry van voordele, voortspruitend uit gesamentlike aankoop + verkoop en + inspanning. Deur gesamentlike verkoop, word nadelige mededinging onder produsente uitgeskakel, ordelike bemarking verseker en 'n gemiddelde prys aan produsente verskaf, ooreenkomstig die soort en kwaliteit wat vir verkoop gelewer word. Gesamentlike aankoop het die geleentheid vir die aankoop van benodigdhede in massa, teen verminderde pryse. Deur gesamentlike inspanning word dienste gelewer teen koste, wat anders vir die indiwidu onbetaalbaar sou wees en help dat risiko's oor 'n wye kring verdeel word.

Die gebruik van die woord „koöperasie" is egter nie vry van verwarring nie. Dit is van toepassing wanneer twee of meer persone ooreenkom om saam te werk by die verkoop van hulle produkte, by aankoop van hul benodigdhede of by die poel van hul hulpbronne, maar tensy sodanige samewerking onder 'n wetlike gesag geregistreer kan word, het dit geen wettige status nie. Die maatskappywet maak voorsiening vir 'n wetlike gesag waaronder persone 'n maatskappy kan vorm,maar die oogmerk van private maatskappy is gewoonlik vir die verkryging van winste vir aandeelhouers deur besnoeiing van uitgawe en vermeerdering van inkomste. Die koöperasie het die geaardheid van 'n agent vir sy lede wat probeer om die lede teen 'n minimum koste te dien. Die produkte van die lede word byvoorbeeld nie vir spekulatiewe doeleindes gekoop nie maar word verkoop ten behoewe van die lid wat die volle opbrengs, min sekere bepaalde koste of kommissie, ontvang. Die basis van non-koöperatiewe onderneming is geld of kapitaal, terwyl die basis van koöperasie-

6/..... ondernemings

ondernemings persone is. Hieruit volg dat surplus fondse nie verdeel behoort te word onder die lede in verhouding tot die deur hulle belegde kapitaal nie, maar verdeel moet word op grondslag van die omset van elke lid met sy koöperasie. Koöperasie-organisasie moet die rol vervul dat hulle in staat moet wees, met die nodige ervaring en ondervinding, om 'n diens te lewer vir sy lede en daardeur verseker, dat die lede 'n redelike prys vir hulle produkte verkry. 'n Ondersoek van belang in koöperatiewe organisasie is die noodsaaklikheid om aan elke lid sonder begunstiging te gee wat hom eerlik toekom.

3. MODUS OPERANDI IN DIE PRAKTYK GEVOLG:

Die voorafgaande beginsels vir koöperasie is onafskeidelik van die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika en word met sekere spesiale wysigings en uitsonderings algemeen deur alle koöperatiewe organisasies toegepas. Die Wet op Koöperatiewe Verenigings van 1922, het sekere grondbeginsels voorgestaan ten opsigte van lede, bemarking, vervaardiging ensovoorts. In die ware koöperatiewe tipe van bemarkings- en vervaardigings-liggame in die Unie, het die verpligting op lede gerus, om al hul verkoopbare produkte vir behandeling en verkoop, deur hul koöperasies af te lewer.

Koöperatiewe liggame in die Unie, het hulle fondse uit die volgende verkry:-

(a) Aandele-kapitaal;

(b) intreegeld en ledegelde;

(c) reserwes (uit winste);

(d) geleende fondse.

Geen wetlike beperking bestaan omtrent die bronne waaruit lenings verkry mag word nie. Die Landbank-Wet maak spesiale voorsiening vir die toekennings van vaste- en seisoenlenings aan koöperatiewe liggame, maar baie koöperasies verkry geldelike hulp en bystand van handelsbanke en uit ander bronne.

4. SPESIALE VOORREGTE GENIET DEUR KOÖPERATIEWE LIGGAME:

Die teenstanders van koöperasies, het herhaaldelik in die verlede kritiek uitgeoefen op die onbillike besigheidsvoordele wat koöperatiewe organisasies geniet bo konkurerende ondernemings. Daar is ook verkeerde indruk geskep selfs onder koöperateurs, dat koöperasies half regeringsliggame is in mededinging met privaat ondernemings. Dit word egter erken dat die

Regering van die Unie van Suid-Afrika die stigting van Koöperatiewe organisasies aangemoedig en gehelp het, maar daarvoor bestaan gegronde redes en dit is 'n maatreël van staatshulp wat in byna al die vernaamste lande van die wêreld aangetref word. Dit is 'n erkende feit dat die beweging in Suid-Afrika geheel en al onafhanklik van staatskontrole was; dat die Regering geen regsaanspreeklikheid of verpligting ten opsigte van die sake van enige koöperasue aanvaar het nie; dat die bestuur en beheer van sulke koöperasies enkel en alleen by die lede daarvan berus en dat hul ontwikkelings hoofsaaklik afhang van die ywer waarmee selfhulp, deur die lede in die beweging, betrag word.

Die besondere voorregte wat die koöperatiewe liggame geniet, kan kortliks opgesom word: as vrystelling van die betaling van sekere belastings en lisensies; die geleentheid om lenings te verkry van die Land- en Landboubank en die praktiese bystand verleen deur die Regering deur sy inspeksie en ander dienste.

Nadat die gunstige invloed besef is, wat koöperasies op landbou en boerebevolking het, is die inspeksiedienste deur die Departement van Landbou ingestel. Die Minister van Landbou kon koöperasies vir hierdie dienste laat betaal, maar in die belang van die land is hierdie voorreg nooit uitgeoefen nie en kan beskou word as die Staat se bydraevir die bevordering van Landbou.

Die ware beginsels van koöperasies, soos erken deur gesaghebbendes en toegepas in ander lande, is reeds in hierdie verhandeling genoem, maar nadruk moet gelê word op die feit dat terwyl een van die oogmerke van koöperasie die bestendiging van bemarkingstoestande is, deur middel van 'n ordelike en gereelde verskaffing van voorraad en distribusie, dit nie die uitskakeling van die toepassing van die gewone faktore van vraag en aanbod meebring nie, naamlik, 'n arbitrêre „stabilisasie" of vasstelling van pryse. Dit is duidelik dat hierdie een van die wanbegrippe is wat in verband met die moontlike prestasies van koöperasie onder produsente in hierdie land bestaan. Die gedagte by boere is dat pryse van landbouprodukte willekeuriglik gestabiliseer kan word, met die doel om vir die primêre produsent 'n billike beloning vir sy kapitaal en arbeid oor 'n bepaalde tyd te verkry, met ander woorde, stabilisasie moes aan die produsent sy produksiekoste plus 'n wins waarborg.

8/..... Die

Die wêreld-depressie het primêre produsente baie swaar laat ly en die motiewe van selfbeskerm, wat die landbou-produsente aanspoor om middels te soek, wat sou help om 'n stabiele geldelike opbrengs te besorg. Die ekonomiese evolusie van koöperasie, is nou verwant met die verhouding tussen die skommelings in groothandelpryse en pryse van landbouprodukte. Heftige verstorings in prysverhoudinge was oorsaak van veel lyding onder die mensdom en oor die algemeen is primêre produsente as 'n groep, baie nadeliger deur sulke verstorings getref geword as enige ander deel van die gemeenskap.

'n Volkome ommekeer het in die ekonomiese welvaart van die boer in 1920 plaasgevind toe deflasie gevolg het op inflasie. Die bestaande skuldestruktuur, aangegaan op die inflasiepeil, kon nie oorkom word nie behalwe deur buitengewone swaarkry en dikwels deur bankrotskap. Deflasie het 'n kopersmark geskep. Bemarkingskoste het buitensporig hoog gebly weens die betreklike hoë koste van distribusie wat weer beinvloed is deur die feit dat lone, vervoer en ander koste nie ooreenkomstig gedaal het nie. Die verskil tussen die prys deur die verbruiker betaal en die prys deur die produsent behaal, het maar alte duidelik aan die lig gekom en aan die produsent dus 'n tasbare aanvalspunt verskaf. Die hele bemarkingstelsel het ernstige kritiek ondergaan en die middelman is oor die algemeen veroordeel. Woekerwins, oneerlikheid en wanpraktyke by die middelman, is ook dikwels aangevoer, as rede waarom boere hulle eie koöperatiewe bemarkingsliggame stig. Dat hierdie wanpraktyke, hoewel nie in die algemeen nie, in die handel bestaan het, is nooit ontken nie. Na 1920 het die koöperatiewe beweging vinnig ontwikkel. Vir die sukses van die beweging in Suid-Afrika, is dit gelukkig dat die Wet op Koöperatiewe Verenigings in 1922 in hierdie tydperk aangeneem is as 'n maatreël wat die grondbeginsels neerlê en 'n gesonde beleid verskaf het.

## VERKOOP DEUR EEN KANAAL DEUR MIDDEL VAN RADE VAN BEHEER

Dit is destyds gevoel dat die verkoop van die produsente se produkte, deur middel van rade van beheer, moes geskied. Afgesien van die onmiddellike ekonomiese voordeel, sien die georganiseerde boere in 'n raad van beheer of verpligte koöperasie, die verwesenliking van hulle vurigste begeertes, naamlik 'n honderd persent organisasie van landbouprodusente. Die vraag is baie maal gevra waarom fabrikante en ander professionele liggame georganiseerd is en die boer nie. Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat die produkte van laasgenoemde hemelsbreed verskil nie. Waar land-

bouprodusente honderd persent kontrole van hulle produkte eis met die veronderstelling dat so 'n kontrole hulle in staat sal stel om pryse te reël en te stabiliseer, versuim hulle om die wisselvalligheid van die produksiefaktore in landbou in ag te neem. Daar kan geen omstandighede voorgestel word waar die totale produksie in enige landbouvertakking so presies gereël kan word om die ewewig met gebruik te bewaar nie. Landboupryse moet dus weens sy aard, van jaar tot jaar skommel. Die wanverhouding tussen vraag en aanbod, as gevolg van kunsmatige vasstelling van pryse, het gelei tot die mislukking van pryskontroleskemas, in hierdie land, sowel as in ander lande. Geen raad van beheer, hoe goed ook al bestuur, kan verwag om enige mate van sukses te behaal deur die fundamentele faktore van prysbepaling oor die hoof te sien nie, en indien pryse met behoorlike inagneming van hierdie faktore vasgestel word, kan geen raad verwag om beter resultate te verkry as die mededigende stelsel wat talryke indiwiduele eenhede omvat, verteenwoordigend van produsente sowel as verbruikers.

Dit is ook destyds beweer dat 'n raad van beheer, om behoorlike distribusie te verkry en om die nodige toesig oor alle dele van die land te kan hou, 'n enorme organisasie sou vereis en nie in staat sou wees om die inherente swakheid en uitgawes van administrasie van alle groot organisasies te vermy nie. In elke besigheid is daar 'n eenheid van maksimum-doeltreffendheid en baie pogings om nasionale kontrole-organisasies te stig, het misluk as gevolg van hoë administratiewe koste en gebrek aan deeglike toesig. Indien 'n kontrolestelsel enige mate van sukses moet behaal, moet dit op alle landbouprodukte toegepas word. Met ander woorde, 'n stelsel van staatskontrole, van alle vertakkings van boerdery, sal ingevoer moet word - 'n gebeurtelikheid, wat selfs die sterkste voorstanders van kontrole-skemas nie met onverskilligheid sal aanskou nie.

Die oprigting van 'n raad van beheer en verkoop deur een kanaal, moet onvermydelik tot eliminering van koöperasie lei. Koöperasie het eintlik beoog dat die bestaande koöperatiewe strukstuur 'n integrale deel van die beheer-stelsel sou word, maar daar is blykbaar geen rede om hierdie sienswyse te regverdig nie. As 'n raad van beheer ingestel word, sou dit die plig van die raad wees om alle produkte in ontvangs te neem en om die voorgeskrewe voorskot daarop te betaal, hetsy dit van koöperateurs of non-koöperateurs ontvang word. Die raad kan natuurlik van die dienste van die koöperatiewe organisasies vir die ontvangs en bewaring van die betrokke produk gebruik maak, maar die koöperasie sal alleen as agentskappe van die raad

10/..... optree.

optree. Die mededingende bemarkingsstelsel reël vraag en aanbod op outomatiese wyse en ageer deur middel van prys as 'n gesonde en essensiële kontrole op produksie en aanbod. Die invoer van 'n kunsmatige stelsel van pryskontrole wat deur produsente bedoel word om pryse op 'n kunsmatige „vasgestelde" peil te handhaaf, moet hierdie essensiële kontrole op aanbod uitskakel en tot wanverhouding en uiteindelike instorting van pryse lei. Die verlening van willekeurige prysvasstellings - magte en volkome beheer oor 'n nywerheid aan 'n wetlike ingestelde beheerraad, bestaande uit óf produsente óf onpartydige persone, is in stryd met ons tradisies, die grondbeginsels van ons regeringstelsel, die gees van ons inrigting en alle beginsels van billikheid - die ekonomiese proefneming behoort die land, so is gemeen, en gehoop, met reg bevry te word.

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE KOÖPERASIE EN LANDBOUKREDIET

Gedurende 1933 is deur die destydse Regering, 'n kommissie bestaande uit dr. P. R. Viljoen (voorsitter) en menere P. V. Pocock (L.V.), A. V. Allan, C. H. Olivier en prof. J. F. W. Grosskopf, aangestel om ondersoek in te stel, verslag uit te bring en aanbevelings te maak insake landboukoöperasie en landboukrediet in Suid-Afrika, met referte tot die volgende:-

1. Die beginsels, ontwikkeling,werking en resultate van koöperasie en die gebruik in verband met landboukrediet (koöperatief en andersins) in swang in die Unie en enige aanbevelings teneinde verbeterings in verband daarmee te bewerkstellig.

2. In hoeverre bestaande wetgewing op koöperasie en landboukrediet doeltreffend is.

3. Die oorsake van die mislukkings van koöperasie in verband met sekere van die vernaamste landbouprodukte en aanbevelings aangaande wat te doen staan om sodanige oorsake te verwyder en aangaande die hulp wat vereis word en koöperatiewe organisasies wat weens bedoelde oorsake misluk het, op 'n gesonde basis te plaas.

4. Die wenslikheid en uitvoerbaarheid, al dan nie, van verpligte koöperasie by die verkoop van tabak, mielies en koring of enige ander produk en van die verkoop daarvan deur een kanaal, deur middel van rade van beheer.

5. Die uitwerking op koöperatiewe organisasies van bestaande wetgewing vir die verpligte uitvoer van surplus produkte.

6. Enige ander sake in verband met koöperasie en landboukrediet wat die kommissie ag te ondersoek.

In 1934 is die Kommissie se ondersoek namens die Regering voltooi en sy bevinding bekend gemaak.

Die vernaamste aanbevelings van die Kommissie is kortliks soos volg:-

1. Dat daar 'n voortsetting moet wees van wetgewing oor die oprigting en registrasie van koöperatiewe liggame, maar dat die bestaande Wet in sekere opsigte gewysig word om beter beheer en groter sukses te verseker en ook om toe te laat vir die registrasie van 'n spesiale soort koöperatiewe liggaam met 'n beperkte reg om nie-lede se produkte te hanteer.

2. Dat maatreëls getref word vir die invoering van fasiliteite, om skoliere en studente, veral in die landbougebiede, te onderrig in die oogmerke en beginsels van koöperasie en vir die opleiding van manne wat voornemens is om verantwoordelike betrekkings in koöperatiewe organisasies te beklee.

3. Dat die voorwaardes geheg aan lenings aan koöperatiewe liggame deur die Landbank toegestaan, rekbaar behoort te wees, sodat elke koöperasie op eie meriete behandel kan word.

4. Dat 'n spesiale proklamasie afgekondig word om die oprigting, registrasie en toesig van naturelle koöperatiewe verenigings in geproklameerde naturellegebiede toe te laat.

5. Dat aan sekere koöperatiewe liggame in geldelike moeilikheid, met inbegrip van kredietverenigings en veeverenigings, hulp verleen word by wyse van verligting, ten einde te vermy dat van lede gevorder word om verpligtings na te kom wat voortspruit uit sekuriteit deur hulle gegee ten behoewe van hulle mede-lede en hulleself, en om hulle 'n geleentheid te gee vir rehabilitasie.

6. Dat verpligte koöperasie en verkopings deur een kanaal met die doel om pryse van landbouprodukte vas te stel en te beheer, nie deur wetgewing goedgekeur word nie en dat die bestaande bepalings van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, in hierdie opsig herroep word.

7. Dat met die oog op die bevoegdhede insake beheer reeds ten opsigte van wyn en tabak toegeken, 'n wetlike raad van beheer vir elke van hierdie

12/..... produkte

produkte ingestel word om die bestaande middels van beheer te vervang.

8. Dat behoudens sekere wysigings en voorbehoud die bestaande wetgewing vir die verpligte uitvoer van surplus-produkte behou word.

9. Dat maatreëls getref word vir indiening van wetgewing waar nodig, en vir uitvoering van verskillende voorstelle ten opsigte van verskillende produkte voorgelê.

10. Dat 'n Wet op Gradering en Bemarking aangeneem word waaronder regulasies opgestel kan word vir die omskrywing van standaarde en grade vir landbouprodukte binnelands bemark.

11. Dat die bestaande landbou-kredietstelsel hersien word met die oog op die omskepping van die huidige Landbank en 'n onafhanklike hipoteekbank wat sy fondse van die publiek, by wyse van plaasverband- pandbriewe verkry, die koördinering van uitbetaling en insameling van staatsfondse aan landbou en die invoering van 'n losgoedverband-stelsel, wat produsente in staat sal stel om hulle roerende bates te verpand as sekuriteit vir korttermyn-lenings en verder dat 'n Tegniese Komitee aangestel word om ondersoek in te stel na die finansiële en bank-aspekte van hierdie voorstelle en om advies te gee insake die vorm van die kredietstelsel wat uiteindelik aangeneem moet word.

---

BRON VAN INLIGTING:


1) Grimley, O. B. - Co-operatives in Sweden London, 1948.
2) Kommissie van Ondersoek insake Koöperasie en Landboukrediet, 1933.
3) Kommissie van Ondersoek se verslag, 1934.
4) Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie, Pretoria, 1966.
5) Smal, J. G. C. - Landboukoöperasies in Suid-Afrika, 1933.


13/..... HOOFSTUK 2.

# HOOFSTUK 2

## BEMARKINGSWET, NO. 26 VAN 1937

Soos gewysig deur Bemarkingswysigingswet no. 19 van 1938
Bemarkingswysigingswet no. 12 van 1941
Wysigingswet op Bemarking no. 50 van 1946

Wet om voorsiening te maak vir die reëling van die produksie en verkoop van landbouprodukte, vir die instelling van sekere rade, in verband daarmee, vir die gradering en standaardisasie van landbouprodukte, vir die instelling van 'n nasionale merk en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Oorspronklike Wet deur die Goewerneur-generaal in Engels geteken)
(Goedgekeur op 29 April 1937)
(Datum van inwerkingtreding: 30 April 1937)

---

1. WOORDOMSKRYWING

(1) Sekere uitstaande definisies oor punte in die Wet, word in die Woordomskrywing genoem en kan soos volg opgesom word:-

(a) „Verbruikerskomitee" - die Adviserende Verbruikerskomitee genoem in Artikel 10.

(b) „Koöperatiewe vereniging" of „Koöperatiewe maatskappy", wat volgens die regsbepalings geregistreer is.

(c) „As 'n besigheid handel" - met betrekking tot 'n produk, behalwe vir sover 'n skema vir daardie produk dit uitsluit, ook -

(i) Elke aankoop en elke handeling by die vervaardiging of verwerking van daardie produk, die hoeveelheid daarvan, wat van die hand gesit word, ens. ens.;

(ii) vir die doeleindes van paragrawe (a) bis en (b) van sub-artikel (1) van Artikel neentien en paragrawe (p) bis en (s) van sub-artikel (2) van genoemde artikel, die verwerking of verkoop van daardie produk, ten behoewe van die eienaar daarvan.

(d) „Bemarkingsraad" - die Nasionale Bemarkingsraad, genoem in artikel twee.

(e) „Vleis" - gedeeltes van slagvee vir menslike gebruik.

(f) „Vleisproduk" - 'n handelsartikel wat deur die verwerking van vleis verkry is ensovoorts.

(g) „Minister" - die Minister van Landbou of 'n ander Staatsminister wat namens hom optree.

(h) „Verwerking" - behalwe in die woordbepalings van „produsent" en „produk", ook betrekking tot - graansoorte en die dors daarvan; grondboontjies, ertjies en boontjies en die uitdop daarvan en slagvee, die slag daarvan en die verdeling daarvan in vleis en neweprodukte.

(i) „Produsent" - iemand wat produseer, vervaardig of verwerk.

(j) „Produsentekomitee" - die Adviserende Produsentekomitee genoem in artikel agt.

(k) „Produk" - sluit in (i) hawer, kafferkoring, mielies, gars, rog en koring.

(ii) Sigorei, grondboontjies, lusern, lusernsaad, tabak en wattelbas.

(iii) Melk, (gekondenseerd, droog of poeier), room, botter, kaas en enige bottersurrogaat, bedoel in sub-artikel (2) van artikel twee van die „Zuivelnijverheid - Wet 1918)Wet no. 16 van 1918, gelees saam met artikel een-en-twintig van genoemde Wet.

(iv) Eiers, vrugte (droëvrugte en neute) en groente.

(v) Beeste, skape, bokke, varke, pluimvee, vleis, vleisprodukte en neweprodukte van slagvee afkomstig.

(vi) Bokhaar, volstruisvere en wol.

(l) „Beheerde produk" - 'n produk ten opsigte waarvan 'n skema van krag is.

(m) „Beheerde Raad" - die raad wat 'n skema uitvoer of 'n voorgestelde skema sal uitvoer, na gelang van die samehang.

(n) „Skema" - 'n stel reëls wat aan die voorskrifte van hierdie Wet voldoen, vir die reëling van die bemarking van 'n produk en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan en daar-

15/..... onder

onder is ook 'n voorgestelde skema inbegrepe.

(o) „Sekretaris", die Sekretaris van Landbou.

(p) „Verkoop", ook vir verkoop aanbied, hou, uitstal, versend, vervoer, lewer of berei of teen enige vergoeding hoegenaamd verruil of van die hand sit, ensovoorts.

(q) „Slagvee" - beeste, skape, bokke of varke wat geslag is of bestem is om geslag te word.

(2) By die toepassing van die Wet:

(a) Word 'n produk wat in die Unie ingevoer is, vir die doeleindes van 'n skema, met betrekking tot daardie produk, geag in die Unie geproduseer te gewees het, behalwe vir sover die skema anders bepaal;

(b) word iemand wat 'n hoeveelheid van 'n produk, wat hy in die Unie ingevoer het, vervaardig of verwerk, geag daardie hoeveelheid te verkoop;

(c) word elke soort slagvee en elke soort vleis, (behalwe pluimvee en die vleis daarvan), elke vleisproduk en elke neweproduk van slagvee afkomstig, geag 'n produk te wees wat die onderwerp is van die Wet op die Vee- en Vleisnywerhede, 1934, (Wet no. 48 van 1934);

(d) word elke soort suiwelproduk, soos omskryf in die „Zuivelnijverheid Wet 1918", asook melkpoeier en droëmelk, geag produkte te wees, wat die onderwerp is van die Wet op Beheer van die Suiwelnywerheid, 1930 (Wet no. 35 van 1930). Met dien verstande dat die Goewerneur-generaal, by proklamasie in die Staatskoerant, melk en room, wat bestem is vir gebruik, terwyl dit vars is, of vir die vervaardiging van roomys of van enige ander artikel behalwe 'n suiwelproduk soos aldus omskryf van die toepassing van die voorgaande bepalings van hierdie paragraaf en van die bepalings van genoemde wet kan uitsluit en so 'n proklamasie kan wysig of intrek;

(e) word hawer, gars, rog en koring (met inbegrip van so 'n graansoort in ongedorste vorm) en hawer-, gars-, rog- en koringprodukte, geag produkte te wees wat die onderwerp is van die

16/..... Wet

Wet op die Beheer oor die Koringnywerheid, 1935, (Wet no. 58 van 1935); en

(f) word mielies en kafferkoring (met inbegrip van so 'n graansoort in ongedorste vorm) en mielie- en kafferkoringprodukte geag produkte te wees wat die onderwerp is van die Mielie Reëlings Wysigingswet, 1935 (Wet no. 59 van 1935).

2. NASIONALE BEMARKINGSRAAD

(1) Vanaf 'n datum deur die Goewerneur-generaal by proklamasie in die Staatskoerant vas te stel, word daar 'n raad ingestel onder die benaming van die Nasionale Bemarkingsraad, bestaande uit 'n Voorsitter wat 'n amptenaar van die Departement van Landbou moet wees en vier ander lede, wat almal deur die Goewerneur-generaal aangestel word en onder wie hy een as onder-voorsitter aangewys het vir 'n tydperk. Addisionele lede kan deur hom aangestel word of vakatures te vul. Die Minister bepaal die eerste vergadering - daaropvolgende vergaderings word deur die Raad bepaal. Drie lede sou 'n kworum vorm.

5. (1) Bevoegdhede van die Bemarkingsraad

Die bemarkingsraad is bevoeg -

(a) om 'n skema wat die Minister, na hom verwys te ondersoek en daaroor aan die Minister verslag te doen;

(b) om skemas wat die Minister hom gelas om op te stel, of wat hy nodig ag, op te stel en aan die Minister voor te lê;

(c) om die Minister van advies te bedien aangaande alle aangeleenthede wat volgens hierdie Wet binne die Minister se bevoegdhede val en wat hy na die bemarkingsraad mag verwys het vir sy advies;

(d) om skemas wat volgens hierdie Wet van krag is, van tyd tot tyd te ondersoek en daaroor aan die Minister verslag te doen;

(e) om die rekeningboeke van beherende rade te laat ouditeer en aanbevelings te maak;

17/..... (f) om

(f) om op las van die Minister, bemarkingstoestande in die een of ander provinsie, of oor die algemeen, of die toestande met betrekking tot 'n besondere produk, of wat op een of ander mark heers, te ondersoek of laat ondersoek;

(g) om verbod op, of reëlings van die invoer in die Unie, van een of ander produk uit 'n besondere land aan te beveel;

(h) om verbod op, of reëlings van die uitvoer uit die Unie, van een of ander produk na 'n besondere land, by die Minister aan te beveel;

(i) om te help met die organisasie van beherende rade en om van so 'n raad, die inligting te eis wat die bemarkingsraad vir die behoorlike verrigting van sy werksaamhede nodig ag;

(j) om die vergaderings van beherende rade of komitees van bedoelde rade by te woon en om in adviserende hoedanigheid aan die verrigtinge deel te neem;

(k) om 'n bevoegdheid aan hom verleen deur hierdie Wet, aan een of meer van sy lede oor te dra en om pligte uit te voer, wat deur die Minister versoek is.

(2) Die bepalings van artikel ag, tien en twaalf van die Wet op die Raad van Handel en Nywerheid, 1944 (Wet no. 19 van 1944) is „mutatis mutandis", met betrekking tot 'n ondersoek deur die bemarkingsraad van toepassing.

(3) Die bemarkingsraad kan te enigertyd, na oorleg met die produsentekomitee, een of meer lede van daardie komitee genomineer deur daardie komitee, uitnooi om die raad in verband met een of ander ondersoek, volgens hierdie Wet, in adviserende hoedanigheid te help.

(4) Wanneer die bemarkingsraad 'n ondersoek wat betrekking het op die vasstelling van pryse van 'n produk, moet hy die mening van die Raad van Handel en Nywerheid daarvoor inwin, oorweeg en in sy verslag aan die Minister aandui in hoeverre 'n aanbeveling wat deur hom voorgelê word, in stryd is met die mening van bedoelde Raad.

Die bemarkingsraad moet ten opsigte van skemas, wat in gevolge hierdie wet van krag is, eenmaal per jaar aan die Minister verslag doen. Elke verslag word in albei Huise van die Parlement ter tafel gelê.

18/..... 8. INSTELLING

8. INSTELLING VAN ADVISERENDE PRODUSENTEKOMITEE

Vanaf 'n datum deur die Goewerneur-generaal vasgestel, word daar 'n komitee ingestel onder die benaming van die Adviserende Produsentekomitee bestaande uit agt lede, wat produsente is deur Minister aangestel om die belange van produsente in die Unie te verteenwoordig, van wie ses deur die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie genomineer word.

'n Voorsitter word uit lede gekies - lede beklee hul amp vir twee jaar en is heraanstelbaar. Komitee kan vakatures vul vir 'n onverstrykde periode.

9. WERKSAAMHEDE VAN PRODUSENTEKOMITEE

Die produsentekomitee is 'n adviserende en konsultatiewe liggaam wat die Minister kan byeenroep wanneer en waar hy goedvind en wat hy kan raadpleeg in verband met aangeleenthede wat die belange van die produsente raak, wat die bemarkingsraad kan raadpleeg in verband met voorgestelde skemas of wysigings van skemas, en wat vertoë kan rig aan die Minister in verband met aangeleenthede wat die belange van produsente raak en aan die bemarkingsraad in verband met aangeleenthede wat betrekking het op een of ander skema.

10. INSTELLING VAN ADVISERENDE VERBRUIKERSKOMITEE

Vanaf die datum deur die Goewerneur-generaal vasgestel kragtens artikel twee, word daar 'n komitee ingestel onder die benaming van die adviserende Verbruikerskomitee, wat bestaan uit lede waarvan 2 deur die Verenigde Munisipale Uitvoerende Raad van Suid-Afrika genomineer word, deur die Minister aangestel om die belange van verbruikers van produkte te verteenwoordig en waarvan 7 gekies word uit 'n lys van name aan die Minister voorgelê deur organisasies, wat deur hom as verteenwoordigend van verbruikers erken word. Die Minister wys 'n beampte van sy departement aan as sekretaris.

11. WERKSAAMHEDE VAN VERBRUIKERSKOMITEE

(a) Die verbruikerskomitee is 'n adviserende en konsultatiewe liggaam wat die Minister ten minste eenmaal elke vier maande moet byeenroep en wat hy kan raadpleeg in verband met aangeleenthede wat die belange van verbruikers raak, wat die bemarkingsraad kan raadpleeg in verband met aangeleenthede met betrekking tot skemas, vir sover dit die belange van verbruikers raak en aan die bemarkingsraad met betrekking tot skemas, vir sover dit die belange van verbruikers raak.

19/..... 'n Verslag

'n Verslag eenmaal per jaar moet aan die Minister gerig word wat dit in albei Huise van die Parlement ter Tafel lê (as 'n aanhangsel by die artikel sewe bedoelde verslag aan die bemarkingsraad). Op versoek van minstens 3 lede van die produsentekomitee of van die verbruikerskomitee, moet die voorsitter van die betrokke komitee 'n vergadering van daardie komitee byeenroep vir die doeleindes wat duidelik in bedoelde versoek uiteengesit is. Die Minister, kan ook ter enige tyd 'n vergadering van die lede van die produsente- en verbruikerskomitee byeenroep ter oorweging van enige saak.

17. VOORLEGGING EN ONDERSOEK VAN SKEMAS

'n Vereniging van produsente of 'n koöperatiewe vereniging of 'n raad ingestel volgens een van die Wette genoem in die Bylae tot hierdie Wet, kan skriftelik aan die Minister 'n voorgestelde skema voorlê, wat betrekking het op 'n produk of produkte, wat deur lede van daardie vereniging, koöperatiewe vereniging of maatskappy geproduseer word, of ten opsigte waarvan daardie raad ingestel is, al na die geval, en die bemarkingsraad, kan skriftelik aan die Minister 'n voorgestelde skema voorlê met betrekking tot 'n produk.

Die Minister kan na oorleg met die bemarkingsraad en in die geval van 'n voorgestelde skema wat sy beherende raad magtig om een of meer van die in artikel twintig gespesifiseerde werksaamhede te verrig, ook met die verbruikerskomitee, 'n voorgestelde skema aldus aan hom voorgelê, verwerp of voorlopig goedkeur of dit terugwys, na die betrokke vereniging, koöperatiewe vereniging of maatskappy of raad, ter oorweging van en verslag oor die wysigings van die voorgestelde skema wat die Minister aan die hand mag gee en na ontvangs van so 'n eventuele verslag kan hy die voorgestelde skema verwerp of voorlopig goedkeur sonder wysiging, of met die wysigings wat hy raadsaam ag.

Indien die Minister 'n voorgestelde skema aldus goedkeur, moet hy die skema, indien dit nie deur die bemarkingsraad aan hom voorgelê is nie, na die bemarkingsraad verwys vir ondersoek en verslag of hy kan die skema in die Staatskoerant en in een of meer koerante laat publiseer en besware inwag. Die Minister kan ook ter enige tyd 'n voorgestelde skema laat opstel en dit na die bemarkingsraad verwys vir ondersoek en verslag daaroor, en kan na oorweging van so 'n verslag met so 'n voorgestelde skema handel „mutatis mutandis", volgens voorskrif van paragrawe (b) en (c) van sub-artikel (3).

Wysiging van 'n Skema ingevolge sub-artikel (2) of paragraaf (c) van sub-artikel (3), kan uitsluit, uitbreiding of inkorting van die gebied waarin die skema of 'n bepaling daarvan van toepassing sal wees of byvoeging van 'n produk by die produk waarop die Skema betrekking het of invoeging in die Skema van 'n nuwe bepaling benewens of ter vervanging van 'n bestaande bepaling daarvan.

Vir die toepassing van artikel (6) word die raad ingestel

(a) ingevolge artikel drie van die Wet op die Vee- en Vleisnywerhede 1934: (Wet no. 48 van 1934), geag ten opsigte van alle soorte slagvee en alle soorte vleis (behalwe pluimvee en die vleis daarvan, vleisprodukte en neweprodukte van slagvee afkomstig), ingestel te gewees het;

(b) ingevolge artikel een van die Wet op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1930 (Wet no. 35 van 1930) geag, ook ten opsigte van melkpoeier en droë melk ingestel te gewees het en nie ten opsigte van 'n produk waarop 'n proklamasie kragtens die voorbehoudsbepaling by paragraaf (d) van sub-artikel (2) van artikel een betrekking het, ingestel te gewees het nie;

(c) ingevolge artikel een van die Wet op die Beheer oor die Koringnywerheid 1935, (Wet no. 58 van 1935), geag ten opsigte van hawer, gars, rog en koring, met inbegrip van so 'n graansoort in ongedorste vorm en ten opsigte van hawer-, gars-, rog- en koringprodukte ingestel te gewees het; en

(d) ingevolge artikel een van die Mielie-Reëlings-Wysigingswet, 1935 (Wet no. 59 van 1935), geag ten opsigte van mielie en kafferkoring (met inbegrip van so 'n graansoort in ongedorste vorm) en ten opsigte van mielie- en kafferkoringprodukte ingestel te gewees het.

GESAMENTLIKE SKEMAS (Artikel 17 bis)

(1) Twee of meer verenigings van produsente, koöperatiewe verenigings, koöperatiewe maatskappye of beherende rade kan skriftelik aan die Minister 'n voorgestelde gesamentlike skema voorlê wat betrekking het op almal of op enige twee van die produkte wat die lede van

21/..... so 'n

so 'n vereniging of maatskappy produseer of ten opsigte waarvan so 'n raad ingestel is of geag word ingestel te gewees het en die bemarkingsraad kan insgelyks 'n gesamentlike skema met betrekking tot enige produkte voorlê, of the Minister kan so 'n skema laat opstel.

(2) Die bepalings van artikel sewentien is„mutatis mutandis" ten opsigte van 'n aldus voorgelegde of opgestelde skemas van toepassing.

(3) Sub-artikel (1) bepaal in hoeverre (a) kennisgewings, verbodsbepalings, voorskrifte, besluite, vasstellings of bepalings, wat uitgevaardig, opgelê, geneem of gedoen is kragtens 'n ander skema wat geheel en al of gedeeltelik deur die gesamentlike skema vervang word, van krag bly: (b) die bates en laste van die raad wat so 'n ander skema uitvoer, oorgaan op die ingevolge die gesamentlike skema ingestelde raad, en (c) gelde in 'n fonds, kragtens so 'n ander skema gestig na 'n kragtens die gesamentlike skema gestigde fonds oorgedra word. (Hierdie hele artikel is deur a.9 van die Wysigingswet op Bemarking no. 50 van 1946, ingevoeg).

ADMINISTRATIEWE BEPALINGS VAN 'n SKEMA (Artikel 18)

(1) 'n Skema moet die naam daarvan vermeld, asook die produk waarop dit betrekking het en die gebied of gebiede waarin dit van toepassing sal wees en moet

(a) die persoon of klasse omskryf wat 'n produk, waarop die Skema betrekking het, op 'n klas of graad van so 'n produk, produseer, of as 'n besigheid daarmee handel, op wie een of ander bepaling van die skema van toepassing sal wees;

(b) voorsiening maak vir die instelling van 'n raad om die Skema uit te voer;

(c) voorsiening maak vir die byeenroeping van vergaderings van bedoelde raad en die kworum en prosedure op sulke vergaderings voorskryf;

(d) voorsiening maak vir die instelling van 'n fonds of fondse deur die raad bestuur en beheer te word en waaruit alle uitbetalings deur die raad moet geskied;

22/..... (e) voorsiening

(e) voorsiening maak vir die oplegging met die Minister se goedkeuring, deur die betrokke beherende raad, van 'n heffing op 'n produk waarop die Skema betrekking het, op die basis wat die raad mag bepaal, watter heffing

(i) betaalbaar is of deur die produsente van die produk, deur hulle verkoop of deur persone wat 'n besigheid met die produk handel;

(ii) in die vorm kan wees of van 'n vasgestelde bedrag op, of van 'n persentasie of gedeelte van die verkoopprys van elke eenheid of hoeveelheid van die produk wat van 'n produsent gekoop of deur hom verkoop is;

(iii) ten opsigte van 'n besondere klas, graad of kwaliteit standaard van die produk;

(iv) ten opsigte van produkte ingevoer of uitgevoer word;

(v) ten opsigte van produkte wat uit 'n land of gebied, wat aan die Unie grens, in die Unie ingevoer word, (vrystelling of wysigings van heffings, mag geskied indien sekere produkte in- of uitgevoer word en in die belang van die land kan wees).

(2) (a) 'n Skema moet voorsiening maak vir die aanstelling op sy beherende raad van hoogstens een amptenaar in die Departement van Landbou, en van lede om persone te verteenwoordig wat die produk, waarop die Skema betrekking het, produseer, asook sodanige klasse van persone wat met die produk as 'n besigheid handel, of verbruikers daarvan is, as wat die Minister na raadpleging met die bemarkingsraad mag bepaal en moet die prosedure voorskryf wat ten opsigte van die nominasie van bedoelde lede gevolg moet word;

(b) Meer as die helfte van al die lede van so 'n raad, moet lede wees wat aangestel is om persone wat daardie produk produseer, te verteenwoordig.

(c) Minstens een van die lede van so 'n raad, waarin die verbruikers van so 'n produk verteenwoordig is, word aangestel uit lede van die verbruikerskomitee: met dien verstande dat wanneer ookal so 'n lid ophou om 'n lid van die verbruikerskomi-

23/..... tee te

tee te wees, hy ook ophou om lid van so 'n raad te wees en 'n ander lid van die verbruikerskomitee in sy plek aangestel word.

(d) Indien deur 'n wysiging van 'n Skema 'n ander produk in die plek gestel word van, of byvoegings word by die produk waarop die Skema betrekking het, word die lede wat die persone wat laasgenoemde produk produseer, verteenwoordig, vir die geval dat die wysiging nie voorsiening maak vir die hersamestelling of 'n gevolglike wysiging van die samestelling van die raad nie, vir die doeleindes van paragraaf (b) geag ook die persone te verteenwoordig wat die produk wat aldus in die plek gestel of bygevoeg is, produseer.

(e) Niemand word aangestel om persone wat slagvee produseer te verteenwoordig nie, tensy hy hom met bona fide boerderybedrywighede besig hou.

(3) Indien 'n skema betrekking het op 'n produk wat die onderwerp is van 'n Wet genoem in die Bylae van hierdie Wet, moet die ingevolge daardie Wet ingestelde raad, behalwe in die geval van 'n in artikel sewentien bis bedoelde skema, die Skema uitvoer met dien verstande dat met inagneming van die bepalings van Sub-Artikel (2), die samestelling van daardie raad deur bedoelde skema gewysig kan word, op so 'n wyse as wat die Minister mag goedkeur.

(4) 'n Raad waarvan die samestelling ooreenkomstig Sub-Artikel (3) gewysig is, verrig daarna, behoudens die bepalings van Sub-Artikel (3) van artikel twee-en-twintig, nog sy werksaamhede ingevolge die Wet uit hoofde waarvan hy ingestel is, en die ingevolge daardie Wet aangestelde lede van bedoelde raad beklee daarna, behalwe vir sover die skema anders bepaal, nog hul amp asof geen wysiging in die samestelling van die raad aangebring was nie. (Hierdie sub-artikel is soos vervang deur a.3 (e) van die Bemarkingswet no. 19 van 1938).

(5) Enige bepaling van 'n Wet in die Bylae tot hierdie Wet genoem (behalwe 'n bepaling met betrekking tot getuienis of prosedure in 'n hof of die jurisdiksie van 'n hof), kan opgeneem word in 'n skema wat betrekking het op 'n produk wat die onderwerp is van so 'n Wet, met sodanige wysigings van bedoelde bepaling as wat

raadsaam mag wees om die skema meer doeltreffend uit te voer. (hierdie sub-artikel is soos vervang deur a.3 (e) van die Bemarkingswysigingswet no. 19 van 1938).

(6) Wanneer 'n wysiging in die samestelling van 'n raad ingestel ingevolge 'n Wet in die Bylae tot hierdie Wet genoem, vereis dat 'n lid op daardie raad aangestel word benewens die bestaande lede daarvan of ter vervanging van so 'n bestaande lid, voer daardie raad, soos saamgestel volgens die toepaslike Wet die skema uit, totdat die eerste addisionele of plaasvervangende lede wat aldus aangestel moet word, aangestel is. (Hierdie Sub-artikel is soos vervang deur a.3 (e) van die Bemarkingswysigingswet no. 19 van 1938).

(7) 'n Skema kan bepaal dat een of ander bepaling daarvan van toepassing sal wees, slegs in aangegewe gedeeltes van die gebied waarin die skema andersins van toepassing is, en dan verskillende klasse van die produk waarop dit betrekking het, omskryf volgens die perseel waarop of die toestande waaronder die produk geproduseer word.

(8) 'n Skema kan bepaal dat een of ander bepaling daarvan op 'n koöperatiewe vereniging wat 'n produk hanteer waarop die skema betrekking het, van toepassing sal wees.

(9) 'n Skema kan, met instemming van die owerheid van 'n Staat of gebied, wat aan die Unie grens, bepaal dat onderworpe aan die voorwaardes wat in die Skema genoem word, een of ander bepaling daarvan op enige hoeveelheid van die daaronder beheerde produk wat aankom op 'n plek in die Unie, met inbegrip van die hawe van Walvisbaai, onderweg van daardie Staat of gebied, na 'n ander bestemming as die Unie, van toepassing sal wees op dieselfde wyse asof daardie hoeveelheid van bedoelde produk in die Unie geproduseer was.

AMALGAMASIE VAN FONDSE VIR UITVOERING VAN BESTAANDE REëLINGSWETTE EN SKEMAS (18 Bis.)

Wanneer 'n Skema uitgevoer word deur 'n raad ingestel ingevolge een of ander van die Wette in die Bylae tot hierdie Wet genoem, kan daardie raad

gelde in die fonds kragtens daardie Wet ingestel, of, indien meer as een fonds aldus ingestel is, in so 'n fonds wat die Minister aanwys, oordra na die fonds ooreenkomstig die Skema ingestel, of, indien meer as een fonds aldus ingestel is, na so 'n fonds wat die Minister aanwys, en kan dan gelde in die fonds, waarna die oordrag geskied het, aanwend vir alle doeleindes waaroor hy wettig volgens daardie Wet of volgens die Skema geld kan uitgee. (Hierdie artikel is deur a.4 van die Bemarkingswysigingswet no. 6 van 1938, ingevoeg).

OPSIONELE BEPALINGS VAN 'n SKEMA (ARTIKEL 19)

(1) 'n Skema kan voorsiening maak

(a) dat geen produsent van die produk waarop die skema betrekking het

(i) daardie produk binne die Unie of binne 'n omskrewe gebied daarin of binne 'n sodanige gebied wat aan 'n aldus omskrewe gebied grens, as wat die betrokke beherende raad met goedkeuring van die Minister mag bepaal en die Minister in die Staatskoerant bekend mag maak, mag verkoop nie, tensy hy by die raad geregistreer is; of

(ii) daardie produk binne 'n ander gebied mag verkoop nie dan 'n daarin omskrewe of deur die raad bepaalde gebied, ten opsigte waarvan hy by die raad geregistreer is; of

(iii) behalwe vir sy eie gebruik of vir gebruik deur lede van sy huisgesin of om sy lewende hawe te voer, daardie produk mag vervaardig of verwerk of in 'n ander produk of handelsartikel mag omsit of dit laat vervaardig en verwerk tensy hy by die raad geregistreer is;

(a) bis, dat niemand met daardie produk

(i) binne die Unie of binne 'n omskrewe gebied grens as wat die betrokke beherende raad met goedkeuring van die Minister mag bepaal en die Minister in die Staatskoerant bekend mag maak, as 'n besigheid mag handel nie, tensy hy by die raad geregistreer is; of

(ii) binne 'n ander gebied as 'n besigheid mag handel nie dan 'n daarin omskrewe of deur die raad bepaalde gebied, ten opsigte waarvan hy by die raad geregistreer is;

26/..... (a) ter,

(a) ter, dat geen produsent of persoon aldus geregistreer word nie, tensy hy voldoen het aan die vereiste wat by regulasie voorgeskryf mag wees en die betrokke beherenderaad sy registrasie goedkeur en dat daardie raad die registrasie van so 'n produsent of persoon kan goedkeur op die voorwaardes of vir die tydperk wat die raad bepaal of wat in die skema aangedui mag wees en die registrasie kan intrek van so 'n produsent of persoon wat genoemde vereistes of 'n aldus bepaalde voorwaarde oortree het of in gebreke gebly het om daaraan te voldoen;

(b) vir die hou van rekords deur produsente;

(c) vir die instelling in enige gebied waarin die skema of enige bepaling daarvan van toepassing sal wees;

(d) dat sy beherende raad hoogstens twee persone as adviserende lede van daardie raad kan koöpteer;

(e) vir 'n boete van hoogstens honderd pond of vir gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande; of beide by wyse van 'n kriminele sanksie om die bepalings van die Skema uit te voer.

(2) 'n Skema kan sy beherende raad magtig

(a) om die dienaars aan te stel en eiendom aan te skaf of te huur vir die behoorlike verrigtinge van sy werksaamhede en vir die bereiking van die doel van die Skema - die Minister moes toestemming verleen;

(a) bis, om agente aan te stel;

(b) een of meer komitee uit sy lede aan te stel;

(c) om met Minister se goedkeuring toelaes vas te stel uit raad se fondse;

(d) om met goedkeuring deur Minister, geld te leen, aangewend te word ter verwesenliking van die doel van die Skema;

(e) om ingevorderde gelde of geskenke te gebruik op die wyse wat die Minister goedkeur;

27/..... (f) om

(f) om 'n inligtingsdiens in te stel ten einde produsente van tyd tot tyd in te lig aangaande bemarkingstoestande;

(g) om met ander instansies saam te werk;

(h) om die grootste hoeveelheid van 'n produk, waarop die skema betrekking het, vas te stel wat in 'n bepaalde tydperk in 'n sekere gebied ingebring of verwyder word;

(i) om die grootste hoeveelheid van so 'n produk vas te stel, wat verkoop of te koop aangebied word;

(i) bis - om, in die geval van 'n Skema, wat deur die ingevolge artikel drie van die Wet op die Vee- en Vleisnywerhede, 1934 (Wet no. 48 van 1934) die grootste getal slagvee waarop die skema betrekking het, te bepaal, geslag mag word;

(j) om as agent vir die ontvangs en verkoop van so 'n produk op te tree;

(k) om 'n „poel" te bestuur vir 'n verkoping;

(l) om 'n „poel" te bestuur, te finansieër en om aan bydraers tot die "poel", geld voor te skiet;

(m) om iemand wat so 'n produk uitvoer, te gelas om enige hoeveelheid van daardie produk wat hy uitvoer aan of deur die raad of die persoon of agentskappe (met inbegrip van enige agentskap deur die raad ingestel), wat die raad aanwys, te versend of van die hand te sit, of om enige hoeveelheid van die produk wat hy uitvoer, na 'n bepaalde oorsese mark te stuur;

(n) om met die Minister se goedkeuring 'n spesiale heffing op so 'n produk te lê;

(o) om 'n spesiale fonds in te stel;

(p) om elke persoon wat betrokke is by die produksie, dors, afmaak, bemarking of verwerking van bedoelde produk te gelas om aan die raad die inligting met betrekking tot daardie produk te verstrek;

(p) bis - om, met die Minister se goedkeuring, rekords wat gehou moet word, voor te skryf, wat die produk produseer of daarmee handel dryf;

28/..... (q) om

(q) om deur middel van toekennings of lenings hulp te verleen aan ondernemings vir die bewaring, verwerking, opbergings of bewerking van so 'n produk en in verband met die navorsing vir verbetering produksie, ens.;

(r) om die Minister van advies te bedien aangaande

(i) die voorwaardes, wat betref grade, kwaliteit - standaarde, verpakkingsmetodes en die werking van so 'n produk, of 'n houer of omhulsel wat dit bevat, waarop so 'n produk verkoop of vir verkoop ingevoer mag word;

(ii) verbod op, beheer of reëlings van die invoer of uitvoer van so 'n produk; en

(iii) alle aangeleenthede betreffende die bemarking of verwerking van so 'n produk;

(s) om vir die uitvoering van die bepalings van die Skema enigiemand algemeen of in 'n besondere geval, te magtig om op alle redelike tye

(i) 'n plek te betree wat geokkupeer word deur 'n persoon wat 'n produsent is of vermoed word 'n produsent te wees van 'n produk waarop die skema betrekking het;

(ii) so 'n produk te inspekteer en alle rekords na te gaan;

(iii) van die eienaar van bedoelde produk of die persoon wat dit in sy bewaring het, inligting aangaande die produk te eis;

(iv) van die eienaar van so 'n boek of stuk of die persoon wat dit in sy bewaring het, inligting aangaande die produk te eis;

(v) beslag te lê op boeke, stukke, produkte of ander artikels, wat bewys kan lewer van 'n oortreding van die bepalings van die skema of van 'n regulasie uitgevaardig kragtens hierdie Wet.

29/..... SPESIALE

SPESIALE BEVOEGDHEDE VAN BEHERENDE RAAD (Artikel 20)

(1) 'n Skema kan verder sy beherende raad magtig om een of meer van onderstaande werksaamhede te verrig

(a) om 'n produk, waarop die Skema betrekking het, te koop;

(b) om 'n produk, wat hy gekoop het, te behandel soos hy goeddink, te gradeer, te verpak, op te berg, te verwerk, vir verkoop geskik te maak, te verseker, te adverteer en te vervoer;

(c) om 'n produk wat hy gekoop het, te verkoop ens.;

(d) om met die Minister se goedkeuring 'n produsent van die produk te belet om daardie produk, of klas, graad, hoeveelheid of persentasie daarvan wat die raad van tyd bepaal, te verkoop, behalwe aan of deur die raad of die persone wat in die Skema genoem of deur die raad bepaal word;

(e) om met die Minister se goedkeuring 'n produsent van tyd tot tyd te belet om die betrokke beheerde produk te verkoop;

(e) bis - om met die Minister se goedkeuring, enigiemand te belet om die betrokke beheerde produk, te verkoop, tensy hy dit verkry het van die raad of van die persone, wat in die Skema aangedui of deur die raad bepaal word;

(e) ter - om met die Minister se goedkeuring enigiemand wat 'n hoeveelheid van daardie produk van 'n produsent gekoop het, te gelas om die koopprys aan die raad te betaal en om die bedrae aldus aan hom betaal, min die bedrae wat in die Skema voorgeskryf mag wees, onder produsente te verdeel na verhouding van die onderskeie hoeveelhede van daardie produk, wat van elkeen van hulle gekoop en ten opsigte waarvan die verkoopprys aldus aan die raad betaal is;

(f) om met die Minister se goedkeuring, van tyd tot tyd enigiemand te verbied om 'n hoeveelheid van die produk of klas of graad te verkry, te verkoop of van die hand te sit teen 'n ander, of 'n laer of hoër prys, dan deur die raad vasgestel of bereken ooreenkomstig 'n grondslag in die Skema voorgeskryf;

(f) bis- om, met die Minister se goedkeuring, by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens paragraaf (f)

(i) die gelde of koste te bepaal;

(ii) van enige persoon wat die betrokke produk, van die hand sit op krediet of vir 'n bedrag meer as in die Skema voorgeskryf, te eis dat 'n faktuur met die bepaalde besonderhede, moet verskaf;

(g) om met die goedkeuring van die Minister die aankoop of verskaf of uitvoer vir verkoop, van so 'n produk te belet, behalwe onder permit wat na goeddunke deur die raad uitgereik word en wat deur die raad ingestel kan word, as die houer daarvan 'n voorwaarde of 'n bepaling van die Skema, of van 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig, oortree het of versuim het om daaraan te voldoen - appèl teen die raad se besluit kan aan die Minister gerig word.

(g) bis - om met die Minister se goedkeuring, enige persoon te verbied om die produk op 'n ander dag of tydperk wat in die verbod gemeld word, te verkoop, te verskaf, af te lewer of te vervoer;

(h) om met die Minister se goedkeuring, iemand wat as 'n besigheid met daardie produk handel, te gelas om aan die raad sekuriteit te verstrek vir die betaling van die koopprys van enige hoeveelheid van daardie produk van 'n produsent verkoop, soos in die Skema of by regulasie voorgeskryf word, en om met 'n aldus verstrekte sekuriteit te handel op die wyse wat in die Skema of in so 'n regulasie aangedui mag word;

(i) om met die Minister se goedkeuring enige persoon te verbied om die produk van 'n ander persoon te vervaardig of te verwerk, dan alleen op gesag van 'n permit wat die raad mag uitreik, onderworpe aan die voorwaardes wat hy goeddunk;

(j) om met die Minister se goedkeuring gelde vas te stel wat 'n persoon vir die vervaardiging van daardie produk ten behoewe van 'n ander persoon kan bereken; en

(k) om met die Minister se goedkeuring enige persoon of enige persoon wat tot 'n klas of groep persone behoort, te verbied om so 'n produk of klas, graad of hoeveelheid van bedoelde produk te koop, verkoop, gebruik, vervaardig of verwerk vir 'n

31/..... doel

doel of op 'n wyse deur die raad bepaal, of vir 'n ander doel of op 'n ander wyse dan 'n aldus bepaalde doel of wyse, dan alleen op gesag van 'n permit; wat die raad mag uitreik onderworpe aan die voorwaardes in die skema voorgeskryf of deur die raad bepaal.

(2) 'n Skema wat sy beherende raad magtig om die verkoop van die produk waarop daardie skema betrekking het, te belet, kan voorsiening maak vir die bestuur deur die raad of so 'n persoon, van 'n „poel" vir die verkoop van daardie produk op die grondslag wat in die skema aangedui word. (Hierdie artikel is deur a.5 (1) (f) van die Bemarkingswet no. 12 van 1941, bygevoeg).

(3) Wanneer 'n beherende raad 'n produsent belet het om 'n groter hoeveelheid van 'n produk as wat daardie raad bepaal het, te verkry, kan genoemde raad, indien deur die betrokke Skema daartoe gemagtig en op die voorwaardes voorgeskryf, 'n „poel" bestuur vir die verkoop van enige hoeveelheid van daardie produk wat ingevolge bedoelde verbod nie deur die produsent daarvan verkoop mag word nie, of wat onder die omstandighede in bedoelde Skema beskryf, deur persone wat as 'n besigheid daarmee handel, vir verkoop aan hom gelewer mag word. (Hierdie artikel is ook vervang deur a.13 (1) (f) van die Wysigingswet op Bemarking, no. 50 van 1946).

(4) Met die Minister se goedkeuring kan 'n beherende raad by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens paragraaf (f) van Sub-artikel (1)

(a) ten opsigte van 'n hoeveelheid van betrokke produk of van 'n klas of graad daarvan, wat verkry is vir enige doel of deur enige klas persone, 'n prys vasstel wat verskil van die prys wat vasgestel is ten opsigte van 'n hoeveelheid van daardie produk, of van daardie klas of graad, wat verkry is vir 'n ander doel of deur 'n ander klas, persoon; of

(b) ten opsigte van bedoelde produk of van 'n klas of graad daarvan verskillende pryse ten opsigte van verskillende hoeveelhede of ten opsigte van verskillende tye van die jaar vasstel. (Hierdie artikel is in 1941 (no. 12 van 1941) by die Wet gevoeg en in 1946 (no. 50 van 1946) vervang deur sub-artikel a.13 (1) (f).

32/..... (5) Wanneer

(5) Wanneer 'n produsent in weerwil van 'n verbod deur 'n beherende raad opgelê, kragtens 'n bevoegdheid ingevolge Sub-artikel (1) aan hom verleen, 'n hoeveelheid van 'n produk verkoop, of van die hand gesit het, aan 'n persoon wat handel dryf met hierdie produk, is die persoon wat daardie hoeveelheid van daardie produsent verkry het, aan 'n misdryf skuldig en strafbaar. (Hierdie subartikel is deur a.5 (1) (f) van die Bemarkingswet no. 12 van 1941 bygevoeg en weer in 1946 (wet no. 50 van 1946 verder gewysig).

(6) Vir die toepassing van 'n verbod kragtens paragraaf (d),(e) of (e) ter, van Sub-artikel (1)

(a) word 'n hoeveelheid van 'n produk wat, volgens die regulasies van 'n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy, deur 'n lid daarvan aan daardie vereniging of maatskappy verkoop te gewees het en deur daardie vereniging of maatskappy aan daardie lid gekoop te gewees het, behalwe vir sover die betrokke skema anders bepaal;

(b) kan so 'n vereniging of maatskappy wat ten behoewe van sy lede handel met 'n produk ten opsigte waarvan 'n verbod ingevolge paragraaf (d) opgelê is, aangestel word as 'n agent vir die koop en verkoop van 'n hoeveelheid van daardie produk, hetsy deur sy lede of deur iemand anders geproduseer, en 'n aldus aangestelde vereniging of maatskappy word, ondanks enigiets in sy regulasies of die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939 (Wet no. 29 van 1939), vervat, geag al die bevoegdhede te hê, wat redelikerwys nodig mag wees vir die behoorlike verrigting van die werksaamhede wat hy ingevolge so 'n aanstelling verplig is, te verrig. (Hierdie Sub-artikel is deur 5 (1) (f) van die Bemarkingswysigingswet no. 12 van 1941, bygevoeg).

(7) Vir die doel van 'n verbod kragtens paragraaf (f) van Sub-artikel (1) word die persoon wat van 'n ander persoon ten opsigte van 'n hoeveelheid van 'n produk wat hy aan daardie persoon van die hand gesit het, 'n bedrag gevorder het, wat nie in ooreenstemming is met die kragtens genoemde paragraaf vasgestelde prys nie, geag daardie hoeveelheid van die produk aan daardie persoon teen genoemde bedrag van die hand te gesit het, tensy hy ten genoeë van die hof,

bewys dat die vordering as gevolg van 'n „bona fide" fout gedoen is. (Hierdie Sub-artikel is deur a.13 (1) (h) van die Wysigingswet op Bemarking, no. 50 van 1946 bygevoeg).

21. PUBLIKASIE VAN SKEMAS EN STEMMING DAAROOR

(1) Indien die Minister 'n voorgestelde skema aanneem, kan hy

(a) besonderhede daarvan laat publiseer by kennisgewing in die Staatskoerant en 'n koerant wat volgens sy oordeel sal verseker dat die besonderhede van die Skema onder die aandag gebring sal word van die produsente in die gebied waarin die skema bedoel is van toepassing te wees en 'n afskrif van die bedoelde kennisgewing laat opplak by elke magistraatskantoor in genoemde gebied en op ander plekke, waar hy dit wenslik ag om die kennisgewing bekend te maak, en produsente in die betrokke gebied deur middel van die kennisgewing uitnooi om 'n vergadering of vergaderings by te woon, ten einde voor of teen die voorgestelde skema te stem; of

(b) in die geval van 'n voorgestelde skema, wat aan hom voorgelê is deur 'n raad ingestel volgens enigeen van die Wette genoem in die Bylae tot hierdie Wet (of deur 'n beherende raad wat 'n Skema uitvoer wat vir 'n tydperk van minstens vyf jaar van krag was, of kragtens artikel sewentien bis, deur twee of meer sulke beherende rade, of deur 'n beherende raad wat 'n gesamentlike skema uitvoer wat oorspronklik kragtens voormelde artikel deur twee of meer sulke rade voorgelê is, of wat nie sy beherende raad magtig om van die in artikel twintig gespesifiseerde werksaamhede te verrig nie, goedkeuring daarvan by die Goewerneur-generaal aanbeveel, mits hy oortuig is dat die invoering daarvan in belang sal wees van produsente van die produk waarop die skema betrekking het.

(2) Op so 'n vergadering moet die magistraat of onder-magistraat van die gebied, voorsit.

(3) Die voorsitter, moet die besonderhede van die voorgestelde skema aan die vergadering verduidelik en 'n konsepbesluit ter goedkeuring van die Skema aan die vergadering voorlê.

34/..... (4) (a) (b)

(4) (a) (b) (c) en 4 Bis - aleenlik mondige blanke persone, wat vir 3 jaar, betrokke was by produksie in die betrokke gebied, of genoegsaam, volgens die regulasie geproduseer het of aan die voorgeskrewe vereistes voldoen het kan stem.

(5) Stemming geskied deur middel van stembriefies.

(6) Voorsitter moet so gou doenlik, na die vergadering alle stembriefies, per geregistreerde omslag deur die pos, aan die Sekretaris van Landbou, stuur.

(7) Iemand wat nie geregtig is om oor genoemde besluit te stem nie, en wel stem, is strafbaar.

22. <u>GOEDKEURING EN TOEPASSING VAN SKEMA DEUR GOEWERNEUR-GENERAAL</u>

(1) Die Goewerneur-generaal kan 'n Skema by proklamasie in die Staatskoerant publiseer en verklaar dat dit op 'n datum in bedoelde proklamasie vermeld in werking tree -

(a) indien die Minister goedkeuring van die Skema aanbeveel het volgens paragraaf (b) van Sub-artikel (1) van artikel een-en-twintig; of

(b) in die geval van 'n Skema waarvoor volgens voorskrif van paragraaf (a) van voornoemde Sub-artikel gestem is, indien die Goewerneur-generaal oortuig is dat die meerderheid naamlik, drie-vyfdes van die produsente vir die Skema gestem het.

(2) Die bepalings van 'n Skema wat volgens Sub-artikel (1) gepubliseer is, is vanaf 'n datum gespesifiseerd in die proklamasie, waarby die skema gepubliseer is bindend op die persone op wie in die gebied waarin daardie bepalings van toepassing is.

(3) Indien 'n Skema wat ingevolge Sub-artikel (1) gepubliseer is, betrekking het op 'n produk wat die onderwerp is van 'n Wet in die Bylae tot hierdie Wet genoem, is al die bepalings van hierdie Wet, wat onbestaanbaar is met die Skema, of wat daarin opgeneem is, hetsy met of sonder wysiging, opgeskort gedurende die tydperk, wat die Skema van krag is, en indien die Skema betrekking het op 'n produk wat inbegrepe is by die omskrywing van „Zuivelprodukten",

35/..... in

in artikel een-en-twintig van die „Zuiwelnywerheidwet", 1918 is alle bepalings van die Wet, wat onbestaanbaar is met die Skema insgelyks opgeskort, vir sover dit op daardie produk betrekking het. (Hierdie sub-artikel is soos vervang deur a.8 van die Bemarkingswysigingswet, no. 19 van 1938).

23. WYSIGING VAN 'n SKEMA

(1) 'n Vereniging of maatskappy of raad bedoel in Sub-artikel (1) van artikel sewentien, of 'n beherende raad, of die verbruikerskomitee, kan skriftelik aan die Minister 'n voorstel voorlê vir die wysiging van 'n bestaande Skema, wat betrekking het op 'n produk, wat deur die lede van daardie vereniging of maatskappy geproduseer word of ten opsigte waarvan daardie raad ingestel is, of volgens sub-artikel (6) van artikel sewentien geag word ingestel te gewees het, al na die geval. (In 1938, Wet no. 19 en Wet no. 12 van 1941, is seker veranderings in die bewoording aangebring).

(2) Die bemarkingsraad kan skriftelik aan die Minister 'n voorstel vir die wysiging van 'n bestaande skema voorlê, en die Minister kan 'n voorstel vir die wysiging van 'n bestaande skema laat opstel.

(3) So 'n voorgestelde wysiging kan voorsiening maak vir 'n uitbreiding of inkorting van die gebied, waarin die betrokke skema van toepassing is of vir die vervanging van die produk waarop die Skema betrekking het deur 'n ander produk, of vir die byvoeging van 'n ander produk by die produk waarop die skema betrekking het (indien die produk wat 'n produk moet vervang of wat daarby gevoeg moet word volgens so 'n wysiging voorgestel deur 'n vereniging of maatskappy of raad, soos voormeld, deur die lede van die betrokke vereniging of maatskappy geproduseer word of 'n produk ten opsigte waarvan die raad ingestel is of geag word ingestel te gewees het, soos voormeld), of vir die weglating van 'n produk, waarop die skema betrekking het, of vir die verandering van ander bepalings van die Skema of vir die byvoeging daarby van nuwe bepalings, of vir die vervanging van 'n bestaande Skema deur 'n nuwe skema.

(4) So 'n voorstel vir die wysiging van 'n Skema moet behandel en kan in werking gebring word „mutatis mutandis" asof dit 'n voorstel was vir 'n nuwe Skema, wat volgens artikel sewentien, aan die Minister voorgelê of onder opdrag aan die Minister opgestel is.

36/..... (5) 'n

(5) 'n Wysiging van 'n Skema wat voorsiening maak vir 'n wysiging in die samestelling van 'n raad, wat 'n Skema uitvoer, kan voorsiening maak vir die verlenging of inkorting van die ampstermyn van 'n bestaande lid van die raad, of vir die afskaffing van, of die verandering van die wyse, waarop 'n nominasie vir of aanstelling in, bedoelde amp geskied. (Hierdie Sub-artikel is deur a.16 (b) van die Wysigingswet op Bemarking, no. 50 van 1946, bygevoeg).

(6) Indien 'n wysiging van 'n Skema voorsiening maak vir die verandering van die wyse waarop 'n nominasie vir of aanstelling in so 'n amp geskied, ontruim die lid, wat daardie amp beklee dit op die datum waarop die aanstelling ingevolge die wysiging in werking tree.

(7) Die bepalings van Sub-artikel (3) van artikel sewentien bis, is „mutatis mutandis" van toepassing ten opsigte van 'n Skema, wat kragtens Sub-artikel (3) van hierdie artikel 'n bestaande skema vervang. (Sub-artikel (6) en (9) is deur a.16 (b) van die Wysigingswet op Bemarking no. 50 van 1946, bygevoeg).

24. <u>PERIODIEKE VOORLEGGING VAN SKEMAS AAN PRODUSENTE</u>

(1) Die Minister kan te eniger tyd na verloop van 'n tydperk van twee jaar, vanaf die datum waarop 'n Skema in werking getree het, 'n vergadering van die betrokke produsente byeenroep om hul goedkeuring of afkeuring oor die voortbestaan van die Skema, uit te spreek.

(2) Die bepalings van artikel een-en-twintig geld, „mutatis mutandis" in verband met 'n vergadering wat volgens Sub-artikel (1) byeengeroep is.

(3) Die Goewerneur-generaal, kan by proklamasie in die Staatskoerant, 'n skema herroep

(a) indien herroeping deur die Minister aanbeveel is: met dien verstande dat die Minister nie die herroeping van 'n skema wat van die bevoegdhede in artikel twintig genoem, aan sy beherenderaad verleen, aanbeveel nie, tensy daardie Skema ingevolge 'n aanbeveling deur die Minister kragtens paragraaf (b) van Sub-artikel (1) van artikel een-en-twintig gepubliseer is en daardie raad versoek het dat daardie skema herroep word; of

37/..... (b) indien

(b) indien meer as die helfte of in die geval van 'n skema, wat van die bevoegdhede in artikel twintig genoem aan sy beherende raad verleen, minstens drie-vyfdes van die betrokke produsente, wat op 'n vergadering belê kragtens Sub-artikel (1) gestem het, ten gunste van opheffing van die Skema gestem het: met dien verstande dat, gedurende die tydperk van drie jaar onmiddellik voorafgaande aan die datum van die eerste van daardie vergaderings, die produsent wat aldus ten gunste van opheffing gestem het, meer as die helfte geproduseer het van die totale hoeveelheid van die produk, waarop die Skema betrekking het en wat gedurende daardie tydperk geproduseer was in die gebied waarin die Skema van toepassing is. (Hierdie Sub-artikel is soos vervang deur a.7 van die Bemarkingswysigingswet no. 12 van 1941 en a.17 van die Wysigingswet op Bemarking no. 50 van 1946).

25. <u>HERROEPING, OPSKORTING OF WYSIGING VAN SKEMAS</u>

(1) Wanneer die Minister ..... rede het om te meen dat een of ander bepaling van 'n Skema, wat volgens hierdie Wet in werking is 'n buitensporige las lê op produsente of verbruikers, of op 'n groep of aantal sodanige produsente of verbruikers van die produk, waarop die Skema betrekking het of met die publieke belang in stryd is, kan hy 'n komitee aanstel, bestaande uit hoogstens drie persone, om ondersoek in te stel aangaande die werking van die betrokke skema en om daaroor aan hom verslag te doen. (Die woorde wat weggelaat is, is deur a.8 (a) van die Bemarkingswysigingswet no. 12 van 1941 geskraap en deur a.18 van die Wysigingswet op Bemarking no. 50 van 1946 gewysig).

(2) Indien die Minister na ontvangs van die verslag van 'n komitee aangestel volgens Sub-artikel (1) en van 'n aanbeveling van die bemarkingsraad, bevind dat bedoelde bepaling, wel 'n buitensporige las lê op produsente of verbruikers, of op 'n groep of aantal sodanige produsente, of verbruikers van die produk, waarop die Skema betrekking het, of met die publieke belang in stryd is, kan die Goewerneur-generaal, daardie bepaling by proklamasie in die Staatskoerant opskort vir 'n tydperk van hoogstens ses maande en die

38/..... Minister

Minister kan daarop enige beslissing wat kragtens daardie bepaling gedoen is, herroep met ingang vanaf die datum en onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal.

(3) Die Minister moet afskrifte van die verslag van die bedoelde komitee, en van die aanbevelings van die bemarkingsraad, op die Tafels van albei Parlementshuise lê binne veertien dae na ontvangs daarvan, indien die Parlement dan sit, of, indien die Parlement nie dan sit nie, binne veertien dae na die begin van sy volgende sessie.

(4) Op versoek, by besluit van albei Parlementshuise, kan die Goewerneur-generaal by proklamasie in die Staatskoerant

(a) 'n skema herroep;

(b) die bepalings van 'n skema op die in so 'n besluit gemelde manier wysig;

(c) so 'n proklamasie wat volgens paragraaf (b) uitgevaardig is, herroep of wysig.

26. <u>BEHERENDE RAAD IS MET REGSPERSOONLIKHEID BEKLEE</u>

'n Beherende raad is met regspersoonlikheid beklee en kan in sy eie naam as eiser en verweerder in regte optree en al die handelings verrig, wat nodig is vir, of verbonde is aan die bereiking van sy doel uit oefening van sy bevoegdhede onder die Skema wat hy uitvoer.

27. <u>VOORLEGGING VAN SEKERE BESLUITE VAN BEHERENDE RADE AAN BEMARKINGSRAAD</u>

Elke besluit van 'n beherende raad uit kragte van 'n bevoegdheid, wat aan bedoelde raad verleen mag wees, volgens paragraaf (d) tot en met (k) van sub-artikel (1) van artikel twintig; moet tesame met enige minderheidsvoorstel wat gedoen mag wees, met betrekking tot die saak, waarop die besluit betrekking het, deur daardie raad voorgelê word aan die bemarkingsraad, wat bedoelde besluit en minderheidsvoorstel (as daar een is), met sy verslag en aanbevelings daaroor aan die Minister moet versend. (Hierdie artikel is soos vervang deur a.19 van die Wysigingswet op Bemarking no. 50 van 1946 en was tevore deur a.19 van die Bemarkingswysigingswet no. 12 van 1941, gewysig).

39/..... 28. VERSLAG

28. VERSLAG AAN BEMARKINGSRAAD DEUR BEHERENDE RAAD

Elke beherende raad wat 'n skema uitvoer, moet drie maande na afloop van sy boekjaar, 'n verslag oor sy werksaamhede gedurende die voorgaande boekjaar, aan die bemarkingsraad voorlê.

29. BEKENDMAKING VAN SEKERE BESLUITE VAN BEHERENDE RADE

(1) Die Minister maak

(a) elke heffing kragtens paragraaf (e) van Sub-artikel (1) van artikel agtien of spesiale heffing kragtens paragraaf (n) van Sub-artikel (2) van artikel neentien;

(b) elke verbod kragtens paragraaf (d), (e), (e) bis, (g), (g) bis, (i) of (k) van Sub-artikel (1) van artikel twintig;

(c) elke lasgewing, bepaling of voorskrif kragtens paragraaf (e) ter of (f) bis, van Sub-artikel (1) van artikel twintig; en

(d) elke vasstelling van gelde kragtens paragraaf (f) van Sub-artikel (1) van artikel twintig, by kennisgewing in die Staatskoerant bekend, en die heffing, verbod, lasgewing, bepaling, voorskrif of vasstelling tree op 'n in die kennisgewing vermelde datum in werking.

(2) 'n Bepaling, lasgewing of voorskrif kragtens paragraaf (h), (i), (i) bis, (m), (p), of (p) bis van Sub-artikel (2) van artikel neentien, word deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant bekend gemaak, of deur die betrokke beherende raad by aangetekende brief per pos meegedeel aan die persoon wat daardeur geraak word, en tree op in die kennisgewing of mededeling vermelde datum in werking.

(3) Die Minister kan, ten einde 'n besluit van 'n beherende raad kragtens die bepalings van paragraaf (h), (i) of (i) bis van Sub-artikel (2) van artikel neentien doeltreffend te maak, by kennisgewing in die Staatskoerant

(a) verbied dat enige persoon of enige persoon wat tot 'n klas of groep persone behoort of enige ander persoon wat tot 'n klas of groep persone behoort, te eniger tyd of op enige dag of gedurende enige tydperk wat te eniger tyd kragtens genoemde

bepalings deur die raad bepaal mag word, 'n produk waarop die Skema betrekking het, in 'n gebied, mark of plek wat aldus bepaal mag word, inbring, ontvang, verwerk, verkoop of dit daaruit verwyder, dan alleen op gesag van 'n permit deur die raad uitgereik of anders dan ooreenkomstig voorwaardes kragtens Sub-paragraaf (ii) van paragraaf (b) voorgeskryf; en

(b) die prosedure voorskryf wat by 'n aansoek gevolg moet word, ens.; en

(c) die vorm voorskryf van die permitte, wat kragtens paragraaf (a) uitgereik mag word asook die voorwaardes waaronder hulle deur die Raad uitgereik, opgeskort, of ingetrek mag word. (Vir 'n Saak aangaande so 'n Regeringskennisgewing, sien Rex v Bham en Ander, 1947 (1) P.H., K 16).

(4) Kragtens Sub-artikel (2) is uitgereikte permitte nie oordraagbaar nie, maar die Raad mag anders besluit. (Hierdie hele artikel is soos vervang deur a.20 van die Wysigingswet op Bemarking, no. 50 van 1946, en was tevore deur a.10 van die Bemarkingswysigingswet no. 12 van 1941, gewysig).

30. <u>LANDBOUBEMARKINGSFONDS</u>

(1) Ten einde aan beherende rade hulp te kan verleen in verband met die uitvoering van skemas, moet die Minister 'n fonds, genoem die Landboubemarkingsfonds, instel en bestuur, waarin die gelde gestort word wat die Parlement van tyd tot tyd vir dié doel beskikbaar stel.

(2) Die Minister kan op aanbeveling van die bemarkingsraad, uit die fonds, aan beherende rade wat finansiële hulp nodig het, met die uitvoering van hulle skemas, lenings toestaan op sekere voorwaardes, deur hom bepaal. (A 31 is deur a.1 en die Eerste Bylae van die Landbankwet no. 13 van 1944, herroep).

32. <u>VOORSKRYF VAN SEKERE OPGAWES MET BETREKKING TOT PRODUKTE DEUR MINISTER</u>

(1) en (2) Die Minister kan van tyd tot tyd deur kennisgewing in die Staatskoerant gelas dat sekere opgawes met betrekking tot produkte hetsy geproduseer, verwerk of verkoop word, ingedien word. Die

41/..... betrokke

betrokke persone wat in gebreke bly om daaraan te voldoen, is strafbaar en kan beboet word.

33. VERBOD OP OF BEHEER VAN INVOER EN UITVOER VAN PRODUKTE

Die Goewerneur-generaal kan by proklamasie in die Staatskoerant -

(a) die invoer of uitvoer van produkte in die Unie belet of beheer;

(b) onderworpe aan die voorwaardes in die proklamasie genoem

(i) aan die Sekretaris die bevoegdheid verleen om die uitvoer en invoer van produkte te beheer; of

(ii) aan die Sekretaris of, in die geval van 'n beherende produk, òf aan die Sekretaris òf aan die betrokke beherende raad, die uitsluitlike reg verleen om daardie produk of 'n klas of graad daarvan in die Unie in of uit te voer. (Hierdie artikel is in 1941 en in 1946 gewysig).

34. NASIONALE MERK

Die Goewerneur-generaal kan by proklamasie in die Staatskoerant 'n nasionale merk voorskryf vir toepassing op 'n vermelde produk.

35. VERKOPING ONDER NASIONALE MERK

(1) Niemand mag ingevolge artikel 34, voorgeskrewe nasionale merk op 'n produk aanbring wat nie in die proklamasie voorgeskryf is nie.

(2) Niemand mag die nasionale merk sonder skriftelike toestemming van die Minister gebruik nie.

(3) Niemand mag so 'n nasionale merk naboots nie.

36. VERPAKKING EN MERKING VAN PRODUKTE

Die Goewerneur-generaal kan by proklamasie in die Staatskoerant, verkopings belet indien dit nie volgens regulasie verpak is nie.

37. AANWYSING EN BEVOEGDHEDE VAN INSPEKTEURS

(1) Wanneer 'n nasionale merk of graad ten opsigte van 'n produk voorgeskryf is, kan die Minister persone aanwys om die werksaamhede

42/..... in

in Sub-artikel (2) te verrig.

(2) en (3) 'n Persoon kragtens Sub-artikel (1) aangewys, kan op alle redelike tye, enige persele betree om te bepaal of die regulasies nagekom word of dat die nasionale merk op houers aangebring is; of dit nie onwettig gebruik word nie. (Hierdie hele artikel is soos vervang deur a.25 van die Wysigingswet op Bemarking no. 50 van 1946 en was tevore deur a.12 van die Bemarkingswysigingswet no. 12 van 1941, gewysig).

38. STRAFBEPALINGS

Vir diegene wat bepalings oortree, is daar sekere strawwe voorgeskryf. In artikel 41 is ook sekere bykomende boetes voorgeskryf.

39. VERONDERSTELLING VAN GELDIGHEID VAN OPTREDE ONDER HIERDIE WET

Wanneer 'n skema of 'n wysiging van 'n Skema volgens artikel 22 in die Staatskoerant gepubliseer is, of wanneer 'n Skema volgens artikel 24 of 25 herroep is, word daardie Skema, wysiging of herroeping nie deur 'n handeling wat verrig is of versuim wat plaasgevind het voor bedoelde publikasie of herroeping, ongeldig gemaak nie, tensy 'n geregshof waarin die geldigheid van bedoelde Skema, wysiging of herroeping betwis word, bevind dat bedoelde handeling of versuim neergekom het op 'n opsetlike oortreding van of versuim om te voldoen aan 'n bepaling van hierdie wet of 'n regulasie uitgevaardig kragtens artikel 43, en van oordeel is, dat die handeling of versuim van belang was.

41. ter REGSBEVOEGDHEID

Ondanks andersluidende wetsbepalings, besit 'n magistraatshof regsbevoegdheid om enige straf of bykomende straf op te lê, wat hierdie Wet, of 'n uit hoofde daarvan uitgevaardigde regulasie of gepubliseerde Skema voorskryf en om enige geregtelike bevel en enige uitspraak te gee, waarvoor hierdie Wet voorsiening maak. (Hierdie artikel is deur a.28 van die Wysigingswet op Bemarking no. 50 van 1946, ingevoeg).

42. SPOORWEË- EN HAWENSADMINISTRASIE GEVRYWAAR

Geen geregtelike stappe kan teen die Suid-Afrikaanse Spoorweë- en Hawensadministrasie ingestel word op grond van sy weiering om 'n produk te

43/..... vervoer

vervoer of om 'n produk in ontvangs te neem vir vervoer na of van 'n gebied bedoel in paragraaf (h) van Sub-artikel (2) van artikel neentien, as die rede vir daardie weiering, die uitoefening was deur 'n beherende raad van die bevoegdhede aan daardie raad verleen, deur hierdie Wet, of deur regulasie daaronder uitgevaardig.

43. REGULASIES

(1) Die Goewerneur-generaal kan regulasies uitvaardig wat nie met die bepalings van hierdie Wet of 'n skema, in stryd is nie

(a) alle aangeleenthede wat by regulasie volgens hierdie Wet voorgeskryf word;

(b) die tye wanneer en die wyse waarop 'n heffing opgelê word volgens paragraaf (e) van Sub-artikel (1) van artikel agtien, of 'n spesiale heffing opgelê volgens paragraaf (n) van Sub-artikel (2) van artikel neentien, betaal moet word;

(c) die manier van verpakking of merk, of aanbring van etikette op 'n beheerde produk;

(d) grade en die manier van gradering volgens die kwaliteit van 'n produk, bedoel in paragraaf (c) en die manier waarop sulke produkte vir die doeleindes van sodanige gradering behandel, voorberei of verwerk moet word;

(e) die voorwaardes waarop deur die Minister aan 'n persoon toestemming verleen kan word om 'n produk met die nasionale merk bedoel in artikel vier-en-dertig, te merk;

(f) die tyd en manier waarop 'n appèl kragtens artikel sewe-en-dertig voortgesit moet word, die persoon of persone deur wie dit beslis moet word, die sekerheid, as daar is, wat met betrekking tot so 'n appèl gestel moet word en die beskikking oor aldus gestelde sekerheid.

Verskillende regulasies kan uitgevaardig word ten opsigte van verskillende produkte en ten opsigte van produkte wat onder die nasionale merk bedoel in artikel vier-en-dertig verkoop word en produkte wat nie onder daardie merk verkoop word nie.

(2) Regulasies uitgevaardig kragtens hierdie artikel kan strawwe wat boete van honderd pond nie te bowe gaan nie, voorskryf vir 'n oor-

treding daarvan, of versuim om daaraan te voldoen.

44. KORT TITEL

Hierdie Wet heet die Bemarkingswet van 1937.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Bemarkingswet 26 van 1937.
2) Bemarkingswet 12 van 1941.
3) Bemarkingswet 50 van 1946.

# HOOFSTUK 3

## 'n KORT OPSOMMING VAN EN 'n KRITIESE OORSIG OOR DIE BEMARKINGSWET 1937, SOOS GEWYSIG, VANAF DIE PROMULGERING VAN DIE WET, TOT ONGEVEER 1948

### 1. DIE BEGINSEL

Die Bemarkingswet 1937, soos gewysig deur Wet no. 19 van 1938, Wet no. 12 van 1941 en Wet no. 50 van 1946, word beskou as een van die belangrikste ankers van die boeregemeenskap, in sy stryd om 'n blywende en waardige bestaan te voer. Dit vorm een van die belangrikste hoekstene vir 'n gesonde en stabiele landbou-ekonomie in die Unie. Die noodsaaklikheid van 'n gesonde en stabiele en vooruitstrewende landboubedryf is treffend bewys deur gebeurtenisse gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog.

Van die grootste belang is die feit dat die Wet nie van bo-af geforseer is nie, maar op heel natuurlike wyse en uit 'n groot behoefte vir groter stabiliteit van landboupryse, van onderaf gegroei het. Die vroeëre stelsel van vrye en private inisiatief het hopeloos gefaal, om enigsins 'n stelsel van ordelike bemarking van landbou-produkte daar te stel, alhoewel dit die volste geleentheid daartoe gehad het. Afgesien van inherende swakhede van die stelsel vir die landbou-bedryf, het daar vroeër soveel wanpraktyke in die stelsel van vrye bemarking voorgekom, dat daar een of ander uitweg gesoek moes word. Die toekoms en heil van duisende produsente of boere was eenvoudig in die hande van sommige persone wat net op geldmaak uit was en wie se moraal en eerlikheid op 'n baie lae peil gestaan het. Hiermee wil geensins beweer word dat alle private spekulante en markagente onder hierdie klas gesorteer het nie, maar dat daar baie van hierdie soort mense was, kan nouliks betwis word. Die kode van eerlikheid behoort nooit in besigheid twyfel te saai nie en 'n mens kan dus nie anders as om te konstateer dat daar 'n einde aan alle ongerymdhede, so ver moontlik, moes kom en van allerweë is 'n georganiseerde bemarkingstelsel bepleit wat ook in die hand gewerk het dat produsente van redelike standvastige landbou-produktepryse verseker kon word. Tenspyte van vertoë vir verbeterings, kry 'n mens tog ook die posisie dat boere nog altyd selfstandig was en hulle sake self wou beheer en indien beheer van staatsweë kom, word dit met suspiese bejeen.

Die Landbou-bedryf vorm by uitstek die tak van ons volkshuishouding, wie se wel en wee tot 'n groot mate van sulke veranderlike faktore afhanklik is dat een of ander stelsel van beheerde bemarking 'n absolute vereiste was en nog is. Hier kan die vraag gestel word - moet beheer nie ook die kleinhandel en die groothandel insluit nie? - dog die sukses van 'n stelsel van beheerde bemarking, moet eers deeglik getoets word voordat dit verwerp, of as onuitvoerbaar verwerp word en dit is om hierdie rede dat die Regering die hele aangeleentheid deur middel van 'n Kommissie van Ondersoek in 1934 laat uitpluis het, sodat 'n basis vasgestel kon word wat gelei het tot die uiteindelike Bemarkingswet van 1937 wat op 30 April 1937, inwerking getree het.

Dit moet ook nie uit die oog verloor word, dat die grille van die natuur en klimaat, so 'n groot rol in die welvaart van die landbou-bedryf speel nie, maar afgesien hiervan, het die onafhanklike besluite van duisende boere, bygedra tot die onstabiliteit wat in die verlede in die landbou-bedryf aangetref is.

Die prys-onstabiliteit wat voor die koms van die Bemarkingswet ten opsigte van 'n groot verskeidenheid van landbou-produkte ervaar is, het die welvaart van duisende boere erg nadelig geaffekteer en ons hele landbou-bedryf en die voeding van ons volk in Suid-Afrika, skade berokken. Dit was dus in belang van ons land en baie belangrik dat daar maatreëls aangewend word, om hierdie prys-onstabiliteit, so ver moontlik, tot 'n minimum te beperk. Dit is dan een van die vernaamste oogmerke van die Bemarkingswet en een van die vernaamste en belangrikste funksies van die Beheerrade.

2. <u>SAMESTELLING VAN BEHEERRADE</u>

Daar het aanmerklike meningsverskil bestaan oor die gewenste samewerking van die verskillende Rade. Die Regering se beleid in hierdie verband is om die grootte en die samestelling van die Rade van produk tot produk, te laat verskil, met die belangrike voorbehoud, dat die belanghebbende produsente minstens 60% van die verteenwoordiging op elke Raad kry. So byvoorbeeld is 8 van die veertien lede van die Koringbeheerraad produsente; 12 uit 19 wat die Mielieraad betref; 11 uit 12 in die geval van die Sitrusraad, en 9 uit 13, wat die Tabakraad betref. Die oorblywende vakature word meesal deur fabrikante gevul, terwyl die verbruikers slegs in die geval van die Mielieraad elk 'n verteenwoordiger het. Die Handel het een verteenwoordiger op die Mielieraad en Tabakraad respektiewelik.

47/..... Die

Die vraag is of voorafgaande verteenwoordiging die belange van die land die beste dien? In hierdie verband is die oorwoë sienswyse van die Kamers van Koophandel en die Handelsinstituut, soos volg:-

(a) Die produsente moet in elk geval hul meerderheid op die Rade behou, omdat dit in die eerste instansie 'n Raad van produsente is. (In Engeland, bestaan alle lede van meeste Rade uit produsente).

(b) Verbruikers moet 'n groter verteenwoordiging op die verskillende Rade kry, maar dan moet hulle nie ook die handel beheer nie.

(c) Ander belanghebbende partye, soos fabrikante en handelaars, moet ten minste een verteenwoordiger op elk van die belangrikste Rade soos die Koring-, Mielie-, Sitrus- en Suiwelbeheerraad kry. Dit word deur sommige handelsinstitute gevoel, dat die kritiek wat sekere groepe in die laaste tyd teen die Beheer- en ander Rade uitgeoefen het, in 'n sekere mate toegeskrywe word aan onvoldoende of geen verteenwoordiging van sekere groepe wat 'n belangrike diens in die versamelings- en verwerkingsproses, van die betrokke produkte verrig.

(d) Geen definitiewe en vaste verhouding kan egter ten opsigte van die verteenwoordiging van die verskillende belanghebbende groepe op die verskillende Rade neergelê word nie, behalwe in die geval van produsente soos in (a) aangedui.

(e) Die grootte van elke Raad moet van die tipe produk afhang. Die grootte sal dus van produk tot produk verskil. Dit is dus onder omstandighede soos in (a) aanbeveel, slegs logies dat die produsente, wanneer dit by aanbevelings in verband met prysvasstellings kom, hoofsaaklik hulle belange op die voorgrond sou stoot. Eweneens kan verwag word dat die Nasionale Bemarkingsraad, wat 'n deel van die Landbou-Departement uitmaak, meer na die belange van die produsente as na dié van die verbruikers sal omsien. Om hierdie redes is dit van die grootste belang dat aan die verbruikers, wat sonder twyfel 'n groot seggenskap in prysvasstelling van voedselware behoort te hê, 'n billike geleentheid te gee om hulle invloed ten opsigte van sulke vasstellings te laat geld. Dit kan onder andere langs die volgende weë verseker word:-

48/..... (i) die

(i) die toekenning van groter bevoegdhede aan die Adviserende Verbruikerskomitee; indien dit egter blyk dat die Adviserende Verbruikerskomitee nie in staat sou wees om sy werk behoorlik te doen nie, moet die afskaffing van die komitee oorweeg word en sy funksies aan die Raad van Handel en Nywerheid toegesê word;

(ii) deur die Raad van Handel en Nywerheid in staat te stel om meer aandag aan die vasstelling van landbouprysе te gee. Dit kan die Raad alleenlik doen as hy oor 'n groter tegniese personeel beskik;

(iii) deur die seggenskap in verband met die vasstelling van landbouprysе nie by die Minister van Landbou alleen te laat berus nie, maar by 'n Kabinetskomitee, bestaande uit die Adjunk-Eerste Minister, die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling en die Minister van Landbou onderhewig aan die finale goedkeuring van die hele Kabinet. (Daar is gevoel dat die Minister te veel magte het).

Dit was tenvolle besef, dat die bogenoemde aanbeveling in 'n sekere opsig as onbillik bestempel kan word, want die finale seggenskap in verband met die vasstelling van die pryse van fabrieksprodukte, berus slegs by die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling; na raadpleging met die pryskontroleur. Hierteenoor moet egter onthou word dat die handel en die nywerheid nie verteenwoordig is op 'n wetlik-daargestelde liggaam, soos die geval met die verskillende Beheerrade is nie en hierdie opsig feitlik geen bevoegdheid besit, om direk 'n invloed op die vasstelling van sodanige pryse uit te oefen nie. Hierbenewens het ons eenvoudig te doen met die feit dat 'n groot persentasie van die verbruikende publiek in die stede, die Beheerrade en selfs die Bemarkingsraad as liggame beskou wat slegs vir belange van die boere werk. Aangesien dit die geval is, is dit dus in belang van die Bemarkingswet en die Beheerraad-stelsel, dat die publiek geleidelik onder die indruk gebring word, dat daar ook voldoende na hulle belange in sodanige prys-vasstellings, omgesien word.

Hiermee wil ook nie beweer word dat die Bemarkingsraad nie voldoende na die belange van die verbruikers omsien nie. Inteendeel, almal het sterk onder die indruk gekom van die objektiewe beskouing van die Bemarkingsraad, soos bewys deur die feit dat die pryse wat die Bemarkingsraad aanbeveel, ge-

woonlik laer is as dié soos deur die verskillende Beheerrade aanbeveel. Tog, moet 'n mens die feit in die oë kyk dat die stedelike verbruikende publiek, 'n vooroordeel in dié verband besit, hoe onregverdig so 'n vooroordeel ook al mag wees.

## 3. PRYSBELEID EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN

Die sukses van die verskillende Rade moet tot 'n groot mate in die resultate van hulle prysbeleid gesoek word, aangesien groter stabilisasie van landboupryse een van hulle vernaamste oogmerke is.

Alvorens 'n oordeel egter uitgespreek kan word, moet twee dinge nie uit die oog verloor word nie:

(a) Die korttermyn sukses van die verskillende Beheerrade is aanmerklik deur die oorlogsomstandighede belemmer. Meeste van die Rade het eers kort voor die Tweede Wêreldoorlog tot stand gekom, met die gevolg dat hulle nog nie hulle voete kon vind toe totaal veranderde omstandighede na vore getree het nie. Waar die Rade in die beginstadium met die probleem van surplusse en lae pryse te kampte gehad het, was dit sedert 1939 net andersom, naamlik, tekorte en pryse wat gedwing het om die hoogtes in te skiet.

(b) Hierteenoor, is die langtermyn implikasies van die prysbeleid van die verskillende Beheerrade nog nie goed waarneembaar nie, omdat pryshoogtes onder normale omstandighede slegs 'n geleidelike, maar tog baie belangrike uitwerking op produksie het. As die prysbeleid van 'n Beheerraad op die korte duur sukses behaal, wil dit dus nog glad nie sê dat dit op die lang duur ook die geval gaan wees nie. As pryse te hoog vasgestel word, kan dit op die lange duur tot kroniese oorproduksie lei, wat die bemarkingsprobleem eerder vererger as verlig. Ongelukkig is die bestaansperiode van die Beheerrade nog te kort en te abnormaal om 'n oordeelkundige opinie oor die langtermyn-tendense uit te spreek.

## 4. PRYSSKOMMELINGE TOT ± 1948

Die Kamers van Koophandel en die Handelsinstituut, het daarvan oortuig gevoel dat die Beheerrade tot dusver, daarin geslaag het om groter stabiliteit in landboupryse teweeg te bring. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog,

het hierdie beleid veral tot voordeel van die verbruikende publiek gestrek, want as pryse nie gedurende die oorlogsjare 1939 tot 1945, onder strenge beheer gestaan het nie, sou dit (en natuurlik tot die korttermyn voordeel van die produsente) veel meer gestyg het as wat die geval was. Die algemene opinie, gegrond op beskikbare inligting, is dat voedselpryse gedurende die afgelope oorlog minder in die Unie as in die meeste lande van die wêreld gestyg het. Wat meer is, syfers toon aan dat die beheerde voedselsoorte in die Unie sedert 1938, met 17% (of 26% as uitbetaalde subsidieë in aanmerking geneem word), gestyg het, teenoor 'n toename van 44% in die geval van die ander onbeheerde produkte. Die besonder groot styging in die pryse van groente, vrugte, plaasbotter en ander onbeheerde produkte, toon duidelik aan tot welke mate die Beheerrade dienste aan die plaaslike verbruiker en aan die algemene poging om inflasie te bestry, gelewer het. As die Regering dus nie die Beheer- en ander Rade, gedurende die afgelope oorlog tot sy beskikking gehad het nie, sou hy hom, wat prysvasstelling van die vernaamste landbouprodukte betref, byna in 'n onmoontlike posisie bevind het.

Die Beheerrade het ook 'n bydrae gelewer om seisoenskommelinge in pryse van landbouprodukte te verminder. In lande waar beheer nie toegepas is nie, skommel koringpryse byvoorbeeld tot 70% bo die laagste pryse in een jaar. Die grootste skommeling in pryse van lewende hawe in die Unie, selfs op een en dieselfde veiling, was opmerklik. Daar is genoeg bewyse dat die stelsel van vrye en onbeheerde bemarking, in die geval van die vernaamste landbouprodukte, hopeloos gefaal het om 'n billike mate van prysstabiliteit, selfs binne 'n periode van een jaar, te verseker. Weliswaar kon die seisoenskommelings nie geheel en al uitgeskakel word nie, maar verskeie Beheerrade het oor die algemeen voldoende bewys gelewer dat dit tot 'n absolute minimum beperk kon word.

Die Handelsinstituut is gevolglik van sienswyse, dat die kritiek van sommige groepe, naamlik, dat die Beheerrade 'n kunsmatige prys vasstel wat nie voldoende rekening kan hou met die aanvraag nie en dus wanaanpassing en oor- of onderproduksie tot gevolg het, nie stuk hou nie. Dit is die teoretiese benadering van die probleem wat daarop sinspeel dat 'n harmoniese aanpassing van vraag en aanbod, alleen deur perfekte kompetisie kan geskied. So-iets soos perfekte kompetisie, sal selfs nie eers in die afwesigheid van Beheerrade en staats-inmenging bestaan nie, sodat hierdie argument in elke geval nie in die praktyk geld nie.

Die probleem van die juiste prysvasstelling, is wel baie ingewikkeld, want die prys van een produk beinvloed veral op die lange duur, die prys en produksie van 'n ander produk. Daar moet dus gesorg word vir behoorlike pariteit tussen die prys van verskillende landbouprodukte, maar ook tussen landbou, industriële en tussen binnelandse en oorsese pryse. Die vraag kan gevra word, of dit gedoen kan word sonder produksiekontrole?

Hoewel nie honderd persent akkuraat nie, kan hierdie faktore tog wel deeglik by prysvasstelling met goeie resultate in aanmerking geneem word. Die Kamers van Koophandel en die Handelsinstituut is van sienswyse dat die verskillende Rade, maar veral die Nasionale Bemarkingsraad en die Adviserende Verbruikerskomitee, hierdie faktore in die toekoms, by hulle prysvasstellings baie sterk in gedagte moet hou.

5. <u>UITVOER-SUBSIDIEË</u>

Die Bemarkingswet en die Beheerrade, is daarvan skuldig dat 'n beleid van „skaarste" gevolg word, teneinde pryse hoog te hou. Hierdie skaarste, word gedeeltelik geskep deur 'n stelsel van gesubsidieërde uitvoere - aldus die kritici.

Hierdie beskuldiging was nie geheel en al sonder grond nie. Dit is bekend dat die Unie oor die algemeen nie genoeg voedsel produseer om sy bevolking behoorlik en gebalanseerd te voed nie. Nou lei gesubsidieërde uitvoere wel deeglik tot 'n kleiner aanbod en hoër pryse op die binnelandse mark.

Hierdie saak het egter ook 'n ander sy en die kritiek ten opsigte van subsidieë wat teen die Beheerraad stelsel in hierdie verband geslinger word, kan soos volg opgesom word:-

(a) Uitvoersubsidieë om van kroniese surplusse (dit wil sê, surplusse wat elke jaar voorkom), ontslae te raak, is beslis ongesond en moet geleidelik teengewerk word. As daar gedurig surplusse ten opsigte van 'n landbouproduk voorkom en hierdie surplusse alleen deur 'n uitvoersubsidie van die hand gesit kan word, is dit 'n teken dat daar êrens 'n fout in die landboubeleid is. Die inkrimping of beperking is dus wenslik en in geval van 'n produk, wat onder een van die Beheerrade ressorteer, kan hierdie inkrimping deur middel van 'n verlaagde prys teweeg gebring word.

52/..... (b) Die

(b) Die vraag wat die kritici uit die oog verloor, is wat sal die posisie wees as sulke surplusse nie deur middel van 'n subsidie in die buiteland van die hand gesit word nie? Dit sal sekerlik binnelandse pryse afdwing, maar hierdie laer pryse sal nie die neiging hê om 'n aansienlike toename in plaaslike verbruik teweeg te bring nie, omdat die aanvraag na landbouprodukte oor die algemeen te onelasties is. In die afwesigheid van beheer, dit wil sê in 'n toestand van vrye kompetisie, sal dit die grensprodukte eenvoudig nie 'n bestaan kan voer nie. Die resultaat is 'n kleiner produksie wat pryse sal laat styg.

Die minder koopkragtige persone (verbruikers van die produk), moet dan tog sonder die produk klaar kom.

(c) Wat wel aanbeveel kan word, is dat tydens sporadiese surplusse, die binnelandse in plaas van die buitelandse verbruikers gesubsidieër moet word. Die sukses waarmee dit gedoen kan word, het egter ook sy perke en dit is hoogs twyfelagtig of dit voldoende sal wees om van 'n aansienlike surplus ontslae te raak. Afgesien hiervan, vind die persone wat teen die stelsel van subsidiëring gekant is, ook fout in 'n beleid om, sê mielies, vir die voer van varke en beeste, te subsidieër, omdat die prys van mielies vir menslike gebruik, gevolglik hoër is as vir dierlike gebruik. Op die oog af lyk hierdie kritiek gesond, maar prakties is daar in geval van sporadiese surplusse, feitlik geen ander uitweg nie, omdat die vraag na mielies vir menslike gebruik, taamlik onelasties is, terwyl dit nie die geval met die vraag na mielies vir dierlike gebruik is nie. Al word mielies dus vir menslike gebruik gesubsidieër, sal dit nog nie 'n groot toename in die verbruik tot gevolg hê nie. Sulke kritiek hou nie met sulke praktiese feite rekening nie. Hulle doen ook geen alternatiewe voorstelle aan die hand nie.

(d) Dit is ook onbillik om die Bemarkingswet en die Beheerraadstelsel vir die beleid van subsidiëring te kritiseer. Dit is 'n aanvaarde beleid van die Regering. Ons tref hierdie stelsel ook buitekant die Beheerrade aan, soos byvoorbeeld in die geval van die Suikerbedryf.

(e) Ten slotte moet genoem word dat die aanvraag na landbouprodukte oor die algemeen gedurende die afgelope wêreldoorlog, besonder

sterk toegeneem het. Hierdie verhoogde gebruik, skyn 'n permanente verskynsel te wees en daar is alle aanduidings dat die surplusse veral ten opsigte van mielies (produkte die uitvoere waarvan voorheen gesubsidieër is), wat in die verlede voorgekom het, in die toekoms baie kleiner gaan wees indien enige.

6. GRADERING

Dit is 'n erkende feit dat die Beheerrade en die Departement van Landbou, baanbrekerswerk verrig het deur die invoering van 'n stelsel van gradering ten opsigte van meeste landbouprodukte, want dit is 'n belangrike stabiliteit en sekerheid ten opsigte van die gehalte produk, nie alleen aan die produsente, maar ook aan die verbruikers. Die produsent ontvang 'n vergoeding vir 'n gestandaardiseerde artikel terwyl die verbruiker 'n gestandaardiseerde artikel koop. Hierdie stelsel kan dus, afhangende van die pryse tussen die verskillende grade bevorderlik gemaak word, vir die produksie van hoë kwaliteit produkte.

Dog omdat gradering diskriminerend werk, rus daar 'n groot verantwoordelikheid op die Beheerrade, om toe te sien dat die gradering korrek geskied. Dit kan gekonstateer word dat die gradering van produkte soos koring, mielies en botter, op 'n billike basis geskied en die gradering hiervan dra die volste vertroue weg, maar daar was menige klagtes ten opsigte van die produkte soos vleis en vrugte. Weliswaar, is dit baie makliker om koring korrek te gradeer as wat dit die geval met vrugte is. Hierbenewens is dit heel natuurlik dat die gradering van 'n produk, aan die begin baie probleme gaan oplewer en dat daar gevolglik foute gemaak sal word. Tog moet daar op grond van klagtes, wat ontvang is, sterk beklemtoon word dat die daarstelling van bekwame en betroubare gradeerders 'n noodsaaklike vereiste is, anders kan die gradering meer kwaad as goed doen.

7. KRUISVERVOER

Persone wat intiem kennis dra van die metode van Bemarking, voordat die Beheerrade in die lewe geroep is, weet tot welke mate kruisvervoer ten opsigte van landbouprodukte voorgekom het. Dit het die distribusiekoste tot nadeel van beide produsente en verbruikers verhoog.

Dit word besef dat die Bemarkingswet en die Beheerraadstelsel ook in dié opsig groot diens gelewer het. Die Rade is op hoogte met die geografiese ligging van die oeste, sowel as die ligging van die aanvraag, gevolg

54/..... lik is

lik is hulle in staat om onnodige kruisvervoer uit te skakel. Die agente van die verskillende Rade, word opdrag gegee waarheen hulle die versamelde produkte moet stuur. Die Koringbeheerraad het heelwat kruisvervoer tussen die produsent en meulenaars uitgeskakel. Die Suiwelraad beheer weer die besending van botter en kaas vanaf die fabrieke na die naaste verbruikerssentrums. Die Mielieraad het seder sy stelsel van rantsoenering deur middel van permitbeheer, kruisvervoer tussen handelaars en meulenaars uitgeskakel. Ook die Sitrusraad, sorg dat lemoene na die naaste verbruikerssentrum versend word.

8. <u>ONTWRIGTING VAN BESTAANDE HANDELSKANALE</u>

Die Beheerrade moes gedurig die kritiek verduur, dat hulle koms die bestaande handelskanale ontwrig het. Hoewel daar bewus is van die feit dat die Beheerrade, met die koöperasies sterk simpatiseer, is daar nie enige noemenswaardige diskriminasie van die kant van die Beheerrade ten gevolge van die koöperatiewe stelsel nie. Wat meer is, die Koringbeheerraad, stel byvoorbeeld verbruikers - koöperasies nie eers as agente van hulle aan nie, terwyl private handelaars, wel as agente van die Koringraad optree. Sover die kennis strek, en in die lig van beskikbare inligting, is dit nie bekend dat daar enige vorm van ontwrigting, ten opsigte van die bestaande handelskanale wat die beheerrade veroorsaak het nie. Dit was nog altyd die beleid van die Rade, om van die bestaande handelskanale, koöperatief of non-koöperatief, gebruik te maak. Dit was alleen in die gevalle waar die bestaande handelskanale monopolisties of ondoeltreffend was, dat die Beheerrade die uitskakeling daarvan beoog het. Die Sitrusraad het byvoorbeeld in die gevalle waar die metodes van munisipale bemarking te hoog is en nie na wense was nie, nadat onderhandelings om dit te verbeter, nie geslaag het nie, hulle eie bemarkingsdepots opgerig en daarin geslaag om die bemarkingskoste te verlaag. Hierdie stap moet van 'n nasionale standpunt beskou, alleenlik verwelkom word.

Dit is dus hoogs belangrik en in die belang van die koöperatiewe beweging, dat die Beheerrade nie koöperasies voor die privaathandel voortrek nie. Die Distribusiekoste-kommissie het self verklaar:

> „dat na ons mening die voorregte, (wat vroeër bestaan het) onnodig was en op die duur die koöperasies, meer kwaad as goed gedoen het, omdat hulle nie doeltreffendheid bevorder het nie."

55/..... 9. LISENSIëRING

9. LISENSIëRING

Lisensiëring van distribusie-agente en sekere verwerkingsbedrywe, is 'n vaste beleid van meeste Beheerrade.

Wat distribusie-agente betref, is dit die beleid van die Beheerrade om, as die grootte van die oes dit regverdig, twee agente in elke produserende gebied of dorp aan te stel, sodat as 'n produsent onbevredigende diens van een agent kry (dikwels om persoonlike redes), hy nog altyd na die ander agent kan gaan. Hierdie beleid van die Beheerrade word allerweë deur die Kamers van Koophandel en Handelsinstituut ondersteun.

Dit is egter veral oor die wenslikheid van lisensiëring van fabrieke in sekere landboukundigeverwerkingsbedrywe, soos die maalbedryf en suiwelbedryf ten opsigte waarvan meningsverskil bestaan. Die stelsel van lisensiëring word toegepas om oor-kapasiteit te voorkom of te verminder en sodoende die verwerkingskoste van sekere landboukundige produkte te verminder.

Gedurende 1932/8, het die Suiwelraad 42 uit die 119 applikasies vir die oprigting van kaasfabrieke goedgekeur en 8 van die 43 applikasies vir romerye. Die aantal romerye in die Unie was 63 in 1933 en 55 in 1943 en die kaasfabrieke 105 in 1933 en 98 in 1943. Aangesien die romerye in die Unie gemiddeld teen ongeveer 60% van hulle kapasiteit werk, word strenger lisensiëring toegepas, ten gevolge waarvan die aantal romerye geleidelik verminder het.

Die Koringbeheerraad lisensieer meulens en bakkerye. Die maalbedryf werk volgens beraming teen 31% kapasiteit en alhoewel pogings aangewend word om die aantal geregistreerde meulens te verminder, het dit eerder vermeerder, naamlik van 481 in 1940/41 na 512 in 1942/43. Hierdie toename moet gesoek word in die goedkeuring van aansoeke in nuwe gebiede waar koring geproduseer word. In 1940/41 is 25 van die 58 aansoeke goedgekeur, teenoor 25 uit 43 in 1941/42 en 31 uit 41 in 1942/43.

Die moet reguit erken word dat die lisensiëring van voedselverwerkingsnywerhede 'n kontensieuse aangeleentheid is. 'n Gesaghebbende liggaam soos die Raad van Handel en Nywerheid het hom in sy Verslag No. 582, teen die lisensiëring van fabrieke in die algemeen, uitgespreek:-

„Aangesien die Raad egter volkome bewus is van die moontlike gevare,

56/..... wat

wat in so 'n stelsel van lisensiëring sluimer deur die uitsluiting van nuwelinge, die onderdrukking van uitvindsels en die ontwikkeling van monopolistiese gebruike, wat ondoeltreffendheid bestendig en steeds stygende koste en pryse in die hand werk, kan hy nie sy steun verleen aan die algemene beginsel en universele toepassing van lisensiebeheer as 'n middel om 'n vermindering in die aantal nywerheidsinrigtings, teweeg te bring nie. Voorts was die oorlogstydse ervaring van beheer, nie sodanig dat dit die voortsetting daarvan as 'n normale prosedure aanmoedig nie."

Die Distribusiekoste-kommissie het hom egter weer soos volg oor die aangeleentheid uitgelaat:-

„Hoewel ons in geen opsig 'n algemene beleid van beperking, deur registrasie kan goedkeur nie, meen ons nietemin, dat in die geval van verwerkers of verwerker-distribueerders van basiese voedselware, registrasie van hierdie aard tog toegepas word, tesame met ander maatreëls, wat in hierdie hoofstuk behandel is, om 'n verhoging in die koste te verminder, wat sou voortvloei uit die oprigting van 'n buitengewone aantal mededingende eenhede."

Die Kommissie beveel selfs aan, dat lisensiëring „tot ander gebiede veral gespesialiseerde distribusie van voedselware, waar soortgelyke toestande heers en besuiniging verwag kan word, uitgebrei moet word."

'n Mens moet aanneem dat die Distribusiekoste-kommissie voldoende aandag gegee het aan die euwels wat uit die lisensiëring van veral voedselbewerkings-nywerhede voortvloei. Wat die Handelsinstituut destyds veral gehinder het, was die ontsaglike bedrae, wat toe as klandisiewaardes by die aankoop van sulke verwerkingsnywerhede betaal was. Dit moes op die duur tot hoër koste en hoër pryse aanleiding gee en kon later as 'n kragtige argument deur die vyandiggesindes gebruik word in 'n poging om die Beheerraadstelsel te vernietig.

Hoewel die Kamers van Koophandel en die Handelsinstituut hulle nie genoegsaam ingelig beskou, om 'n definitiewe sienswyse in hierdie verband uit te spreek nie, voel hulle sterk dat die Komitee van Ondersoek, wat die hele Bemarkings-aangeleentheid mettertyd sou ondersoek, intensiewe aandag aan hierdie aangeleentheid moet gee en sy standpunt statisties en andersins volledig moet motiveer.

57/..... 10. DOEL-

10. DOELTREFFENDE PUBLISITEIT

Dit is van allerweë oortuigend uitgespreek dat die toepassing van die Bemarkingswet en die Beheerraadstelsel, veral in een opsig ver te kort geskiet het, naamlik, die versuim om die prestasies van die stelsel op doeltreffende wyse te propageer. Weliswaar was daar liggame wat heelwat gunstige publisiteit aan die Bemarkingswet en die Beheerraadstelsel verleen het, maar dit het gewoonlik deur media geskied, wat nie altyd op nugtere objektiwiteit aanspraak kon maak nie. Die argument wat dikwels gebruik word, was so los en sonder grond, dat sulke propaganda meer kwaad as goed gedoen het. Waar die kritici van die Bemarkingswet en die Beheerraadstelsel veral gekom het van kringe wat onder die oningeligtes tel, was dit van die grootste belang dat sulke propaganda noukeurig opgestel en sover moontlik, op feite en statistiese gegewens gebasseer moes word.

Met die oog hierop het die Handel in die algemeen, aanbeveel dat die aanstelling van 'n publisiteitsbeampte aandag geniet - so 'n beampte moes in die diens van die Bemarkingsraad of die Departement van Landbou, staan.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Verslae oor Bemarkingswet 1937 deur Handelsinstituut.
2) Verslae oor Bemarkingswet 1937 deur Kamers van Koophandel.
3) Kommissie van Ondersoek 1934.
4) Raad van Handel- en Nywerheid Verslag no. 582.
5) Distribusiekoste-kommissie.

# HOOFSTUK 4

## BEMARKINGSWET-KOMMISSIE 1947 (U.G. NO. 48 VAN 1949)

### INLEIDING:-

Volgens 'n besluit van die Volksraad geneem op 29 April 1947, is 'n gekose komitee aangestel om ondersoek in te stel na, en verslag en aanbeveling te doen oor:

(1) Hoe die Bemarkingswet, no. 26 van 1937, soos gewysig, bes verbeter kan word in die lig van die verslae van die Distribusiekostekommissie en die Nasionale Bemarkingsraad (nos. U.G. 27 en 28 van 1947), met behoorlike inagneming van die regmatige belange van primêre produsente en verbruikers en van die handel en nywerheid;

(2) die vereenvoudiging en verbetering van die beherende skemas wat ingevolge die Wet van krag is; en

(3) maatreëls wat te doen het met die doeltreffender produksie en distribusie en die beherende bemarking van boerderybyprodukte, in hul oorspronklike of verwerkte staat, in die lig van die verslae genoem in paragraaf (1) hierbo.

### BESTEK VAN DIE ONDERSOEK EN VAN DIE VERSLAG

Dit het geblyk dat die ondersoek wat die Kommissie moes onderneem van 'n uitgebreide aard was, en hy het hom dus hoofsaaklik op die eerste en tweede punt van die opdrag toegespits. Dit is veral op hierdie twee onderwerpe - hoe die Bemarkingswet bes verbeter kan word en die nege skemas, wat ingevolge die Wet in werking is, verbeter en vereenvoudig kon word - dat die huidige verslag betrekking het.

Die verbetering van die Bemarkingswet en die bemarkingskemas, is albei vraagstukke wat 'n wye veld dek. Aangesien hulle nou verwant is kon hulle gerieflik saam ondersoek word, en kon moontlik afsonderlik behandel word. Letterlik gesproke, blyk die derde punt van die opdrag nog omvangryker te wees as voormelde twee onderwerpe, wat ondersoek moes word, want dit kan ver-

tolk word, om 'n ondersoek te behels van alle moontlike maatreëls, om die doeltreffender produksie en distribusie en die beherende bemarking van boerderyprodukte in hul oorspronklike en verwerkte vorm te bevorder, 'n ondersoek verreweg buite die bestek van die Bemarkingswet en die bestaande Skemas. Om so 'n taak te onderneem, sou etlike jare in beslag neem, en die Kommissie glo nie dat dit die bedoeling was nie. Dit is algemeen bekend, dat die aanstelling van die gekose komitee oor die Bemarkingswet, waaruit hierdie kommissie voortgespruit het, hoofsaaklik 'n ondersoek van die Bemarkingswet en van die bemarkingskemas ten doel gehad het. Die Kommissie moes dus aanneem, dat dit die bedoeling was, dat hy die breë kwessie van die doeltreffende produksie, bemarking en verwerking van boerderyprodukte moes behandel, slegs sover as wat hulle by die oorweging ter sake is van die hoofonderwerpe van ondersoek, naamlik die verbetering van die Bemarkingswet en van die Skemas, wat daar kragtens in werking was. In elk geval, was dit die enigste gedragslyn, wat die Kommissie kon volg ten einde sy ondersoek binne perke te hou.

DIE STRUKTUUR EN TOEPASSING VAN DIE BEMARKINGSWET EN DIE GEBEURTENISSE WAT TOT DIE BEMARKINGSWET GELEI HET:

Die uiters lae pryse wat boere tydens die depressie in die dertigerjare ontvang het, het die Regering genoodsaak om verskeie onderstandmaatreëls ter verligting van die onmiddellike toestand, toe te pas. Daarbenewens is stappe gedoen om die binnelandse pryse van boerderyprodukte bo die oorsese waardes te lig ten einde sodoende, 'n beter inkomste aan produsente te besorg. Beheerwetgewing, wat prysverhogingsmaatreëls gemagtig het, is deur die Parlement, ten opsigte van industriële suiwelprodukte (Wet 35 van 1930); mielies (Wette 39 van 1931 en 59 van 1935); tabak, (wette nos. 19 van 1932 en 17 van 1935; vee (Wette nos. 29 van 1932 en 48 van 1934) en koring (Wet no. 58 van 1935), aangeneem. In die geval van suiwelprodukte, mielies, tabak en vee, is voorsiening gemaak vir 'n heffing op binnelandse verkopings, met die doel om uitvoer te subsidieer en sodoende produsente - en verbruikerspryse in die Unie te verhoog. Vir suiwelprodukte, mielies en tabak, waar daar groot onverkoopbare hoeveelhede was, kon uitvoerkoste ook vasgestel word.

Hierdie maatreëls het gedeeltelik daarin geslaag om die produsentepryse te verhoog - wat die onmiddellike doelwit toentertyd was - het boere aanhoudend aangedring op verpligte koöperasie.

Toe die depressie na 1933 ten einde loop, het die pryse van landboupro-

dukte, egter nie in dieselfde mate, as dié van nywerheidsprodukte herstel nie. As gevolg hiervan en omdat vraag en aanbod in die boerderybedryf nie geredelik op kort termyn aanpasbaar was nie, en tot wye prysskommelings lei, het die mening stadig veld gewen dat 'n mate van permanente staatsinmenging in landboubemarking, noodsaaklik was. Die verskeie Beheerwette was wel nog van krag, maar hulle het ernstige gebreke getoon. Dit is ook gevind dat na gelang die omstandighede van elke produk verander, nuwe vraagstukke ontstaan het wat nie sonder wysigende wetgewing die hoof gebied kon word nie. Britanje, Kanada en Nieu-Seeland, het almal die beginsel van die beherende bemarking van boerderyprodukte aanvaar. Hierdie lande het egter wetgewing aangeneem wat wye bevoegdhede verleen en aldus die onbuigbaarheid en ander moeilikhede verbonde aan die stuksgewys opgestelde Beheerwette in die Unie, vermy. In plaas van 'n spesifieke beheermaatreël vir elke produk aan te neem, kon daar kragtens hul wetgewing, omvattende bemarkingskemas vir die verskeie boerdery-produkte, volgens die behoeftes van elkeen, opgestel word, en alhoewel die meerderheid van die betrokke produsente ten gunste van die invoering van 'n Skema moes stem, het die werklike instelling daarvan by proklamasie geskied. In 1936 is 'n soortgelyke veroorlowende bemarkingswetsontwerp in die Unie Parlement ingedien - hierdie wetsontwerp is na 'n gekose komitee verwys, en ook deur die Sekretaris van Landbou en Bosbou ondersoek. Albei hierdie ondersoeke, het hul stempel gelaat op die Bemarkingswet, soos dit in 1937 aangeneem is. Die feit word daardeur gekenmerk, dat dit 'n vooroorlowende maatreël is wat voorsiening maak vir die instelling en wysiging van bemarkingskemas, volgens die behoeftes van die verskeie boerderyprodukte, deur die uitvaardiging van proklamasie in plaas van deur iedere produkteskema, of later wysiging, deur die Parlement te loods. Verder het die Bemarkingswet radikaal afgewyk van die tradisionele beleid dat vrye konkurrensie, die bemarkingskanale en pryse van landbouprodukte bepaal deur aan die produkterade, wat ingevolge die verskeie skemas in die lewe geroep word, selfbeherende en prysvasstellende bevoegdhede te verleen. So het die Wet die moontlikheid geskep om die heersende konkurrente stelsel van bemarkingsbeheer en prysbeheer te onderwerp. Terwyl die Wet hoofsaaklik op boerderyprodukte in hul oorspronklike staat van toepassing is, is belangrike voedsel-verwerkingsbedrywe ook binne sy bestek gebring.

## DIE BEPALINGS VAN EN DIE PROSEDURE INGEVOLGE DIE BEMARKINGSWET

Die bepalings van die Bemarkings Wet is dat rade ingestel word om die bemarking van die van die verskillende produkte; waarop dit betrekking het

te reël. Die produkte wat in die Wet aangegee word, omvat vyf-en-twintig primêre produkte, maar vir dié waar daar afsonderlike wetgewing bestaan, is uitgesluit.

Die Wet omskryf 'n bemarkingskema as 'n stel reëls vir die bemarking van die produk waarop dit betrekking het en sommige is administratief van aard en om behoorlike finansiële beheer en ordelike verrigtinge te verseker.

TOEPASSING VAN DIE WET

Die Bemarkingswet het in die tweede helfte van 1937 in werking getree en sedertdien is die volgende skemas ingestel.

1. Die Suiwelprodukte-bemarkingskema van 1938 wat in 1940 deur 'n nuwe skema vervang is.
2. Die Mieliebeheerskema van 1938, wat in 1939 en 1941 deur 'n nuwe skema vervang is.
3. Die Koringbeheerskema in 1938.
4. Die Suid-Afrikaanse Droëvrugteskema in 1938.
5. Die Tabakbeheerskema in 1939.
6. Die Suid-Afrikaanse Sagtevrugtebeheerskema in 1939.
7. Die Suid-Afrikaanse Sitrusskema in 1937, wat in 1947 deur 'n nuwe skema vervang is.
8. Die Sigoreibeheerskema in 1939.
9. Die Vee- en Vleisbeheerskema in 1945.

Oorlogsnoodmaatreëls is toegepas ten opsigte van mielies, koring en ander graansoorte, sitrus-, sagte- en gedroogtevrugte en in verskeie gevalle het die toegevoegde nood bevoegdhede, die bevoegdhede, wat die betrokke rade kragtens die Bemarkingswet besit, heeltemal oorskadu. In twee gevalle, naamlik vleis en aartappels, is nuwe organisasie geskep vir die uitvoering van die noodskema wat deur oorlogsmaatreëls ingestel is. 'n Aartappelraad, met beperkte bevoegdhede, is spesiaal deur Oorlogsmaatreëls ingestel, omdat daar geen raad vir hulle produk, onder die Bemarkingswet bestaan het nie.

Die mate van sukses waarmee die Unie regering prysinflasie bestry het, is in groot mate te danke aan die bestaan van die samewerking van die produk-

terade, wat in staat was om bemarkbare voorrade te reguleer en sodoende prysbeheer, ondanks tekorte, doeltreffend te maak. Die rade kon die produsente beweeg om die peil, waarteen pryse vasgestel is, aan te neem op grond van die argument dat indien primêre produsente op maksimum pryse in tye van tekort sou wil aandring, hulle hul reg op prysondersteuning in tye van ooraanbod sou verbeur en sodoende die doel van die Bemarkingswet, om groter stabiliteit te bewerkstellig, verydel.

Vanweë die ernstige oorlogtydse voedseltekort en die feit dat die landboubeleid onder sulke omstandighede van nasionale betekenis is, is 'n Kabinet-voedselkomitee in 1943 ingestel. Die Direkteur van Voedselvoorrade en Distribusie het hierin in noue voeling met die Departement van Landbou en die verskillende rade gewerk. Met hierdie reëling, het die toesighouding oor pryse en voorrade, regstreeks die taak van die Regering as 'n geheel geword. In hierdie verband het die minderheidsmemorandum by die verslag van die Distribusiekoste-kommissie hom as volg uitgelaat:-

> „Die voorsorg van die Minister en die Voedselkomitee van die Kabinet is enigsins vaag en beperk, aangesien soms nie slegs ekonomiese oorwegings daarmee gemoeid is nie. Aangesien hulle te doen het met rade en organisasies, wat deur die Parlement in die lewe geroep is, sou die betwyfeling van die oordeel en aanbevelings van die rade, buitendien as't ware 'n mosie van wantroue beteken in hulle eie skepping" -

Die Kommissie van Ondersoek van 1947, kon hom nie met die algemene aard van hierdie vooroordeling vereenselwig nie. Hy beskou die ontwikkeling van koördinerende masjienerie op Kabinetspeil, om met prysvasstellings te handel, as 'n beskerming, wat van lewensbelangrike betekenis vir verbruikers is.

<u>OOGMERKE VAN DIE WET</u>

Die kommissie meen dat hy die instelling van die produkterade aan twee hoofoogmerke gedink is naamlik, om groter stabiliteit in die pryse van boerderyprodukte te verkry en om die prysspeling tussen produsente en verbruikers te verminder. Hoewel hierdie oogmerke soms voorgehou word as nastrewenswaardig ter wille van hulself, beskou die kommissie hulle bloot as middels tot die bereiking van sekere doeleindes, tewete, om die produktiwiteit van die boerderybedryf te verbeter en om die doeltreffendheid van die verwante bemarkings- en verwerkingsbedrywe te verhoog, tot die algemene voordeel

van die produserende en verbruikende gemeenskap.

PRYSSTABILITEIT

Wat die prysstabilisasie betref, is dit algemeen bekend dat die groothandelspryse van boerderyprodukte, veral in onsekere tye in die oop mark, vinnig en wyd skommel, sowel gedurende 'n seisoen as van die een seisoen na die ander. Die grondoorsaak hiervan is enersyds dat die produksie van boerderyprodukte, noodwendig van 'n seisoensaard is en in omvang aan aansienlike en onbeheerbare skommelinge onderhewig is, terwyl die vraag na hierdie produkte betreklik bestendig is. Die vraag reageer nie geredelik oor kort tydperke nie, omdat voedselgewoontes stadig verander en omdat kleinhandelspryse baie minder wissel as produsentepryse, weens die groot vaste elemente van vervoer- en distribusiekoste, ofskoon oor langer tydperke, verbruik op veel opvallende wyse wissel, na gelang die volksinkome verander.

Die onstabiele pryse van boerderyprodukte wat uit aard van vraag en aanbod voortvloei, het ernstige nadelige gevolge in verskeie rigtings. Waar daar geen mate van prysstabiliteit bestaan nie, word die ekonomiese bestaan van die boer wat reeds soveel van veranderlike natuurfaktore, afhanklik is, nog onsekerder gemaak. As gevolg hiervan word bestendige stelsels van bewaringsboerdery ontmoedig ten gunste van die verbouing van kontant gewasse. Hierdeur word landbou doeltreffendheid verlaag en word die grond en waterbronne van die land benadeel; met die gevolg dat sy vermoë om die volk se voedselbehoeftes te voorsien, in gevaar gestel word. Onder hierdie omstandighede bestaan daar goeie rede vir die menings dat die bewerkstelling van groter prysbestendighede voordelige resultate sal hê. Bowendien kan 'n stelsel van prysbeheer, landbou doeltreffendheid bevorder deur middel van graderingstandaarde en die toepassing van prysdifferensiale. Dit maak dit verder moontlik om 'n gesonde prysverhouding tussen die vernaamste boerderyprodukte te handhaaf en om die wanaanpassings te vermy wat in die landbou voorkom wanneer die markvraag die enigste faktor is wat die produksierigtings bepaal.

Weens die skommelende opbrengs van plaasprodukte, laat die onbeperkte werking van vraag en aanbod ook ruim geleentheid vir spekulasie, met die gevolg dat nóg produsente nóg verbruikers mag baat, alhoewel voorrade volop is. In sulke omstandighede word klein produsente die swaarste getref, omdat hulle onderhandelingsvermoë uiters gering is. Die ondervinding het ook geleer dat prysbeheer oor noodsaaklike voedselsoorte, wanneer dit op 'n re-

delike wyse uitgeoefen word, 'n sekere beskerming aan verbruikers mag besorg as die vrye mark.

Die hoofoogmerk van die Bemarkingswet, tewete die versekering van groter prysstabiliteit in die boerderybedryf, geniet algemene ondersteuning in die Unie as 'n noodsaaklike middel om die ekonomiese bestendigheid van die boer te verbeter en sodoende 'n toereikende en ekonomiese voedselvoorraad te verseker.

Die Kamer van Landbou-Handelaars en Fabrikante-Verenigings en die Vereniging van Kamers van Koophandel van Suid-Afrika, het hewige kritiek oor die vasgestelde pryse uitgeoefen. Hulle voer aan dat die prysstabiliteit nie sonder 'n bestendige verbruik, verkry kan word nie. Die Kommissie is daarvan bewys dat die handhawing van 'n hoë peil van bedrywigheid, algemeen as 'n hoofdoelwit van ekonomiese beleid aanvaar word, maar hy kan nie sien hoe die verwysing na hierdie stelling deur die betrokke twee organisasies op enigerlei wyse, afbreuk doen aan die oogmerk van groter prysstabiliteit onder die bemarkingsraadstelsel nie. Geen poging is onder die bemarkingsraadstelsel gedoen en ook is dit nie moontlik geag om hierdie oogmerk te bereik deur „vasgestelde" pryse vir alle produkte, of vir alle tye nie. Inteendeel, dit was die gebruik om die doelwit van groter prysbestendigheid na te streef deur pryse te reël in ooreenstemming, sowel met die aard van die verskillende boerderyprodukte, as met die toestand van die mark - hulle was gekant teen die vasstelling van produsentepryse as 'n metode van prysreëling. Hulle het egter deur sekere aanbevelings te doen, die praktiese vraagstukke wat by die reëling van landboupryse ontstaan, teveel vereenvoudig: en die mate van bemarkingsbeheer wat die aanname en geslaagde uitvoering van sy eie voorstelle sal meebring, ernstig onderskat. Daarenteen, het die Kamer van Landbou-Handelaars en Fabrikante-Vereniging aanbeveel dat landbouprysstabiliteit bes bevorder kan word deur minimum produsentepryse vas te stel en dan groter reserwevoorrade in stand te hou, sodat sowel die neiging om swak dienste te lewer, asook sluikhandelbedrywighede, die hoof gebied kan word, in tydperke van tekort wanneer kompetisie hom nie ten volle laat geld nie. Verder het die Kamer aanbeveel dat maksimum-marges vir handelaars en verwerkers vasgestel behoort te word, sodat daar 'n nodige speling sal wees om kompetisie in stand te hou, dog ook om prysaanpassings te maak waar individuele omstandighede dit vereis. Die Kommissie is van oordeel dat bemarkingskemas op die Kamer se aanbevelings gebaseer, vir sommige produkte geskik blyk te wees en beskou dit as gebiedend dat die beste metodes en die omvang van prysstabilisering vir iedere besondere produk, met inagneming van

sy spesiale kenmerke en in die lig van heersende omstandighede, bepaal moet word.

Die Kamer van Landbou-Handelaars en Fabrikante-Verenigings en die Vereniging van Kamers van Koophandel van Suid-Afrika huldig onderskeidelik die mening dat indien slegs minimum produsentepryse vasgestel word, of doelpryse gehandhaaf word, deur die marktoevoer te beheer, die gevare vermy sal word wat na bewering met vaste produsentepryse gepaard gaan. Die Kommissie betwyfel hierdie mening, want na sy oordeel, ontstaan hierdie gevare glad nie uit die metode van beheer as sodanig nie. Ongeag die aard van die beheerstelsel, kan produsentepryse byvoorbeeld te hoog gehou word of kan hulle toegelaat word om vir die verskeie produkte buite verhouding te raak. Die besondere voorstel van die Kamers van Koophandel, dat die produsente kollektief gemagtig word om voorrade te reguleer, is bowendien aanvegbaar, omdat dit nie voorsiening maak om verbruikers te beskerm wanneer voorrade skaars is nie.

Die Kommissie het sorgvuldige aandag aan die sienswyse van voornemende handelsorganisasies geskenk, omdat die beginsel van prysvasstelling daarmee gemoeid gaan. Werklike metodes, waarvolgens pryse vasgestel word en die resultate wat bedoel is, is ook gekritiseer. Die menings wat in hierdie verband uitgespreek is, stem grootliks ooreen met die bedenkinge wat in die minderheidsmemorandum van voorbehoude by die verslag van die Distribusiekostekommissie geopper is. Die ondertekenaars van hierdie memorandum stem saam, dat die wye pryswendings wat allerdaags voorkom, kleiner behoort gemaak te word, maar betwis die aanwending van produksiekoste as grondslag vir prysbepaling en beweer dat die rade in belang van hulle eie nywerhede optree en nie in dié van die land as geheel nie. Baie van die kritiek wat die Kommissie verneem het, skyn gegrond te wees op 'n soortgelyke indruk dat die druk wat belanghebbende groepe uitoefen - en dit geskied seer seker - by die vasstelling van pryse, ingevolge die Bemarkingswet deurslaggewend is en dat kostegegewens en ander noodsaaklike inligting oor faktore wat vraag en aanbod raak, óf nie beskikbaar is nie, óf verontagsaam word. In sy ondersoek van hierdie sake, het die huidige Kommissie miskien 'n voordeel bo die Distribusiekoste-kommissie besit, wat nie insae gehad het in die omvattende oorsig van die werksaamhede van al die rade wat spesiaal vir die huidige kommissie se gebruik deur die Bemarkingsraad opgestel is (Verslag U.G. 27 - 1947). Die verklaring in paragraaf 2 van die voorbehoude deur twee lede van die Distribusiekoste-kommissie, naamlik dat nóg hulle, nóg daardie

Kommissie as 'n geheel die geleentheid gehad het om vas te stel hoe die rade werk, is dus nie op hierdie Kommissie van toepassing nie. Daarbenewens het die toestand baie verander sedert die Distribusiekoste-kommissie sy ondersoek onderneem het, aangesien die feit dat ons voedselpryse gedurende die afgelope 2 of 3 jaar, in verhouding laer as wêreldpryse was, bewys het dat die Bemarkingswet nie ten doel het om produsente die „hoogsmoontlike pryse" te verseker nie en dat die rade nie slegs met die belange van hulle eie nywerhede gemoeid is nie.

Die kritiek dat die nodige feite waarop 'n gesonde prysbeleid gebaseer moet word, nie altyd beskik is nie is egter volgens die mening van die Kommissie, gegrond. Die navorsingspersoneel van die Bemarkingsraad en die afdeling Ekonomie en Marke was onvoldoende. Terselfdertyd is die Kommissie daarvan oortuig dat ondanks die beperkte fasiliteite wat beskikbaar is, die toepaslike feite wel in aanmerking kom wanneer pryse vasgestel word; en dat die sleutelvraagstuk van die Wet, naamlik prysbeheer, 'n toenemende mate objektief benader word. So 'n benadering is veral noodsaaklik noudat produksie en verbruik weer 'n ewewig begin bereik en 'n meer akkurate prysvasstellingstegniek steeds meer noodsaaklik sal word. Op hierdie stadium moet die Kommissie egter daarop wys dat die meeste lande reeds voor die 2de Wêreldoorlog, tot prysreëling in die boerderybedryf oorgegaan het en hulle het ook aan 'n na-oorlogse beleid van prysstabilisering vir landbouprodukte verbind. Die Unie is dus nie enig in hierdie opsig nie. Daar moet verder vermeld word dat die oorsese lande van prysreëling gebruik maak van stelsels wat by hulle verskillende maatskaplike, politieke en ekonomiese toestande aangepas is. Britanje het tot vooruitaankondiging van pryse, deur die Minister van Landbou en Vissery oorgegaan, terwyl die Minister van Voedsel, as koper optree. Dit is nie duidelik hoe die Britse produkterade wat voor die oorlog ingestel is, by hierdie nuwe reëling ingeskakel het nie, hoewel wetgewing om die Britse Bemarkingswette van 1931 en 1933 te wysig, voorgestel is. Nieu-Seeland het sy produkterade vir sekere doeleindes beheer, maar 'n spesiale Bemarkingsdepartement wat koop en verkoop, dien eintlik as 'n prysreëlende liggaam. In die Verenigde State van Amerika verskaf die „Commodity Credit Corporation", fondse om pryse teen „pariteit" te ondersteun en Kanada het 'n „Price Support Board". In die verskeie state van Kanada en Australië, bestaan daar produkterade wat net soos ons eie funksioneer.

In verband met die kwessie van groter prysstabiliteit in die landbou, het die Kamers van Landbou-Handelaars en dié van die Koophandel van Suid-Afrika die aandag daarop gevestig, dat pryssekerheid nie op volle ekonomiese bestendigheid vir die boer neerkom nie. Behalwe dat die boer 'n prysrisiko loop, staan hy ook voor die gevaar om sy oes weens siektes, plae en klimaatsfaktore, te verloor. Die Kamers van Koophandel het gevolglik op die wenslikheid aangedring, dat oorweging geskenk word aan 'n Skema waardeur die indiwiduele produsent, tot die bedrag van sy kontantuitgawe, vergoeding sal ontvang wanneer hy misoeste ly. Die Kommissie weet dat oesversekeringskemas van beperkte omvang in verskeie lande probeer is, maar selfs wanneer hulle deur die Staat gesteun word, het hulle voor onoorkomenlike moeilikhede te staan gekom, aktuarieel, sowel as weens die feit dat daar so 'n noue verband staan tussen oesverliese wat aan natuurfaktore te wyte is en oesverliese wat as gevolg van swak boerderymetodes is. Die Kommissie ondersteun nietemin die aanbeveling van die kamer, dat verdere ondersoek van oesversekering deur die Regering wenslik is.

VERMINDERING VAN DIE DISTRIBUSIE-MARGE

Die blote vasstelling van pryse en marges, verlaag hulle nie tot die peil wat bereikbaar sou wees, indien die heersende graad van doeltreffendheid hoër was nie. Vandaar dat die Bemarkingswet dit moontlik maak om bevoegdhede aan die rade te verleen wat gebruik kan word vir die bevordering van landbouproduktiwiteit en van groter doeltreffendheid in bemarking en verwerking. In die handel en nywerheid het die rade hulself grotendeels tot die vasstelling van pryse en marges bepaal. Hierdeur word spekulatiewe winste (sowel as verliese), voorkom, maar deur die marges ooreenkomstig die gemiddelde kostepeil te bereken, word daar terselfdertyd druk uitgeoefen op ondernemings wat minder ekonomies is om hulle doeltreffendheid te verhoog. Sommige van die rade probeer egter ook om toestande te skep wat na hulle mening bevorderlik sal wees vir bedryfs-reorganisasie. Vir hierdie doel is hoofsaaklik tot registrasie oorgegaan, waardeur die getalle verwerkers of agente beperk word. In sommige gevalle het registrasie gepaard gegaan met die toewysing van vaste kwotas aan verwerkers.

DIE SWAKHEDE VAN DIE BEMARKINGSRAADSTELSEL

Die Kommissie is daarvan oortuig dat die Bemarkingswet in sy daad en strewe, in die openbare belang is. Terselfdertyd staan dit los van enige stelsel van beheer, dat tensy die grootste sorg gedra word, sy goeie eien-

68/..... skappe

skappe in swakhede kan verander soos byvoorbeeld, daar is aangeteken dat groter prysstabiliteit noodsaaklik is vir sowel progressiewe as bewaringsboerdery, vir die versekering van 'n toereikende voedselvoorraad en vir die beskerming van die klein produsent, vanweë sy swak onderhandelings vermoë. Maar hierdie oogmerke sal byvoorbeeld, geskaad word indien pryse te hoog vasgestel word, of indien die pryse van die verskillende boerderyprodukte in verhouding tot sulke bepalende faktore, soos natuurlike geskiktheid en relatiewe koste, verkeerd vasgestel word, sal geen bestendige boerderystelsel ontwikkel word nie maar sal die ongewenste neiging om van een produksietak na die ander om te swaai, versterk word. Die Kommissie aanvaar dat diegene wat verantwoordelik is vir die administrasie van die Bemarkingswet, hierdie en ander gevare besef het en hy wil geensins die indruk laat ontstaan dat die werking van die stelsel alleen slegte gevolge opgelewer het en dat min goed verkry is nie. Dit is egter die Kommissie se plig om die Bemarkingswet van alle aspekte te beskou en hy beskou dit veral noodsaaklik om enige swakhede, werklik of potensieel, te beklemtoon sodat daar doeltreffend teen hulle gewaak sal word.

Volgens die Kommissie se mening, is die latente swakhede van 'n stelsel van beheerde bemarking aan twee hooffaktore te wyte:

1.) Dat die rade te veel deur seksionele oorwegings beinvloed mag word, deels weens hul verteenwoordigende aard, maar hoofsaaklik omdat elke raad hom heel natuurlik vir sy eie nywerheid beywer. Om hierteen te waak, plaas die Bemarkingswet die finale beslissing in die hande van die owerheid. Soos reeds aangetoon, het die Minister kragtens die Wet, byna sonder uitsondering die finale seggenskap oor die besluit van die rade en is 'n voltydse Bemarkingsraad ingestel om hom van advies te bedien. Teneinde hierdie reëlings effektief te maak, is toereikende fasiliteite natuurlik nodig om voortdurend die feite te wete te kom waarop die besluite wat geneem word, gegrond behoort te wees. Aanhoudende verdere ondersoek en waarnemings, is bowendien voortdurend nodig om foute, wat wel gemaak mag word, reg te stel.

2.) Dit moet onthou word, dat hoewel die Bemarkingswet sy ontstaan te danke het aan die gebreke wat uit die werking van die stelsel van vrye mededinging voortvloei, die teenmaatreëls wat die rade mag tref, vergelykbare gebreke mag openbaar. Die toepassing van beheer, bring onvermydelike onbuigbaarhede mee en terwyl ekonomiese vooruitgang bevorder word

as ondernemers in 'n mate met sekerheid hul planne kan beraam, moet beheer nie so ver gevoer word dat die ondernemingsgees verswak word nie. Ongelukkig word beheer met sy onbuigbaarhede, dikwels oordryf, nie alleen omdat op seksionele belang te veel klem gelê word nie, maar ook weens die menslike faktor.

## 1. DIE VERBETERING VAN DIE BEMARKINGSWET

Die Kommissie het daarop gewys dat terwyl die oogmerk van die Bemarkingswet gesond is, daar by hul nastrewing, ongesonde neigings kan ontstaan, maar hy glo nie dat dit vermy kan word deur die bevoegdheidsgewende bepalings van die Wet te omskryf, of te beperk nie. Dit is nie die bepalings as sodanig wat ongewens of ongesond is nie, maar die wyse waarop hulle dalk gebruik kan word. 'n Poging om die magtigende bevoegdhede self te kwalifiseer, sal dus grotendeels nutteloos wees. Sulke kwalifikasies sal bowendien die nuttigheid van die Bemarkingswet as 'n bevoegdheidgewende maatreël ernstig benadeel; dit is noodsaaklik dat veroorlowende wetgewing so wyd bewoord word, dat die verleende beherende bevoegdheid geskik sal wees om met inagneming van die eienaardighede van elke geval en toestand, te kan handel.

Die Bemarkingswet kan onder die gegewe omstandighede, nie bloot by wyse van woord - veranderings en wysigings of self strukstuurveranderings, verbeter word nie. Dit is waar dat die Kommissie enkele wysigings van die aard sal voorstel, maar volgens sy mening, hang die toekomstige suksesvolle toepassing van die Bemarkingswet hoofsaaklik af van die inagneming van drie hoofvereistes by die administrasie daarvan.

Die eerste is dat die reeds bestaande bepalings in die Wet, om teen foute of misbruik te waak, meer effektief toegepas en waar nodig, uitgebrei moet word.

Tweedens moet almal wat by die administrasie van die Wet betrokke is, 'n behoorlike besef ontwikkel van die oorwegings, wat hulle in hul besluit, tot rigsnoer behoort te dien. Soos op alle ander gebiede, is ook hier 'n gedragskode nodig, aangesien al die vereiste bepalings nie voorsien kan word nie en ook nie in regsbewoording vir beliggaming in die Wet gestel kan word nie. In die lig van die ondervinding wat tot dusver in die administrasie van die Wet opgeneem is, is die Kommissie voornemens om aan te dui wat hy as die gewenste oogmerke beskou.

70/..... Die

Die derde noodsaaklike vereiste is, dat die uitbreiding van die bemarkingsraadstelsel en die rigting waarin beheer gestuur word, voortdurend ondersoek en herondersoek behoort te word, om te verseker dat die moontlike gevare van staatsinmenging, ondanks die voordele daarvan, so ver moontlik verminder of vermy sal word.

## 2. IN HOEVERRE PRIMêRE PRODUKTE BEHEER BEHOORT TE WORD 'n SELEKTIEWE BENADERING IS NODIG

Die Bemarkingswet is in die vorm van 'n bevoegdheidsgewende maatreël opgestel, juis omdat die mate waarin sy oogmerke bereik kan word en die handelswyse wat vir die bereiking daarvan gevolg moet word, van een primêre produk, tot die ander verskil. Met ander woorde, elke produk moet as 'n bepaalde praktiese vraagstuk behandel word en dit kan lig die geval wees dat die reëling van pryse en afsetkanale in die geval van sommige produkte nouliks uitvoerbaar mag wees, indien wel. In die verlede is kennis geneem van die praktiese redes wat daar bestaan en die Kommissie het twyfel dat dit nog steeds in die toekoms gedoen sal word. So 'n handelswyse is ongetwyfeld noodsaaklik, aangesien daar 'n neiging bestaan om die stelsel as geheel te beoordeel, volgens die gebreke van 'n besondere skema. Bowendien is daar volgens die Kommissie se mening, geen rede waarom skemas vir produkte wat nie vir beheer vatbaar is nie ingestel hoef te word nie. Wel is dit een van die hoofoogmerke van die Bemarkingswet, om die welsyn en produktiwiteit van die boerderybedryf te bevorder deur bestendige bemarkingstoestande te skep, maar dit vereis geensins dat elke produk onder beheer gebring moet word nie. Volgens die Kommissie se beskouing, kan die oogmerk van die Bemarkingswet, in hoofsaak bereik word deur redelike prysstabiliteit, ten opsigte van die belangrikste plaasprodukte te verseker, en hy staan die aanname van hierdie gedragslyn ten sterkste voor. Indien die pryse van die belangrikste produkte reg aangepas is by die neigings van vraag en aanbod, sal die pryse van verwante minder belangrike produkte, neig om daarmee in verhouding te bly - die van die minder belangrike graansoorte met die vernaamste winter- en somergewasse, en dié van varsmelk in die talryke klein dorpe, met die beheerde pryse in die hoofafsetgebiede. 'n Nog belangriker oorweging is dat indien redelike prysstabiliteit in 'n groot gedeelte van die boerderybedryf gehandhaaf word, boere in die algemeen in die geleentheid sal wees om te kies of, en in watter mate, hulle hul op produksie in ander rigtings wil toelê.

Dan is daar nog oortuigende praktiese redes waarom die Kommissie wil

aandring op die raadsaamheid om die Bemarkingswet, veral op die hoofboerderyprodukte, toe te pas. Die belangrikste oorweging is, dat hierdie produkte noodwendig oor 'n wye afsetgebied gedistribueer word en dus geredelik in 'n landswye beheerstelsel sal inpas. In die geval van die minder belangrike produkte, daarenteen, sal die beheer met soveel plaaslike afwykings rekening moet hou, dat dit maklik te lomp kan word. Trouens, dieselfde moeilikheid ontstaan ook in die geval van sekere van die hoofprodukte, hoewel in 'n mindere mate. Bowendien sal toesig uiters moeilik wees indien bemarkingsstelsel ook op 'n massa minder belangrike produkte toegepas word, en behoorlike toesighouding oor die rade is 'n onontbeerlike vereiste vir hulle voortbestaan.

(a) Groter gebruik van Gemeenskaplike Skemas:

Die moeilikheid wat uit 'n oormatige uitbreiding van die bemarkingsbeheer sou voortspruit, kan deur 'n groter gebruik van gemeenskaplike rade gedeeltelik die hoof gebied word. Artikel Sewentien bis, van die Wet, maak voorsiening dat bestaande skemas saamgevoeg kan word en kan daar vir elk van die volgende vier hoofgroepe produkte, slegs een afsonderlike raad wees; vee en vleis, die verskeie suiwelprodukte, die wintergraansoorte en mielies en kafferkoring. Gemeenskaplike Skemas kan ook vir ander produkte voorgestel word en skemas vir afsonderlike produkte kan saamgesmelt word. Die ongerymdheid bestaan egter dat 'n raad wat vir 'n besondere produk in die lewe geroep is, soos vir eiers, groentesaad of grondboontjies, nie self die toevoeging van 'n verwante produk, soos pluimvee, blomsaad of sonneblomsaad kan voorstel nie. Teneinde onnodige teveel rade te vermy, behoort Sub-artikel 3 van Artikel drie-en-twintig gewysig te word om te veroorloof dat 'n bestaande raad sy skema kan uitbrei deur insluiting van 'n produk, verwant aan dié waarvoor dit aanvanklik ingestel is.

(b) Toevoeging van Produkte ingevolge die Bemarkingswet:

Aangaande die algemene vraag van die insluiting van addisionele produkte in die Wet, is die Kommissie eenparig van mening dat, indien daar „prima facia" grond bestaan dat 'n skema nodig en wenslik is vir 'n produk, wat tans van die Bemarkingswet uitgesluit is, die nodige stappe gedoen behoort te word om dit by te voeg. Voordat die Bemarkingswet in 1946 gewysig is, kon sulke addisionele produkte by proklamasie, bygevoeg word. Dit is in 1946 verander en die Bemarkingswet kan nou slegs

op addisionele produkte toegepas word deur die aanname van spesifieke wysigende wetgewing deur die Parlement, ter uitbreiding van die bestaande lys produkte waarop die Wet betrekking het.

Vertoë is deur die Bemarkingsraad gerig dat produkte by wyse van proklamasie tot die Wet toe te voeg, herstel behoort te word, maar onderworpe aan latere bekragtiging, maar die Kommissie is in beginsel daarteen gekant dat bevoegdhede verleen word om die lys van produkte wat onder die Bemarkingswet val, by wyse van proklamasie aan te vul. Dit sou beteken dat die Wet by proklamasie gewysig kan word en vir die wetgewende gesag, om aldus van sy bevoegdhede afstand te doen, is ongewens. Die voorgestelde latere wysigings van so 'n proklamasie van die Parlement, sou geensins 'n doeltreffende beveiliging wees nie, maar bloot 'n formaliteit.

## 3. DIE SAMESTELLING EN PERSONEEL VAN DIE RADE

### (a) Gemengde Rade met 'n Produsentemeerderheid:

Die Kommissie wys daarop dat die produkterade uit verteenwoordigers van alle belange saamgestel is, maar met 'n produsentemeerderheid. Uit die getuienisse gelewer, was dit duidelik dat die behoud van hierdie meerderheid vir die produsente werklik 'n kernbeginsel is; aan die ander kant is dit die hoofpunt, waarop baie ander belange die Wet beveg.

As voorwaarde waarop hulle die beginsels van beheerde bemarking aanvaar, het die meeste van die handels- en nywerheidsbelange daarop aangedring dat daar, wat hulle noem „gebalanseerde" rade, behoort te wees. Hierdeur bedoel hulle dat 'n derde van die lede produsente moet verteenwoordig; 'n derde verbruikers en die ander derde, die handel en nywerheid. Die Vereniging van Kamers van Koophandel van Suid-Afrika, huldig egter die mening dat die helfte van die raadslede, produsente behoort te wees en die ander helfte, verteenwoordigend van verbruikers en van die nywerheid.

In verband met hierdie kwessie, het die Sekretaris van Landbou daarop gewys dat sowel binne as buite die Parlement, die Bemarkingswet heffing deur woordvoerders van handels- en nywerheidsbelange bestry is. Dus, ofskoon die meeste van die nywerheidsgroepe wat onder die Skema val, van houding verander het en tans onder die sterkste ondersteuners van die bemarkingsraadstelsel is, het die Sekretaris beweer dat, as dit nie was vir die welwillendheid van die produsentemeerderheid op die rade

73/..... nie,

nie, die Bemarkingswet tot mislukking gedoem en die planne van die rade, verydel sou gewees het. Hy het voorts verklaar dat die meerderheidsbeginsels ook gehandhaaf sal moet word, indien dit die bedoeling is dat die Bemarkingswet moet voortgaan om te fungeer.

Die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie, as verteenwoordiger van georganiseerde landbou, het dit eweneens beklemtoon dat nie-produsentegroepe, tradisioneel teen die beginsels van bemarkingsbeheer gekant is. Dit wil dus voorkom dat daar 'n meningsverskil bestaan en dat instansies verdeel is, maar die feit waaroor almal blykbaar saamstem, is dat die bemarking van produkte op 'n georganiseerde basis moes wees. Die meerderheidskwessie is belangrik en tog moeilik, maar die Kommissie besluit dat, met die oog op die oorwegings wat al bespreek en uiteengesit is en terwyl die Kommissie nie afwyk van hul onderskeie standpunt, ten gunste van en teen die beginsels van die produsentemeerderheid op die rade nie, het hul nogtans probeer om 'n praktiese oplossing te bekom. Hulle beveel dus aan dat die kwessie oor 'n tydperk van jare, redelik op die proef gestel word.

Dit is vanselfsprekend dat wanneer 'n raad met distribusie- en verwerkingsmarges en met die gradering en pryse van verwerkte produkte of met die registrasie van verwerkers handel, dit noodsaaklik is om ten volle oorleg te pleeg met die vernaamste belange wat betrokke is. Bowendien is hierdie aangeleenthede dikwels so tegnies, dat die meeste rade dit na 'n sub-komitee verwys, waarop die produsentelede van die raad nie noodwendig in die meerderheid is nie. Aan hierdie komitee word soms volmag verleen om handelend op te tree, maar in ander gevalle, is hulle bloot raadgewend - hulle stel die feite vas en doen aan die volle raad verslag, wat dan besluit. Geen raad kan egter wetlik afstand doen van enige bevoegdheid wat hy aan 'n komitee van sy lede verleen het nie.

Hierteenoor, magtig artikel neentien (1)(c) van die Wet 'n alternatiewe reëling wat meer plooibaar is, naamlik dat:-

> „'n Skema voorsiening kan maak vir die instelling ......... ten opsigte van 'n produk of produkte waarop die Skema betrekking het, van 'n komitee wat saamgestel moet word, op die wyse wat in die Skema gespesifiseer word, ten einde die betrokke beherende raad te adviseer, aangaande enige aangeleentheid betreffende die uitvoering van die Skema ....... en waaraan bedoelde raad, enige van sy

bevoegdhede onder 'n Skema kan oordra en wel op die voorwaardes wat hy mag vasstel."

Hoewel eienaardig bewoord, is die betekenis tog duidelik. Dit maak voorsiening vir die instelling van adviserende komitees moontlik, aan wie 'n raad dan enige van sy bevoegdhede op voorwaardes wat hy vasstel, kan oordra. Soos in die geval van sub-komitees bestaande uit raadslede, sal die uiteindelike seggenskap ook by die volle raad berus. Die kommissie beveel in die lig van bostaande, soos volg aan:-

„Sub-komitees of adviserende komitees ooreenkomstig die Bemarkingswet en die behoeftes van elke raad ingestel word, om spesiaal oor hierdie gedeelte van sy werksaamhede, wat grotendeels die regstreekse belang van die primêre produsent oorskry, te adviseer en om dit dikwels ook af te handel".

Die feit dat die komitee die rade se eie personeel sal gebruik en dat die rade waar nodig, self sou kon optree, onder toesig van die Bemarkingsraad, behoort 'n voldoende waarborg teen ongekoördineerde optrede te wees.

(b) <u>Verteenwoordigers van Verbruikers op Rade</u>:

Op die oomblik is verbruikers op al die voedselrade verteenwoordig en hul verteenwoordiging is van tyd tot tyd vergroot. Luidens die Wet, moet een van die Verbruikerslede op elkeen van die voedselrade uit die Verbruikerskomitee gekies word en dit sou logies en gepas wees om te bepaal dat hierdie lid deur die komitee self aangewys word. Dit sou ook wenslik wees, indien die Adviserende Verbruikerskomitee en die verbruikers-verteenwoordigers op die rade nouer met mekaar skakel en dan sou die stelsel van verbruikers-verteenwoordiging wenslik en blywend van aard wees.

(c) <u>Die Bestuur van die Rade</u>:

Die Bemarkingswet bepaal dat elke skema voorsiening moet maak vir die instelling van 'n raad om dit uit te voer. Die raadslede dien egter op 'n deeltydse grondslag. Jaarliks kies hulle uit hulle geledere 'n voorsitter. Die kommissie is nie geneë om, soos voorgestel is, aan te beveel dat die voorsitter voortaan ministeriële aanstellings moet wees nie, aangesien dit noodsaaklik is dat hulle die vertroue van raadslede moet geniet, wat alleenlik bewerkstellig kan word indien die raads-

lede hulle eie voorsitter kies. Hierdie persone hoef nie voltyds te wees nie, maar dit word verwag dat hulle meer tyd aan hulle ampspligte moet bestee.

(d) Personeelreëlings van die Rade:

Die Bemarkingswet het rade gemagtig om eie personeel aan te stel en hulle besoldiging en diensvoorwaardes te bepaal. Die Centlivres-kommissie van Ondersoek op die Staatsdiens in sy vyfde verslag, het aanbeveel dat die personeel van die rade by die Staatsdiens ingelyf word, maar uiteindelik besluit dat die huidige stelsel behoue bly en nie aan ministeriële goedkeuring onderhewig gemaak moet word nie.

## 4. PRYSVASSTELLING

Toe die bemarkingskemas vir die eerste keer ingevoer is, is pryse op die peil wat toe geheers het, vasgestel. Die oorlog het toe uitgebreek en ten einde die land se voedselvoorrade te handhaaf, is die waarborg aan boere gegee dat hulle vergoeding sou ontvang vir kosteverhogings. Waar dit verkrygbaar was, is die gemiddelde koste van 'n nie-uitgesoekte aantal boere in stabiele produserende areas gebruik as 'n basis van prysvasstelling; rekening is gehou met latere verhogings of verminderings in die samestellende koste items. 'n Bestuurstoelae is bygevoeg en van tyd tot tyd op verskillende maniere aangemoedig om hulle produksie te vergroot; een aanmoediging was dat pryse soms voor planttyd aangekondig is.

Die prysvasstellende gesag moet behoorlik rekening hou met die groot skommelings van pryse, koste en inkomste wat gepaard gaan met die algemene konjunktuurbeweging wat in moderne tye so kenmerkend is. Die landbou is 'n integrale deel van die ekonomiese stelsel en moet ook in sy wisselvallighede deel. Landboupryse kan nie los van die algehele pryskonjuktuur staan nie. Hierdie bepalende faktore het 'n uiters belangrike uitwerking op die prysvasstellingsbeleid in die Landbou.

(i) Eerstens, hoewel produksiekoste sover moontlik in die gedagte gehou moet word, moet die verhouding van vraag en aanbod ook in aanmerking kom, wanneer landboupryse vasgestel word. Die gevolg is, dat die vasgestelde pryse somtyds koste plus 'n redelike vergoeding sal oorskry. In tye van depressie daarenteen, is die effektiewe vraag dikwels nie in staat om die boerderyopbrengs teen koste plus 'n redelike wins op te

neem nie, en om verkwisting van voedsel te voorkom, is dit moontlik dat die voorraad teen minder as kosprys van die hand gesit moet word. Hoewel 'n strenge koste-plus-basis van prysvasstelling in sulke toestande onuitvoerbaar sal wees, behoort 'n stelsel van georganiseerde bemarking nietemin die buite verhouding groot prysdalings te voorkom wat 'n kenmerk van die ope mark was, op dieselfde wyse as wat buitensporige prysverhogings gedurende die oorlogskaarste voorkom is. Bowendien het die ondervinding wat reeds opgedoen is, bewys gelewer dat die onegalige korttermyn-skommelings van pryse, wat op die oop mark voorkom, in die geval van baie plaasprodukte, deur middel van prysbeheer uit die weggeruim kan word.

(ii) In die tweede plek kan landboupryse ewemin van die wêreldprys geskei, as wat die volkshuishouding in sy geheel van internasionale toestande afgesonder kan word. Dit is natuurlik vir 'n land gerade om te streef na 'n mate van selfgenoegsaamheid vir sover dit voedselproduksie betref, maar so 'n beleid sal maatskaplik en ekonomies uitvoerbaar wees, slegs indien binnelandse voedselpryse nie te ver bo invoerwaardes gehou word nie. In hierdie verband moet ook met die onderliggende natuurfaktore rekening gehou word, aangesien 'n produksie program wat selfversorging nastreef, ongeag die natuurlike bedwang, rooflonn moet teweegbring.

(iii) Derdens, aangesien die konjunkuurskommelings van pryse nie voorspel of geignoreer kan word, wanneer hulle plaasvind nie, is die vooruitaankondiging van pryse uitvoerbaar, slegs in tye van wêreldskaarste, of wanneer binnelandse pryse ver benede die wêreldpeil is. Op ander tye sal ernstige finansiële verliese voorkom word. Dit moet benadruk word hoe belangrik dit is om die behoorlike verband tussen pryse van die verskillende plaasprodukte te behou en om sodoende ongeregverdige omswerwelings van produksie te vermy en om eerder die bestendigheid in boerderystelsels te bevorder wat die mees ekonomiese en blywendste wyse is waarop die volk in sy voedingsbehoefte kan voorsien. Alle plaasprodukte is nie in dieselfde mate vir prysbeheer vatbaar nie. Dit is 'n perd van 'n ander kleur om pryse vas te stel en 'n ander om hulle doeltreffend te maak.

77/..... 'n Organisasie

'n Organisasie word vereis om die voorraad teen daardie prys op te neem en om in te voer as dit nodig blyk, maar hy moet dus oor die geskikte fasiliteite en fondse beskik. Aàn die ander kant, moet rekening gehou word met die feit dat die geaardheid van elke beheerde produk perke sal stel aan die uitvoerbaarheid van die prysbepalings. Duursame plaasprodukte leen hulle geredeliker tot vasgestelde pryse as bederfbare produkte, tensy die toevoer van laasgenoemde doeltreffend beheer kan word, soos moontlik kan wees in die geval van vars melk, of tensy hulle vinnig ingemaak kan word. Vir ander primêre produkte bly 'n prysspeling in 'n mate noodsaaklik. As dit nie die geval is nie, sal daar surplusse ontstaan wat moontlik vernietig sal moet word. Die produksiepraktyk kan ook nadelige gevolge hê as daar hoegenaamd geen prysbuigbaarheid is nie. As die produsente van vroeë vrugte-variëteite byvoorbeeld pryse ontvang, gelyk aan dié wat geld in die volop tyd, sal die ontwikkeling van vroeë en laat streke en variëteite, daaronder ly. So ook kan die toevoer van die mark van aartappels of slagvee ernstig verstoor word onder 'n stelsel van vasgestelde pryse wat nie ten volle rekening met die reaksie van die produsent hou nie. Dit blyk dus noodsaaklik dat die vasstelling van landboupryse 'n uiters ingewikkelde saak is.

(a) Finansiering van Skemas:

Die Nasionale Bemarkingsraad beweer dat daar gevalle sal ontstaan, wanneer surplusse miskien oorgedra sal moet word wat kapitale uitgawe meebring, koste veroorsaak en waarmee prysverliese gemoeid kan gaan. Aan die ander kant, waar opberging nie moontlik is nie of slegs gedeeltelik moontlik, kan dit miskien noodsaaklik word om van tydelike surplusse teen 'n prysverlies ontslae te raak. Die raad het voorgestel dat die rade reserwes teen hierdie gebeurlikhede moet opbou.

Die Kommissie stel voor dat artikel 19 (2) (0) van die Wet gewysig behoort te word, teneinde aan die Minister bevoegdheid te verleen om jaarliks die mate te bepaal waarin gelde, wat deur die rade verkry word, gestort moet word op die spesiale fonds waaruit geen raad mag trek sonder die goedkeuring van die Minister nie. Onderworpe aan hierdie noodsaaklike voorbehoudmiddel teen die onoordeelkundige bestelling van reserwefondse deur die rade, is die Kommissie dit met die Bemarkingsraad

78/..... eens,

eens, dat die rade gereeld beperkte bedrae opsy behoort te sit met die oog op onvoorsiene gebruiklikhede. Die Landboubemarkingsfonds moet in standgehou word, teneinde die rade in hulle vroeë stadium te help.

(b) Gesubsidieerde Voedingskemas:

Die Kommissie het dit noodsaaklik beskou dat die Regering voorsiening moet maak vir die afset van periodieke surplusse, soos onder selektiewe voedingskemas.

(c) Kleinhandelsprysbeheer en Prysvasstelling vir Verwerkte Produkte:

Die Bemarkingswet laat dit toe dat prysbeheer tot by die kleinhandel deurgevoer en ook op verwerkte produkte toegepas word en hierdie bevoegdhede is opgeneem in al die skemas wat vir die hoofprodukte ingestel is.

Aangesien kleinhandelprysbeheer doeltreffend toegepas kan word, op sekere noodsaaklike voedselsoorte wat vir 'n groot gedeelte van die huishoudelike uitgawe van die laer inkomstegroepe verantwoordelik is, is die Kommissie van oordeel dat die vasstelling van maksimum verkooppryse, in normale tye tot sulke produkte beperk behoort te word.

(d) Oorlegpleging tussen die Nasionale Bemarkingsraad en die Raad van Handel en Nywerheid in verband met Pryse:

Artikel 5 (4) van die Bemarkingswet bepaal dat:

> „Wanneer die Bemarkingsraad 'n saak moet ondersoek wat betrekking het op die vasstelling van pryse van 'n produk, moet hy die mening van die Raad van Handel en Nywerheid daaroor inwin, daardie mening behoorlik oorweeg en in sy verslag aan die Minister aandui in hoeverre 'n aanbeveling wat deur hom voorgelê word, in stryd is met die mening van bedoelde Raad".

Die Raad van Handel en Nywerheid beweer dat hy nie in staat is om sy verpligting ingevolge hierdie artikel na te kom nie, eerstens, omdat die Nasionale Bemarkingsraad hom nie genoeg tyd toestaan om weloorwoë kommentaar voor te lê nie, ondanks die feit dat die Raad van Handel en Nywerheid herhaaldelik beswaar gemaak het; tweedens, weens die ontoereikende gegewens wat die beheerrade aan die Bemarkingsraad verstrek, waarop die Raad van Handel sy kommentaar moes baseer. Hy doen 'n alternatiewe oplossing aan die hand - naamlik dat die kernvraagstuk, in

79/..... verband

verband met die vasstelling van pryse, kragtens die Bemarkingswet, die onweerstaanbare druk is wat deur belanghebbende groepe deur middel van die beheerrade uitgeoefen word. As die belange van verbruikers beskou moet word soos die Parlement beoog het, en as die vasstelling van pryse op peile wat miskien ander lede van die nasionale ekonomie nadelig raak en sodoende progressiewe ontwikkeling op 'n gesonde grondslag vertraag, vermy moet word, is dit gebiedend noodsaaklik dat 'n perk gestel moet word aan die mate waarin die vasstelling van pryse beinvloed kan word deur die druk wat belanghebbende groepe uitoefen. Die enigste manier om dit te bewerkstellig, is om pryshoogtes in die Doeanetarief voor te skryf waarteen die invoer van bepaalde landbouprodukte outomaties toegelaat sal word. Sulke pryse moet van tyd tot tyd vasgestel en in hersiening geneem word, in oorleg met die Raad van Handel en Nywerheid na 'n sorgvuldige ondersoek deur die Departement van Landbou, na produksiekoste in gebruik, waar produksie met 'n redelike mate van sukses en sekerheid onderneem kan word.

In die omstandighede kom dit die Kommissie voor dat dit veel beter sal wees as die besonderhede van prysbepalings aan die Nasionale Bemarkingsraad oorgelaat word. Dit is dié tegniese liggaam wat spesiaal vir die doel geskep is, en hy behoort voldoende personeel te hê om sy werk doeltreffend te verrig. Die Kommissie beveel derhalwe aan dat artikel 5 (4) van die Wet herroep word, maar teneinde te verseker dat die landbouprysbeleid behoorlik met die land se algemene ekonomiese beleid gekorreleer sal word, ag die Kommissie dit noodsaaklik dat 'n nuwe artikel in die Wet ingevoeg moet word, ten einde voorsiening te maak vir gereelde oorlegpleging oor die breë aspekte van die saak tussen die Nasionale Bemarkingsraad en die Raad van Handel en Nywerheid.

(e) <u>Verantwoordelikheid vir die Vasstelling van Pryse</u>:

Die gesamentlike oorweging van prysbeleid deur die Raad van Handel en Nywerheid en die Nasionale Bemarkingsraad sal vir die Minister en die Kabinet-voedselkomitee van aansienlike waarde wees. Daar moet nadruk op gelê word dat die Minister finale seggenskap oor die prysbepalings van die rade het, want die Wet bepaal dat die produkterade pryse slegs met sy toestemming kan vasstel. Die sienswyse, is uitgespreek dat dit beklemtoon behoort te word dat die Minister in die laaste instansie verantwoordelik is deur uitdruklik in die Wet te bepaal dat die rade in verband met die vasstelling van pryse, slegs adviserende bevoegdheid sal

80/..... hê.

hê. Die Kommissie kan hierdie sienswyse nie onderskryf nie, omdat die rade dan geen werklike verantwoordelikheid sal hê nie. Die huidige reëling vereis dat hulle met die Minister tot 'n ooreenkoms geraak, as pryse wel vasgestel moet word, en dit werk 'n redelike en matige benadering in die hand. Dit is 'n waardevolle beskerming teen onverantwoordelike en onredelike eise, wat sou verdwyn as die rade net moes adviseer in plaas van om gesamentlike verantwoordelikheid te aanvaar soos hulle tans doen.

## 5. BEHEER OOR BEMARKING EN VERWERKING

### (a) Die oogmerke en omvang van beheer:

As produsentepryse vasgestel of op 'n sekere hoogte gehou wil word, dan moet die bemarking van die produk in 'n voldoende mate beheer word ten einde hierdie pryse doeltreffend te maak. Dit is die grondrede waarom al die rade in 'n sekere mate beheer oor bemarking en verwerking uitoefen. Die omvang van beheer wat nodig is, verskil van geval tot geval. Aan die rade word egter ook bevoegdheid verleen om die bemarking en verwerking van beherende produkte te beheer, met die oog op die doel van die Bemarkingswet om die prysspeling tussen produsent en verbruiker te verminder. Daar is reeds op gewys dat die rade gevolglik prysbeheer dikwels tot by die verbruiker deurvoer. In sommige gevalle word daar ook gebruik gemaak van die bevoegdheid om verwerkers te registreer om voorrade toe te wys en om te reël hoe dikwels aflewering moet geskied. Beheer oor die doel waarvoor 'n produk gebruik word, word slegs in tye van skaarste uitgeoefen.

Ten einde oormatige beheer in alle gevalle te vermy, wil die kommissie daarop aandring dat al die rade, die Nasionale Bemarkingsraad en die Minister hierdie een rigsnoer volg, naamlik dat beheer nooit om sy eie ontwil uitgebrei moet word nie, maar slegs wanneer die gevare van die opwekking van ondoeltreffendheid en die belemmering van die ondernemingsdurf, wat eie is aan alle vorms van beheer en beperking, vermoedelik deur die voordele oortref sal word. Om hieraan uitvoering te gee, behoort elke skema en raadsbesluit noukeurig nagegaan te word om te verseker dat slegs die geringste omvang van beheer, wat nodig is vir die bereiking van die doel voor oë, toegepas sal word. Die Kommissie sou verkies dat die gronddoeleindes van prysbestendiging en 'n kleiner prys-

speling bereik word, deur 'n eenvoudige vorm van beheer wat dan wel onbeduidende ontduikings toelaat, as in die strewe na volkomendheid, wat onvermydelik sal lei tot 'n duur en ingewikkelde stelsel met strenge beheer oor alle verkopings, pryse en marges en dalk self ook tot uitskakeling van die vryheid van toetreding tot die beheerde bedrywe.

(b) Bevoegdhede ingevolge Skemas:

Die koringskema bepaal byvoorbeeld, dat die raad vir koring en vir alle koringprodukte pryse kan vasstel en dat alle persone wat met koring of koringprodukte handel dryf, hulle by hom moet laat registreer. Daar was egter geen bedoeling om die pryse van alle koringprodukte vas te stel nie, maar slegs dié van koring, gemaalde koringprodukte en brood. Ook was dit die bedoelings om die getal meulens, beskuitjiefabrieke en bakkerye, sowel as hulle kapasiteit te beheer, en dit is al wat werklik gedoen word. Maar streng volgens die skema, moet elke persoon by die koringraad om registrasie aansoek doen, wat sake doen in koring, hetsy in sy gedorste of ongedorste vorm, in enige produk wat verkry word deur die verwerking van hierdie graansoort of in enige artikel wat 'n wesenlike hoeveelheid van sodanige koringproduk bevat. Die Kommissie se aandag is ook gevestig op sekere bepalings in die suiwelskema wat ook op gekondenseerde melk van toepassing gemaak is, maar wat nie deur die raad op daardie produk toegepas word nie en wat in elk geval in die praktyk nie eintlik vir daardie doel geskik mag wees nie. Die beheerbepalings van die Bemarkingswet behels belangrike bevoegdhede en dit moet nadruklik daarop gewys word dat hulle met die nodige dwang aan die produkterade verleen behoort te word. Dit word dus aanbeveel dat die skemas in hersiening geneem word, met die oog daarop om bevoegdhede te skraap wat nie nodig is nie en om die toepasbaarheid van die verleende bevoegdhede te beperk tot die doeleindes wat nagestreef word.

(c) Beleid aangaande Agente, Registrasie en Kwotas:

Die Bemarkingswet stel rade in staat om agente na goeddunke aan te stel en ook die toetreders tot die handel en verwerkers te laat registreer en te beperk. Hierdie bevoegdhede is verleen aan en volle gebruik word daarvan gemaak deur die Suiwel-, Koring-, Mielie en die Vleisrade; die Sitrusraad beperk hom tot die aanstelling van agente. Die Koringraad beheer vervaardigers en meulenaars en het 'n kwota-reëling vir bakkers aan die Witwatersrand en in die Kaapse Skiereiland ingestel.

82/..... Die

Die aanstelling van agente deur die rade, gaan hand aan hand met die instelling van eenkanaal-bemarking-skemas, wat die produsente verbied om te verkoop, uitgesonderd aan die raad of aan persone, deur hom aangewys. Hiervoor het die rade tot dusver van die dienste van gevestigde handelskanale gebruik gemaak en onderneem nie self die fisiese hantering van die produkte nie. As hulle dit self moes doen, sou die rade heeltemal opnuut saamgestel moes word, ten einde behoorlike bestuursbeheer te verseker. Dit moet beklemtoon word dat so 'n ontwikkeling in elk geval onwenslik sou wees. Die Sosiale en Ekonomiese Planneraad het in sy verslag U.G. 10 - 1945 paragraaf 90 daarop gewys „dat in die distribusie- en verwerkingsnywerhede, wat soos in die boerderybedryf, geen rede is waarom private ondernemings, as dit behoorlik gereguleer word, nie net so doeltreffend as Staatsbeheerde ondernemings kan wees nie. Die tegniese funksies van die distribusie- en verwerkingsnywerheid bly dieselfde, afgesien daarvan of dit in private of publieke besit is. Mits behoorlike beheer uitgeoefen word, het private onderneming, as gevolg van sy desentralisasie van beheer en die ongeëwenaarde aansporing wat dit aanbied, baie voordele bo Staatsbeheerde ondernemings. So 'n stelsel is baie meer ontwikkel vir, en kan makliker by nuwe idees en toestande aangepas word. Oor die algemeen is Staatsbeheerde inrigtings baie meer afkerig van veranderings as private inrigtings". Die Kommissie onderskryf dus die beleid van die rade, om van handelaars en koöperatiewe organisasies gebruik te maak om ordelike bemarking te bevorder, dog beveel aan dat die beleid om die aantal ontvangsagente streng te beperk, gewysig behoort te word. Die Sagtevrugte- en die Sitrusraad, stel nie ontvangsagente in die produksiestreke aan nie, maar het alleen verkoopsagente op die marke; albei hierdie rade voer aan dat die koste verminder word deur die omset onder een dak te konsentreer en dit word verder beweer dat dit onmoontlik sou wees om die doelpryse vir die vrugte te behaal, indien daar op die mark verskeie verkoopsagente is wat met mekaar meeding, instede van een enkele verkoopspunt.

Dit is belangrik dat die grondslag waarop agente aangestel word, sodanig moet wees dat willekeurige diskriminasie deur die rade voorkom word. In verband hiermee is klagtes ontvang dat die partikulêre handelaar uitgestoot word. In die tabakskema, is daar slegs koöperasies as agente. In die geval van mielies het die inname deur koöperasies proporsioneel aansienlik gegroei sedert die instelling van die bemarking-

skema. Dit geld ook in die geval van koring, gars, hawer en rog. Besmoontlik is die produsente-koöperasies vanweë die spesiale fasiliteite wat hulle verskaf, bestem om die vernaamste primêre ontvangs van plaasprodukte te word. Die Kommissie sou dit egter met afkeur bejeën as die bevoegdhede van die produkterade op so 'n wyse gebruik word dat voorkeur in behandeling of erkenning aan koöperatiewe organisasies verleen word bo partikulêre ondernemings. Die rade moet onpartydig optree; dit is hulle plig om slegs koste en doeltreffendheid van diens in ag te neem.

Die Kommissie kan nie beperkende lisensiëring in die voedselhandel en verwerkingsbedrywe hetsy as 'n algemene reël, hetsy op grond daarvan dat voedselverwerkingskoste die prys van voedsel wesenlik raak, aanbeveel nie. Hulle oorwoë mening van die Kommissie is dat die verlening van die reg aan 'n raad om toetreding te beperk, die uitsondering behoort te wees en nie die reël nie en dan is geskikte maatreëls, om teen misbruik te waak, 'n noodsaaklike vereiste. Dit moet ook van grondbelang wees dat geen reorganisasieplan of lisensiëringsreëling of toewysing van voorrade op 'n kwota-basis toegelaat moet word om monopolieë of groot kombinasies te bevorder, of te skep nie; trouens die stigting van sulke monopolieë en kombinasies, moet kragdadig deur die rade of betrokke owerhede bestry word. Beperking deur middel van lisensiëring, moet ook nooit toegelaat word om te verstar nie. Daar moet steeds geleentheid vir minstens 'n beperkte aantal nuwe toetreders gebied word.

(d) <u>Beheer van Invoer en Uitvoer</u>:

Dit word aanvaar dat die beheer van invoer en uitvoer 'n integrale deel van die beheerraadstelsel is. As beheer hier ontbreek, sou dit onmoontlik wees om prysbeleid deur te voer, of om toereikende voorrade te handhaaf en by die Geneve-oktrooi, is magtiging verleen tot kwantitatiewe beheer as Staatsmonopolieë bestaan, of bemarkingsrade gestig is, om sekere produkte aan te koop en te verkoop. Die betrokke bepalings van die Wet, skyn bevredigend te wees. Hoewel die werklike taak van invoer en uitvoer aan die produkterade opgedra kan word, moet die Sekretaris van Landbou, as die verteenwoordiger van die Minister, die hoeveelheid bepaal wat in- of uitgevoer word. Die uiteindelike beheer berus dus by die Staat en nie by die belanghebbende rade nie.

Dit wil dus voorkom asof dit egter 'n leemte in die Bemarkingswet is, dat hoewel die Bemarkingsraad die erkende adviserende liggaam in verband met pryse is, hy ingevolge die Wet, geen deel het aan die beleid wat ten opsigte van die beheer van invoer en uitvoer gevolg word nie. Die twee aangeleenthede is so nòu verwant dat hierdie leemte reggestel moet word. Die Sekretaris van Landbou is soms geraadpleeg en dit blyk dus noodsaaklik om dit vir die Sekretaris van Landbou, verpligtend te maak om die Bemarkingsraad te raadpleeg voordat die beleid in verband met die in- en uitvoer van 'n produk vir die seisoen bepaal word, of as dit daarna gewysig moet word. As hierdie aanbevelings aanvaar word, sal artikel 23 van die Wet passend gewysig moet word. Daar was 'n groot ontevredenheid oor die beleid wat voor die oorlog gevolg is om teen 'n verlies uit te voer, of om invoer te beperk, terwyl binnelandse voedselpryse heelwat bo die wêreldpeil gehou is. Die Kommissie het besef dat die wêreldpryse van stapel-plaasprodukte in die dertigerjare abnormaal laag was, en dat prysbystand aan die boerderybedryf verleen moes word. Of die metodes wat vir hierdie doel gevolg is, egter die beste was, is te betwyfel. Toestande het sedertdien radikaal verander, maar die beleid wat in die toekoms gevolg mag word in verband met die kwantitiewe beheer van invoer en uitvoer, bly nog van die allergrootste belang vir verbruikers. Die beleid moet baie beslis nie wees om deur ooruitvoer 'n plaaslike tekort te skep nie, of om te verhinder dat ingevoer word wat nodig mag wees om die beskikbare binnelandse voorrade aan te vul nie. Ook moet die kwantitiewe beheer van in- en uitvoer van kosware, nie as 'n middel aangewend word om binnelandse pryse te handhaaf sonder inagneming van wêreldprysneigings nie.

(e) Die Rade en Boerderydoeltreffendheid:

Dit kom as teenstrydig voor dat die produkterade uitgebreide beheer oor bemarking en verwerking uitoefen, ten einde die groter doeltreffendheid daar aan te moedig, maar hulle slegs in 'n beperkte mate by die verhoging van die produktiwiteit van die boerdery bepaal.

Histories betrag, is landbounavorsing en voorligting onder beskerming van die Staat onderneem, omdat boerderyeenhede gewoonlik so klein was, dat indiwiduele produsente dit nie kon bekostig om navorsing te doen in verband met die veelvuldige vraagstukke, waarmee hulle te kampe het nie. Ook kon doeltreffende navorsingsliggame nie gesamentlik deur die produsente op 'n vrywillige grondslag opgebou en gefinansier word nie.

85/..... Die

Die stigting van die produkterade bied nou aan die produsente die gesamentlike organisasies wat vantevore ontbreek het en die tyd het aangebreek dat die rade groter verantwoordelikheid vir landbounavorsing en voorligting moet aanvaar. Dit word reeds van nywerheidsorganisasies verlang om te help met die finansiering, asook die formulering van navorsingsprogramme en indien so 'n reëling ook op die produkterade toegepas sou word, sou die kritiek van alle grond ontbloot wees, wat tans nie altyd die geval mag wees nie, dat hulle te veel klem lê op prysmanipulasie as 'n metode om die ekonomiese vraagstukke van hulle nywerhede op te los, in plaas van ook die basiese vraagstukke van doeltreffendheid en produktiwiteit aan te pak. Die verskillende rade het die afgelope jare begin met toekennings vir navorsing aan onderafdelings van die departement van Landbou, insluitende die Landboufakulteit. Dit is 'n stap in die regte rigting maar in beginsel noodsaaklik dat die Departement van Landbou grotendeels vir die fundamentele navorsingswerk verantwoordelik moet wees. Nog 'n belangrike stap sou wees om te verseker dat die navorsingsresultate in die praktyk en ook kommersieel toegepas word. Hier het die Sitrusraad vordering gemaak, terwyl die Mielie-, Koring- en die Sigoreiraad stappe gedoen het om die toestande in verband met die saak te verbeter. Dit word gevoel dat die Unie sou baat indien hy die voorbeeld van die Britse Melkbemarkingsraad en die van verskeie rade in Nieu-Seeland en Australië, sou volg en sy produkterade ook toelaat om aktief deel te neem aan die kollosale taak van landbou-voorligting. Dit word nie aan getwyfel dat 'n praktiese verdeling van funksies tussen die Departement van Landbou en die verskillende rade gereël kan word.

(f) <u>Beveiligingsmaatreëls onder die Raadstelsel</u>:

Die Kommissie moet nadruk daarop lê dat die nouste voeling tussen die Minister en die rade, ononderbroke toesig oor hulle, sowel as die aanvaarding van finale verantwoordelikheid deur die Minister, in die openbare belang noodsaaklik is.

## NASIONALE BEMARKINGSRAAD

Die doeltreffendheid van die beheer wat deur die Minister uitgeoefen word, is grotendeels afhanklik van die vermoë van die Nasionale Bemarkingsraad om hom van gesaghebbende advies te bedien. Dié liggaam is die spil waarom die hele organisasie, kragtens die Bemarkingswet, draai. Laasgenoemde

86/..... kan

kan die funksie met welslae vervul slegs as hy in verband met alle sake, onpartydig en met gesag kan praat en met die Minister en rade nou saamwerk. Dit is dus uiters noodsaaklik dat die lede van die Bemarkingsraad van die regte kaliber is maar bowenal moet hy oor 'n toereikende, bekwame en goed besoldigde personeel beskik.

Die voorsitter, moet volgens die Wet, 'n beampte van die Departement van Landbou wees, maar die Kommissie voel dat daar tog tussen die Departement en Raad noue voeling moet wees en as die voorsitter 'n uitstaande persoon is, sal daar geen afbreek aan koördinasie wees nie.

Volgens die Wet, moet die Nasionale Bemarkingsraad verslag doen oor alle voorgestelde skemas en oor sekere beslissings van die rade, hoofsaaklik wat pryse betref. Aan die anderkant, is daar sekere raadsbesluite wat die goedkeuring van die Minister vereis, maar nie na die Bemarkingsraad vir ondersoek en verslag hoef verwys te word nie, hoewel dit dikwels gedoen word. Die Kommissie beveel 'n passende uitbreiding van artikel 27 sewe-en-twintig van die Wet aan, om te verseker dat die volste gebruik van hierdie nodige koördinerende liggaam gemaak word.

DIE ADVISERENDE PRODUSENTE- EN VERBRUIKERSKOMITEES

Omdat die verteenwoordiging van produsente op die rade so toereikend is, dat dit hierdie komitee oorbodig maak, beveel die Kommissie aan dat die Produsentekomitee afgeskaf behoort te word. Hierteenoor lewer die Verbruikerskomitee goeie diens en sy vernaamste plig is om die aandag te vestig op beleidsrigtings en op prysneigings wat blykbaar in stryd is met die algemene belange van die verbruikers. Die vereniging behoort meer op hoogte van sake gehou te word, deur middel van die verslae van die Nasionale Bemarkingsraad aan hulle beskikbaar te stel.

INSPEKTEURS

Vir die toepassing van die bepalings van 'n Skema, verleen artikel 19 (2) (S) (i), aan rade inspeksiebevoegdhede, wat 'n raad onder andere magtig om - „enigiemand algemeen of in 'n besondere geval te magtig om alle redelike tye 'n plek te betree, wat geokkupeer word deur 'n persoon wat 'n produsent is, of vermoed word 'n produsent te wees van, of 'n persoon wat as 'n besigheid handel of vermoed word as 'n besigheid te handel met 'n produk, waarop die Skema betrekking het ens.....". Inspekteurs mag hulle betrekkingsbe-

voegdheid uitoefen, slegs as hulle grondige rede het om te vermoed dat 'n Skema oortree word. Dié aangeleentheid behoort nie gewysig of geskraap te word nie.

VEREENVOUDIGING EN VERBETERING VAN DIE BEMARKINGSKEMAS

Die Kommissie moes volgens sy opdrag,/ adviseer oor die vereenvoudiging en verbetering van die bemarkingskemas wat tans ingevolge die Bemarkingswet in werking is - ook het hy dit tesame met die aanvullende oorlogsmaatreëls wat van toepassing is, ondersoek omdat dit vrugteloos sou wees om slegs die deel wat deur die Bemarkingswet uitgeoefen word, te handel. Elke skema is dus deeglik deur hulle ondersoek en die volgende skemas is dus behandel.

1. VEE EN VLEIS

Die slagveebedryf is nadelig getref deur lae pryse gedurende die depressie, veral omdat die skaapboerdery grotendeels tot 'n woluitvoerbedryf ontwikkel het. Om dit die hoof te bied, is die Raad van Beheer oor Vee- en Vleisnywerhede ingestel om deur middel van permitte, die toevoer en slagpale en veeveilings te beheer om die vleispryse dus te handhaaf. So ook is die invoer van beeste uit die Protektorate, S.W.A., Rhodesië, beperk. Die Raad het ook ingetree en self slagvee opgekoop en uitgevoer. Gedurende die oorlog 1939 - 1944, het slagtings vir die militêre owerhede toegeneem en is daar tekorte, inplaas van surplusse ondervind en moes die Voedselbeheerorganisasie ingryp toe pryse die hoogte inskiet. Deur maksimum kleinhandelpryse vas te stel, is gepoog om veepryse tot 'n aangeduide peil te beperk, maar dit het misluk. In 1944 het die MacDonald-ondersoekkomitee, (verslag U.G. No. 10, 1944) aanbevelings gedoen en is tot 'n heeltemal nuwe skema oorgegaan. Daar is ook getrag om die verbruiker te beskerm deur kleinhandelspryse vas te stel, terwyl die produsente ook aandag ontvang het deur pryse te bestendig.

Soos verwag kan word, het die vleisskema 'n vêrreikende invloed gehad op die bemarkingstelsel van die nywerheid. Slagvee is op die hoef verkoop en dit het verwarring veroorsaak, omdat die produsent nie bewus was van die prys wat hy sou behaal nie. Gedurende die skaars tyd het die prystoename aansporing gebied om meer slagvee te bemark.

Die vleisskema is in die nege groot sentrums toegepas waar gradering en distribusie beter benut kon word. Vanselfsprekend kon pryse op die buitemarke nie behoorlik beheer word nie en is toe op 'n maksimum kleinhandelsprys besluit.

88/..... In

In volop tye, wanneer die toevoer van slagvee toeneem, is gebruik gemaak van koelkamerfasiliteite, sodat die verbruikers in skaars tye verseker kon wees van vleis. 'n Kenmerk van die vleisskema was die wandistribusie van voorrade tussen beheerde en onbeheerde gebiede. In laasgenoemde, was daar altyd genoeg voorrade en die slagter vra hoër pryse. Aan die anderkant, indien voorrade in 'n onbeheerde gebied volop was, het die pryse vanselfsprekend gedaal. Om die voorrade dus meer eweredig te verdeel, is gebruik gemaak van slagkwotas.

Die vleisskemas het besorgdheid gewek en omdat dit ingewikkeld was om almal tevrede te stel, moes die Vleisraad die bemarkingstelsel verander na aan die haak verkope en pryse moes weer aangepas word.

Die produsent wou weet en heeltemal tereg ook, watter pryse hy op verskillende stadiums van die seisoen kon verwag en is prysskedules opgestel. Alle voorstelle moes eers getoets word om te bepaal of dit in die praktyk uitvoerbaar was.

Die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede, is die aangewese liggaam om uiteindelik volle verantwoordelikheid vir die hele skema te aanvaar en dit is aanbeveel dat die funksies van die Vleisbeheerorganisasie na die Raad oor te dra. Die Bemarkingsraad se voorstel in verslag 27, 1947, word gesteun, naamlik dat 'n spesiale komitee deur die Minister in die lewe geroep word om hom oor die toepassing van die gewysigde produsente-prysformules te adviseer, om prysbeleid en die uitreiking van permitte te koördineer en om die werksaamhede van die Vleisbeheerorganisasie in oënskou te neem. Hierna, sodra die hersiene prysformules op die proef gestel is, kon die Adviserendekomitee en die Vleisbeheerorganisasie ontbind word.

Die Kommissie het ook aanbeveel dat meer slagpale opgerig word omdat dit dringend nodig blyk te wees.

2. <u>GRAANSKEMAS</u>

(a) <u>Mielies</u> is die stapel voeding van die naturellebevolking en word ook deur ander groepe benut. Die produksie van mielies is na 1918 in die Transvaal en Vrystaat aangemoedig, met die oog op uitvoer. Tot 1929 is gunstige pryse behaal, maar daarna het uiters lae pryse ingetree wat nadelig was vir die produsent. Uitvoerkwotas moes toe ingestel word, maar die stelsel was nie geslaagd nie en die Regering moes toe stappe neem om 'n waarde toe te ken aan die uitvoersertifikaat; dit het

tot gevolg gehad dat die produsent se inkomste verbeter het, maar die waarborge het aansienlike koste meegebring.

Toe die eerste mielieskemas, ingevolge die Bemarkingswet in 1938 en 1939 ingestel is, was die mieliepryse nog baie laag. Voorsiening is toe gemaak vir 'n heffing op plaaslik-verkoopte mielies, met die doel om uitvoer te subsidieer en sodoende die netto-produsentepryse te verhoog.

Die opberging van mielies in graansuiers, word toe aanbeveel wat terselfdertyd die ekonomiese hantering daarvan sou verseker.

(b) Koring en koringprodukte:

Die koringbemarkingskema is in hooftrekke dieselfde as die mielieskema, maar daar is diepgaande verskille in die produksie en bemarking van die twee graansoorte. Koring beklee 'n besondere posisie in die ekonomiese huishouding van Suid-Afrika. Dit word hoofsaaklik gekweek op grond wat nie by uitstek vir daardie doel geskik is nie en die belangrikheid van koring as 'n voedselsoort is so groot, veral in tye van algemene ontwrigting, dat dit nie toegelaat kan word om vryelik teen wêreldpryse met ingevoerde voorrade te konkurreer nie. Die beskerming van die Unie se koringbedryf teen oorsese konkurrensie, is dan ook reeds as 'n kenmerk van die Staat se beleid aanvaar. Tot 1929, het koringpryse in die Unie feitlik gelykgestaan met invoerwaardes, maar toe wêreldpryse in 1930 skerp gedaal het, is invoerbeheer ingestel en is 'n minimum prys van £1.2.6 (R2.25) per sak ingevoerde koring (geland), deur middel van die doeanetarief vasgestel - dit het tot gevolg gehad dat die prys van koring in vergelyking met dié van ander oeste verhoog is, en koringproduksie het as gevolg hiervan, aansienlik uitgebrei. Dit is moeilik gevind om die plaaslike prys van selfs 17/6 (R1.75) per sak te handhaaf, ten spyte van die feit dat die minimum invoerprys R2.25 was. Die Koringraad is gevolglik ingestel om 'n heffing van een sjieling (10 sent) per sak in te vorder op koring wat in die Unie gemaal word en om die fonds te gebruik om opbergingsvergoeding aan kwekers en produsentekoöperasies te betaal, ten einde hulle in staat te stel om die koringoes op te berg en bemarking oor die seisoen te versprei. Deur middel van hierdie maatreël, is daarin geslaag om pryse te handhaaf. Ongelukkig het hierdie reëling nie die Koringraad in staat gestel om 'n oormatige prysstyging in tydperke van skaarste te voorkom nie, met die gevolg dat pryse gedurende die eerste tekortjaar, buite beheer geraak het en 'n

groot regeringssubsidie betaal moes word, om die prys van brood te stabiliseer. Hierdie ondervinding het veroorsaak dat 'n eenkanaal-koringbemarkingskema afgekondig is, nadat die Bemarkingswet aangeneem is. Genoemde Skema maak voorsiening vir die vasstelling van produsentepryse en vir die verpligte lewering van koring wat bemark word aan die Koringraad, wat ontvangsagente dwarsdeur die koringgebied aanstel. Die Raad verkoop die koring aan meulenaars teen pryse deur die Minister goedgekeur en reël die aflewerings daarvan deur sy verskillende inneem-agente. Die Koringraad het gedurende die Tweede Wêreldoorlog en daarna, die distribusie van ingevoerde koring gereël en ook maatreëls toegepas om te bespaar, toe die koringtoestand oor die hele wêreld so onseker geword het. Meulenaars se verkoopspryse en dié van brood is vasgestel. Die Koringraad het ook die registrasie van meulens, bakkers en beskuitjiefabrieke geregistreer, ten einde die uitbreiding van die vervaardiging kapasiteit te beperk. Dit is gedoen op grond van die mening dat dit nodig was om die surplusvermoë in hierdie bedrywe in te kort en as 'n middel om koste te verlaag. Omrede die beperktheid van die Unie se winterreënstreek, het hy voor die oorlog hoogstens 85% van sy brood-benodighede geproduseer. Omdat die gebruik van brood toeneem, is die persentasie laer en was die gemiddelde koringoes skaars 5,000,000 sak per jaar, hoewel ons koringpryse vir produsente hoog is, in vergelyking met pryse in ander lande. Daar is dus geen sprake van die uitvoer van koring, soos in die geval van mielies nie. Gewoonlik word koringpryse voor die saaiseisoen aangekondig, ten einde die maksimum produksie aan te moedig. Die ondervinding het geleer dat heen-en-weer-vervoer beperk word wanneer koring (hetsy plaaslik of ingevoer) aan meulenaars gelewer word. Daar word ook gebruik gemaak van die kwotastelsel aan bakkers, ens.

(c) <u>Hawer, Gars en Rog</u>:

Weens die skaarste aan voorrade en die noodsaaklikheid van billike distribusie en prysbeheer, is beheer oor die pryse en distribusie van hawer, gars en rog in 1942 - 43 deur Oorlogsmaatreëls aan die Koringraad toevertrou, aangesien die koop- en verkoopreëlings wat die raad in hierdie verband toepas, dieselfde as vir koring is. Die Bemarkingsraad het daarop gewys dat die vraagstukke wat uit die verkoop van hierdie verwante wintergraansoorte spruit, meer ooreenstemming vertoon met dié wat by koring ondervind word. Die beheer van verkopings, vanuit die Koring-

raad se kantore in Pretoria, het aanleiding gegee tot ernstige klagtes. Dit kan beklemtoon word dat die eenkanaal-verkoopreëlings vir gars, hawer en rog, te onbuigbaar is om in die behoeftes te voorsien. Ten einde elastisiteit aan die hele handelstruktuur te verleen, moet groot handelaars toegelaat word om vir eie rekening, teen vasgestelde pryse te koop en te verkoop.

3. SUIWELPRODUKTE

Omdat Suidwes-Afrika, Betsjoeanaland en Swaziland vrye toevoer na die Uniemark het en ook gedurende die depressie in die dertiger jare, die Unie voorsien het van kaas en botter, het dit meegebring dat met sy eie produksie, die Unie 'n aansienlike uitvoerbaresurplus opgelewer het. Met die daling in wêreldpryse, is die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid ingestel om die posisie te help verlig. Plaaslike verkope van botter en kaas is toe onderhewig gemaak met 'n heffing van een pennie, ten einde gedeeltelik te vergoed vir uitvoer verliese en dit het geblyk dat die maatreëls geslaag het. Die Suiwelraad het ook die vervaardigers van kaas en botter se getalle beperk - gekondenseerde- en poeiermelk is hieronder ingesluit. Varsmelk gebruik het verdubbel, sodat daar nie genoeg was om kaas en botter ens. te produseer nie en daar is sterk gevoel om die vervaardigers 'n meer eweredige toevoer te laat bekom, want in tye van tekort aan varsmelk, kan die vervaardigers wat koelkamerruimte besit, deels die tekorte die hoof bied. Dieselfde tyd is ook gevoel dat suiwer drinkmelk nie binne die bestek van die suiwelbemarkingskema val nie. Die instelling van 'n bemarkingskema vir varsmelk, word dus ook sterk aanbeveel ten einde die bedryf te stabiliseer - 'n wysiging van die varsmelkskema is dus wenslik en dat die Suiwelraad varsmelk, sowel as industriële melk, moet beheer en om dit moontlik te maak, moet van die kwotastelsel gebruik gemaak word en dan periodiek hersien word.

4. DIE VRUGTESKEMAS

Die sitrus- en sagtevrugte-nywerheid van die Unie het na die 1914 - 18 oorlog, op kommersiële skaal ontwikkel, toe verkoeling dit moontlik gemaak het om die digbevolkte noordelike halfrond, gedurende sy skaars seisoen, op 'n baie winsgewende grondslag te voorsien, omdat daardie seisoen saamval met die piek van ons produksietydperk. Die sitrus- en die sagtevrugte-nywerhede, mik dus albei om die beste gebruik van hierdie afsetgebiede te maak. Die sukses wat hulle behaal, is dan ook van nasionale belang omdat dit die Unie help om vir sy invoer te betaal.

92/..... Met

Met die oog op 'n verbetering van die oorsese bemarking van sitrus- en sagtevrugte, het kwekers hulle toegespits op 'n verdere ontwikkeling en uitbreiding van die koöperatiewe stelsel. Die sitruskwekers het 'n aansienlike mate van sukses behaal en uiteindelik meer as 80% van hulle vrugte onder die koöperatiewe beheer van die Sitrusbeurs uitgevoer, maar die sagtevrugtekwekers het nie veel in hierdie rigting gepresteer nie, miskien omdat hulle produk baie minder eenvormig en meer bederfbaar is as sitrusvrugte. Met die oog op hierdie faktore en met inagneming van die feit dat sitrus- en sagtevrugte in uitmekaarliggende dele van die Unie gekweek word, regverdig die gemeenskaplike uitvoer-oogmerke van die twee nywerhede nie die daarstelling van 'n gesamentlike sitrus- en sagtevrugteskema onder eenheidsbeheer nie. Die twee vrugtenywerhede kan hoogstens reël om in sekere gemeenskaplike fasiliteite te deel.

In 1940 het Britanje 'n invoerverbod op sagtevrugte na die Britse mark geplaas en drastiese beperkings op die invoer van sitrus gelê. Dit het regstreeks aanleiding gegee tot die stigting; eers van die Sagtevrugteraad en kort daarna van die Sitrusraad. Die kwekers was vir die grootste deel van hul inkomste van die Britse mark afhanklik en dit het vir die Regering nodig geword om geldelike bystand te verleen, ten einde produksie aan die gang te hou. Die twee vrugterade is vir die administrasie van die fondse verantwoordelik gehou, maar die verpligting is ook op hulle gelê, om die ontwikkeling van die plaaslike mark en die verwerking van die vrugte te bevorder, ten einde verkwisting sover moontlik te voorkom.

Daar is sekere feite in verband met hierdie wordingstadium van die twee rade wat bloot om geskiedkundige redes vermelding verdien. Hulle het gely aan onkundigheid aangaande plaaslike bemarkingstoestande; die koelkamer- en vervoergeriewe was almal vir uitvoer ontwerp; die kumulatiewe groot vermeerdering in verkope, wat as gevolg van sowel die oorlogstydse toename in die vraag na en die wyer distribusie van vrugte ontstaan, het die swaar verwerkingsverliese gely deur die Sagtevrugteraad in 'n poging om 'n vermorsing van vrugte te vermy; die verlies van 'n groot hoeveelheid sitrusvrugte oor 'n tydperk van jare, weens 'n tekort aan fasiliteite om, óf gekonsentreerde sitrussap te vervaardig, óf die vrugte in te lê, óf 'n skema te verbeter om oorskot lemoene feitlik gratis in die naturellegebiede te distribueer en die kulminerende ondervinding, dat die instandhouding van die boorde gesonder nasionale beleid is, hoewel die afwesigheid van aansporing om gedurende die oorlogsjare uit te brei, later tot tekorte aanleiding gegee het.

(a) Sitrusvrugte:

Sedert die oorlog 1939/44, is 'n sitrusskema ingevolge die Bemarkingswet afgekondig, waarvolgens aan die Sitrusraad beheer gegee is oor die afset van 97 persent van die oes. Die Raad is die enigste uitvoerder - hy verkoop teen kontantpryse aan die Britse Ministerie van Voedsel en teen vergelykende vaste pryse van ander afsetgebiede. Binnelands reël die Raad die voorsiening van die hoofmarke en spesiale agente, gewoonlik die plaaslike markmeester, ook in kleiner dorpe. Plaaslike maksimum-verkoopspryse, word van groothandel tot kleinhandel, volgens die graad en grootte van die vrugte vasgestel. In sy taak om beskikbare afsetgebiede so voordelig moontlik te benuttig, word die Raad in 'n aansienlike mate gerugsteun deur sentrale pakhuise wat in die loop van die ontwikkeling van die bedryf ontstaan het. Die Kommissie voel dat die Sitrusskema bevredigend werk en het min om aan te beveel vir verdere verbeterings en vereenvoudiging van die Skema self. Die noodsaaklikheid van gesamentlike verkope oorsee word besef, maar die bevoegdheid om by die grootmaat te voorsien, moet oordeelkundig gebruik word. Wat die plaaslike mark betref, moet pryse vir Sitrusvrugte gedurende 'n seisoen van tekorte, gehandhaaf word. Dit sal tot gevolg hê dat buigsamer prysbeleid gebiedend noodsaaklik is om verliese van vrugte te vermy wanneer die mark oorvoer word.

(b) Sagtevrugte:

Die Sagtevrugteraad, is ingevolge die Bemarkingswet met uiters beperkte bevoegdhede ingestel en sy werksaamhede word ingevolge oorlogsmaatreëls uitgevoer, waarvolgens kwekers in die Westelike Provinsie hul tafeldruiwe, tafelperskes, pere en pruime aan die Raad moet lewer. Die Raad beheer nie appels, appelkose of inmaakperskes nie. Omdat die Raad nie kollektiewe verpakkingseenhede het nie, moes daar ontvangsdepots in die produksie gebiede opgerig word waar die vrugte by aflewering gradeer word - hiervoor ontvang die kwekers 'n voorskot, nadat bepaal is of dit aan die vereistes vir uitvoer of plaaslike marke voldoen. Later, indien die opbrengs van verkope dit toelaat, word verdere betalings gedoen. Omdat die plase in die Westelike Provinsie digby mekaar lê en in die nabyheid van nywerheidsgebiede is, en daar 'n arbeidstekort ondervind word, behoort dit die oprigting van sentrale pakhuise te verhaas - 'n noodsaaklike ontwikkeling, indien ordelike bemarking 'n hoë mate van doeltreffendheid moet bereik.

94/..... Die

Die Nasionale Bemarkingsraad het daarop gewys dat die vasgestelde inneemprys wat deur die Raad betaal word en die prysvasstelling vir Sagtevrugte soos dit op die plaaslike marke plaasvind, baie nadelige gevolge het. Sagtevrugte is te bederfbaar en die kwaliteitsverskille te groot en onvoorspelbaar om voortgang met die huidige gebruik, om alle vrugte van kwekers in te neem teen pryse volgens 'n uniforme tarief wat wissel ooreenkomstig die graad op die tyd van aflewering, toe te laat. Die beste metode sou wees dat die kweker betaal word teen die prys wat dit op 'n veiling behaal het, of dit kan uitgevoer word. Onder die huidige omstandighede van tekorte sal verkopings per veiling onvermydelik meebring dat verbruikerspryse vir vrugte verhoog word, sodat die instelling van die voorgestelde skema uitgestel sal moet word totdat die voorraadtoestand verbeter het. Die voorgestelde skema lyk basies gesond en kan ter geleë tyd as 'n langtermynmaatreël aanvaar behoort te word.

Gedurende die oorlogsjare het die Raad pakmateriaal aan kwekers verskaf en dit word beklemtoon dat wat in die oorlogsjare 'n noodsaaklikheid was, sou nie op die lange duur 'n gesonde beleid wees nie.

Die Kommissie beveel aan dat 'n permanente bemarkingskema vir sagtevrugte in die Westelike Provinsie, op die voorgestelde grondslag, ingevolge die Bemarkingswet, ingestel behoort te word - ander provinsies is nog nie voldoende gespesialiseerd om die toepassing van beheer te regverdig nie.

(c) Droëvrugte:

Die bestaande droëvrugteskema se omvang is beperk, maar die Droëvrugteraad het baie gedoen om die graderingstandaarde en die kwaliteit van die gedroogde vrugte te verbeter. Ook is die verpakkingsmetodes en die higiëne bevorder, deur die registrasie en inspeksie van verpakkingsinrigtings. Die Raad se hooffunksie is ook deur 'n Oorlogsmaatreël aan hom toegewys, sodat hy die enigste liggaam is wat sekere soorte rosyne, sultanas, korente, gedroogde appelkose en pruimedante van produsente koop. Die Raad tree deur gebruikmaking van die bestaande verpakkers op, wat gestipuleerde voorskotpryse van kwekers betaal. Die vrugte word dan deur die Raad verkoop en die opbrengste gepoel. Indien daar 'n surplus is, word 'n finale distribusie aan kwekers gedoen. Maksimum herverkooppryse word op verpakkers en die distribusiehandel toegepas. Die Kommissie is van mening dat 'n langtermyn bemarkingskema vir gedroogde vrugte, wesenlik van dieselfde aard as die huidige reëlings

95/..... wat

wat ingevolge 'n Oorlogsmaatreël in werking is, uitvoerbaar en wenslik sal wees en dat so ver moontlik, die beheer wat oor gedroogde vrugte ingevolge die Bemarkingswet uitgeoefen moet word, meer omvattend behoort gemaak te word.

5. BEMARKINGSKEMAS VAN TABAK EN SIGOREI:

(a) Tabak:

Die tabakbemarkingskema is uitsluitlik beperk tot blaartabak. Die Skema bepaal dat produsente aan gespesifiseerde koöperatiewe agente in die verskillende gebiede moet lewer en minimum verkooppryse is op hierdie agente van toepassing wat die opbrengste en verkopings onder leweransiers distribueer. Dit is 'n verdere funksie van die Raad om die Minister te adviseer aangaande die vasstelling van die hoeveelheid blaartabak wat belastingvry uit Suid-Rhodesië toegelaat moet word.

Die Bemarkingsraad het daarop gewys dat die Skema aan ernstige potensiële gebreke mank gaan, naamlik:-

(i) Elke agent is verantwoordelik vir die verkoop of opberging van die tabak deur hom ingeneem en nie die Raad nie. Laasgenoemde beskik egter oor beperkte fondse om uitvoer te subsidieer. Hierdie reëling is ongetwyfeld die uitvloeisel van die vooruitgang van die koöperatiewe beweging in hierdie nywerheid en die Kommissie is geensins bereid om enige aanbeveling te maak wat afbreuk kan doen aan die prestasies wat reeds behaal is nie. Die Kommissie is dit egter eens met die Bemarkingsraad dat ten einde die koöperasies te help, die Tabakraad alles in sy vermoë behoort te doen om met die vervaardigers te reël dat hulle hul blaarvoorrade in tye van surplusproduksie, vermeerder in ruil vir 'n versekering dat die Raad hulle sal help om altyd hul voorraadpeil vir 'n redelike tydsduur in stand te hou.

(ii) Die Bemarkingsraad het ook daarop gewys dat die sentrale tabakkoöperasie verantwoordelik is vir die verdeling van die plaaslike oes tussen vervaardigers en nie die Raad nie. Die Departement van Landbou wys die tabak, wat belastingvry ingevoer word, aan vervaardigers toe. Aangesien die Raad pryse vasstel wat uiteindelik bepaal of die tabakvoorrade van sy agente verkoop kan word of nie, skyn dit vir die Kommissie

96/..... gebiedend

gebiedend noodsaaklik dat die Raad die finale seggenskap oor die verdeling van die plaaslike oes, deur die koöperatiewe organisasies behoort te hê. Die Raad behoort die Departement van Landbou te adviseer aangaande die grondslag waarop tabak wat belastingvry ingevoer word, toegewys moet word. Die Kommissie stem saam met die Bemarkingsraad dat hierdie uitgebreide pligte dit sal regverdig dat die verteenwoordigers van vervaardigers op die Raad vermeerder word.

(b) Sigorei:

Die Sigoreiskema is enig van sy soort en die Kommissie by die aanhoor van getuienis, beweer dat die Skema bevredigend werk. Daar word deur die Nasionale Bemarkingsraad geopper of die Sigoreiraad toegelaat behoort te word om opberging-en droogfasiliteite te verkry. Die nywerheid is so klein dat 'n afsonderlike koöperatiewe organisasie vir die bestuur van so 'n inrigting, nouliks geregverdig sal wees. Uiteraard is die Raad feitlik 'n verpligte koöperasie.

6. PRODUKTE WAARVOOR DAAR GEEN BEMARKINGSKEMAS BESTAAN NIE:

(a) Aartappels:

Die Aartappelraad is ook deur 'n Oorlogsmaatreël ingestel en daar word gevoel dat dit onder die bemarkingskema van die Bemarkingswet moet ressorteer en dat die ondersoek van die konsepaartappelskema bespoedig word.

(b) Eiers:

'n Eierskema, ingevolge die Bemarkingswet, is deur produsente en die Bemarkingsraad oorweeg, maar moeilikhede is ondervind in verband met die invordering van heffings en die verlening van bevoegdhede om seisoen surplusse te koop en te verkoop. Die instelling van 'n eierskema is dus nie onmoontlik nie.

(c) Groente:

Baie persone en organisasies het die vraagstuk van die gereguleerde bemarking van groente aanhanging gemaak, maar die Distribusiekostekommissie het reeds die saak in hande. Die verbetering van groentebemarking is noodsaaklik en heelwat munisipaliteite het op hulle marke, uit eie beweging, proefnemings gedoen. Die Kommissie voel dat dit die effektiefste en instruktiefste gedragslyn asook 'n noodsaaklike vooraf-

97/..... gaande

gaande maatreël vir verdere vooruitgang sal wees, indien die Regering die aanbeveling van die Distribusiekoste-kommissie op die proef stel, naamlik om 'n sentrale aankoopsowerheid daar gestel word, wat gedurende tye van oorvoering op die mark kan optree. Die aanbeveling het beoog dat voorrade aldus aangekoop, afgeset sal word deur die bemiddeling van die gesubsideerde voedingskemas wat onder die Departement van Volkswelsyn in werking is.

(d) Margerine:

Margerine is in 1946 van die lys van produkte waarop die Bemarkingswet van toepassing is, verwyder. Die toenmalige Regering het toe aangekondig dat hy voornemens is om aparte wetgewing in te dien. Dit word ten volle besef dat behoorlike maatreëls getref sal moet word vir die beveiliging van die Suiwelnywerheid, ofskoon hierdie produk en die vervaardiging daarvan aangemoedig behoort te word, veral omdat dit in die voedingsbehoeftes van die bevolking kan voorsien.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Bemarkingswet - Kommissie 1947 (U.G. no. 48 - 1949).
2) Sosiale- en Ekonomiese Planneraad - U.G. 10 - 1945.
3) Centlivreskommissie - vyfde verslag.

98/..... HOOFSTUK 5

# H O O F S T U K 5

## GEKONSOLIDEERDE BEMARKINGSWET, NO. 59 VAN 1968

W E T: TOT DIE SAMEVATTING VAN DIE WETSBEPALINGS, WAT VOORSIENING MAAK VIR DIE REËLING VAN DIE PRODUKSIE EN VERKOOP VAN LANDBOUPRODUKTE; VIR DIE INSTELLING VAN SEKERE RADE IN VERBAND DAARMEE; VIR DIE INSTELLING VAN 'n NASIONALE MARK; VIR DIE GRADERING EN STANDAARDISERING VAN LANDBOUPRODUKTE; EN VIR AANGELEENTHEDE WAT DAARMEE IN VERBAND STAAN.

(Die Afrikaanse teks is deur die Staatspresident onderteken en goedgekeur op 12 Junie 1968).

---------

### INLEIDING

Hierdie 1968 Gekonsolideerde Wet herroep die 1937 Wet in sy geheel, asook die latere wysigings en ook sekere bepalings in die ou wette oor bemarkingsbeheer in die geval van mielies, suiwel en tabak.

Die Gekonsolideerde Wet bevat geen afwykings van die ou bestaande wette nie, slegs 'n gekonsolidasie daarvan. Die konsolidasie het slegs be-oog om die Bemarkingswet in die Wetboek netjies te laat lyk en leesbaar te maak, veral omdat daar, soos Volksraadslede sal getuig, feitlik elke jaar 'n wysiging deur die Volksraad geloods is, ofskoon daar nooit aan die beginsels van die Bemarkingswet getorring is nie.

Die bemarking van vleis, mielies, suiwelprodukte, koring en tabak was voor die indiening van die 1937 Bemarkingswet in 1937 deur aparte wetgewing gereguleer. Die Vee- en Vleisnywerheid-Beheerraad, die Mielienywerheid-Beheerraad, die Suiwel-Beheerraad, die Koringindustrie-Beheerraad en die Tabakindustrie-Beheerraad het almal hulle ontstaan aan hierdie wetgewing te danke. Met die aanname van die Bemarkingswet van 1937 is spesiale voorsiening gemaak vir die indiening van skemas onder die laasgenoemde Wet ten opsigte van die produkte wat deur bogenoemde beheerrade, wat vir hierdie doel ingestel is, beheer word. Die Bemarkingswet maak voorsiening vir al die bepalings van die ou Bylaewette, soos hulle in die algemeen bekend gestaan het, wat verenig-

baar met die bepalings van die gepubliseerde skemas vir die produkte was, opgeskort moes word gedurende die tydperk waarin so 'n skema van krag was. 'n Tydjie na die publisering van die Bemarkingswet, is skemas met betrekking tot die produkte wat deur die Beheerrade beheer word, voorgestel. Sekere magte toegestaan deur die Bylaewette, wat nie in die Bemarkingswet ingesluit is nie, is in die skemas ingelyf. Ofskoon die voorgenoemde wette dus gesuspendeer is vir die duur van die skemas onder bespreking, het hulle nogtans 'n spesifieke doel gedien in die opsig dat sekere bepalings van die skema uit die voorgenoemde wette voortgespuit het.

Met die verloop van jare het die Bemarkingswet 'n algehele metamorfose of gedaanteverwisseling ondergaan. Die bepalings van daardie Wet is in sodanige mate uitgebrei, dat die bepalings van die verskillende skemas nou byna algeheel deur die Bemarkingswet gedek word. In een geval egter is die heffing wat deur die Vleisraad gehef word, magtiging daartoe verleen in die vorige wet. Hierdie was die Vee- en Vleisnywerheid Beheerwet van 1934.

Aangesien die Bylaewette byna in algemene onbruik verval het, is voorgestel dat al die ou wette wat betrekking op die beheer van produkte het, almal herroep word en dat voorsiening gemaak word in die Bemarkingswet vir 'n vleisheffing en vir die herinvoering van die verskillende beheerrade, in terme van die onderskeie skemas onder die Bemarkingswet. Die Minister het oorleg gepleeg met al die verskillende Rade en hulle het akkoord gegaan met al die voorgestelde wysigings. Met die herstel van die verskeie Rade, is die geleentheid benut om die lompe benaming „Mielienywerheids-Beheerraad", te verander na die meer eenvoudige naam „Mielieraad", wat ooreenstem met die benaming waarby die Raad by die breë publiek bekend staan.

Die herroeping van die Bylaewette het meegebring dat die Bemarkingswet in sekere opsigte gewysig moes word, hoewel daar nie juis afgewyk is van die bestaande Wet nie - wysigings was alleenlik ingestel om sake te laat vlot en om te verhoed dat daar telkens wysigings aangebring word, maar pogings blyk egter nie van blywende aard te wees nie aangesien dit tog menslik is dat, alhoewel sake goed verloop, instansies steeds die Minister nader om sekere aspekte te wysig, hetsy deur woordbepalings of andersins. Hier kan onomstootlik gekonstateer word dat 'n Wet op papier of in die Wetboeke kan prys, wat in die praktyk skaafplekke toon. Ten einde almal tevrede te stel, is dit dus wenslik om sekere wysigings van tyd tot tyd aan te vra, want eers as 'n Wet of bepaling ten uitvoer gebring word, word daar gevind dat daar sekere

100/..... haakplekke

haakplekke is, wat deur 'n wysiging reggestel kan word.

Die verbruiker moes ook in alle sake geken word, maar die Bemarkingswet van 1937, het die boer of produsent groter kontrole verskaf in verband met die bemarking van sy produksie en in die Wetgewing, het hy 'n weg gesien om stabiliteit van pryse vir sy produkte te bekom en ook om die hande van die verskillende Beheerrade te sterk en in die hand te werk dat sake vlot verloop.

Die aangewese plek om landbousake uit te pluis, is juis die Volksraad waar alle beskikbare inligting van die betrokke Beheerraad, boereverenigings en ander instansies verkry is, hoewel dit altyd wenslik is om definitiewe voorstelle aan die Minister voor te lê en sodra hy die voorstel indien, dit gepaard gaan met 'n memorandum waarin die redes aangevoer word waarom dit nodig is om sekere wysigings aan te bring - sodoende het Volksraadslede alle inligting tot hulle beskikking. Dit word gevoel dat dit belangrik is dat die Bemarkingswetgewing van tyd tot tyd bespreek word, aangesien die bemarkingsprobleem die mees belangrikste probleem is waarmee die landbou te kampe het, want die probleem bestaan basies uit tekorte en oorskotte. Dit is ook nodig dat die produsente wat die verskillende produkte produseer, beter saamwerk om daardeur ordelikheid in die bemarking van daardie produkte ten doel te stel.

Die Minister van Landbou-Tegniese-dienste, het kennis geneem van vertoë tot hom gerig en 'n Kommissie van Ondersoek in 1947 aangestel, ten einde die hele bemarkingsstruktuur en verwante omstandighede te laat ondersoek. (Verwys in hierdie verband na Hoofstuk 4 waarin die aangeleentheid breedvoerig behandel is.)

Die bedoeling was om die beherende skemas te vereenvoudig en te verbeter, asook om oor die nodige maatreëls verslag te doen vir doeltreffender produksie en distribusie en die beherende bemarking van boerderyprodukte. Dit was in kort, die doelstellings van die Kommissie van Ondersoek van 1947, maar dit sal nodig wees om te bepaal of die Ondersoek na aanleiding van die 1937 Bemarkingswet, in sy doel geslaag het toe sekere wysigings voorgestel is.

Aangesien die nuwe Wet van 1968 taamlik lywig is, sal net gepoog word om die mees belangrikste aspekte, met betrekking tot wysigings, te noem en op te som.

101/..... ART. 2

ART. 2 - NASIONALE BEMARKINGSRAAD

Voor Republiekwording het die Goewerneur-Generaal deur proklamasie, sekere Rade ingestel en aanstellings gedoen, maar na 1961 (Mei) word die funksie deur die Staatspresident vervul.

Die funksie van die Nasionale Bemarkingsraad is in die Gekonsolideerde Bemarkingswet van 1968 geensins verander nie, behalwe dat dit alle wysigingkies wat tot 1946 aangebring is, meer leesbaar maak - maar volgens die nuwe Wet, moet die voorsitter en onder-voorsitter beamptes wees van die Departement Landbou-ekonomie en Bemarking, vir 'n tydperk deur die Staatspresident bepaal. Hierteenoor word die lede wat nie beamptes van die Departement is nie, in die Bemarkingsraad vir 'n tydperk van hoogstens vier jaar aangestel. Vanaf 1937 tot 1946 was dit nie nodig dat die voorsitter of onder-voorsitter staatsamptenare moes wees nie, maar hierdie bepaling is in Wet 50 van 1946 gewysig en so in die nuwe Wet behoue gebly. Dit is verblydend om op te merk dat elke lid van die Bemarkingsraad, wat nie 'n lid van die Departement is nie, al sy tyd aan sy pligte moes bestee. Vir die voorsitter en onder-voorsitter is hierdie bepaling nie van toepassing nie omdat hulle onder die Departement ressorteer en die Wetsbepalings van die Staatsdiens op hulle betrekking het, maar hulle kon, solank dit die Staatspresident behaag, benewens hulle salaris, geregtig wees op enige toelaes wat bepaal word.

Van Artikel 2 (9) van die nuwe Wet, word opgemerk dat 'n wysiging reeds in 1946 (Bemarkingswysigingswet no. 50) aangebring is, dat ingeval 'n lid weens siekte verhinder word om sy pligte te vervul, 'n ander lid aangestel kan word vir die onverstrykte tydperk van sodanige lid se ampstermyn, maar die uitsondering is dat, indien iemand in die plek van 'n waarnemende voorsitter of waarnemende onder-voorsitter moet optree, so 'n aangestelde lid slegs die pligte van 'n gewone lid uitvoer.

ART. 3 (1) - VERGADERINGS

Onder die ou Wet het die Minister die dag van die eerste vergadering bepaal, maar volgens die nuwe Wet, word vergaderings belê op tye wat die Raad self bepaal.

ART. 3 (2) - MINDERHEIDSBESLUIT

Besluite van meerderheid van lede teenwoordig, is die besluite van die Raad. In 1946 is sekere woorde weggelaat (a. 3(b) van Wet 50. 'n Kworum

sou bestaan uit drie lede van die Raad.

ART. 4 - WERKSAAMHEDE EN BEVOEGDHEDE VAN DIE BEMARKINGSRAAD

Die werksaamhede, bevoegdhede en pligte van die Bemarkingsraad is so belangrik en so duidelik in die nuwe Wet van 1968 omskryf, dat dit in sy geheel aangehaal behoort te word, veral omdat dit nou meer doelgerig is en makliker leesbaar is.

Die Raad kan: (onder 4(1) )

(a) in opdrag van die Minister, bemarkingstoestande in die algemeen, of in 'n provinsie, of die toestande met betrekking tot 'n bepaalde produk, of wat op een of ander mark heers, ondersoek of laat ondersoek;

(b) 'n skema wat die Minister na hom verwys, ondersoek en daaroor aan die Minister verslag doen;

(c) 'n skema wat hy nodig ag, of wat die Minister hom gelas, om op te stel, opstel en aan die Minister voorlê;

(d) 'n skema wat ingevolge hierdie Wet in werking is, van tyd tot tyd ondersoek en daaroor aan die Minister verslag doen en in verband met so 'n ondersoek die boeke, aantekeninge en ander stukke van die beheerraad, wat hierdie skema uitvoer, inspekteer ens.;

(e) met die organisasie van 'n beheerraad behulpsaam wees en van so 'n raad die inligting vereis, wat die Bemarkingsraad vir die behoorlike verrigtinge van sy werksaamhede, nodig ag;

(f) 'n vergadering van 'n beheerraad of 'n komitee van 'n beheerraad bywoon en in 'n adviserende hoedanigheid aan die verrigtinge op sodanige vergadering deelneem, of een of meer van sy lede, of 'n deur die Minister aangewese beampte magtig, om so 'n vergadering by te woon en aldus aan die verrigtinge deel te neem;

(g) die rekeningboeke van 'n beheerraad laat ouditeer en die verslag van iemand wat sodanige rekeningboeke geouditeer het, oorweeg en optrede wat die Bemarkingsraad in verband met so 'n verslag nodig ag, by die Minister aanbeveel;

(h) die verbod op of die reëling van die invoer in die Republiek van 'n produk in die algemeen, of uit 'n bepaalde land, by die Minister aanbeveel;

103/..... (i) die

(i) die verbod op of reëling van die uitvoer uit die Republiek van 'n produk in die algemeen, of na 'n bepaalde land, by die Minister aanbeveel;

(j) die Minister van advies bedien, in verband met 'n aangeleentheid binne sy bevoegdheid, kragtens hierdie Wet, wat hy vir advies na die Bemarkingsraad verwys;

(k) die pligte verrig en die bevoegdhede uitoefen, wat ingevolge hierdie Wet, aan hom opgedra of verleen is en die ander pligte verrig, wat die Minister van tyd tot tyd, aan hom opdra;

(2) Die Bemarkingsraad kan 'n bevoegdheid aan hom verleen, deur hierdie Wet of 'n plig aan hom opgedra deur die Minister, aan een of meer van sy lede delegeer, ensovoorts.

(3) Die bepalings van artikels 8, 10 en 12 van die Wet op die Raad van Handel en Nywerheid, 1944 (Wet 19 van 1944), is „mutatis mutandis", van toepassing in verband met 'n ondersoek deur die Bemarkingsraad.

(4) Die Bemarkingsraad en die Raad van Handel en Nywerheid, beraadslaag minstens eenmaal elke jaar, aangaande die beleid wat in verband met die vasstelling van pryse van landbouprodukte, gevolg moet word.

(5) Die Bemarkingsraad moet minstens eenmaal elke twee jaar 'n verslag aan die Minister voorlê oor die werkinge van skemas wat kragtens hierdie Wet, in werking is."

ADVISERENDE PRODUSENTEKOMITEE

Hierdie Adviserende Produsentekomitee is in 1937 onder artikel 8 van die ou Wet ingestel, maar die Kommissie van Ondersoek 1947, het sterk aanbeveel, dat hierdie Komitee afgeskaf word, vanweë die feit dat die Verbruikerskomitee goeie diens lewer en produsente tog verteenwoordiging op die verskillende rade het.

Die opstellers van die Gekonsolideerde Wet van 1968, het wel hierdie wenk gevolg en die Adviserende Produsentekomitee dus nie in die nuwe Wet laat verskyn nie.

104/..... ART. 5 - DIE

ART. 5 - DIE ADVISERENDE VERBRUIKERSKOMITEE

Onder die Bemarkingswet 1937 is 'n komitee, genoem die Adviserende Verbruikerskomitee ingestel en daar is toentertyd geen beperking gestel vir die aantal lede waaruit die komitee moes bestaan nie, maar in 1946 is 'n wysiging aangebring wat bepaal het dat die genoemde komitee uit 16 lede moes bestaan, waarvan twee lede deur die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika genomineer word. Die komitee se instelling onder die Wet, is om die belange van verbruikers te verteenwoordig en sewe lede van die komitee word deur die Minister aangestel uit die geledere van organisasies wat deur hom as verteenwoordigend van verbruikers, erken word - die balans van sewe, word ook deur die Minister aangestel, hoofsaaklik om toe te sien dat die verbruikers se regte en belange beskerm word. Dit wil voorkom asof 'n baie groter Komitee daargestel kan word, maar dit word besef dat 'n Komitee met 'n omvang sonder beperking te lywig sou wees, met oorvleueling van belange. 'n Komitee van hierdie aard, met 'n beperkte aantal lede, kan meer aktief wees en meer bereik as een van groter omvang. Die Bemarkingswet is dus wyslik toegepas wat getal sterkte betref. Aangesien die Wet wel voorsiening maak vir die twee lede van die Verenigde Munisipale Bestuur op die Verbruikerskomitee en hulle skriftelike nominasie hier binne 'n gemelde tydperk ontvang word, het die Minister die reg om self te besluit wie aangestel moet word. Selfs indien die Minister nie akkoord gaan met 'n genomineerde nie, kan hy nie nominasies aan die betrokke Vereniging terug verwys en hulle aansê om iemand anders te nomineer, wat hy geskik ag, om lid van die Verbruikerskomitee te wees. Hierdie mag van die Minister, mag afbreuk doen aan die doel van die Verbruikerskomitee, aangesien organisasies wat lede mag nomineer, op hoogte is van hulle lede se agtergrond en bekwaamhede en dus geregtig is om self hulle lede as 'n demokratiese reg, te benoem - die Minister kry dus hier te veel mag.

Die feit dat die Verbruikerskomitee self uit hulle geledere 'n voorsitter mag kies, is aanbevelingswaardig, want sake vlot baie maal nie as 'n voorsitter wat nie die vertroue van 'n komitee wegdra, van bo af op hulle afgeforseer word nie.

Die Verbruikerskomitee, vanweë sy vername rol as konsultatiewe liggaam, kry nietemin alle finansiële hulp van die Regering en daar word selfs deur die Minister, 'n beampte van die Departement van Landbou-Ekonomie en Bemarking, aan hulle toegewys om as Sekretaris van die Komitee op te tree.

105/..... WERKSAAMHEDE

WERKSAAMHEDE EN BEVOEGDHEDE VAN DIE VERBRUIKERSKOMITEE

In die ou Wet van 1937 is geen melding gemaak van die indiening van verslae deur die Verbruikerskomitee, wat as 'n adviserende liggaam beskou word, aan die Minister nie, maar in die nuwe Gekonsolideerde Wet van 1968, word bepaal dat die Komitee eenmaal elke kalender-jaar 'n verslag oor sy werksaamhede gedurende die vorige jaar, aan die Minister moet voorlê. In die Wysigingswet op Bemarking, no. 50 van 1946, is bygevoeg dat 'n verslag deur die Verbruikerskomitee, wat aan die Minister voorgelê word, in albei Huise van die Volksraad as 'n aanhangsel by die verslag van die Bemarkingsraad, ter tafel gelê word. Waarom laasgenoemde nie in die nuwe Wet behoue gebly het nie, is moeilik om te verstaan, veral omdat die Komitee tog 'n belangrike rol vervul en sy werksaamhede behoort onder die aandag van die lede van albei Huise van die Volksraad te kom en desnoods onder die betrokke Minister se pos, bespreek te word, indien die verslag nie na wense is nie, ten spyte van die feit dat die Minister wel die verslae ter insae kry. Dat die verslae nie meer ter tafel gelê word nie, mag daaraan toegeskryf word dat die Komitee alleenlik 'n adviserende rol vervul en geen magte as sodanig besit nie.

ART. 8 - INSTELLING, WYSIGING EN HERROEPING VAN SKEMAS DEUR DIE MINISTER (Verwys Klousule 17 van ou Wet)

'n Vereniging van produsente, of 'n Koöperatiewe Maatskappy, of 'n beheerraad, of 'n raad, ingestel kragtens 'n Wet in Bylaag 2 van die Wet, kan skriftelik aan die Minister 'n voorgestelde skema voorlê, wat betrekking het op 'n produk of produkte wat deur die lede van die betrokke vereniging of maatskappy geregistreer word, of ten opsigte waarvan die betrokke raad ingestel is, na gelang van die geval en die Bemarkingsraad, kan skriftelik aan die Minister, 'n voorgestelde skema vir goedkeuring voorlê en hy (die Minister) kan ter enige tyd 'n voorgestelde skema laat opstel en hy kan ook so 'n voorgestelde skema na die Bemarkingsraad verwys vir ondersoek en 'n verslag daaroor en dit in die Staatskoerant aankondig en enige besware inwag.

Aangaande die vraag of so 'n skema gekondenseerde melk kan insluit, sien Rouxville Dairy (Pty.) Ltd. vs. Minister of Agriculture 1940, T.P.D. 366. Vir 'n verwysing na 'n skema, sien Rex vs. Meltzer and Another, 1946 T.P.D. 597. Sien ook Rex vs. Dhlamini and Another, 1945 (1) P.H., K.2.

Die Bemarkingsraad moet egter, voordat hy ingevolge hierdie Artikel, aan die Minister 'n verslag voorlê, ten opsigte van 'n voorgestelde skema, wat 'n gespesifiseerde bevoegdheid aan sy beheerraad verleen, die Verbruikers-

106/..... komitee

komitee in verband met daardie skema raadpleeg en die Minister het die reg om so 'n voorgestelde skema af te keur of na die betrokke vereniging terug te verwys. Indien so 'n skema aanvaar word, laat hy dit in die Staatskoerant publiseer, ensovoorts. 'n Skema kan ook deur die Minister gewysig word indien so 'n versoek aan hom gerig word. Indien die Minister vind dat 'n voorgestelde skema regverdig is, beveel hy aan dat die Staatspresident 'n proklamasie dienooreenkomstig kan uitvoer en bekragtig en dat dit vanaf 'n sekere datum aanvaar en in werking tree.

Die Minister het ook in sy Memorandum bekend gemaak dat daar sekere wysigings beoog word wat nie die beginsels affekteer nie, maar slegs sekere woord bepalings wysig en verdere wetgewing sou moontlik in 1969 of later reggestel word. Dit het veral betrekking op Artikels 10 en 12 van die Hoofwet. So ook sou Artikel 15 van die Hoofwet gewysig word sodat 'n bestaande skema gewysig word na 'n skriftelike voorstel aan die Minister. Die hele Artikel 22 sal ook later heeltemal verval.

Dit word opgemerk dat die sub-artikels in die Engelse en Amerikaanse
tale ... reenkom wat die nommers daarvan betref nie. Dit mag so wees om-
... rdomskrywing alfabeties gerangskik is, so byvoorbeeld is Artikel
... t die woord „beheerraad" omskryf, aangedui as Artikel 1 (1) (iv).
... ingsdoeleindes is dit dus onreëlmatig, maar aan die ander kant,
... reg om so te doen, maar as dit vergelyk word, klink dit nie kor-
... wel die seker logies is, want as daar na die woordomskrywings
... rwys word, word dit gedoen in die taal wat verlang word en dit is alleenlik as 'n mens vergelykings tref dat jy die verskil in volgorde opmerk. Gelukkig dat die Artikel korrek aangedui word en 'n mens moet dan net die ander taal se ekwivalent opsoek wat in alfabetiese volgorde gerangskik is.

ERRATUM

Die omskrywing van die Wet ten opsigte van die woord „klas" is nie duidelik nie en behoort by 'n latere geleentheid meer breedvoerig omskryf te word. Daar kan byvoorbeeld genoem word watter variteit van daardie produk beoog word en die kategorie van daardie produk meer doeltreffend bepaal, soos die grootte, gewig, voorkoms, kleur of iets in dier voege. Ook kan die gebied of plek waar so 'n produk verpak, aangebied, verwerk of herklassifiseer word, genoem word, aangesien dit nêrens elders in die Wet genoem word nie.

Onder Artikel 28 van die Gekonsolideerde Wet 1968, word wel genoem hoe die samestelling van 'n beheerraad geskied, maar daar word nie genoem wat sou

107/..... gebeur

gebeur indien 'n lid van 'n beheerraad bedank, van sy amp onthef word, bankrot speel, 'n misdryf begaan of kranksinnig raak nie en hierdie besonderhede moet in een of later wysiging tot die Wet toegevoeg en volledig omskryf word.

Artikel 31 beskryf die Kworum wat benodig word op 'n vergadering om besluite krag te gee, maar daar mag wettige vakatures ontstaan wat nog nie gevul is nie en die meerderheid van lede teenwoordig, moet daar mag hê om besluite te neem. Geen sulke besluite moet dus ongeldig wees nie en hierdie feit sal ook mettertyd gewysig moet word.

Artikel 60 van die Hoofwet, bepaal die vasstelling van pryse van 'n beheerde produk en moet die Minister verbied dat daar nie vir minder as die vasgestelde tarief vervoer word nie, maar daar word nie uitsonderings genoem nie. Wat omtrent die Koöperasies wat ingevolge sy regulasies, lede se produkte vervoer, ten einde koste te besnoei?

Dit blyk ook dat die opskrif van deel 4 van die 1968 Wet „Regulasies", besmoontlik eenvoudiger en duideliker omskryf word deur die benaming na „Regulasies insake Bevoegdhede", te verander.

Die Minister het ook in sy Memorandum, onder die hoof „Beheerrade", verwys na Artikel 25 van die Hoofwet wat deur die woorde - „'n Skema moet voorsiening maak vir die instelling van 'n Raad, om 'n skema uit te voer", begin, maar wat later beter omskryf moet word.

Verder sal artikels 26 en 27 ook moontlik heeltemal verval.

Artikel 28 (3) sal ook moontlik gewysig moet word deur die woorde - „Indien 'n ander produk deur 'n wysiging van 'n skema in die plek gestel word van, of bygevoeg word by die produk waarop die skema betrekking het," en die wysiging nie voorsiening maak vir die her-samestelling of 'n gevolglike wysiging van die samestelling van die Raad nie -

(a) word die lede, wat die persone verteenwoordig wat laasgenoemde produk produseer, by die toepassing van hierdie Artikel, geag ook die persoon te verteenwoordig wat sodanige ander produk produseer;

(b) word 'n klas van persoon of verbruiker, wat ingevolge sub-artikel (1) bepaal is, met betrekking tot die in paragraaf (a) bedoelde laasgenoemde produk, by die gemelde toepassing geag, aldus bepaal te wees, ook met die betrekking tot sodanige ander produk;

108/..... (c) word

(c) word 'n lid wat aldus bepaalde klas van persoon of verbruiker verteenwoordig by gemelde toepassing geag ook die ooreenstemmende klas van persone of verbruiker te verteenwoordig wat ingevolge paragraaf (b) geag word, met betrekking tot sodanige ander produk aldus bepaal te wees.

Artikel 34 (2), sovêr dit die aankoop, verhuur of verkoop van vaste eiendom van 'n Raad betref, sal ook ietwat gewysig word - in elk geval, die Minister se toestemming moet altyd verkry word, ingeval van enige vervreemding of aankope van vaste eiendom wat aan 'n Raad behoort.

Dit word dus aanvaar en soos elders in hierdie proefskrif genoem, dat die Bemarkingswet van tyd tot tyd nog veranderings, soos bewoording, weglaat van woorde, ens. sal moet ondergaan, soos dit sedert 1937 die geval was en selfs na die jongste Gekonsolideerde Wet in 1968, geopenbaar is.

Vir die doel van hierdie verhaling, blyk dit dus nie nodig om in detail op die doelstellings van die Bemarkingswet in te gaan nie, maar slegs om op sekere ooglopende veranderings te let en op te som. Alle veranderings en wysigings was slegs om by heersende omstandighede aan te pas.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Hansard - 18.4.69.
2) Memorandum Minister van Landbou - Maart 1969.
3) Bemarkingswet No. 59 van 1968.
4) Bemarkingswet No. 26 van 1937.

109/..... HOOFSTUK 6

# HOOFSTUK 6

## OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING

1. 'n Belangrike mylpaal in die landbou-geskiedenis van Suid-Afrika, was die aanname van die Bemarkingswet van 1937. Dit het produkte en die bemarking van landbouprodukte deur middel van die Bemarkingsrade, in wie die belange van primêre produsente en verbruikers verteenwoordig is, gereguleer. Gradering en standaardisering van sulke produkte was die taak van die Nasionale Bemarkingsraad, wie die Minister van Landbou in verband met pryse en verkope adviseer. 'n Aantal Beheerrade is in die lewe geroep en hulle eerste en belangrike taak was om pryse van tyd tot tyd vas te stel.

Verskillende Rade het produkte soos, tabak, mielies, koring, droëvrugte, sitrus, lewende hawe, vleis, wol en ander produkte beheer.

Die Bemarkingswet het aan die landbou-industrie 'n stabiliteit verleen wat hy nooit vantevore geniet het nie. Die produsent het ten minste daardie versekering bekom, wat hy voorheen nie gehad het nie, terwyl die verbruiker oor die algemeen, 'n regverdige prys sou moes betaal.

Die Bemarkingswet was die Magna Charta van 'n gesonde landboubedryf, ofskoon dit beteken dat die Regering soms tussenbeide moes tree om wedersydse beskerming te verleen - maar hierdie verskynsel van inmenging was 'n teken van die tyd en moes as 'n onoorkomelike noodsaaklikheid beskou word.

2. Ten spyte van die feit dat daar feitlik by elke Volksraadsitting een of ander wysiging voorgestel en aanvaar sou word, kan nie beskou word dat die Bemarkingswet volmaak sou wees nie. Die feit dat die Minister van Landbou gedurig in voeling bly met die produsent en die verbruiker en daar gedurig vertoë deur een of ander instansie gerig word vir verbetering, kan dit nie uitgesluit word dat verdere wysigings nie ervaar sal word nie. Tegniese verskilpunte sal maar gedurig opduik - selfs bewoording van sekere artikels kan voorkom - soms verander dit glad nie die bepalings van die Wet nie, maar slegs om duidelikheid te verkry - hierin kom die menslike element na vòre - maar die feit staan soos 'n paal bo water dat daar nooit aan die beginsels van die Wet getorring word nie. Een en almal, hetsy verbruikers, produsente of Wetboekopstellers, is dit roerend eens dat indien daar geen beheer

of beperkings sou wees nie, dit op chaos sou afstuur. Dit is in elk geval 'n voldonge feit dat alleenlik deur skemas op die proef te stel en te toets, tot die slotsom gekom kan word of daar sukses mee behaal kan word.

3. Die Afrikaanse Handel het gedurende die afgelope jare sterk na vore gekom en vorm 'n integrale deel van die landbou-ekonomie op 'n hoë en eerbare vlak en daarom moet hy voortgaan om belangstelling te toon in die bemarking van landbouprodukte. Elke land het egter sy eie probleme en die toepassing van wette verskil. Die toepassing van die Suid-Afrikaanse Bemarkingswet deur die Beheerrade, om te verseker dat die produsent se onderhandelingsvermoë versterk word en hy altyd 'n afset vir sy produkte sal hê, teen bestendige pryse, moet meer toegespits wees op navorsing van bemarkingsmoontlikhede, hier en oorsee, in samewerking met alle handelsgroepe. Voorligting en aanmoediging aan die handel as geheel, beleidsadvies aan die Regering oor die bemarking van landbouprodukte, die voorkoming van bemarkingskanalisering van lewensnoodsaaklike produkte en die skepping van groter onderlinge vertroue tussen produsent, handelaar en verbruiker, as die drie noodsaaklike skakels in die ekonomiese huishouding van ons volk, sal ordelike en bestendige bemarkingsmoontlikhede verseker.

4. <u>HEFFINGS</u> (ART. 41, 42, 43 EN 44)

Beheerrade wat sekere produkte beheer, stel heffings in ten einde hulle in staat te stel om fondse te bekom om 'n skema onder die Bemarkingswet uit te voer, maar daar is nog onbeheerde produkte soos groente, tamaties, ertjies en bone, wat op 'n gesonde en gekontroleerde basis geplaas moet word.

Dit wil blyk asof hierdie onbeheerde produkte hulle teen probleme vasloop byvoorbeeld met surplusse, waarvoor daar 'n afset gereël moet word - vandaar die wenslikheid om heffings ook hier in te vorder. Gewoonweg is die produksie omvang van hierdie produkte, alhoewel vir die produsente daarvan van belang, nie so groot dat dit addisionele uitgawe vir die instelling van 'n Beheerraad regverdig nie. Die idee van 'n heffing kan vergelyk word met die heffing op wol, wat na 'n stabilisasiefonds oorgedra word om te help om die mark te stut as dit nie die reserweprys behaal nie - hierdie produk is nie juis bederfbaar nie en kan opgeberg word tot tyd en wyl markpryse verbeter en dan aangebied word. Die S.A. Wolkommissie wat hierdie saak beheer en sedert 1960 fungeer, slaag in sy doel om reserwes op te bou, ingeval van dalings in die wolmark en die produsente te verseker van 'n gemiddelde prys regdeur 'n seisoen.

111/..... Bederfbare

Bederfbare produkte wat op die munisipale markte aangebied word, skep 'n groot probleem, veral as daar nie genoegsame geriewe bestaan nie. Sommige markte in ons groot stede het wel sulke geriewe, maar kopers is nogal kieskeurig wat betref die gehalte van groente, ensovoorts. As daar byvoorbeeld 'n heffing op sulke produkte gehef word, sal dit beteken dat een of ander mark nie oorlaai word nie en kan die Departement van Landbou-Ekonomie en Markte, produsente aanraai om die betrokke produkte meer eweredig te versprei, om sodoende te verhoed dat 'n sekere mark oorlaai word. Dit word aanvaar dat produsente gewoonlik, om vervoerkoste te besnoei, van die naaste mark gebruik maak om hulle produkte te bemark. Om dus te verwag dat boere bederfbare produkte oor die lengte en breedte van ons land stuur, waar daar tekorte is, lyk gesond en ook uitvoerbaar, maar alle bederfbare produkte bly nie ewelank vars nie. As daar nou byvoorbeeld 'n heffing soos in die geval van aartappels gehef word, is daar meer kans dat die Departement van Landbou-Ekonomie en Markte met vragmotors die oortollige produkte van die groot stede se markte, gou na die binneland vervoer en kan die opgelegde heffing alle kostes dek.

Dit word sterk deur groente produsente gevoel dat daar 'n skema ingestel moet word vir die bemarking van hulle produkte, omdat daar geen koördinasie tussen produsente is nie. Hier word veral aan tamaties, groenbone en ertjies gedink. As daar dus ook hier 'n heffing gehef word, sodat produsente wat enerse belange het, te organiseer en sodoende 'n fonds hieruit op te bou, kan dan 'n organisasie opgebou word wat die bedryf op 'n meer vaste grondslag plaas. Die daarstelling van 'n Raad vir genoemde kommoditeite, sal beplan moet word en die Minister in medewerking met produsente, asook Munisipale markte, planne sal moet beraam om alle aspekte van die aangeleentheid te beplan en organiseer. Daar moet deeglike raadpleging geskied en die Minister sal die produsente in die saak moet ken en nie 'n skema af forseer nie - veral soos voorheen gestel, dat produsente nie daarvan hou dat daar iets op hulle afgeforseer word nie, al verlang hulle ook een of ander skema. Wette kan dus gemaak word om die verskillende probleme wat van tyd tot tyd mag ontstaan, veral in hierdie ongeorganiseerde gemeenskap, wat dikwels uit klein groepe bestaan die hoof te bied.

Bemarkingsprobleme bestaan basies uit surplusse en tekorte en 'n ander probleem wat ons in die gesig staar, is om produsente van die verskillende bederfbare produkte te laat besef dat hulle moet saamstaan teneinde ordelike bemarking te verkry.

112/..... Een

Een van die basiese probleme in ons landbou is dat daar omtrent 90,000 boere is wat elkeen onafhanklik van die ander 'n lewensbestaan vir hom uit of van die grond moet ontwortel. In 'n groot mate is daar nie konkurrensie nie, maar dit is nogtans verbasend, onder hierdie omstandighede van bemarking, dat dit nog so goed gaan met baie van ons boere. Daarom is dit belangrik dat elkeen wat die belange van die boerdery op die hart dra, wetsontwerpe wat die boerdery belange raak, te bestudeer.

Na aanleiding van die daarstelling van 'n Raad vir die bemarking van bederfbare produkte, moet aanvaar word dat indien so 'n skema wel in beginsel aanvaar word, die werklike toepassing van 'n betrokke skema nie oornag sal kan geskied nie. Daar sal nog, om dit so te stel, baie water in die see moet loop voordat so 'n beheerde skema 'n werklikheid word - maar indien so 'n skema wel ingestel word, dit op 'n baie klein skaal moet geskied, sodat alle aspekte in die reine gebring kan word. Êrens moet tog 'n begin gemaak word en dalk kan die Munisipale agente wat op die markte die boere se belange behartig, hier voortgaan om sake te help beheer en desnoods, soos in die geval van aartappels, 'n heffing invorder en aan die beherende outoriteite oordra, om sodoende 'n fonds op te bou vir toekomstige benutting en wanneer 'n groot skema vir die bemarking van bederfbare produkte van stapel gestuur word. Dit word aanvaar dat indien die saak reg hanteer word, die betrokke produsente soos een man die skema en die betaling van 'n heffing sal ondersteun, aangesien dit sal blyk om in hulle belang te wees.

Die produksie van vars produkte, het een seisoen met 'n oorproduksie te kampe en die volgende met 'n geweldige tekort, as gevolg van weersomstandighede. Daar is ook die neiging onder produsente om as hulle sien dat die prys van 'n sekere produk die vorige seisoen hoog was, of as hulle agterkom dat die klimaatstoestande swak is, besluit om na aanleiding daarvan die een of ander produk aan te plant. Sommige boere spandeer groot bedrae geld om 'n spesifieke produk te lewer. Dit is uit die aard van die saak verkeerd, want sommige produkte vereis intensiewe bewerking en as hulle by bemarking daarvan kom, word gevind dat die mark oorlaai is. Partymaal kry ons met dieselfde verskynsel te doen wanneer daar tekorte is - dan word al die minderwaardige produkte, wat enigsins vir die mark aanvaarbaar is, bymekaar gemaak en benadeel dan so die produsente wat 'n goeie gehalte produk lewer en ten gevolg hê dat pryse daal. Daar moet dus 'n sekere mate van kontrole wees om hierdie verskynsel te onderdruk.

Indien daar 'n heffing op alle vars produkte gehef word en alle probleme in ag geneem word, moet 'n verandering verwelkom word, sodat die deur oopgelaat kan word vir 'n mate van organisasie vanaf Staatsweë, deur fondse daar te stel om beter beheer te kan uitoefen, ten einde ordelike bemarking van vars produkte te bekom. Dit blyk nie maklik te wees nie en dit sal heelwat samesprekings kos om nie eers te praat van oorredings om produsente te laat insien dat alle veranderings wat voorgestel word, in hulle eie belang is nie.

Die Minister sal dit in elk geval moet duidelik stel hoe hy dink 'n skema op 'n vrywillige basis gedoen kan word sonder om aansienlike onkoste aan te gaan. Teneinde sake te laat vlot, is dit dus noodsaaklik dat daar fondse moet wees, maar bo alle twyfel moet die Minister die produsente van varsprodukte, indien 'n Skema wenslik is, in die saak ken voordat daadwerklike stappe geneem word, maar die Skema moet goedkoper wees as 'n beheerraadskema. Sekere leemtes sal in enige wet van tyd tot tyd na vore gebring word en die kwelpunte en skaafplekke behoort deur verdere wetgewing uit die weg geruim te word.

Dit is ook al beweer dat die Departement van Landbou-Tegniesedienste die Skema van die bemarking van bederfbare produkte moet aanpak, maar ongelukkig beskik hierdie afdeling nie oor genoegsame personeel om die be-oogde Skema van stapel te stuur nie en dit wil dus voorkom asof die samewerking van die plaaslike owerhede, soos die Munisipaliteite wat die markte beheer, sal moet toepas en uitvoer.

Die Oos-Transvaalse laeveld produseer baie groente gedurende die wintermaande wanneer ander dele van Suid-Afrika, weens die weersomstandighede nie genoeg groente oplewer nie. Die verbruiker is dus grotendeels afhanklik van produkte wat die Oos-Transvaal gedurende die winter aan die groot markte in die land lewer.

5. Klousule 84 van die Hoofwet, moet ook mettertyd gewysig word sodat die Minister die reg kry om 'n heffing op te lê op produkte wat onbeheerd is. So 'n wysiging kan aansienlike toevoegings maak tot hierdie artikel. In die geval van hierdie produkte, waarvoor daar voorheen geen skema bestaan het nie, moet die Minister 'n heffing oplê. Hierdie wysiging kan 'n baie groot verandering maak; dit kan selfs ingrypend genoem word, maar die feit blyk duidelik te wees dat onbeheerde produkte 'n heffing moet dra, soos in ooreenstemming met Artikel 43 van die Hoofwet. Wetgewing om heffings te

114/..... plaas,

plaas, moet wetlik gedoen word, mits die Minister mag het om in terme van een of ander artikel as sulks op te tree. Daar bestaan nog nie 'n Vereniging van Produsente van Bederfbare Produkte nie en dit sal in die produsente se belang wees indien so 'n vereniging gestig word, sodat hulle 'n sê kan hê oor die beheer van hulle produk. Deur 'n heffing op te lê, sal daar propoganda, bekendstelling, promovering en bevordering van hulle produkte kan plaasvind. Wanneer surplusse verwyder moet word, is so 'n heffing nodig om onkoste daaraan verbonde te bestry.

6. Die Vleisraad byvoorbeeld, verlang verdere wetgewing om hulle bedryf te help. Met die moderne ontwikkeling van die vleisbedryf, die moderne bemarking daarvan en die veranderde omstandighede, sowel as die koopgewoontes van die publiek, het hierdie bedryf stadigaan in 'n rigting begin ontwikkel. Ons het 'n stelsel van veiling aan die haak in beheerde gebiede. Hier waarborg die Vleisraad aan die produsent 'n prys gebasseer op graad en gewig.

Om al die werksaamhede hieraan verbonde te verrig, het die Raad fondse nodig. Enersyds is daar die Stabilisasiefonds en andersyds Administrasiefondse, wat die Raad in staat stel om te fungeer. In die beheerde gebiede is daar dus 'n heffing op vee wat op die hoef daarheen gestuur word. Die heffing is ten opsigte van die karkas. Die hanteringsagente is verantwoordelik vir die oorbetaling van hierdie heffing aan die Raad. Hy trek dit gewoonlik van die rekening van die leweransier af en betaal dit dan oor aan die Vleisraad. Dit is die prosedure in die beheerde gebiede, maar ons is besig om die basis waarop die heffing bepaal word, te verander. Vleis kom vandag vanuit Rhodesië en Suidwes-Afrika en nie meer op die hoef nie, maar ook as karkasse en vleissnitte wat per veiling aangebied word. 'n Manier moet nou gevind word om ook op hierdie karkasse en vleissnitte 'n heffing te plaas, want aan die hantering daarvan is ook koste verbonde. Daarom moet die Vleisraad in staat gestel word om ook die hantering van hierdie vleis te onderneem. Daar is koste verbonde aan die hantering hiervan en dit sal onregverdig wees om hierdie koste op die persoon wat vleis op die hoef na die mark stuur, te plaas. Vandaar die mag wat aan die Vleisraad gegee word om ook 'n heffing hierop in te vorder. Uit hoofde van sy beheer oor die produk, kry die Vleisraad ook uit die onbeheerde gebiede 'n heffing, ten behoewe van die stabilisasie van die bedryf.

In die onbeheerde gebied moes hierdie heffing tot dusver ge-in word deur die eienaars van slagpale. Hulle was daarvoor verantwoordelik om dit in te

samel en oor te betaal aan die Raad, maar nou word gevind dat daar ook vanuit hierdie onbeheerde gebiede snitte en karkasse na die beheerde gebiede kom. Daar moet dus wetgewing kom sodat voorsiening gemaak kan word vir die invordering van 'n heffing op hierdie karkasse en snitte - sodat daar vanuit hierdie rigting 'n bydrae kom tot die stabilisasie van die bedryf. Tweedens, is daar 'n ander probleem en dit is, dat uitvoervleis nie gemerk word nie. Dit word nie gedoen vanweë handelsooreenkomste en vanweë die onaantreklikheid van die karkasse wanneer dit gemerk is nie. Wetgewing is dus nodig om voorsiening te maak dat daar op sodanige karkasse 'n heffing ge-in kan word.

7. In die geval van piesangs was daar 'n jarelange stryd onder die piesangboere, toe oorproduksie sy kop uitgesteek het en die pryse begin daal het, of toe die swakheid van 'n onbeheerde bemarkingstelsel na vore getree het. Die piesangboere het jare lank onderling verskil oor die wenslikheid van beheerde bemarking in hulle bedryf. Daar is vergaderings gehou en as daar iemand was wat welsprekend genoeg was om die boere te oortuig, het hulle almal toegestem om steun te verleen aan beheerde bemarking. Die probleem het verder ontstaan dat wanneer een of twee produsente voel dat hulle voordeel uit die chaos kan trek, word verdere vergaderings gereël en word alles afgetakel wat voorheen bereik is.

Die Minister van Landbou moet oorreed word om die piesangbedryf opnuut te laat ondersoek en sekere aangeleenthede in verband met die Piesangraad, deur wetgewing te laat wysig en veral die benoeming en aktiwiteite van lede van die Piesangraad in die reine bring. Dit blyk nou uiters noodsaaklik dat die Piesangraad, wat nou al vir ongeveer tien jaar in werking is, verouderd is en nie met die ontwikkeling van die bedryf tred hou nie. Die Transvaalse Landbou-Unie, veral sy Piesangkomitee en die Bemarkingsraad, behoort hier 'n groot bydrae te kan lewer, veral vanweë hulle ondervinding met die uitvoering van die skema, aangesien hulle die liggaam is wat die meeste klagtes opper en die skaafplekke behoort te kan uitstryk. Veral die beheer van siektes, soos aalwurm, behoort opgeknap te word omdat dit 'n gevaar inhou vir die voortbestaan van die piesangbedryf. Die Minister moet dus gesonde verstand aan die dag lê en kennis neem van alle ongerymdhede wat hand in hand met die bedryf gaan. Sodra verbeterings bereik word, sal dit weer die vertroue in die Piesangraad in ere herstel.

8. Al die Beheerrade wat onder die Bemarkingswet ingestel is, moet personeel aanhou om die hele probleem te bestudeer en om met die produsente te ska-

116/..... kel,

kel, ten einde hulle probleme te verneem. Vir hierdie personeel wat benodig word, baie maal deskundiges, moet die nodige fondse beskikbaar gestel word.

Dit is baie duidelik wat gebeur het in daardie jare van groot probleme wat bemarking betref. Die eerste Wet wat aangeneem is, was die een om die Suiwelnywerheid in 1930 te beheer. Toe het 'n Bemarkingswet nog nie bestaan waaronder sekere skemas ingestel kon word nie. Daarna het die ander wette gevolg - die Mielieraadswet, die Tabakreëlingswet en die Wet op Vee- en Vleisnywerhede. Hierdie wette het vanaf 1930 op die Wetboeke verskyn, omdat behoefte aan ordelike bemarking in die landbou al groter geword het. Die posisie was dat na die aanname van die Bemarkingswet vir sekere van hierdie reëlingskemas, wat deur die vorige wette op die Wetboek geplaas is, daar jaar na jaar met feitlik elke Volksraadsitting, opskortings aangevra moes word en dit blyk nou nie meer nodig dat wette in die geheel of gedeeltelik herroep moet word nie.

As daar na die Tabak- en Sitrusbedryf gekyk word, sal gevind word dat ten einde probleme van ordelike bemarking die hoof te bied, moes produsente klein begin en koöperasies stig. Daarna is landswyd georganiseer en dit het baie jare geneem voordat produsente so kon organiseer dat daar eindelik samewerking was. Die obsessie by party produsente dat enigiets wat van Staatsweë kom met agterdog te bejeen, moes die nek ingeslaan word. Selfs die dinge wat hulle verkry en nie voor aangevra het nie is skepties ontvang, hoewel dit in hulle eie belange was. Die feit dat sommige produsente vrywillig georganiseer het in verband met sekere kommoditeite, het vrugbare resultate opgelewer, maar hulle moes ook naderhand erken dat die produsente wat nog buite gestaan het, ordelike bemarking bemoeilik het, sodat daar voortdurend probleme opgeduik het. In die Sitrusbedryf behoort 85% van die produsente aan koöperasies en na laasgenoemde is die Sitrusbeurs daar gestel, wat landswye funksioneer en dit het die hele bemarkingsorganisasie opgebou. Maar nou het ons die posisie dat 10 - 15% produsente wat buitekant staan en wat nie meegehelp het aan die opbouing van die mark vir daardie produk nie en wat georganiseerde bemarking in die wiele probeer ry en terselfdertyd al die voordele wat hierdie koöperatiewe georganiseerde liggaam vir hulle teweeggebring het, wil benut, sonder om die nadele en die koste wat daarmee gepaard gaan, te aanvaar. Dit is daarom baie belangrik dat die deur oopgelaat word vir die Staat om middels daar te stel, sodat alle produsente verplig moet word om tot die kostes by te dra. Dieselfde wat in die Sitrusbedryf gebeur het, het in die Tabakbedryf gebeur en daarom het die Tabakreëlingswet gevolg, wat

nou herroep is en wat gesorg het vir ordelike bemarking nadat produsente hulself op 'n koöperatiewe basis georganiseer het.

9. Soos in Hansard dateer 18.4.1969 gestel, maak die Minister van Landbou-Tegniesedienste bekend dat hy 'n Memorandum vrygestel het, vanweë vertoë tot hom gerig, dat daar sekere verdere wysigings aan die Bemarkingswet be-oog word. Daar sou nie aan die beginsels van die Bemarkingswet van 1968 verander word nie, maar eerder verbeter sovêr dit die verskillende werkinge daarvan betref. Verder het die Minister ook bekend gemaak dat die beoogde Wetsontwerp 'n aantal uiteenlopende wysigings van die Gekonsolideerde Bemarkingswet van 1968 bevat en het hy vir die gerief van Volksraadslede die verskillende wysigings puntsgewys verduidelik en die verloop van sake, wat tot die Bemarkingswet van 1937 gelei het, geskets en omdat hierdie agtergrond reeds elders in hierdie verhaling behandel is, word dit nie hier herhaal nie.

Die Minister meld onder andere, dat Artikel 27 van die Hoofwet tans bepaal dat indien die Mielieskema sou ophou om betrekking te hê op kafferkoring, 'n ander Raad as die Mielieraad sodanige skema kan uitbrei. Die bepaling is oorspronklik in die Wet ingevoeg, na aanleiding van die aard van Artikel 1 (3), (f) en 8 (2) (d) in lyn met die voorgestelde herroeping, ook geskraap sal moet word. Met die skraping van hierdie artikels, veral die doel van Artikel 27, is daar geen rede waarom dit moet voortbestaan nie. Dit doen egter geen afbreuk aan die bestaande Wetsmasjienerie wat nodig sal wees vir die instelling van 'n afsonderlike Kafferkoringskrma, indien dit op 'n latere stadium besluit sou word dat die instelling van so 'n afsonderlike skema, geregverdig is nie.

10. Dit is opmerklik dat daar met elke wetgewing wat op die Wetboeke geplaas word, kritiek van alle kante kom, hoewel die kritici later daaraan gewoond raak. Alle wette, vanuit 'n menslike oogpunt beskou, is verreweg nie volmaak nie en die voor- en nadele kan alleenlik bepaal word, sodat al die aspekte opgeweeg en uitgetoets word. Hewige kritiek is teen die oorspronklike Bemarkingswet van 1937 geslinger en aanbevelings is links en regs uitgedeel. Dit is nogal opmerklik dat na die Gekonsolideerde Bemarkingswet deur die Volksraad geloods is, geen georganiseerde liggaam, soos byvoorbeeld die Kamers van Koophandel, of selfs die Afrikaanse Sakekamer, enige grootskaalse kritiek teen die Bemarkingswet ingebring het en hulle erken self, dat dinge gevorder het en tog nie daaraan gedink het om op die voor- en nadele van die nuwe Wet in te gaan nie.

118/..... Soos

Soos elders in hierdie hoofstuk gestel, sal daar nog van tyd tot tyd wysigings aangebring moet word om die Wet makliker toe te pas of in lyn te bering met huidige omstandighede, maar die feite is bewys dat die Bemarkingswet aan sy doel beantwoord om ordelike en beheerde bemarking in sekere noodsaaklike kommoditeite te bewerkstellig - hiervan is genoeg bewys, indien na die lys van sowat 25 Beheerrade verwys word wat tans in werking is.

11. Die Minister het ook bekend gemaak dat die Skema vir mielies, kafferkoring en bokwiet gewysig gaan word om aan die Mielieraad die bevoegdheid te verleen om 'n heffing te lê op 'n bepaalde klas of graad of kwaliteitstandaard mielies en kafferkoring asook mielie- en kafferkoringprodukte, terwyl 'n ander klas of graad of kwaliteitstandaard van sodanige heffing uitgesonder kan word. Hierdie bevoegdheid is nodig omdat die Raad nie heffings wil vorder op geringe hoeveelhede van hierdie produkte, wat as bestandeel van vervaardigde produkte uitgevoer word nie.

Die Melkskema moet ook gewysig word teneinde die Melkraad te magtig om varsmelkprodusente vir hulle melklewerings te vergoed op grondslag van die kwaliteit van die melk wat hulle ingevolge die Skema gelewer het - voorheen kon produsente slegs op 'n hoeveelheidsgrondslag vergoed word. Die Melkraad beoog aldus 'n proefneming om produsente te vergoed op grondslag van die protiën- en bottervetinhoud van melk.

'n Verdere wysiging wat beoog word, is die wysiging aan die Aartappelskema, teneinde die Aartappelraad te magtig om aartappels wat hy ter ondersteuning van produsentepryse aangekoop het en wat nie onmiddellik vir plaaslike verbruik en die Raad se uitvoerverpligtinge benodig word nie, van die mark te onthou. Die bevoegdheid moet ook aan die Raad verleen word om aartappelsakkies aan te koop teneinde hom in staat te stel om dit ondermeer vir die uitvoer van aartappels beskikbaar te stel. Die bepalings van die Aartappelskema aangaande die betaling van heffings, sal ook gewysig moet word, teneinde die Raad in staat te stel om landswyd 'n heffing op aartappelmoere te vorder. Hierdie wysigings is nodig omdat slegs 'n klein persentasie van die moerproduksie in die beheerde gebied waar die heffing op aartappels gevorder word, verkoop word.

Deel 1 van hierdie verhandeling het gegaan oor die agtergrond van die Bemarkingswet, met die koöperatiewestelsel as grondslag; hoe dit gevorder het tot die daarstelling van die Bemarkingswet van 1937; die werkinge daar-

van; die kritiek wat daarteen ingebring is; die gekonsolideerde Wet van 1968, om al die bestaande bylaewette ens. saam te vat, sonder om aan die beginsels te verander. Alhoewel daar melding gemaak word van 'n besondere Raad onder die Bemarkingswet, was dit slegs om die doelstellings en bepalings van die Wet te illustreer. Om al die Rade afsonderlik en in die fynste besonderhede te behandel, is nie die bedoeling van die besonderhede soos in die goedgekeurde studieplan uiteengesit nie; maar teneinde 'n sekere Raad of Skema breedvoerig te beskryf, sal daar in Deel II gepoog word om die Sybokhaarraad as 'n model te gebruik, teneinde te bepaal in hoeverre hy daarin slaag om die Bemarkingswet toe te pas.

## 12. OPSOMMING VAN HOOFPUNTE VAN DIE BEMARKINGSWET

Om op te som, kan hier gestel word dat die volgende faktore gelei het tot die aanname van die Bemarkingswet no. 26 van 1937 en soos gekonsolideer is in 1968:-

(1) (a) Die onvermoë van Koöperatieweverenigings en Maatskappye -

(i) om die bemarking van landbouprodukte op 'n gesonde basis te plaas; en

(ii) om pryse van landbouprodusente te stabiliseer.

Hierdie Verenigings het nie daarin geslaag om die groot aantal boere in koöperasies, met die doel om van 'n een-kanaal bemarkingstelsel teen beter pryse, te verenig nie.

(b) Die groot Depressie en droogte gedurende die dertigerjare, het boere swaar getref en aangesien landbou 'n lewensbelangrike industrie en Suid-Afrika se ekonomie is, moes drastiese maatreëls getref word om die landbou-industrie te habiliteer.

(2) Die doel van die Wet was om die ekonomiese posisie van die boere te verbeter deur:-

(a) 'n beter ordelike sisteem van bemarking deur middel van 'n hoër prysvlak te handhaaf;

(b) die kwaliteit van landbouprodukte deur beter gradering te verbeter;

(c) beter en stabiele pryse te verseker en dus die drastiese

prysskommelings, waarmee landbouprodukte onderhewig is, onder die wette van vraag en aanbod uit te skakel;

(d) bemarkingskoste deur sentrale verkope te verminder en om onekonomiese bemarkingspraktyke uit te skakel.

Teneinde die doel van die Bemarkingswet te bereik, het die Wet voorsiening gemaak vir die daarstelling van:-

A. 'n Nasionale Bemarkingsraad.

B. Bemarkingsbeheerrade vir die bemarking van spesifieke landbouprodukte.

C. Verbruikers-Advieskomitee.

A. Nasionale Bemarkingsraad se mees belangrikste funksies is om:

(a) Die Minister oor bemarkingskemas te adviseer; Beheerrade in te stel en sy werkinge te kontroleer en bemarkingsbeleid in die algemeen te bepaal;

(b) 'n Bemarkingskema vir 'n spesifieke landbouproduk op versoek van die Minister te ondersoek en daaroor te rapporteer;

(c) kontrole uit te oefen oor die bemarkingskema van 'n besondere produk wat in terme van die Wet ingestel is.

B. Bemarkings-Beheerrade:

Die instelling van Beheerrade geskied op aanbeveling van die Nasionale Bemarkingsraad, of op aandrang van produsente en verbruikers, waarna wetgewing geskied vir die daarstelling van 'n Beheerraad vir 'n spesifieke produk. Die Beheerrade se funksies en magte, onderhewig aan ministeriële goedkeuring, is soos volg:-

(a) Om heffings in te vorder ter bevordering van die belange van produsente en om navorsing te doen oor bemarking, verpakking, gradering, vervoer, verkoeling ens., van 'n produk.

(b) Om pryse van beheerde produkte vas te stel.

(c) Om toe te sien dat vervaardigers, handelaars en makelaars geregistreer word, sodat 'n meer effektiewe beheer oor die bemarking van die beheerde produk uitgeoefen kan word.

121/..... (d) Om

(d) Om poele van die produk te vorm. Dit beteken dat die Beheerraad self die hele oes, met behulp van aangestelde agente opkoop. Die produk word dan teen vasgestelde pryse verkoop en bring mee dat verkope deur die Beheerrade op 'n een-kanaalstelsel geskied. Waar produsente georganiseer is onder Koöperatiewe Verenigings, word die Koöperasie as agent van die Beheerraad aangestel.

(c) Om produksie te beheer. 'n Beheerraad mag die aanplanting van 'n kommoditeit beperk deur 'n kwota aan elke produsent toe te staan. Wynboere word byvoorbeeld toegelaat om net soveel wingerdstokke aan te plant soos die K.W.V. voorskryf. So ook word die aanplant van suiker beperk deur die toekenning van kwotas. Die oogmerk van die kwotastelsel is ingestel met die hoofdoel om oor-produksie te bekamp.

Ons sien dus dat die instelling van Beheerrade 'n verreikende maatreël is wat kan wegdoen met die vrye bemarkingstelsel, waardeur pryse gepen word onder wette van aanvraag en aanbod. Elke Beheerraad is deur wetgewing ingestel en word soveel magte toegestaan as wat nodig sal wees om bemarking van die betrokke produk op 'n gesonde basis te plaas.

Die magte en funksies van die verskillende Beheerrade verskil grotendeels - die Mielieraad oefen 'n monopolie uit deur die hele mielie-oes met die Minister se toestemming in te koop en te verkoop. Aan die anderkant weer, stel die Tabakraad alleenlik persone of instansies aan wat tabak bemark en hulle stel self die pryse vas. 'n Derde groep van wie die Eierraad 'n voorbeeld is, het alleenlik 'n toesighoudende funksie maar stel self pryse vas.

C. <u>Verbruikers-Advieskomitees</u>:

Die Advieskomitee fungeer as 'n komitee om die Minister van raad te bedien. Onder die Bemarkingswet vervul hy 'n belangrike rol deurdat hy vertoë tot die Minister rig, rakende die belange van die verbruikers. Hierdie liggaam word ook gereeld deur die Bemarkingsraad genader sover dit die belange van die verbruiker raak.

---

122/..... <u>Bron van Inligting</u>

BRON VAN INLIGTING:


1) Georganiseerde Landbou.
2) Wolboer.
3) Hansard 18.4.1969.
4) Bemarkingswet No. 26 van 1937.
5) Bemarkingswet No. 59 van 1968.
6) Landbouweekblaaie.
7) Farmers Weekly.
8) Jaarverslae: Landbou-Ekonomie en Bemarking.

--------

# DEEL II

## SYBOKHAARRAAD

DIE WERKINGE VAN DIE SYBOKHAARRAAD, KRAGTENS DIE BEMARKINGSWET NO. 59 VAN 1968 VIR DIE REëL VAN DIE BEMARKING VAN SYBOKHAAR EN VIR AANGELEENTHEDE IN VERBAND DAARMEE.



# H O O F S T U K I

## INLEIDING EN GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND VAN DIE BOKHAARBEDRYF

Ten einde die geskiedkundige agtergrond van die bokhaarbedryf in die algemeen te bepaal, is dit wenslik om die produksie daarvan te skets soos dit in verskillende lande beoefen word; hoe die bedryf in Suid-Afrika gevorder het; asook die moeilikhede wat ondervind is en ook hoe die bedryf in Suid-Afrika pos gevat het.

Die Engelse woord „mohair", is verkry van die Arabiese woord „mukhayyar". Daar is geen direkte vertaling na Afrikaans nie maar ons het 'n eie benaming naamlik „sybokhaar" en in Engels „mohair".

Die vag van die Angorabok word vir verskeie tekstielbedrywighede verwerk en is al vir bykans 5,000 jaar bekend. Dit is uit die skrif vir die eerstemaal bekend geword dat toe die Israelite uit Egipte getrek het, hulle van die bokke met sy fyn vag saamgeneem het. Later verneem ons van die afskortings in die Tabernakel wat van die vesel van die sybok geweef is.

1. TURKYE:

Terwyl Sentraal Asië bekend gestaan het as die oorspronklike tuiste van die Angorabok, is die besgeteelde bokke die afgelope paar eeue gekonsentreer in die Provinsie van Angora in Turkye. Teneinde te verseker dat die bedryf tuisgehou word, het die Sultan 'n verbod geplaas op die uitvoer van bokhaar sowel as die bokke. In 1820 het die Sultan egter die verbod, wat betref die uitvoer van bokhaar, opgehef sodat tuisgespinde vesel na Brittanje, Holland en Frankryk uitgevoer is. Daar was dus 'n toenemende aanvraag na bokhaar en assulks het die bedryf in Turkye met rasse skrede gevorder. In 1839 is die produksie van bokhaar opgestoot na byna een miljoen pond en hierdie opbrengs is feitlik geheel-en-al deur Brittanje opgeneem. Die uitbreiding van die bedryf in Turkye het ook meegebring dat die Anatolia plato-area, wat bestaan het uit Kütahya in die Weste, Yozgat in die Ooste, Kastomonu in die

Noorde, en Konya in die Suide meer bokke kon dra. Die land lê tussen 2,500 en 3,500 voet bo seespieël en die plantegroei aldaar, wat gunstig vergelyk met die karoobossie, was bevorderlik vir die aanteel van die Angoras. Die Middelandse klimaat was warm in die somer en koud in die winter sodat die vee gekraal en gevoer moes word veral as sneeu die weiding bedek het. Tenspyte van die klimaat, was die gehalte van die bokhaar tog fyn. Feitlik elkeen in Turkye het Angoras aangehou en 'n redelike bestaan is dus gevoer, ofskoon hierdie verskynsel van verspreiding van kuddes die ordelike bemarking van sybokhaar benadeel het, deurdat daar geen georganiseerde afset kanale was nie. Die verskillende kopers se agente het dus altyd gepoog om die bokhaar teen die goedkoopste moontlike prys aan te koop. Dit het geblyk dat daar geen kwekersvereniging of bond bestaan nie en vanweë die finansiële posisie van die kleinboere, is dit te betwyfel of hulle, mits dit van die regeringsowerhede kom, so 'n beheer kon aanpak. Die meeste van die bokhaar word nie soos in ander lande, per publieke veiling verkoop nie en die haar is nooit op die plase of hoewes in sy regmatige tipes gesorteer nie - hierdie funksie is vervul deur die koper, voordat dit vir uitvoer verskeep word. Dit word deur die Turkse Regering toegelaat en hierdie standardisering van die verskillende tipes word deur hulle aanvaar soos in 'n Proklamasie in 1940 bepaal wanneer die verskepings geinspekteer word. Omdat die Turkse Regering en sy Departement van Landbou die behoud van die bedryf voorstaan, word daar nou veel gedoen ten opsigte van navorsing ensovoorts. Al word Turkye as die oorsprong van die Angora beskou, besef hulle dat ander lande wat met die Angora boer, hulle vêr voor is en daar bestaan selfs sprake dat Turkye op sy beurt van die lande opreggeteelde Angoras sal invoer om die gehalte van sy kuddes te verbeter.

## 2. VERENIGDE STATE VAN AMERIKA:

Die Angorabok is in 1849 vir die eerste maal in Amerika ingebring en in die Staat Georgia gevestig. Vanaf die navorsingsplase, het die Angora regdeur die state versprei, maar die Burgeroorlog het ten gevolg gehad dat die groot kuddes feitlik uitgewis is. Daar is toe later weer 'n begin gemaak met die uitbouing van kuddes en nou word dit meestal gevind in Texas wat 95% van die skeersel beheer, asook California, Arizona, Nu-Meksiko, Oregon en Utah. Teen die einde van die eeu het die Angora fluks aangewas en in 1930 was daar 4.5 miljoen. Vir een of ander rede het die aanwins afgeneem en is daar vandag maar sowat 4 miljoen sybokke.

125/..... Die

Die klimaattoestande in die Suid-Wes van die Verenigde State, veral die Edwardsplato in Texas is veral geskik vir die aanhou van Angoras. Die somers is warm en die winters, net soos in Turkye, is koud en die weivelde bedek met sneeu, sodat die vee ook gereeld gevoer moet word. Die weiding in hierdie dele is grasryk en die klein bossies, soos in Suid-Afrika, is bevorderlik vir die Angora.

Soos op ander gebiede, doen die Amerikaners alles op 'n groot en ordelike skaal en sien dus toe dat daar klem gelê word op die gehalte van die haar wat gekweek word en om dit te bewerkstellig, is in 1924 'n aantal ramme vir stoetdoeleindes uit Suid-Afrika ingevoer, terwyl Suid-Afrika ook al by geleenthede bokke van Amerika af ingevoer het.

3. ANDER LANDE:

Baie lande het al gepoog om 'n begin te maak met Angorabok-boerdery, maar diè lande se klimaat - toestande was van so 'n aard dat dit nie suksesvol was nie. Hier veral word gedink aan lande soos Argentinië, Rusland, Iran, Chile, Mexiko en selfs Australië, maar die opbrengste is te nominaal om enige effek op kompetisie uit te oefen.

4. SUID-AFRIKA:

Die ontstaan en vooruitgang van die Angorabok in Suid-Afrika was fenominaal en dit is paslik vir die uitbreiding van hierdie proefskrif om te bepaal in hoeverre daarin geslaag is om welslae van die bokhaarbedryf te behaal.

Kolonel Henderson, bewus van die moontlikhede wat die Angora inhou, het in 1838 daarin geslaag om 12 Angoraramme en een ooi vanaf Turkye in Suid-Afrika in te voer. Op pad na Suid-Afrika het die ooi gelam en gelukkig aan 'n ramlammetjie geboorte gegee - gelukkig, want dit het geblyk dat die 12 ramme mee gepeuter is sodat hulle nie in staat was om vir aanteel gebruik te word nie. Die rammetjie kan met reg die stamvader van die Angorabedryf in hierdie land beskou word. Die ram is na die Caledon distrik vervoer, waar hy met sy nakomelinge gepaar is met die ou boerbokgemeenskap. Die bedoeling van die ou pioneer Kol. Henderson was dat die Angora met die Boerbok gekruis word om sodoende te verseker dat gekruisde boerbok se vleis van 'n beter gehalte sou wees en daardeur ook die gevreesde skurfsiekte te bekamp. Die proefneming met die kruisteling was geslaagd en dit het meegebring dat boere van Graaff-Reinet en Swellendam oor mekaar geval het om van hierdie kruisings te bekom.

126/..... Verder

Verder is inteelt toegepas ten einde ramme vir aanteeldoeleindes te bekom, maar omdat dit nie die oorspronklike doel was om die vag self aandag te gee nie, is hierdie sy van die bedryf egter verwaarloos.

Die ramlammetjie wat dus die land ingekom het, het die Sybokraad in sy eerste jaarverslag genoop om die volgende bewering te maak -

„dat daar geen vermoede bestaan het, van die geweldige ontwikkeling van 'n nywerheid wat op so 'n romantiese wyse begin het nie".

Die Brit, Sir Titus Salt, wat een van die pioneers van die sybokhaartekstielbedryf was, het groot moontlikhede gesien vir die uitbouing van bokhaar in Suid-Afrika en het 'n sekere Sir Henry White en F. W. Reitz van die Swellendam Landbougenootskap 'n aantal opreggeteelde Angoras na Suid-Afrika gebring, sodat daar in 1857 'n klein verskepinkie sybokhaar vir die waarde van R20, uitgevoer is. Hierdie geskiedkundige gebeurtenis het die verbeelding van plaaslike handelaars aangegryp en hulle het die potensiële waarde raakgesien van 'n veselbedryf wat tot die Bybel se tyd terugdateer. Na aanleiding hiervan het 'n sekere mnr. Mosenthal van Port Elizabeth in 1857, dertig Angoras vanaf Turkye ingevoer en hiervan is tien ramme en vier ooie na Graaff-Reinet gestuur. Hierna tot 1868, is nog bokke ingevoer om die kuddes in die land aan te vul, maar die getal wat aldus ingevoer is, het in totaal nie 100 oorskry nie.

Moontlikhede van verdere invoer het aan die lig gekom en in 1869 het menere A. C. Stewart en Kie., 'n groter aantal bokke ingevoer en in 1879, het 'n sekere mnr. J. B. Evans gevolg met 'n baie belangrike invoer van opreggeteelde fynhaar Angoras. Die behoefte is gevoel om die land se kuddes, so ver dit opreggeteelde Angoras betref, verder aan te vul en in 1880 is 60 opreggeteelde ramme deur menere H. David & Kie van Somerset-Oos ingevoer. Hierdie besending was weereens van die fynhaar tipes wat destyds volop was in die beroemde Bey Pezari-stoetery in die weste van Turkye - hierdie stoetery was bekend vir sy suiwer geteelde bokke wat nie gemeng is met die destydse bekende Kurdiese bokke nie.

In 1880 het die Sultan van Turkye verdere uitvoere van Angoras belet, maar tog het daar nog ramme die land binnegekom tot ongeveer 1904, toe die laaste klompie van vier ingevoer is. Nietemin, het al hierdie invoere van opreggeteelde bokke daartoe bygedra om die sybokhaarbedryf op 'n gesonde basis te plaas en meeste van die bekende stoeterye in ons land het voortgegaan om

selektief te teel en uit te brei sodat daar sover bekend is, in 1870 ongeveer 500,000 bokke in die land was - in 1912 was die getal ongeveer vier miljoen bokke, met 'n produksie van om en by die 20,000,000 pond bokhaar wat 'n bewys was dat die bedryf gekom het om te bly.

Die bedryf het hoewel die aantalle aangewas het, nie sonder teenspoed gepaard gegaan nie, want in 1880 het 'n longsiekte duisende diere aangetas en gevolglik gevrek het. Die Suid-Afrikaanse Hoof-veearts, dr. Hutchinson, het egter streng maatreëls ingestel om die siekte te bekamp en die hoof te bied. Die verskillende maatreëls en inspuitings het die siekte gestuit, maar die kuddes is aansienlik verminder, juis op 'n punt toe die bedryf groot hoogtes bereik het en het dit meegebring dat daar feitlik van vooraf beplan en geteel moes word. Binne afsienbare tyd is met selektiewe teling en gradering, het die getal bokke geleidelik gestyg, sodat Angoras wyd versprei is oor die vier provinsies en dit is bekend dat daar in Natal byna 120,000, in Transvaal byna 270,000, in die Vrystaat byna 500,000 Angorabokke was, terwyl die Oos-Kaap die grootste getal van etlike miljoene besit het.

As 'n groot hawestad, wat die uitvoere van wol hanteer het, het Port Elizabeth feitlik ook al die bokhaar wat in Suiderlike-Afrika geproduseer is, hanteer asook miljoene ponde bokhaar uit Basoetoeland (Lesotho, soos dit nou bekend staan).

Alhoewel daar 'n bloeityd in die bokhaarbedryf was, het kwekers besef dat die bedryf op 'n gesonde basis moes plaasvind en bowenal, dat hulle 'n sê moes hê in die uitvoering van beleid wat hulle direk geraak het. So het dit gekom dat daar in 1896 besluit is om 'n Sybokhaar-kwekersvereniging in die lewe te roep, maar ongelukkig was hierdie poging as gevolg van meningsverskille oor die bemarking van sybokhaar op 'n geklaste basis, nie blywend nie en het dit daar in die jaar 1904 in onbruik verval en is dit ontbind.

Teenoor die pogings destyds met betrekking tot die Sybokhaar-kwekersvereniging, het ons die geval van die Sybokhaar-produsente wat 'n Angorabok-Stoettelersvereniging vir die bevordering van hulle belange, in die lewe geroep het. Hierdie betrokke vereniging het daarin geslaag om die produsente se belange te behartig en verteenwoordiging daarop was goed verspreid en die land se belange altyd op die voorgrond geplaas, met die gevolg dat na verloop van baie jare, daar nog steeds so 'n sterk vereniging bestaan wat op 'n gesonde basis gegrondves is.

128/..... Soos

Soos in alle landbou-projekte, kom daar 'n bloeityd en in die geval van Sybokhaar het dit sy merk gemaak in die geval van die tekstielbedryf toe dit die aanvraag kon bevredig ten opsigte van goedkoper mans- en damesklere, asook bekleedsels vir huise, teaters en treine. Bevordering is dus op hierdie kommoditeite toegespits, veral omdat die vraag bevredig het.

Ten spyte van oplewing en bloeityd het daar 'n tyd, net soos met die gevreesde longsiekte gekom, waar dinge nie na wense verloop het nie. Dit was tewyte aan omstandighede buite beheer, soos gedurende die Eerste Wêreldoorlog toe probleme ondervind is met betrekking tot verskeping. Boonop nog is die nasleep van die depressie en twee rampspoedige droogtes wat Suid-Afrika geteister het, gevoel sodat die Angorakuddes geweldig verminder het en 'n sterk daling in sybokpryse meegehelp het om sake nog te vererger - hierteenoor kan genoem word dat die bok-getalle wat vroeër so hoog was, feitlik met die helfte verminder is. In normale tye, waar pryse wat behaal was hoog is, sou so 'n onbeheerde teenslag definitief sterk gevoel word. Hierna het 'n opflikkering gekom in die prys van Sybokhaar en toe almal meen hulle kop is deur, tref verdere rampe Suid-Afrika. Die Groot Depressie en die Groot Droogte van 1933, het pryse weer laat daal tot drie sent per pond en boonop, soos in die Eerste Depressie en droogte jaar, het die veestapel in die geval van Sybokke veral, weer gekrimp na ongeveer een miljoen. Vir diegene wat geglo het in die sybok, het dit verdere opofferinge beteken, maar die wil om tenspyte van teenslae weer feitlik van vooraf te begin, was sterk. Pryse het nog steeds gedaal totdat daar geen verkoopwaarde was nie en het die boere die Regering gesoebat om hulle bokhaar op te koop. Die droogtes en siektes het nog duisende bokke laat vrek, terwyl nog duisende hulle weg na die slagpale gevind het. Al hierdie teenslae was genoeg om almal se moed te breek, maar die doodslag het gekom toe daar beweer is dat die Angorabok meewerk om gronderosie te bewerkstellig. Ten einde raad het die Regering wat meegehelp het om die sybokhaar uit te bou en te bestendig, boere „oorreed" om van hul Angoras ontslae te raak. Al die ideale wat vir die bokhaarbedryf gekoester is, het eensklaps in duie gestort met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en dit is besef dat die bedryf, wat met tye onder groot opofferings en volharding op die been gehou is, aan die wankel is en sou uitsterf al was daar nog sowat 650,000 bokke in die land oor.

Daar was nog etlike stoere aanhangers van die sybok soos die Cawoods, Ferreiras, Fitzhenrys, Hobsons, Moolmans, Nashe, Outrams en Strydoms van die

129/..... distrikte

distrikte Jansenville, Steytlerville en Somerset-Oos, wat net nie kon glo of wou glo dat daar geen toekoms vir die Sybok in die tekstielbedryf was nie en om hulle bokke teen 25 sent te moes verkoop, was daar geen sprake nie. Soos ware Voortrekkers en Pioniers, het hulle vasgebyt en aan die oorblyfsels van hul kuddes vasgeklou asof hul lewe daarvan afhang. Soos verwag kon word, was daar nog volbloed sybokke en uit hierdie kuddes het hulle voortgegaan om hulle stoeterye weer op te bou. Die Sybokhaarraad het in sy eerste jaarlikse verslag gesê dat hierdie boere „verseg het om hul Angoras te verkoop; hulle het geweier om te glo dat die Angorabok nie 'n bydrae gemaak en kon maak tot die behoorlike benutting van weiding in 'n streek waar bosindringing skaapboerdery kon bemoeilik nie". Die sybok het onder die genoemde boere se leiding dus voortgegaan om die ruigte bosse te bewei waar geen skaap ooit vanweë die geaardheid van die weiding, kon wei nie, te benut.

Soveel vordering is in hierdie tye gemaak, dat sybokboere kans gesien het om in 1941 'n Suid-Afrikaanse Sybokhaar-Kwekersvereniging te herstig om te veg vir die erkenning van hulle bedryf - vir beter mebarking, vir biologiese- en tekstielnavorsing ter bevordering van hulle vesel. Die sybokboere was nie alleen in hul stryd nie, want hulle het bondgenote gevind in die Makelaars en Kopers van Port Elizabeth. Met hierdie „verenigde front", het hulle die Regering oortuig dat die Sybokhaarbedryf nie 'n natuurlike dood sou sterf nie, maar bestem was om weereens 'n regmatige en belangrike rol te speel in die ekonomie en welvaat van die land. Bowendien sou die Oostelike Provinsie en Grens met sy twee uitvoerhawens, weereens bedrywig wees met die uitvoer van bokhaar soos in die tye toe die vesel baie aandag geniet het. Dit kan met reg gekonstateer word dat die bokhaarbedryf as't ware uit die ashoop verrys het en 'n optimistiese toekoms was in die vooruitsig en kon dit later weer verrys as die bedryf wat aanvanklik daarvan verwag is.

In 1947 is 'n Regeringskommissie van Ondersoek aangestel nadat sybokkwekers daarop aangedring het. Hierdie Kommissie is gelas om die hele bedryf te ondersoek en aanbevelings te maak. Die verslag van die Kommissie was nie juis rooskleurig nie, tog was die Kommissie van mening dat die streke waar die sybok pos gevat het, geskik was vir die voortbouing van die bedryf en dat hulp deur owerheidsweë verleen moes word en dat teneinde fondse op te bou, 'n Uitvoerinspeksieheffing gehef word en ook dat die bemarking van die sybokhaar op 'n gesonde basis geplaas word. 'n Sybok-Adviesraad bestaande uit produsentelede, die Handel en die Departement van Landbou, asook 'n verteen-

woordiger van die Basoetolandse Administrasie, is voorgestel om die Minister te adviseer veral met die oog op die besteding van die ingevorderde fondse.

Nou het bokhaar-produsente se hoop weer opgevlam omdat die staat weer sou hand bysit.

Gedurende 1950 is Regulasies deur die Departement van Landbou afgekondig om klassering van bokhaar in werking te stel; om 'n heffing in te stel; maar bowenal, om die Adviesraad, soos deur die Kommissie van Ondersoek aanbeveel, in die lewe te roep en dit 'n werklikheid te maak. (Die Sybokhaar-Adviesraad en sy werksaamhede sal in Hoofstuk 2 van hierdie verhandeling behandel word).

Etlike fabrikante in Brittanje het, tenspyte van die teenslae van die Sybokhaarbedryf, 'n onwrikbare vertroue bly hou in sybokhaar en altyd daarna gestreef om 'n afset te verkry vir hul verwerkte artikels soos klerasie, gordyne, komberse, ens. In 1950 het die sybokmateriale vanweë sy voorkoms van glans, kleur en warmte, terreine betree wat ongeëwenaard in die tekstielbedryf was. Tot so 'n mate het die tekstiekbedryf van Sybokhaar gevorder, dat selfs lande soos Suid-Afrika, Amerika en Turkye nie kon voorbly by die voorsiening van die sybokhaar nie. Pryse het die hoogtes ingeskiet en wonderbaarlik steeds opwaarts geneig. Die ongelowige Thomasse het nou op hul neuse gekyk na die vorige lae pryse en soos verwag is, wou almal dus in die voordeel deel en was daar 'n stormloop om Angoras te bekom, met die gevolg dat sybokke weer hul verskyning gemaak het in dele van die land waar dit soos vroeër in hierdie hoofstuk uiteengesit is.

Die waarde van die sybokhaar is weereens besef en het die staat hulp verleen met bestryding van siektes onder die Angora; deskundige advies oor veldbeheer, teling ensovoorts. Bowenal is besef dat die Merino skaap en die Angora mekaar kon aanvul in sekere bebosde dele van die land. Hierdie aanbeveling moes al vroeër gekom het, maar dit het tog 'n heilsame uitwerking gehad in die toekoms, sodat digte bosse deur die Angora bewei kon word en die laagliggende vlaktes deur die skaap bewei kon word. Weg was die beskouing dat die Angora erosie in die hand gewerk het. Van Staatsweë is met die grondbewaring beginsels begin om die weidings vir die nageslag te bewaar en te beskerm.

Die bemarking van sybokhaar was nie op 'n gesonde georganiseerde basis nie en verkope het feitlik geheel-en-al geskied op die beginsel van „uit die

hand" verkope, sodat daar geen eenvormigheid bestaan het nie. Kwekers was afhanklik van die pryse wat agente van handelaars aangebied het. Die feit dat die bokhaar nie deeglik geklas is nie, het meegebring dat pryse nie te waffers was nie. Iets drasties moes dus beraam word om te verseker dat die kweker van 'n regverdige prys vir sy produk kon behaal. So het die Sybokhaar-kwekersvereniging en die Ramtelersvereniging koppe by mekaar gesit om 'n veldtog op tou te sit om die bemarkingstelsel te verbeter. In plaas dus van die sybokhaar uit die hand te verkoop op plase, is gevoel dat die skeersel van kwekers op 'n sentrale plek in Port Elizabeth opgeveil kon word - waar kopers gekonsentreerd was. Die verskillende wolmakelaars het hulle bereid verklaar om die bedryf behulpsaam te wees en die bokhaar te sorteer in verskillende klasse waarvan daar toentertyd 'n aanvraag voor was. Dit kan hier genoem word dat meeste van die Sybokhaarkwekers ook wolboere was en hulle was bewus van die feit dat wol volgens tipe, lengte en gehalte sorteer is en teneinde die kwessie ook op bokhaar toe te pas, is laasgenoemde ook as sulks geklas. Nou moes daar gereël word dat 'n datum vasgestel word vir 'n openbare veiling en is die bokhaar net soos wol, uitgestal en die besonderhede in lotte verdeel, soos dit op die katalogus verskyn het. Teen die verwagtings in, was die eerste poging van openbare veiling nie suksesvol nie en het pryse nie die hoogte bereik waarop gehoop is nie. Soos met alle nuwe ondernemings, moes dinge eers hulle gewone gang gaan en die Makelaars en boere moes net geduldig wag vir 'n verbetering in die mark en die nuwe idee van openbare veiling van bokhaar 'n kans gee om inslag te vind. Dit sou nie help om mistroostig te wees nie en daar is van alle kante die nodige vertroue geopenbaar, totdat alle instansies besef het dat die openbare veilingstelsel gekom het om te bly. Daar sou dus in die toekoms van Port Elizabeth as 'n verkoopsentrum gebruik gemaak word, terwyl die Basoetoeskeersel na Oos-Londen sou gaan. Latere veilings het die waarde van goeie klassering van bokhaar geopenbaar, veral toe daar in 1951 'n regulasie oor klassering afgekondig is. In 1961 het sake so gevorder dat 'n nuwe sisteem vir klassering ingestel is waar onderskeid gemaak is op sterkte van lengte, fynheid ens., veral met betrekking tot die sowat 50 tipes wat toe beskikbaar gemaak is. Die idee van uitstalling van die bokhaar voor 'n veiling, is opgeknap sodat voornemende kopers die skeersels kon besigtig en hul eie waardasies daarop plaas. Aan die ander kant het die makelaars wat die bokhaar sou aanbied, ook pogings aangewend om alle bokhaar so saam te verpak en te groepeer, dat alle produsente hoe klein ook al die skeersel was, verseker is dat hulle bokhaar net so belangrik was as diè van die groter produsente. Hierdie poging het die nodige verwagte uitwerking gehad, sodat dit hulle sowel as die fabrikant en koper

132/..... bevoordeel

bevoordeel het.

Noudat die veilingsmetodes opgeknap is, en die pryse wat behaal is, goed was, is van allerweë besef dat die toekoms van die bedryf daarvan sou afhang of 'n uitwaartse beweging, wat betref die gewenste reklame oor die gebruik van bokhaar in hierdie land en ook oorsee, sou slaag. Deur 'n heffing te hef, kon die Sybokhaar-Adviesraad navorsing finansieel behulpsaam wees oorsee, aangesien dit in hulle belang sou wees. Tuis het die Adviesraad deur middel van uitstallings en vertonings by Skoue en Tentoonstellings en op hierdie wyse plaaslike bevordering vir die bedryf daargestel. Dat bokhaar hier ter plaatse gewas is voordat dit vir uitvoer bestemd is, was al op sigself 'n baie goeie teken, wat bevorderlik was vir die bedryf en kon dit alhier uitgebrei word en artikels soos geweefde gordyne, vloermatte ens., vervaardig word.

Die plaaslike mark was nog nie opgewasse om die plaaslike vervaardigde artikels op te neem nie en omdat daar oorsee 'n beter mark vir sulke artikels was, is advertensies in sekere oorsese tydskrifte geplaas om belang te probeer wek in ons land se bokhaar en sy verwante vervaardigde artikels. Hierdie poging om oorsee te adverteer, het nie die gewenste reaksie uitgelok nie en daar moes ander metodes getoets word om die oorsese verbruiker te bereik. Die beproefde metode sou wees deur persoonlike kontak en so is daar in 1962 reise na Japan, Europa, Turkye, Amerika en Australië onderneem. Deur hierdie geslaagde oorsese reise is kontak gemaak met die regte instansies en is bowenal die samewerking verkry van produsente in die lande waar sybokhaar produseer word.

Die resultate van die goedgekeurde reise deur lede van die Adviesraad, was so suksesvol dat sake in Suid-Afrika besef het dat die bedryf weer op 'n gesonde basis geplaas is. Omdat die Adviesraad nie 'n eie tuiste gehad het nie, is 'n aanbeveling aan die Minister van Landbou-Ekonomie en Bemarking gerig, wat goedgekeur is, dat die Adviesraad reëlings tref vir die huur van eie kantore en aanstelling van personeel om sy werksaamhede te vergemaklik. Tegniese sowel as klerikale personeel was nodig en daar is in geslaag om hierdie personeel te bekom wat in hul nuutgevonde kantore gehuisves kon word. Dit is opmerklik hoe sake kan vorder as 'n liggaam soos die Sybok-Adviesraad bevordering deur sy eie personeel onder behoorlike toesig, kan behartig.

Sukses op sukses is nou behaal vanweë die opgeknapte bevorderingsisteem, sodat die Sybokkwekers gevoel het dat die tyd nou ryp is om vir 'n statutêre liggaam by name „Sybokhaarraad" onder die Bemarkingswet van 1937, aansoek te doen. Hierdie aansoek is deur die regte kanale opgevolg en in 1965 is die Sybokhaarraad gestig, wat op sigself 'n merkbare prestasie en diè van vertroue en onwrikbare geloof weerspieël het.

Om ontwikkeling van die Sybokhaar-bedryf in Suid-Afrika met een oogopslag te kan waarneem, word 'n uiteensetting gegee van die vordering op hierdie gebied sedert 1880 tot 1969 (toe die Sybokhaarraad in die lewe geroep is.) Die gegewens is deels verstrek in die Sybokhaarraad se eerste verslag in 1967.

Van Tabel „A" kan afgelei word hoe die getal sybokke van jaar tot jaar gewissel het. Soos in hierdie hoofstuk beskryf, is die verminderings te wyte aan droogtes, siektes, oorloë, verbod deur Regering, ensovoorts. Na die Tweede Wêreld-Oorlog was die aantal Angoras versprei oor die lengte en breedte van die land, maar veral die Oostelike Kaapland, minder as 600,000. Soos elders gestel is, het die meerendeel van hierdie Angoras hulle bevind by die kuddes van die geharde telers en kwekers wie nooit hul vertroue in die Angora verloor het nie. Soos eerstyds, is meeste van hierdie Angoras gebruik vir kruisteling met die boerbok. Hierdie beleid om kruisteling toe te pas, het ten gevolg gehad dat heelwat sybokhaar van die Kruisrastipe geproduseer is, maar die klas-regulasies het bepaal dat hierdie kruisrashaar heeltemal apart sorteer en verpak moes word, sodat dit nie 'n invloed sou hê op die ander of beter haar in die skeersels nie.

Sedert die laagte-punt in die getalle van sybokke in 1949 van byna 600,000, het die getalle aangewas tot 1,200,000 in 1961. Volgens beraming, was die Sybokgetalle byna 2 miljoen gedurende 1966. In latere jare is die sybokkuddes nog meer uitgebrei vanweë die bestendige pryse wat behaal is.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Sybokhaar-Jaarverslae.
2) Oorsese Sending Rapporte.
3) Sybokhaar-Joernale.
4) Encyclopaedia Brittanica.
5) Handbook of Textile Fibres.
6) State of S.A. Yearbook 1970.

134/..... TABEL "A"

TABEL "A"

| JAAR | BOKKE (Miljoen) | PRODUKSIES (Miljoen Pond) | PRYS (c Per Pond) | WAARDE (R000) |
|---|---|---|---|---|
| 1880 | 1.0 | 2.6 | 15.9 | 413 |
| 1890 | 3.2 | 9.2 | 7.3 | 674 |
| 1897 | 3.5 | 12.6 | 10.8 | 1,353 |
| 1912 | 4.4 | 23.4 | 8.2 | 1,935 |
| 1925 | 2.1 | 11.6 | 14.5 | 1,673 |
| 1933 | 1.3 | 8.4 | 4.1 | 344 |
| 1940 | 0.7 | 4.4 | 16.7 | 735 |
| 1945 | 0.6 | 3.1 | 12.2 | 378 |
| 1950 | 0.6 | 3.1 | 30.2 | 936 |
| 1951 | 0.7 | 5.1 | 82.2 | 4,192 |
| 1952 | 0.7 | 4.8 | 64.6 | 3,101 |
| 1953 | 0.7 | 5.3 | 79.0 | 4,187 |
| 1954 | 0.7 | 4.8 | 70.3 | 3,374 |
| 1955 | 0.7 | 4.6 | 58.2 | 2,677 |
| 1956 | 0.8 | 5.6 | 74.2 | 4,155 |
| 1957 | 0.8 | 5.4 | 84.2 | 4,547 |
| 1958 | 0.8 | 6.0 | 62.0 | 3,720 |
| 1959 | 1.0 | 7.4 | 79.0 | 5,846 |
| 1960 | 1.0 | 7.7 | 90.0 | 6,930 |
| 1961 | 1.2 | 8.4 | 78.5 | 6,594 |
| 1962 | 1.4 | 10.4 | 62.0 | 6,448 |
| 1963 | 1.6 | 12.1 | 83.9 | 10,152 |
| 1964 | 1.7 | 12.6 | 66.0 | 8,316 |
| 1965 | 1.8 | 13.4 | 56.7 | 7,598 |
| 1966 | 1.9 | 14.0 | 50.2 | 7,028 |
| 1967 | 1.7 | 11.8 | 44.4 | 5,235 |
| 1968 | 1.5 | 11.2 | 56.5 | 6,330 |
| 1969 | 1.5 | 11.3 | 63.3 | 7,148 |

135/..... HOOFSTUK 2

# H O O F S T U K   2

## DIE SYBOKHAAR- ADVIESRAAD

Die Tidmarsh-Kommissie is in 1947 gelas om die bokhaarbedryf te ondersoek en aanbevelings te maak. Hierdie Kommissie het voorts aanbeveel dat stappe gedoen moet word om die bedryf op 'n gesonde basis te plaas; dat die bemarking van bokhaar opgeknap word; dat 'n Uitvoer-inspeksiediens ingestel word; en dat 'n heffing geplaas word om hierdie beleid uit te voer.

Verder het die Kommissie aanbeveel dat 'n Sybokhaar-Adviesraad van produsentelede, die Handel, die Basoetoelandse Administrasie en die Departement van Landbou gestig word, met die uitdruklike opdrag om die Minister te adviseer hoe die nodige fondse bestee moes word.

Die jaar 1951 word in die bokhaarbedryf as 'n wonder jaar beskryf; pryse het ongekende hoogtes bereik en sekere kennisgewings rakende die uitvoer van bokhaar is gepubliseer.

In die Staatskoerant van 5de Januarie 1951, is daar drie belangrike Regeringskennisgewings gepubliseer wat voortgespruit het uit die Tidmarsh-Kommissie van 1949. Die kennisgewing was:

(a) No. 45 - Spesiale Fooi in verband met Inspeksie van Sybokhaar bedoel vir Uitvoer uit die Unie.

(b) No. 46 - Regulasies vir die Verpakking, Merk en Inspeksie van Sybokhaar bedoel vir Uitvoer uit die Unie.

(c) No. 47 - Regulasies vir die Verpakking, Merk en Gradering van Sybokhaar bedoel vir Verkoop in die Unie.

Die vernaamste van bogenoemde kennisgewings was dié in verband met die inspeksiegelde wat toe op $\frac{1}{4}$ pennie per pond vasgestel is. Hierdie heffing is deur die Makelaar, wat die bokhaar vir verkoop op openbare veilings aangebied het, ingevorder. Die ingevorderde gelde is na 'n Openbare Fonds onder beheer van die Minister van Landbou, geplaas en was bedoel vir die bevordering van die bokhaarbedryf as geheel.

136/..... Die

Die Minister het die Kommissie van Ondersoek se aanbeveling aanvaar en in 1951 is die Sybokhaar-Adviesraad toe gestig, met die hoofdoel om hom by te staan met die aanwending van die Openbare Fonds.

Die Adviesraad se eerste vergadering is op 23 Januarie 1952 gehou, onder voorsitterskap van mnr. S. J. J. de Swardt, van die Departement van Landbou. Die vier produsentelede was mnre. P. B. Ferreira, H. G. Nash, E. H. H. Outram en T. J. D. Strydom. Die Makelaarsvereniging se verteenwoordiger is mnr. F. H. Wessels (later deur mnr. A. S. v.G. Venter vervang) en die Basoetoelandse Administrasie het mnr. G. R. Chalmers as hulle verteenwoordiger benoem.

Die Adviesraad se aanbevelings aan die Minister het die vorm aangeneem van 'n begroting wat jaarliks ingedien word en waarin 'n uiteensetting gegee word van die beoogde werksaamhede ten opsigte van die bevordering van die bokhaarbedryf. Hierdie aanbevelings aan die Minister word deur hom oorweeg en indien hy dit aanvaar, versoek hy die Adviesraad om voort te gaan met die uitvoering van die voorstelle. Die Departement van Landbou het ook 'n beampte van die Departement as Sekretaris beskikbaar gestel en hierdie beampte tesame met die Voorsitter (ook 'n beampte van die Departement van Landbou) en die lede van die Raad, moes die goedgekeurde programme uitvoer.

Die Adviesraad het van die standpunt uitgegaan en dit terdeë besef, dat teneinde die Sybokhaarbedryf en die vesel inslag te laat vind, nadruk gelê moes word op navorsings, waarvoor daar 'n groot behoefte ontstaan het en daar moes noodwendig 'n uitwaartse beweging op tou gesit word. Met die besef van hierdie behoefte voor oë, het die Adviesraad, met goedkeuring van die Minister, met die Tekstielafdeling van die Leeds Universiteit in Engeland ooreengekom waarin 'n jaarlikse toekenning aan hulle gemaak is, met die doel om studente op te lei en terselfdertyd navorsing te doen oor sybokhaartekstiele. Die Suid-Afrikaanse Woltekstielinstituut het ook 'n toelae ontvang sodat navorsing oor produksie en verwerking van die vesel aandag kon geniet, veral omdat die verwerking van die vesel in Suid-Afrika op 'n klein skaal en alleenlik tot 'n geringe deel van die skeersel beperk was.

Die verwerking van Sybokhaar in Suid-Afrika was slegs beperk tot die was van 'n derde van die bokhaarskeersels. In Johannesburg het 'n sekere firma die inisiatief aan die dag gelê om komberse en stolas van ingevoerde gare te weef. Oorsese ontwikkeling in vervaardiging het gelei tot die produksie van 'n nuwe reeks liggewig mansstowwe en die beroemde geborselde pool-

stowwe vir damesdrag, met die gevolg dat die Adviesraad 'n reeks uitstallings by die Randse Skou, Kaapse Tentoonstelling, Nywerheidsskou in Pretoria en die Port Elizabethse Skou gereël het, teneinde verkope van die verwerkte stowwe aan te moedig en te bevorder. Modeparades, met kledingstukke gemaak van ingevoerde materiale wat deur plaaslike ontwerpers ontwerp is, is ook gereël. Teneinde bokhaar en die gebruik van die verwerkte materiale bekend te stel, is spesiale uitgawes in koerante gereël, terwyl pamflette oor die hele aangeleentheid gedistribueer is.

Die Adviesraad het in 1959 onderneem om die Angora- en Sybokhaarblad gesamentlik uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Sybokhaar-kwekersvereniging en die Suid-Afrikaanse Angora-Ramtelersvereniging te borg. Sedert hierdie tyd het die blad wat half-jaarliks verskyn het, 'n belangrike rol gevul in die bevordering van die Sybokhaarbedryf en sybokhaargoedere in Suid-Afrika en oorsee. Die koste hiervan is gedek deur die verskillende advertensies en bydrae en deels deur die Raad. Inkomste is dus feitlik verseker en deurdat die Raad die meerendeel van die kostes van die blad gedra het, kon daarin geslaag word om 'n gesamentlike Sekretaris, wat sy kantore in Jansenville gehad het, aan te stel. Hierdie verbeterde organisasie van produsente, het dus meegebring dat die Adviesraad meer en beter inligting onder produsente kon versprei en soos verwag kan word, van alle gesonde organisasies, het daar nou 'n gesonde kontak bestaan tussen produsente-organisasies en die Adviesraad.

Omdat die Adviesraad terdeë besef het dat die Suid-Afrikaanse mark tot nog toe baie beperk was vir die gebruik van verwerkte materiale, sou 'n uitwaartse beweging op tou gesit moes word om verbruikers oorsee te bereik. 'n Poging deur middel van advertensies is in uitgesoekte tydskrifte geplaas, teneinde te verseker dat die aanvraag vir Suid-Afrikaanse Sybokhaar beter bekend gestel word. Hierdie poging om meer inligting te versprei, was soos later verneem is, ongelukkig nie geslaag nie, te meer omdat lesers gemeen het dat die advertensies alleenlik geplaas is om die materiale en nie die vesel, te adverteer nie. Om dus hierdie oorsese advertensies onder die omstandighede vol te hou, sou nie betalend wees nie en daar is voorlopig besluit om meer aandag te skenk aan plaaslike reklame en die ontwikkeling van navorsing.

Die Suid-Afrikaanse sybokhaar wat in die handel as Kaapse sybokhaar bekend was, is vanweë sy goeie gehalte met 'n sekere mate van afguns bejeen,

138/..... sodat

sodat die Adviesraad besef het dat die volgende aanvraag vir Kaapse- en Basoetoehaar, nou moes rus op verdere verbeterings van die skeersels self en die aanbiedings op die mark en dus noukeurige aandag geskenk aan die toepassing van die uitvoer- en klasregulasies, terwyl die ontwikkeling en verbetering van die openbare veilings meer aandag moes geniet sodat die produsente kon besef dat die beste gedoen word vir sy skeersel.

Die produsent moes stelselmatig onder die besef kom van die standaarde wat die vervaardigers stel, en hy moes dus kennis dra van die behoeftes van die handel en die metode van bemarking. Hierdie beleid soos half-jaarliks bekend gemaak, is verder uitgebou deur kuddekompetisies, die eerste waarvan te Jansenville gehou is en het geskied onder toesig van die Adviesraad wat die verskillende reëls en vereistes opgestel het. Die Skema was 'n sukses en die publisiteit wat aan die kompetisie verleen is, het gelei tot 'n meer uitgebreide skema, waaronder elke distrik in die hele produksiegebied, 'n beurt sou kry om so 'n kompetisie te reël.

In 1959 is mnr. de Swardt, voorsitter van die Adviesraad bevorder, sodat hy nie langer as verteenwoordiger van die Departement van Landbou in die Raad kon dien nie. Hy is as voorsitter deur mnr. A. R. Havemann opgevolg en dit is onder leiding van laasgenoemde dat die Adviesraad groot hoogtes bereik het. Die Raad onder mnr. Havemann se leiding, het voortgebou op die program wat toe al in werking was en is bowenal aandag gegee aan metodes om die verkoop van Suid-Afrikaanse sybokhaar as tekstielvesel te bevorder.

Omdat die Adviesraad besef het dat hy nie oor genoegsame kennis van die sybokhaarbedryf soos dit oral in die wêreld uitgeoefen word beskik nie, is vertoë tot die Minister gerig om toestemming te verleen dat 'n sending die buiteland besoek om die sybokhaar aldaar ter plaatse te bestudeer, om die verkoop van Suid-Afrikaanse sybokhaar te bevorder en daarna aanbevelings te maak sodat die Raad se program verder uitgebou kon word.

Die beoogde sending oorsee was beskou as geskiedkundig en sou bestaan uit 5 lede van die Raad en sou gelei word deur mnr. E. H. G. Outram wat later die voorsitter van die Sybokraad geword het.

Die Sending wat die Minister se goedkeuring weggedra het, het gedurende 1962 lande soos Italië, Britanje, Holland, Frankryk, België en Duitsland besoek. Tydens hierdie oorsese besoek het twee lede van die Sending ook

Turkye en Griekeland besoek. By sy terugkeer het die sending 'n lywige verslag opgestel wat soos die Adviesraad dit gestel het, „as die basiese bron van informasie geword het vir die Raad en sedertdien die Raad gelei het, tot 'n duideliker omskrywing van sy program van aksie".

Vir die doel van hierdie verhandeling is dit nie juis nodig om in die fynste besonderhede op die sending se reise in te gaan nie, maar dit kan genoem word dat hulle 'n goed gebalanseerde verslag uitgebring het oor toestande, teling, bemarking, behoefte vir bevordering, tegnologiese en biologiese navorsing, in die betrokke lande wat besoek is maar veral hoe die internasionale bokhaarbedryf in Suid-Afrika toegepas kon word.

Die doelstellings van die sending was om na die betrokke sending aanbevelings te maak en dit het hulle soos volg uiteengesit:-

1. „Ondersoek moet ingestel word deur bevoegde ekonome na die moontlikheid om 'n prysondersteuningskema in te stel, indien sybokhaarpryse nogeens skerp daal; as 'n middel om die rampe te vermy wat Suid-Afrikaanse Angoraboere gedurende die twintiger tot veertiger jare gely het."

2. „Die tempo van beide biologiese en tekstielnavorsing in Suid-Afrika moet verskerp word."

3. „Dringende pogings moet aangewend word om internasionale samewerking te verkry, tussen Suid-Afrika, die Verenigde State van Amerika en Turkye vir die bevordering van sybokhaar."

4. „Die eerste stappe tot die skepping van 'n internasionale bevorderingsorganisasie moet op Regeringsvlak geneem word en Suid-Afrika moet sodanige stappe aanvoor."

5. „Hangende die vorming van 'n internasionale organisasie moet die Sybokhaar-Adviesraad sy eie bevorderingsbeampte/s aanstel, gestasioneer in Engeland of Holland, wat deur persoonlike kontak met handelaars en vervaardigers, informasie kan verskaf oor produksie, klassering en bemarkingssisteme, asook oor die gehalte en eienskappe van die Suid-Afrikaanse skeersel."

6. „Die organisasie, samestelling en „modus operandi" van die Sybok-Adviesraad moet hersien word ten einde dit meer doeltreffend en onafhanklik

140/..... te maak.

te maak. Die verandering kan geleidelik geskied en kan in die volgende orde teweeggebring word:

(a) Aanstelling van 'n voltydse Sekretaris;

(b) daarstelling van 'n hoofkantoor in Port Elizabeth;

(c) aanstelling van 'n produsentelid as Voorsitter;

(d) toekenning van magte soortgelyk van aard aan diè van ander Rade onder die Bemarkingswet."

7. „Suid-Afrikaanse sybokprodusente moet hulle organisasie hersien en so doeltreffend moontlik maak."

8. „Alle moontlike pogings moet aangewend word om koste te verlaag en die produksie van goeie gehalte sybokhaar te verhoog, om swakker tipes uit te skakel of te verminder, om klassering en aanbieding van die skeersel te verbeter en om 'n skema van 'n handelsmerk vir behoorlik gekweekte en geklaste sybokhaar daar te stel."

Na aanleiding van aanbeveling 6 (b) is onmiddellik aan hierdie belangrike aanbeveling aandag geskenk en is daarin geslaag om 'n voltydse kantoor te open wat in die Suid-Afrikaanse Wolkommissie se nuwe gebou gehuisves kon word. Die Adviesraad was gelukkig om die dienste van 'n man met die kaliber van dr. C. C. Kritzinger, wat Direkteur was van die Suid-Afrikaanse Wolnavorsings Instituut te Grahamstad, te verkry as sy eerste bestuurder vanaf Mei 1963. Die Minister het hierdie belangrike aanstelling heelhartig ondersteun. Verdere belangrike aanstellings soos 'n Sekretaresse/Tikster, nog 'n Tikster en Tegniese-beampte is aangestel en hierdie „Gideonsbende" het die basis gevorm van aktiwiteite van die Adviesraad in Port Elizabeth. Nou kon die werksaamhede van die Adviesraad voltydse aandag geniet en kon werksaamhede verskerp word en kon inligting en gegewens versamel en versprei word wat tot voordeel van die vervaardigers, kopers, maar bowenal die produsente was. Met ander woorde, die bedryf kon nou verseker wees van administratiewe en tegniese kennis onder leiding van bekwame en opgeleide personeel en kon die Adviesraad hom nou meer toespits op bevordering, hetsy deur advertensies of uitstallings sodat die vraag na die verwerkte sybokhaar-produk bekendgestel word.

Die Adviesraad het besef dat 'n embleem daargestel moet word as 'n verkoopsmerk wat kon bewys dat artikels onder hierdie embleem die seën van die

Raad wegdra. Die voorgestelde embleem was in die vorm van heraldiese horings met die woorde „CAPE MOHAIR". Hierdie embleem wat algemeen aanvaar is en bekendheid oorsee en in Suid-Afrika verwerf het, het soos volg daaruit gesien.

In 1951 is die eerste klasregulasie vir sybokhaar in werking gestel en hierdie regulasie was vir die bokhaarbedryf van groot waarde, maar aan die anderkant ook tekortkomings in die stelsel aan die dag gelê, vanweë die mark se behoeftes en die Adviesraad moes dus ander planne beraam met betrekking tot die klassering van die sybokhaar. Die Raad het dus voorgestel dat sybokhaàr volgens lengte, styl, karakter en fynheid asook vryheid van steekhaar, vlek en saad, sorteer word. Nuwe regulasies om hierdie nuwe benadering die hoof te bied, is in Julie 1963 bekend gemaak, sodat die sowat 52 klastipes wat toe bekend was, beter omskryf kon word sodat die koper as gevolg van hierdie omskrywing op hoogte kon wees watter prys hy sou moes betaal.

Op grond van die aandag wat gegee is om die uitbreiding van plaaslike verwerking van sybokhaar, kon die aanvraag deur plaaslike verbruikers uitgebou en gestabiliseer word. Ten einde die vervaardiging van sybokhaarprodukte aan te moedig, het die Raad 'n plaaslike kammer van bokhaar bygestaan met die oprigting van fasiliteite om die verwerking van sybokhaar op 'n gesonde basis te help plaas. As gevolg van hierdie bystand aan 'n plaaslike vervaardiger, is die eerste suiwer Kaapse sybokhaarkambol in Oktober 1963 geproduseer.

Japan was nou 'n baie belangrike koper van sybokhaar, terwyl Hong-Kong en Australië ook sterk tot die mark toegetree het en het pryse vir 'n aantal jare die hoogtes ingeskiet, maar daar het ook 'n tyd aangebreek dat die pryse van die vag, 'n daling getoon het weens 'n verslapping in die aanvraag van bokhaar in die modewêreld. Hierdie neiging in afname van die vraag na bokhaarprodukte, is nie onopgemerk gelaat nie en pogings moes aangewend word om die vraag na bokhaar te behou en die pryse te probeer stabiliseer. Met dié voorneme voor oë, is verdere sendings in 1963 en 1964 na Europa en ander lande waar die Angorabedryf die sterkste gekonsentreer is, gestuur, maar veral die Verre-Ooste en Texas in Amerika. Die oorsese besoeke spruit uit die

142/..... eerste

eerste oorsese sending in 1962, toe daar aanbeveel is om nouer kontak met die bedryf in ander lande aan te knoop. Daar is gevoel dat, indien nouer en op internasionale vlak saamgewerk word met die vernaamste produsentelande, wat sybokhaar produseer, daar gesamentlik opgetree kon word vir die beswil van die sybokbedryf as geheel, veral noudat die pryse vir wastipes-bokhaar 'n skerp daling getoon het, hoewel spinnerstipes en goeie kamtipes steeds 'n opwaartse neiging getoon het.

Teen die verwagting in, dat daar na die samesprekings in Texas 'n verbetering in pryse of aanvraag sou intree, was daar nie onmiddellike sukses te bespeur nie; een aspek ten gunste van internasionale samewerking het egter na vore getree en dit was die stigting in Amerika van die „Mohair Council" in 1966. Hierdie pasgestigde liggaam kan nou dien as 'n amptelike kanaal vir die uitruil van gedagtes en aanbevelings, asook toekomstige bevordering en beplanning, bemarking ensovoorts. Om internasionale samewerking te bekom, het jare geneem en dié „Mohair Council" het beloftes ingehou om in die toekoms vir Suid-Afrika van groot nut te wees. Dit was iets om voor dankbaar te wees, en het die kroon geplaas op verdere ontwikkelings, maar bowenal was dit 'n onderhandelingskanaal met wie die Adviesraad kon skakel met die oog op verdere gesamentlike optrede. In alle opsigte kan gesê word: „Eendrag maak Mag".

Die Adviesraad, met die Minister se goedkeuring, het in 1965 weereens die Bestuurder en Voorsitter oorsee gestuur vir 'n verdere besoek aan Europa. Volgens die verslag oor hierdie amptelike oorsese besoek,wil dit dus voorkom asof hierdie besoek net so 'n groot invloed gehad het op die Adviesraad se toekomstige aktiwiteite as die 1962 sending. Die verslag lui onder andere soos volg: „Vir die eerste keer, en spruitend uit die intensiewe ondersoeke van voorafgaande sendings, kan die Raad sy probleme en die „modus operandi", om die probleme op te los, duidelik formuleer." Sybokhaar net soos wol, word bedreig deur die produksie van sintetiese vesels in die modes van die wêreld en kan dit meebring dat die gebruik van wol en sybokhaar op die agtergrond geskuif word, daarom moet hierdie uitdaging die hoof gebied en gestuit word. Vervaardigers van sybokhaar moet dus die voortou neem om die bedryf te help aanmoedig en dat dit nie alleenlik 'n saak is vir die Sybok-Adviesraad nie. Soos vroeër gestel, moet advertensies en uitstallings gedurig daarop ingestel wees om die spesiale eienskappe wat die Sybokhaar inhou, te verskerp, om sodoende publisiteit en bevordering te verbeter - ook om nuwe stowwe deur vervaardigers daar te stel ter aanmoediging van ander vervaardigers.

143/..... Die

Die Adviesraad het dus sy probleme gehad, maar het gepoog om dit te oorbrug en het dus met sy steun aan vervaardigers om beter bekendheid vir die Sybokhaar en verwerkte artikels daar te stel. Die oplossing hier blyk te wees, dat hoewel daar steeds net soos in die wolhandel kompetisie van die kant van sintetiese vesels kom, daar nie klem gelê moet word op suiwer wol of sybokhaar nie, maar om toe te laat dat die sintetiese vesel en die sybokhaar hand in hand saamwerk - sodoende sal daar verseker wees dat sybokhaar gebruik word al is dit in mindere hoeveelhede. Sodra daar druk geplaas word om alleenlik suiwer sybokhaar te gebruik, en daar nie samewerking plaasvind nie, sal die suiwer produk skade ly.

Dergelike organisasie van produsente en bemarking moet dus aandag geniet vanweë die sybokhaar se posisie in die handel en daardie tipes wat meer in aanvraag is, moet aan die handel beskikbaar gestel word.

Die Adviesraad is ook verantwoordelik vir die skeersels in Lesotho en aangesien die produsente aldaar ook inspeksiegelde aan die Raad betaal, word hierdie gelde aangewend om die bedryf in daardie land te bevorder. Probleme in Lesotho geniet gedurig aandag en deur hul verteenwoordiger op die Raad, word daar altyd hulp verleen. Met hierdie doel voor oë, het sekere lede van die Adviesraad 'n besoek gebring aan Lesotho om die bedryf aldaar te ondersoek ten einde dit op 'n gesonde basis te help plaas. Vir hierdie doel is aanbeveel dat die Adviesraad sy toelaag aan die Basoetolandse Administrasie verhoog, sodat die werk aldaar uitgebrei kan word en die skeersels vir die mark beter geklassifiseer kon word.

Die Sybokhaar-Adviesraad se fondse het gespruit uit die vordering van inspeksiegelde wat in 1951 op 'n $\frac{1}{4}$d per pond bepaal is - hierdie gelde is in 1952 na een pennie verhoog en 'n verdere verhoging is in 1962 voorgestel en aanvaar wat die inspeksiegelde na 2d per pond te staan gebring het. Al hierdie verhogings, is op aandrang van die Suid-Afrikaanse Kwekersvereniging aan die Minister gerig, ten einde die Adviesraad van fondse te voorsien ter bevordering van sy aktiwiteite en uitvoer van sy opgelegde pligte.

---

<u>BRON VAN INLIGTING:</u>

1) 1962 Verslag Oorsese Besoek.
2) Angorajoernale.
3) Jaarverslae.
4) Ander geskrifte oor die Sybokbedryf.

144/..... HOOFSTUK 3.

# HOOFSTUK 3

## DIE SYBOKHAARRAAD

Die Sybokhaar-Adviesraad het in sy doel geslaag om vorm aan te neem ter bevordering van die sybokhaarbedryf in Suid-Afrika en al die behoeftes is goed bedien. 'n Klein maar doeltreffende personeel is deur die jare opgelei - alle sektore van die produksie-, bemarking- en vervaardigingsafdelings is opgeknap - verlangde statistiek is opgestel en publiseer - toekomstige beleid is bepaal en meeste van hierdie beplanning is feitlik in sy geheel deur die Sybokhaarraad oorgeneem.

Die Sybokhaar-Adviesraad was oorspronklik ingestel om as 'n adviserende liggaam vir die Minister te dien en hy was vir alle optrede deur die Sybokhaar-Adviesraad verantwoordelik. Die Raad is egter gekniehalter vanweë sy oorspronklike totstandkoming-regulasies en ook dat die personeel van die Adviesraad in werklikheid deur die Minister aangestel is, maar die eintlike rede vir die behoefte vir 'n verandering in optrede, was omdat die Adviesraad geen wetlike status gehad het nie. Algemeen is voorgestel dat die tyd nou aangebreek het dat 'n liggaam daar gestel word wat wetlike status en groter vryheid van optrede besit, voorhang moes geniet. Soos die Oorsese Sending in 1962 bekend gemaak en aanbeveel het, sou die aktiwiteite van die Adviesraad so ontwikkel tot 'n punt waar dit nodig sou word om 'n Raad onder die Bemarkingswet daar te stel. Hierdie mening het ook al hoe meer steun geniet onder die produsente wat die saak vir 'n Skema onder die Bemarkingswet by hulle Kongres in 1964 bespreek en aanvaar het onder 'n besluit wat soos volg gelui het: „Kongres aanvaar 'n Skema onder die Bemarkingswet in beginsel en magtig die Bestuur om voort te gaan met die daarstelling daarvan". Aan die vereiste formaliteite is voldoen en is daar in 'n Buitengewone Staatskoerant No. 1244 van 1 Oktober 1965 aangekondig dat, „'n Skema kragtens die Bemarkingswet van 1937 soos gewysig, vir die Reëling van die Bemarking van Sybokhaar en Aangeleentheid, wat daarmee in verband staan", ingestel word, sodat dit beteken dat die Sybokhaarraad as 'n volwaardige Raad onder die Bemarkingswet, in die lewe geroep is onder Proklamasie R238 van 1965. In hierdie Proklamasie is die Raad se funksies breedvoerig beskryf en sy hoofdoel sou wees om die gebruik van sybokhaar en die bevordering daarvan uit te brei,

145/..... deur

deur middel van navorsing en reklame en om die bemarking van sybokhaar te reguleer - vir hierdie doel is 'n Spesiale Komitee onder die Skema in die lewe geroep om die Raad oor bemarking te adviseer.

Die eerste vergadering van die Sybokhaarraad het op 12 November 1965 plaasgevind, net na die Adviesraad deur die Minister ontbind is. Die eerste Voorsitter en Onder-voorsitter was menere E. H. G. Outram en D. A. Hobson onderskeidelik, terwyl die Produsente en Makelaars in verhouding verteenwoordig is.

Die nuwe Raad het alle kontraktuele verpligtinge van die Adviesraad oorgeneem en ook die bestaande personeel in sy geheel behou. Die Minister is versoek om voort te gaan met die invordering van die inspeksiegelde totdat die Raad sy eie heffings kon instel - hierdie besluit het die Raad in staat gestel om die oorskakeling glad te laat verloop. Teneinde hieraan uitvoering te gee, moes die Raad vanweë sy groter verantwoordelikhede, personeel uitbrei om die boekhouding van ingesamelde fondse wat nog onder die Departement ressorteer het, tot die einde van die boekjaar 1966 te behartig. Die Raad soos hierby gestel, moes nou sy eie heffingsbasis opstel en dit het vanaf 1 Julie 1966 in werking getree, naamlik:

(a) 'n Administratiewe heffing van $\frac{1}{2}$c per pond op alle sybokhaar vir verkoop in die Republiek aangebied; en

(b) 'n spesiale heffing van 1$\frac{1}{2}$c per pond.

Sybokhaar aan velle is ook onderhewig aan die betaling van heffing net soos die S.A. Wolkommissie se beleid om heffing in te vorder op wol aan velle. Die Sybokhaarraad finansier sy navorsing- en bevorderingsprojekte uit die ingevorderde heffingsgelde en die heffings is onderhewig aan die goedkeuring van die Minister. Aangesien die Raad nou 'n ander metode vir die invordering van heffing ingestel het, is die uitvoer-inspeksiegelde wat van toepassing was, opgehef.

Net soos die Bemarkingswet in 1968 gekonsolideer is om die meer leesbaar te maak, is die Sybokhaarraad se werksaamhede en pligte in 1970 saamgevat in Kennisgewing No. 705, onder datum 23 Oktober 1970. Volgens Artikel 9 (2) (b) van die Bemarkingswet 1968 (No. 59 van 1968), word vir algemene inligting besonderhede gepubliseer van 'n Skema wat verskyn in die Bylae van die publikasie en wat ingevolge artikel 8 (1) (a) van die genoemde Wet deur die

146/..... Suid-Afrikaanse

Suid-Afrikaanse Sybokhaarkwekersvereniging aan die Minister van Landbou voorgelê is ter vervanging van die bestaande Skema wat in 1965 (Proklamasie R238) afgekondig is.

Ingevolge die bevoegdhede aan hom verleen deur Artikel 9 (1) van genoemde Wet, is die genoemde Skema na oorlegpleging met die Nasionale Bemarkingsraad, voorlopig deur die Minister goedgekeur. Elkeen wat besware teen die Skema wou indien, moes dit skriftelik aan die Minister doen binne vier weke vanaf hierdie publikasie. Dit word in hierdie geval gehoop dat daar geen besware sal wees nie aangesien die voorgestelde Skema puik bewoord is en dit gekom het op aanbeveling van die produsente van Sybokhaar.

Die Skema is in vyf dele ingedeel naamlik:

Deel 1 - Art. 2 - 5 : Naam, omvang en toepassing van die Skema.

Deel 2 - Art. 6 - 23 : Die Beheerraad.

Deel 3 - Art. 24 - 32 : Finansiële maatreëls.

Deel 4 - Art. 33 - 38 : Beheer kragtens Skema.

Deel 5 - Art. 39 - 40 : Diverse bepalings en kan soos volg opgesom word:

<u>DEEL 1</u>:

<u>Art. 2</u>: Die Skema heet die Skema vir Sybokhaar.

<u>Art. 3</u>: (1) Die Skema het betrekking op Sybokhaar wat in die Republiek geproduseer of ingevoer is.

(2) 'n Voorskrif van of verbod opgelê of besluit geneem deur die Raad -

(a) met betrekking tot 'n klas Sybokhaar kan verskil van so 'n voorskrif of verbod of besluit met betrekking tot 'n ander klas sybokhaar;

(b) kan betrekking hê slegs op 'n aangegewe klas sybokhaar.

<u>Art.4</u>: (1) Die Skema is in die Republiek van toepassing.

147/..... (2) 'n

(2) 'n Voorskrif van of verbod opgelê of besluit geneem deur die Raad -

(a) met betrekking tot 'n gebied waarin hierdie Skema van toepassing is, of 'n gedeelte van so 'n gebied kan verskil van so 'n voorskrif of verbod of besluit met betrekking tot 'n ander gebied waarin hierdie Skema van toepassing is, of 'n ander gedeelte van so 'n gebied, na gelang van die geval; of

(b) kan van toepassing wees slegs op een of meer van die gebiede waarin hierdie Skema van toepassing is, of slegs op 'n aangegewe gedeelte van 'n gebied waarin hierdie Skema van toepassing is.

Art. 5: Hierdie Skema is van toepassing op die hierin vermelde persone of klasse van persone wat produsente van sybokhaar is of met sybokhaar as 'n besigheid handel.

DEEL 2: DIE BEHEERRAAD:

Art. 6: (1) Die Skema word uitgevoer deur die Sybokhaarraad ingestel kragtens Proklamasie R238 van 1965, soos gewysig.

(2) Die Raad is met regspersoonlikheid beklee en kan in sy eie naam as eiser en verweerder in regte optree en al die handelinge verrig wat nodig is vir, of verbonde is aan die bereiking van sy doelstellings en die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Skema.

Art. 7: (1) Die Raad bestaan uit sewe lede wat deur die Staatspresident aangestel word, van wie -

(a) vier die verteenwoordigers moet wees van produsente en genomineer moet word ooreenkomstig die bepalings van Art. 8 (1);

(b) twee verteenwoordigers moet wees van Sybokhaarmakelaars en benoem word soos in Art. 8 (2) bepaal;

(c) een lid moet 'n beampte wees van die Departement van Landbou benoem soos in Art. 8 (3) bepaal.

148/..... (2) Die

(2) Die Raad kan hoogstens twee persone as adviserende lede van die Raad koöpteer.

Art. 8: (1) Produsentelede moet vir aanstelling in die Raad genomineer word deur 'n organisasie wat volgens die Minister se mening verteenwoordigend van Sybokhaarprodusente is.

(2) Die genomineerde Makelaarslede moet vir aanstelling in die Raad, verteenwoordigend wees van Sybokhaarmakelaars in die Republiek.

(3) Die Regeringsbeampte word deur die Minister genomineer.

Art. 9: Niemand word genomineer vir aanstelling in die Raad om produsente van sybokhaar te verteenwoordig tensy hy 'n bona-fide produsent van Sybokhaar is nie.

Art. 10: (1) tot (4) bepaal dat die Minister die betrokke organisasies skriftelik aansê om binne 'n vasgestelde tydperk nominasies moet voorsien. Indien die persoon nie deur die Minister bevoegd genoeg beskou word nie, word sulke nominasies aan die betrokke organisasie terugverwys vir 'n ander nominasie. Die Minister behou die reg voor om self 'n persoon vir aanstelling op die Raad te nomineer. Wanneer 'n organisasie nie binne die vasgestelde tydperk iemand nomineer nie moet die Minister self namens die betrokke organisasie iemand nomineer. As 'n organisasie nie bestaan nie, nomineer die Minister iemand wat hy geskik ag om die persone te verantwoordig.

Art. 11: (1) tot (6) Die ampstermyn van 'n lid van die Raad is twee jaar of solank dit die Staatspresident mag behaag. In geval van een of ander vakature kan Minister vakante pos vul.

Art. 12: Toelaes van Lede:

(1) en (2) Die Raad kan, met die Minister se goedkeuring, toelaes vasstel wat uit sy fondse aan sy lede en adviserende lede betaal moet word. Ook met die Minister se goedkeuring kan Raadslede teen ongelukke of dood, in die loop van hulle plig-

te, verseker word. (Hierdie besonderhede word ook gedek in Hoofstuk 3 F, waar die kode behandel word.)

Art. 13: (1) tot (4) Die Raad kies uit sy lede 'n Voorsitter en Ondervoorsitter.

Art. 14: (1) tot (4) Die hou van vergaderings word bepaal.

Art. 15: Die aantal lede wat 'n kworum vorm, word bepaal naamlik 5, hoewel die beslissing van ten minste vier lede van die Raad wat op vergaderings teenwoordig is, maak 'n besluit van die Raad uit.

Art. 16: Komitees van Raad:

Met die Minister se toestemming kan Raad Komitees aanstel vanuit sy lede. Die Voorsitter van die Raad is ex officio lid van so 'n Komitee.

Art. 17: Spesiale Komitee van die Raad:

(1) Daar moet 'n bemarkingskomitee wees, met die doel om die Raad te adviseer aangaande enige aangeleentheid met betrekking tot die vasstelling van die grootste hoeveelheid van sybokhaar wat gedurende enige tydperk bepaal deur die Raad, verkoop of te koop aangebied mag word op 'n mark of 'n ander deur die Raad omskrewe plek en die Raad kan op sodanige voorwaardes as wat die Minister goedkeur sodanige van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Skema aan sodanige Komitee oordra as wat hy met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(2) Die Spesiale Komitee moet uit nege lede bestaan van wie -

(a) een, die Voorsitter van die Raad, wat ook Voorsitter van die Komitee moet wees;

(b) vier verteenwoordigers moet wees van sybokhaarmakelaars; en

(c) vier verteenwoordigers moet wees van kopers van sybokhaar.

(3) Die lede van die Komitee genoem in paragrawe (b) en (c) van sub-artikel (2) word deur die Minister aangestel na raadpleging

150/..... met

met liggame wat volgens sy oordeel verteenwoordigend is van sybokhaar - makelaars of kopers.

(4) Die Raad moet vir die Komitee reëls neerlê ensovoorts.

(5) 'n Besluit van die meerderheid van al die lede van die Komitee is 'n besluit van die Komitee.

Art. 18: Die Raad kan perone in diens neem wat hy nodig ag vir die behoorlike verrigting van sy werksaamhede en vir die bereiking van die oogmerke van hierdie Skema.

Art. 19: Die Raad kan volgens artikel 34 (2) van die Wet, eiendom bekom of huur wat hy nodig mag hê om sy werksaamhede van die Skema te verrig (verwys ook in hierdie verband na die Kode in Hoofstuk 3 F).

Art. 20: Die Raad kan, met die Minister se goedkeuring, deur middel van toekenning of lening of op 'n ander wyse, bystand verleen aan enige onderneming vir die bewaring, verwerking, opberging of bewerking van sybokhaar en om navorsingswerk met betrekking tot die verbetering, produksie, verwerking en bemarking van sybokhaar, aan te help.

Art. 21: Die Raad is bevoeg om 'n inligtingsdiens in te stel om produsente in te lig aangaande bemarkingstoestande en die Minister van advies te bedien aangaande grade, kwaliteitstandaarde, verpakkingsmetodes, merk van sybokhaar vir verkoop of verkoop ingevoer mag word. Hy is ook bevoeg om raad te bedien oor die verbod op, beheer of reëling van invoer of uitvoer van sybokhaar en alle aangeleenthede betreffende die bemarking of verwerking van sybokhaar.

Art. 22: en 23: Die Bevordering van Vraag na Sybokhaar word in hierdie artikel genoem, sodat stappe onderhewig aan die Minister se goedkeuring, gedoen kan word om sybokhaar binne of buite die Republiek te bevorder. Die Raad kan dus met enigeen meedoen aan 'n handeling wat die Raad kan volg, ensovoorts.

DEEL 3:

Art. 24 - Handel oor die Finansiële Maatreëls met betrekking tot die oplegging
31 : van Heffings en word in Hoofstuk 3 E behandel; terwyl artikel 31 en 32, wat die boekjaar en oudit beskryf in Hoofstuk 3 H uiteengesit sal word.

DEEL 4: BEHEER KRAGTENS SKEMA:

Art. 33: Hierdie artikel beheer die aantekeninge en opgawes waaroor 'n sekere klas persone beskik en wat aan die Raad verstrek moet word. Sekere opgawes net soos in die Wolbedryf, moet op vasgestelde tye aan die Raad verskaf word, soos voorgeskryf.

Art. 34: (1) en (2) Die Raad kan, onderworpe aan voorwaardes deur die Minister goedgekeur, agente aanstel vir die verrigtinge van sy werksaamhede en hierdie besonderhede word kragtens Art. 52 (2) van die Hoofwet, bepaal.

Art. 35: Inspekteurs deur die Raad aangestel, kry sekere magte sodat hy plekke kan betree waar sybokhaar hanteer word, boeke kan nagaan, inligting verkry en beslag te lê op rekords indien 'n misdryf gepleeg word, ensovoorts.

Art. 36: (1) Niemand mag met Sybokhaar as 'n besigheid handel tensy hy by die Raad geregistreer is nie.

(2) Sulke persone wat registrasie verlang, moet voldoen aan die vereistes van Art. 89 van die Wet.

(3) 'n Tydperk vir registrasie word gestel.

(4) As iemand ontevrede is oor die Raad se besluit insake registrasie, kan hy appèl by die Minister aanteken kragtens die bepalings van Art. 59 (6) van die Bemarkingswet.

Art. 37: Verbod op die Verkoop van Sybokhaar:

(1) - (3) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring 'n produsent van Sybokhaar verbied om Sybokhaar te verkoop, behalwe

deur bemiddeling van die Raad. Die Raad het dus volle beheer oor skeersels, verkopings en verwerking, invoer en uitvoer.

Art. 38: Maak voorsiening vir die Bestuur van poele - hierdie aspek word in Hoofstuk 3 G behandel.

DEEL 5.:

Art. 39: Behandel misdrywe en strawwe indien daar nie aan die voorwaardes voldoen word nie.

Art.40: Hierdie artikel bevat voorbehoude wat soos volg lui:-

„Enige aanstelling, fonds magtiging, registrasie, besluit, heffing, verbod, voorskrif, lasgewing, bepaling, reëling, of kennisgewing, gemaak, ingestel, verleen, geneem, opgelê, uitgevaardig of publiseer of enige ander stappe of enigiets gedoen kragtens 'n bepaling van die Skema vir Sybokhaar, afgekondig by Proklamasie R238 van 1965, soos gewysig, word geag gemaak, verleen, geneem, opgelê, uitgevaardig of gepubliseer of gedoen te gewees het kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Skema."

OPMERKING:

Ofskoon die Minister die Skema in beginsel goedgekeur het, is die Nasionale Bemarkingsraad nog besig om alle instansies te pols oor die nuwe Skema waarna dit aan die Minister voorgelê word vir oorweging en bekragtiging.

OPSOMMING:

Die bestaande Sybokhaarraad het die mag om Sybokhaar te bevorder en om te bepaal hoeveel bokhaar op 'n sekere veiling aangebied mag word. Teneinde meer kontrole op bemarking uit te oefen veral met betrekking tot die poelstelsel en ander metodes om bokhaar te verkoop, sal die Sybokhaarraad meer magte as wat die veranderings in die Skema behels, moet kry en word 'n algehele nuwe benadering via die Nasionale Bemarkingsraad beoog.

Die Skema soos in Seksie 40 uiteengesit, maak daarvoor voorsiening dat die bestaande Raad al die aktiwiteite van die Raad voortsit, asook die ampstermyn van die Raadslede te behou soos dit tans is, behalwe vir die verteenwoordiger van die Kopers.

153/..... Die

Die hersiende Skema herhaal die besonderhede van die bestaande Skema, maar maak voorsiening vir twee groot veranderings:-

(a) Onder Seksie 7 sal die nuwe Raad nie 'n verteenwoordiger van die Kopers hê nie, maar wel 'n tweede verteenwoordiger van die Makelaars. Dit is ongelukkig dat so 'n verandering beoog word, maar is terselfdertyd onvermydelik. Die instelling van 'n poelstelsel sal meebring dat die Raad reserwepryse vir elke poel tipe sal moet instel, wat sal beteken dat hierdie metode die Kopers se verteenwoordiger in 'n onbenydenswaardige posisie sal plaas, maar dit sal moontlik wees om 'n kopersverteenwoordiger te koöpteer om die Raad by te staan in ander sake, maar die bespreking van reserweprys en verkoopsprosedure sal hier uitgesluit moet word.

(b) Die tweede belangrike verandering is, dat die Raad 'n poelstelsel onder Seksie 37 en 38 sal onderneem. Die besonderhede word in hierdie Seksie uiteengesit sodat dit nie nodig blyk dat dit weer hier herhaal word nie, maar Seksie 38 (3) kan wel hier genoem word. Hierdie Sub-seksie laat toe dat die Raad enige hoeveelheid sybokhaar mag opberg, hergradeer, verkoop of verwerk (was of kam) soos deur die Minister goedgekeur. Sybokhaar mag afgesien van verkope op veilings, per tender, per kontrakte en uit die hand verkoop, soos die Raad mag besluit. (Sien ook Hoofstuk 3 G in hierdie verband).

Dit is moontlik dat die Raad spesiale fondse sal moet opbou om voorsiening te maak vir moontlike verliese op die poelstelsel, aangesien dit nie moontlik is om gelde wat aan die produsente by wyse van voorskotte uitbetaal is, terug te verhaal nie. Sulke fondse sal ge-in moet word in die vorm van 'n Spesiale Heffing, aangesien die bestaande Spesiale Heffing bedoel is vir bevordering en navorsing. Onder Seksie 25 mag een of meer spesiale heffings ingestel word en onder Seksie 28 is Spesiale Fondse daargestel vir sulke heffings.

Dit is onwaarskynlik dat die Poel Tekort-heffing gedurende die eerste jaar ingestel kan word, want gedurende die eerste jaar sal produsente twee voorskotte (vir Somer en Winter skeersels), op 'n laer basis ontvang teenoor die finale waarde van die skeersel as geheel. Gedurende die tweede jaar sal hulle weer twee voorskotte ontvang, plus die agterskotte op die sybokhaar

wat gedurende die eerste jaar verkoop is. Dit is op hierdie stadium dat die instelling van 'n Poel Tekort-heffing oorweeg kan word.

Seksie 17 maak voorsiening vir die voortgesette bestaan en aktiwiteite van die Spesiale Bemarkingskomitee van die Sybokhaarraad, waar Kopers en Makelaars, die verkoopsdatums en hoeveelhede sybokhaar wat aangebied word, aanbeveel. Op amptelike vlak sal dit voortgesette kontak met die nuwe Raad verseker.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Regeringskennisgewing no. 705 van 1970.

2) Verslae en jaarverslae - Sybokhaarraad.

3) Bemarkingswet 1937 en Gekon. Wet 1968.

## A. ADMINISTRASIE EN BEMARKING

### 1. Administrasie:

In terme van die Raad se konstitusie tree produsentelede wat op die Raad sitting het, elke 2 jaar uit, maar is heraanstelbaar. Die nominasie word deur die Kongres van die S.A. Sybokhaar-Kwekersvereniging gedoen en die termyn van die aanstelling is weer vir twee jaar.

Op die heel eerste vergadering van die hersaamgestelde Raad op 28 November 1966, is menere E. H. G. Outram en D. A. Dobson as Voorsitter en Onder-voorsitter onderskeidelik gekies en hierdie twee persone, albei produsente van Sybokhaar, beklee tot op datum van hierdie verhandeling nog steeds die genoemde poste.

Raadvergaderings word gereeld gehou soos en wanneer benodig, terwyl die Uitvoerende Komitee meer gereeld vergader. Volgens verslae bekend het die Uitvoerende Komitee nie alleenlik in Port Elizabeth vergader nie maar ook in Jansenville waar die Voorsitter woonagtig is, al is die Hoofkantoor van die Raad in Port Elizabeth gesetel. Die plek waar vergaderings gehou word, word genoem in Artikel 14 van die Skema wat bepaal dat enige vergadering gehou kan word op tye en plekke wat die Raad goeddink. Drie lede, bestaande uit die Voorsitter en Onder-voorsitter asook 'n lid van die Raad, tans 'n verteenwoordiger van die Makelaarsvereniging (soos op jaar eindigend 30 Junie 1970) neem die gestalte van die Uitvoerende Komitee aan.

Volgens Artikel 17 van die Skema moet daar 'n Bemarkingskomitee ingestel word en die Raad wat hierdie spesiale Komitee ingestel en uit 9 lede bestaan, bestaan uit verteenwoordigers van kopers en makelaars. Die Voorsitter van die Raad is vanweë sy amp, ook Voorsitter van hierdie Komitee.

Die personeel van die Sybokhaar bestaan tans uit 9 lede; afgesien van die klerikale personeel, bestaan die personeel uit 'n Bestuurder, 'n Hoof-Tegniese Beampte, Senior Tegniese Beampte en 'n Tegniese Beampte.

Die Raad se uitwaarse beweging om ander lande van raad en bystand te bedien, het tot gevolg gehad dat die Hoof-Tegniese Beampte na Lesotho gestuur is om behulpsaam te wees met die uitbreiding en opbouing van die bedryf aldaar. Die tydperk van die hulp sou oor 'n tydperk van twee jaar strek en

156/..... die

die hoofdoel in Lesotho was om amptenare daar te help oplei en om inspeksiewerk en voorligting op 'n gesonde grondslag te plaas. Hierdie poging, net soos diè wat die S.A. Wolkommissie van stapel gestuur het, is met sukses bekroon en teneinde vas te stel of sake vlot verloop, sal daar van tyd tot tyd inspeksies uitgevoer word om die vorderings te bepaal en nuwe metodes wat betref klassering ens., in te stel.

2. BEMARKING:

Soos Regeringskennisgewing No. R1033 van 1 Julie 1966 bepaal, is 'n verbod geplaas op die verkoop van sybokhaar, mits dit gedek word deur 'n permit wat die Raad van tyd tot tyd uitreik.

Die Basoetoehaar moes ook onder die bemarking gedek word en 'n spesiale permit is aan die Wol- en Sybokhaarbeurs in Oos-Londen uitgereik om die besondere haar aldaar per veiling te verkoop; indien die Kommissie van Ondersoek oor bemarking aanvaar word en hierdie hawe as 'n uitvoersentrum vir wol en bokhaar sluit, sal die skeersels van Lesotho òf na Durban òf Port Elizabeth gestuur moet word vir bemarking op die veilingstelsel. Dit is natuurlik te wagte dat hierdie aanbeveling, indien daar uitvoering aan gegee word, nie oornag kan geskied nie en heelwat beplanning sal nog moet geskied om hierdie beoogde verandering teweeg te bring.

Die Republiek se sybokhaarskeersels word twee keer per jaar onderneem, naamlik Winterskeersel in Junie tot Augustus en die Somerskeersel gedurende Desember tot Februarie. In die verskillende skeertye word die volgende sybokhaar geskeer: In die Somerskeersel kry ons kleinbokkiehaar van ses maande oud en jongbokhaar van agtien maande, terwyl die Winterskeersel vagte bevat van sybokhaar van twaalf maande afkomstig van klein bokkies. Die Somer veilings neem gewoonlik gedurende Februarie 'n aanvang en die Winter veilings ongeveer middel Julie. (Die veilingstye word vooraf bepaal na gelang van omstandighede en omdat dit gebruiklik is dat sybokhaar die hawens van Port Elizabeth en Oos-Londen bereik voordat die veilings op vasgestelde tye plaasvind, word die mark gerantsoeneer deur die aantal bale wat verkoop gaan word, vas te stel. In die geval van Basoetoehaar is dit nie nodig om daar rantsoenering toe te pas nie, omdat die toevloei meer egalig is en nie in sulke groot hoeveelhede ontvang word nie).

Die Bemarkingskomitee van die Sybokhaarraad stel die verkoopsprogram vas en sodra die Raad dit goedkeur, word die program bekend gemaak en ver-

sprei sodat die verskillende Wolbeurse die nodige reëlings kan tref. Omdat Sybokhaar nie in sulke groot hoeveelhede soos wol die betrokke hawens vir bemarking bereik nie, word die aantal bale per veiling op 2,000 - 2,500 gestel - soos in die geval van Port Elizabeth. In Oos-Londen wissel die aanbiedinge per veiling van 200 tot 500 bale en dan vind veilings in laasgenoemde hawe minder dikwels plaas, gestel op sowat 9 veilings teenoor Port Elizabeth s'n van ongeveer 23. (Afhangende van die omvang van die skeersel).

Benewens die bemarkingsfunksie van die Raad, onderneem die tegniese beamptes van die Raad gereelde inspeksies van elke baal wat te koop aangebied word. 'n Strenge beheer word hier toegepas om te verseker dat die inhoud daarvan aan sekere vereistes voldoen, want op hierdie ondersoeke berus die pryse wat die Raad verlang. Net soos in die geval van wolinspeksie, ressorteer hierdie funksie onder die beheer van die Afdeling Inspeksiedienste van die Departement van Landbou-Ekonomie en Bemarking. Klasseringregulasies van tipes word onder hierdie diens gedek terwyl daar gedurig gelet word op die korrekte beskrywing van die inhoud van die bale. In die geval van wol word produsente gewaarsku indien wol nie korrek gradeer is nie ensovoorts en indien hulle voortgaan om nie aan waarskuwings gehoor te gee nie, kan vervolging volg - in die geval van sybokhaar ressorteer hierdie diens ook onder die Afdeling Inspeksiedienste van die Departement Landbou-Ekonomie en Bemarking. Gewone waarskuwings word ook aan die adres van die produsent gerig en indien hy voortgaan om verpakking foutief te doen en nie die betrokke bale korrek merk nie, lê hy hom bloot aan vervolging - die boete vir sulke oortredings is strafbaar met 'n boete van hoogstens R200.

Die Raad se inspeksiediens en die statistiek wat beskikbaar gestel word, is nuttig in dié sin dat produsente op hoogte gehou word van alle skeersels en hoe dit volgens tipe ingedeel is. Die pryse van Sybokhaartipes vir Somer- en Winterseisoene word deur middel van 'n grafiek aangetoon - sien Grafiek No. 1 op bladsy 161. Die verskillende tipes word in Tabelle "B" bladsy 162 en "C" bladsy 163 weerspieël.

Wat die uitvoer van sybokhaar betref, moet daarop gewys word dat daar maar sowat 100,000 pond bokhaar plaaslik verwerk word tot finale produkte, terwyl die res uitgevoer word. Ongeveer 40% word gewas en 5% word gekam voor uitvoer - as gevolg hiervan word die aangebiede skeersels per seisoen feitlik alles deur die bogenoemde opgeneem, sodat daar aan die einde van die seisoen maar min voorrade op hande is in die veilingssentrums. Die tabel "D"

gee 'n duidelike beeld van die uitvoere oor die afgelope drie seisoene en dit sal opgemerk word dat die Verenigde Koninkryk haar invoere uit Suid-Afrika verskerp het en dit kan verwag word, aangesien sy 'n gevestigde kambedryf het en feitlik die hele wêreld voorsien.

Japan se aankope het skerp gedaal omdat dit nou blyk dat hy dit nie lonend vind om self sybokhaar te kam nie, maar dit liewer vanuit Engeland invoer om sy steeds groot behoeftes vir sybokhaar aan te vul.

Italië ook het nie volgehou om sybokhaar uit die Republiek in te voer nie en beskou dit ook goedkoper om die kambol uit Engeland te verkry.

Spanje se invoere uit Suid-Afrika toon ook 'n daling en net soos Japan en Italië kry hy ook sy voorrade uit Engeland. Laasgenoemde land blyk dus 'n stewige houvas te hê op die sybokhaarhandel en daar sal ook meer hieroor behandel word in die slothoofstuk van hierdie verhandeling.

Suid-Korea en die Verenigde State van Amerika se invoere van sybokhaar neem steeds toe en veral Suid-Korea se uitvoer bestaan uit gewaste Sybokhaar vir gebruik van kaard-stowwe.

MARKVERSLAE:

Teneinde 'n denkbeeld te gee van die metode van die Sybokhaarraad se markverslae, kan genoem word dat die volgende verslag, as 'n voorbeeld gebruik word, van verslae wat die Raad na elke sybokhaarveiling vir publikasie beskikbaar stel en deur plaaslike koerante as nuusitems verwerk.

BOKHAARPRYSE WISSELVALLIG:

Pryse op gister se openingsveiling van sybokhaar vir die Somerseisoen in Port Elizabeth, was oor die algemeen baie wisselvallig en die mededinging beperk. Van die totale aanbod van 2,004 bale is net 84% verkoop - byna alles deur een groep kopers.

Volgens die Sybokhaarraad was die aanbod besonder gemeng, met insluiting van heraanbiedings van winterhaar wat deur boere teruggehou is of onverkoop verklaar is.

Vir uitermate kort haar was daar 'n baie swak vraag en pryse was 10% laer as die sluitingspryse in Desember. Gemiddelde lengte wastipes haar was 5% goedkoper en ander wastipes bestendig.

159/..... Vir

Vir goeie grootbokhaar was daar 'n sterk aanvraag en pryse het met 10% gestyg. Beste grootbokhaar het bestendige pryse gehandhaaf, terwyl jongbokkiehaar baie wisselvallig was - op omtrent dieselfde vlak as met die sluiting van die winterseisoen in Desember.

Die vraag na kleinbokkiehaar met kort- en gemiddelde lengtes was klein en die pryse gevolglik laag, terwyl goeie lengtes se pryse vergelykbaar met die winterseisoen se sluitingspryse was.

Vergeleke by dieselfde tydperk verlede jaar, was alle kleinbokkiehaar egter tot 30% goedkoper, met kort haar in dié klas nog swakker.

Kenners in die bedryf meen die tekstieldepressie in die wêreld skyn nou of dit 'n laagtepunt bereik. Hulle meen dit sal stellig nog heelwat tyd neem voordat verbeterings intree.

Die depressie tref veral vir Italië, wat op gister se veiling min mededinging het, terwyl Japan feitlik heeltemal uit die mark was. Die grootste koper was Britanje wat feitlik geen mededinging in die bieëry gehad het nie. Pryse het gevolglik laag gebly.

Op 2.6.1971 maak die korrespondent van die „Farmers' Weekly" bekend dat die produksiegaping in Kaapse Bokhaar wat deur die gevreesde droogte teweeggebring is, nou stadig besig is om oorbrug te word.

Die tekort in ontvangste vergeleke met verlede seisoen in Port Elizabeth, tot die eerste week in Mei 1971, was 1,831 bale bokhaar. Hierteenoor het die Basoetohaar 'n geringe toename oor verlede jaar getoon. Totale Kaapse Bokhaar het met 2,826 bale gedaal, hoewel daar nog heelwat bale op hande is wat nog aangebied moet word.

Alle bale Basoetohaar op veilings aangebied, is verkoop en die afname teenoor verlede seisoen was maar 65 bale, maar die hoeveelheid wat nog aangebied moet word, is 54 bale meer as verlede seisoen. Verskepings van beide vet en gewaste bokhaar is 1,683 bale minder as verlede seisoen, maar die aantal bale wat verkoop is en op verskeping wag, is meer. Dit blyk dat die aantal Kaapse Bokhaar wat nog nie vir verkoop aangebied is nie, byna 36% van die totale aanbiedings is. Daar is ook minder bale na wasserye gestuur.

160/..... Die

Die Suid-Afrikaanse Sybokhaaruitvoere vanaf Julie 1969 tot Junie 1970 word in Tabel „D" op bladsy 164 uiteengesit. Die Basoetosybokhaar word by hierdie syfers ingesluit.

Grafiek 2 op bladsy 165 toon die Wêreld Bokhaar Produksie aan.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Jaarverslae Sybokhaarraad 1965 - 1970.

2) Handbook Textile Fibres 1971.


3) Year Book of S. A. 1970.

4) Verslag Kommissie van Ondersoek oor Bemarking 1971.

5) Regulasies Insake Verpakking, klassering en merk van Bokhaar.

6) Statistiese Ontledings deur Sybokhaarraad 1945 - 1971 en soos verwerk om bemarking van Sybokhaar aan te toon.

GRAFIEK 1. SUID-AFRIKAANSE



TABEL "B"

## HOOF SYBOKHAARTIPES

| GROEP | T I P E S | B E S K R Y W I N G | GEMIDDELD % SKEERSEL SOMER | WINTER |
|---|---|---|---|---|
| 1 | ASFK, BSFK, CSPK | Beste Bokkies | 2,4 | 0,9 |
| 2 | ASK, AK, BSK, BK | Lang Fyn Bokkies | 2,5 | 5,2 |
| 3 | CSK, CK, DSK, DK | Kort Bokkies | 2,6 | 3,5 |
| 4 | MK, KSTN | Gemengde Gevlekte Bokkies | 2,3 | 3,6 |
| 5 | ASYG, BSYG, CSYG | Beste Jongbokke | 2,3 | 1,2 |
| 6 | AYG, BYG | Lang Gemengde Jongbokke | 2,8 | 0,8 |
| 7 | CYG, DYG, MYG | Kort Gemiddelde Jongbokke | 3,6 | 1,5 |
| 8 | ASFH, BSFH | Beste Grootbokke | 3,8 | 2,4 |
| 9 | CSFH, DSFH | Kort Fyn Grootbokke | 2,1 | 2,5 |
| 10 | ASH, BSH | Lang Goeie Grootbokke | 8,0 | 6,7 |
| 11 | CSH, DSH | Kort Goeie Grootbokke | 3,8 | 5,2 |
| 12 | AH, BH | Lang Washaar | 15,7 | 14,6 |
| 13 | CH, DH | Kort Washaar | 14,4 | 19,8 |
| 14 | RAM, AR, BK, CR, MH, STN | Sterk Gemengde Washaar | 26,0 | 22,2 |
| 15 | KSDY, SDY, BRANDS | Verkoling | 1,5 | 2,0 |
| 16 | LOX, VEL, PLK | LOX, VEL ens. | 6,0 | 4,9 |
| 17 | Alle Kruisrasse | Kruisras | 2,2 | 3,0 |

163/..... TABEL C.

TABEL C.

Sedert die verskillende hoof tipes wat op bladsy 162 verskyn gepubliseer is, het die Sybokhaarraad 'n beter indeling gemaak van die verskillende tipes wat onder die 21 verskillende hoofgroepe ressorteer. Indien die twee gegewe skedules vergelyk word, sal daar met een oogopslag opgemerk word in hoeverre die indeling nou geaffekteer is.

| NUWE GROE-PERING: | T I P E S: | B E S K R Y W I N G: |
|---|---|---|
| 1 | ASFK, BSFK, CSFK | Beste Bokkies |
| 2 | BFK | Lang Fyn Bokkies |
| 3 | ASK, AK, BSK, BK | Lang Bokkies |
| 4 | CFK, DSFK, DFK | Kort Fyn Bokkies |
| 5 | CSK, CK, DSK, DK, EK | Kort Bokkies |
| 6 | MK, KSTN | Gemengde en Gevlekte Bokkies |
| 7 | ASYG, DSYG, EYk | Beste Lang Jongbokke |
| 8 | CSYG, DSYG | Beste Kort Jongbokke |
| 9 | AYG, BYG | Lang Gemiddelde Jongbokke |
| 10 | CYG, DYG, EYG | Kort Gemiddelde Jongbokke |
| 11 | MYG, YGSTN | Gemengde en Gevlekte Jongbokke |
| 12 | ASFH, BSFH | Beste Grootbokke |
| 13 | ASH, BFH, BSH | Lang Goeie Grootbokke |
| 14 | CSFH, DSFH, CFH, DFH | Kort Fyn Grootbokke |
| 15 | CSH, DSH | Kort Goeie Grootbokke |
| 16 | AH, BH | Lang Washaar |
| 17 | CH, DH, EH | Kort Washaar |
| 18 | MH, RAM, AR, BR, CR, STN | Sterk Gemengde Washaar |
| 19 | KLOX, LOX, VEL, PLK | Lox |
| 20 | KSDY, SDY, BRANDS | Verkoling |
| 21 | XFK, XK, XFH, XH, GREY, XSTN, XLOX, XSDY. | Kruisras |

164/..... TABEL D.

TABEL D.


## SUID-AFRIKAANSE SYBOKHAARUITVOERE - JULIE 1969 / JUNIE 1970

(000 lb)

| LAND | KAAPSE SYBOKHAAR | | | | BASOETOSYBOKHAAR | | | | ALLE SYBOKHAAR VETBASIS | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vet | Gewas | Kambol en Uitkamsels | Totaal Vetbasis | Vet | Gewas | Kambol en Uitkamsels | Totaal Vetbasis | 1969/70 | 1968/69 | 1967/68 |
| Afrika | - | - | 0.1 | 0.1 | 36.1 | - | - | 36.1 | 36.2 | 25.0 | 16.7 |
| Australië | - | 2.0 | 24.0 | 30.6 | - | - | - | - | 30.6 | 9.0 | 63.8 |
| België | 90.2 | - | 33.0 | 129.0 | 49.0 | 2.1 | - | 51.5 | 180.5 | 172.1 | 343.9 |
| Brasilië | - | 13.3 | - | 15.8 | - | - | - | - | 15.8 | 25.8 | - |
| Kanada | - | - | 4.9 | 5.7 | - | - | - | - | 5.7 | - | - |
| Europa | - | 4.3 | - | 5.2 | - | - | - | - | 5.2 | - | - |
| Frankryk | 244.1 | 154.9 | - | 428.5 | 122.7 | 6.2 | 12.5 | 144.5 | 573.0 | 770.4 | 1,137.1 |
| Griekeland | 2.2 | 29.1 | 42.1 | 86.4 | - | 4.9 | 12.2 | 19.8 | 106.2 | 48.2 | 58.1 |
| Hongkong | - | 33.0 | - | 39.3 | - | - | - | - | 39.3 | 5.6 | 0.6 |
| Israel | - | 24.0 | - | 28.6 | - | - | - | - | 28.6 | 45.7 | 36.9 |
| Italië | 807.0 | 1,010.5 | 26.4 | 2,041.0 | 67.3 | 124.3 | 7.5 | 220.6 | 2,261.6 | 3,292.2 | 3,286.4 |
| Japan | 506.2 | 333.8 | 54.9 | 968.1 | 41.0 | 23.5 | - | 68.4 | 1,036.5 | 1,388.7 | 1,721.0 |
| Nederland | 139.8 | - | - | 139.8 | - | - | - | - | 139.8 | 168.9 | 303.4 |
| Portugal | - | 15.8 | - | 18.8 | - | - | - | - | 18.8 | 22.3 | 32.4 |
| Suid-Korea | - | 578.8 | - | 689.1 | - | - | - | - | 689.1 | 349.6 | 183.8 |
| Spanje | 82.1 | 1,236.3 | 12.8 | 1,569.0 | 20.4 | 87.1 | - | 121.6 | 1,690.6 | 2,047.6 | 1,202.3 |
| Swede | - | 6.3 | - | 7.5 | - | - | - | - | 7.5 | 7.7 | 10.5 |
| Switzerland | 20.0 | - | - | 20.0 | - | - | - | - | 20.0 | 5.9 | 79.3 |
| Taiwan | - | 18.6 | 7.9 | 31.4 | - | - | 4.9 | 5.8 | 37.2 | 66.8 | 125.5 |
| Ver. Koninkryk | 3,787.9 | 85.1 | 48.9 | 3,946.8 | 1,514.0 | 14.0 | 17.8 | 1,547.4 | 5,494.2 | 4,747.4 | 5,962.7 |
| V.S.A. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 9.5 | 15.7 |
| Wes-Duitsland | 8.6 | 102.1 | - | 130.1 | 25.4 | 4.9 | - | 31.1 | 161.2 | 88.8 | 290.9 |
| TOTAAL WERKLIK | 5,688.1 | 3,647.9 | 255.0 | - | 1,872.3 | 267.0 | 54.9 | - | - | - | - |
| TOTAAL VETBASIS | 5,688.1 | 4,342.7 | 300.0 | 10,330.8 | 1,872.3 | 310.6 | 63.9 | 2,246.8 | 12,577.6 | 13,298.2 | 14,871.0 |

Bron?

GRAFIEK 2


WERELD BOKHAAR PRODUKSIE 1950-1970.
MILJOEN POND
LESOTHO
SUID-AFRIKA
TURKYE
V.S.A.
JR
50
51
52
53
54
55
56
57
58
59
60
61
62
63
64
65
66
67
68
69
70
10
20
30
40
50
60
70

## B. VOORLIGTING

Voorligtingswerk word op groot skaal toegepas op landbouprodukte, produksie van wol, vee, ensovoorts en die Sybokhaarraad net soos die Sybokhaar-Adviesraad het die noodsaaklikheid van voorligting (extension) besef, veral met die opbouing van kuddes deur opreggeteelde ramme vir die produksie van Sybokhaar te gebruik en om kuddes vry te hou van siektes, ensovoorts.

Die kuddekompetisies wat die Adviesraad ingestel het, is op voortgebou deur die Sybokhaarraad en om sake te vergemaklik is die gebiede waar met sybokke geboer word in vyf streke verdeel, sodat daar om die beurt elke jaar in een of ander streek so 'n kompetisie gereël word. Aan die wenner word dan 'n prys in die vorm van 'n wisselbeker uitgeloof. In die Noorsveldstreek is daar in 1966 so 'n kuddekompetisie gehou wat deur mnre. W. A. Cawood en Seuns van Mount Stewart gewen is. Die 1967 kompetisie is in die Karoostreek gehou en hierdie is gewen deur mnr. H. A. de Vries wat in 1966 die wêreldrekordprys van 5000c per pond ontvang het vir een baal super kleinbokkiehaar. Om belangstelling te wek vir hierdie kompetisie, word pryse gewoonlik op die Sybokhaarkwekerskongres wat elke jaar in Junie in Port Elizabeth gehou word, oorhandig of deur die Minister self, of sy Adjunk.

Ter verduideliking kan gesê word dat die Kudde-kompetisie gewoonlik in die vorm van 'n Boeredag gehou word. Op hierdie dae word onder andere lesings gehou oor die voorbereiding van skeersels en word die plaas- en veebestuur benadruk. Hierin word dank aan die Departement van Landbou-tegniese Dienste betuig wat beamptes beskikbaar stel vir die lesings oor die metodes en aspekte van veeboerdery. Die Boeredag is dus 'n rooiletterdag in die lewe van die boeregemeenskap en menings en besware word gelig tot voordeel van die bedryf.

Afgesien van die landboubeamptes se deel aan die verrigtinge, spreek beamptes van die Sybokhaarraad gereeld Boeredae toe en daar is al op plekke soos Grahamstad, Steytlerville en Uniondale, ens. opgetree. Die Onderstepoort Veeartsenykundige Navorsingsinstituut en die Universiteit van Pretoria, nooi die Raad gewoonlik uit om beamptes te voorsien vir lesings aan sy studente.

Die Transvaalse streek van die Departement Landbou-tegniese Dienste het in 1965 'n aantal Angora-ooie van die Sybokhaar-Adviesraad as 'n geskenk ont-

vang vir bevorderingswerk, en toe die Sybokhaarraad deur wetgewing gestig is, is daar besluit om die ontwikkeling van die navorsingsprojek te gaan ondersoek en om vas te stel of die verskillende proewe geslaagd was. Die Dragnostiese Sentrum vir kleinveebedryf wat by die Landboukollege te Grootfontein gestasioneer sou wees, het beoog om 'n gebou op te rig om die Sentrum te huisves. Die gebou is in 1966/67 opgerig en die koste daaraan het sowat R74,000 beloop. Die Raad sou met die Minister se goedkeuring, 'n skenking maak om die kostes te help dek - die Minister van Landbou-Ekonomie en Bemarking het op 1 September 1967 die voltooide gebou geopen en dit amptelik aan die Departement van Landbou-tegniese Dienste oorhandig.

Die kuddekompetisies gedurende 1969/70 het 'n punt bereik waar elke distrik sy beurt gehad het om die kompetisie te reël en tenspyte van die uitwerking wat die droogte gehad het, was die kompetisie suksesvol.

Die kuddekompetisies is van die begin af deur die Raad self gereël en geadministreer maar met sy menigvuldige pligte is gevoel dat die Sybokhaarkwekersvereniging die reëlings moes oorneem, sodat daar groter belangstelling onder produsente gewek kan word. Met hierdie oordra van verantwoordelikheid skuif die Raad nie sy verpligtinge geheel en al af nie, want hy is nog beskikbaar vir enige raad en bystand.

Daar is ook gedurende 1969/70 'n begin gemaak om nuwe klasstandaarde vir die skeersel daar te stel en die samewerking is van die Raad, produsente, makelaars, kopers en die Afdeling Inspeksiedienste in hierdie opsig verkry. Voorheen het die standaarde oor 52 tipes gestrek maar nou sou daar 66 verskillende tipes wees om die beskrywing van die fyner tipes of tipes wat deur verskillende kopers benodig word, beter te omskryf. Die nuwe standaarde moet amptelik deur middel van Proklamasie in werking gestel word, maar die Raad het wyslik besluit om die ingebruikneming van die nuwe standaarde voor die Proklamasie, gaandeweg in gebruik te neem want dit sou almal 'n geleentheid bied om op hoogte van sake te kom en voor Proklamasie, vertroud te raak met die vereiste bepalings.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Sybokhaar-Joernale.
2) Sybokhaar Jaarverslae 1965 - 1970.
3) Omsendbriewe aan produsente.

168/..... C. NAVORSING:

## C. NAVORSING

Die beleid van navorsing wat deur die Sybokhaarraad toegepas word, is baie belangrik vir die sybokhaarbedryf en net soos in die geval van wolnavorsing, geniet dit eersterangse aandag. Die Raad, net soos sy voorganger die Sybokhaar-Adviesraad, voel dat navorsing 'n basiese rol moet speel om die nodige stabiliteit in die sybokhaarbedryf teweeg te bring. Dit op sigself is 'n groot taak wat nie alleen aangepak kan word nie, daarom moes fondse verskaf word vir die liggame wat bemoeid was met die navorsing, teneinde die projek sterk na vore te bring. Navorsing in die geval van die sybokhaar, moes toegepas word om meer en beter gevorderde kennis in te win van chemie, fisika en gedrag van die vesel as 'n vereiste agtergrond vir toegepaste navorsing oor die verwerking en gebruik van die vesel.

Die fondse wat die Raad dus beskikbaar gestel het vir navorsing, het gegaan aan die Suid-Afrikaanse Woltekstiel-navorsingsinstituut, vroeër te Grahamstad en tans digby die nuwe Universiteit van Port Elizabeth; die skool vir Tekstieltegnologie in Sydney, Australië; die Duitse Wolnavorsingsinstituut by Aashen in Duitsland en Leeds Universiteit in Engeland. Hierdie inrigtings onderneem toegepaste en tegnologiese navorsing en hulle metodes is van hoogstaande gehalte.

Om navorsing verder uit te brei, het die Raad teneinde proewe te laat uitvoer oor die gebruik van sybokhaar in die kaardstof-sisteem van tekstielvervaardiging, 'n hoeveelheid sybokhaar geskenk aan die Skotse Wol-Tegniese Kollege, want hierdie kollege is wêreldwyd bekend vir sy navorsing.

Hierby het die Raad se navorsing nie gebly nie en daar is gevolglik reëlings getref met sybokhaarkleedstof-vervaardiging vir navorsing op nywerheidskaal oor die ontwikkeling van nuwe materiale wat sybokhaar bevat het en om ander gebruike vir die vesel te vind.

Met die aansienlike kapitale skenking wat die Raad in 1969 aan die S.A. Woltekstielnavorsings-Instituut gemaak het, het die Instituut masjiene aangekoop vir navorsing op 'n nuwe brei-weef beginsel wat „Co-We-Nit" genoem word. Die oogmerk was om sybokhaar langs hierdie weg te gebruik vir bekleedsels en gordynstowwe en volgens gegewens beskikbaar is die poging geslaag. Nou kan die werk ook lei tot 'n moontlike nuwe benadering vir damesstowwe en mans-sportbaadjiemateriaal. Die belangstelling vir hierdie proses was so geweldig dat die Raad fondse beskikbaar gestel het om die verantwoordelike beampte

169/..... van die

van die Instituut vir ses weke na sodanige fabrikante te stuur om behulpsaam te wees met die ingebruikneming van soortgelyke masjienerie. Die eindresultaat van hierdie projek beloof om groot moontlikhede in te hou, hoewel daar gehoop word om oor 'n jaar die uitwerking te peil, wanneer daar tot produksie oorgegaan word. Hierbenewens dra die Raad ook by tot die Beursfondse van die Departement van Landbou-tegniese Dienste vir die opleiding van landboustudente, asook aan die Tekstielafdeling van die Universiteit Port Elizabeth vir plaaslike opleiding van tekstielwetenskaplikes.

Al hierdie pogings van die Sybokhaarraad om navorsing op die gebied van die Sybokhaar te beklemtoon, was toentertyd geslaagd en aangesien dit die voortgesette beleid van die Sybokhaarraad, gerugsteun deur die Regering, is, kan daar uitgesien word na samewerking tussen die produsent, vervaardigers, navorsers, verbruikers en die Raad self en dit kan maar net gehoop word dat met die finansiële bystand en belangstelling van die Sybokhaarraad, dit groot moontlikhede vir die toekoms inhou.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Sybokhaar Jaarverslae 1965 - 1970.

2) Omsendbriewe aan Produsente en Publikasies in plaaslike Pers.

3) Verskeie Angora Joernale.

170/..... D. BEVORDERING

## D. BEVORDERING

Hierdie gedeelte wat handel oor die bevordering van Sybokhaar, kan in twee onderdele ingedeel word, naamlik (1) oorsese- en (2) plaaslike bevordering.

### (1) Oorsese Bevordering:

Oorsese spinners en wewers van sybokhaar-pluisbekleedsel het in 1964 kommer teenoor die Sybokraad uitgespreek dat sintetiese vesels 'n groot bedreiging vir Sybokhaar inhou en die Raad moes planne beraam om 'n program van aksie op te stel om die opkoms van sintetiese vesels teë te werk. Om hierdie bedreiging die hoof te bied, is die Bestuurder opdrag gegee om Europa in April 1966 te besoek, teneinde 'n beleid te formuleer en die moontlikheid van gesamentlike optrede tussen die Raad en vervaardigers sedert daar op internasionale vlak met die C.I.T.T.A. - Internasionale Komitee vir Tapyte en Bekleedsel nouer saamgewerk word. Soos verwag is, het heelwat probleme opgeduik maar eindelik is daarin geslaag om die Nederlandse wewers en die Britse spinners se samewerking te verkry ten opsigte van die bevordering van die Hollandse sybokhaar-pluisbekleedsel. Noudat samewerking verkry is, moes daar 'n opvolging kom van die Raad se besluit en teneinde die beleid uit te bou, moes die benadering bekendgestel word en dit is gedoen deur middel van advertensies in die bekendste oorsese tydskrifte. Die advertensies het betrekking gehad op meubelering en binnehuisversierings en is vroeg in 1967 van stapel gestuur en feitlik van die begin af was daar bemoedigende tekens in hoe verre dit die vraag na sulke hoë graadse stowwe sou beinvloed.

Om die beleid van die Raad verder uit te voer, is daar weer besluit om nog besoeke aan oorsee na Australië, Japan en Europa te onderneem met die uitsluitlike doel om die bevorderingsprojekte te finaliseer, terwyl nywerheidsnavorsing bespreek moes word, asook om te besluit oor nuwe materiale van sybokhaar. Die besoeke oorsee sou volgens die Raad se besluit 'n jaarlikse instelling word wat kon dien ter uitbouing van die oorsese bevorderingsbeleid, maar om alle aspekte van die bevorderingsbeleid op te knap en vas te stel hoe die verskillende navorsings- en advertensieprojekte vorder, is 'n verdere besoek in 1967 na Europa onderneem. Daar het 'n baie ernstige probleem ontstaan deurdat wastipes se pryse as gevolg van die skerp daling in die modeaanvraag na sybokhaarkleding en tydens die besoek aan Europa moes

hierdie neiging ondersoek word. Die moontlikheid van die gebruik van wastipes moes ondersoek word en hierdie sending het gepoog om 'n program op tou te sit vir die gebruik van die beter grootbokhaar wastipes, terwyl die vesels van die kleinbokkies- en jongbokhaar ook aandag moes geniet. Al hierdie aspekte van bevordering van sekere tipes veral, sou ook meebring dat die produsente of kwekers in Suid-Afrika wat die sybokhaar moes verskaf, ook aandag moes gee aan die uitbreiding van hulle kuddes en dit in so 'n mate te vergroot dat daar genoegsame jong- en bokkieshaar beskikbaar sou wees vir bewerking.

Die Internasionale Wolsekretariaat propageer die gebruik van suiwer nuutwol, maar omdat 'n aantal van die toonaangewende vervaardigers druk begin uitoefen het om toegelaat te word om in hul vervaardiging van meteriale, wol en sybokhaar te gebruik moes daar dus vanweë hierdie optrede van die kant van die Internasionale Wolsekretariaat 'n wysiging kom om die vermenging van bokhaar en wol toe te laat en te bepaal tot watter mate sulke vermenging moes plaasvind. Hierdie afwyking van die Internasionale Wolsekretariaat, waarby alle wollande geaffilieer is, sou ten gevolg hê dat daar vir gebruik van beide wol en sybokhaar voorsiening gemaak word en sy beleid moes dus gewysig word sodat 'n basis vir die menging van vesels onder die Wolmerk neergelê kon word. Daar is in 1966 deur die Internasionale Wolsekretariaat bepaal dat sowat 20% sybokhaar by ander vesels gevoeg mag word maar dit sou vir advertensiedoeleindes geen waarde hê nie, omdat dit nie op die materiaal genoem word watter persentasie sybokhaar deel uitmaak van die betrokke materiaal nie. Die Sybokraad het dit destyds gestel dat „die insluiting van slegs 20% sybokhaar in sulke materiale kan min effek hê op die voorkoms en gehalte van die stowwe, tensy die sybokhaar uitsluitlik gebruik word om oppervlaks-effekte te bereik - werklike sybokhaarmateriaal bevat minstens 30% sybokhaar. Dit was toe nog te vroeg om te oordeel hoe hierdie gewysigde beleid die sybokhaarsituasie sou affekteer."

Dit blyk dus uiters noodsaaklik dat die Sybokhaarraad se uitwaartse of oorsese bevordering van die aller grootste belang vir die Suid-Afrikaanse Sybokhaarbedryf is en moet dus toegespits wees op grootskaalse bekendstelling van die sybokhaarvesels.

Aangesien die grootste mark vir Suid-Afrikaanse sybokhaar oorsee is, gaan die Raad voort om sy reklame oorsee uit te bou en die Raad ondersteun die Departement van Handel en Nywerheid wanneer daar in verskeie lande uitgestal word.

172/.... Soos

Soos elders gestel, is dit die Raad se voortgesette beleid om besoeke aan oorsese lande te onderneem en soos verwag word, moet hierdie besoeke opgevolg word om die vorderings te ondersoek en op hulle terugkoms beter metodes in teelt of bemarking te laat toepas. Teneinde verbruikers van sybokhaar en ander belangstellendes te toon hoe 'n Angorabok lyk is 'n aantal opgestopte Angorabokkies aan fabrikante en ander inrigtings geskenk.

(2) Plaaslike Bevordering:

Die Adviesraad se beleid oor bevordering, soos oorspronklik deur hulle bepaal is, is deur die Sybokhaarraad in sy geheel oorgeneem en laasgenoemde Raad het voortgegaan om die verbruik van sybokhaar in Suid-Afrika te bevorder en mense meer bewus te maak van die bestaan van die vesel en hulle aan te moedig om die materiale wat sybokhaar bevat aan te skaf, of dit klerasie is of binnehuisversiersels. Hierdie voortsetting van 'n vorderingsbeleid het tot gevolg gehad dat besoekers wat die Randse Paasskou bygewoon het, die voorreg gehad het om 'n uitstalling van sybokhaar mans- en damesklerasie daar in 1967 te admireer. Tydens die Kaapse Tentoonstelling in dieselfde jaar, het die Raad die geleentheid benut om sybokhaarstowwe vir bekleedsels en behangsels, aldaar uit te stal.

Bogenoemde uitstallings het soveel byval gevind dat daar in 1967 besluit is om weer by die Randse Paasskou uit te stal. In hierdie uitstalling is veral klem gelê op die gebruik van sybokhaar in meubelering. Hierdie uitstalling gesien van 'n advertensie veldtog, behalwe die aandag wat dit gekry het, is boonop ook nog bekroon met die Goue medalje vir die beste uitstalling op die skou. Bloemfontein se skou was volgende aan die beurt en weereens het die uitstalling van die sybokhaarraad die Goue medalje verower.

Groot stede was bevoorreg om die Raad se uitstalling te huisves, maar dit is gevoel dat die kleiner plekke ook moes deel in die Raad se uitstallings wat van 'n hoë gehalte was. Uitvoering hieraan is gegee en Uitenhage se Republiekfees en plekke soos Jansenville, Mortimer en Graaff-Reinet het almal gedeel in die Raad se uitstallings. Terwyl die Sybokhaarkongres in 1967 in Port Elizabeth gehou is 'n spesiale uitstalling gereël vir dié produsente wat nie die voorreg gehad het om die groter uitstallings op die groot Landbouskoue te kon bywoon nie. Al hierdie pogings om die Sybokhaar in die verskillende verwerkte materiale te adverteer, het groot opspraak gewek en daar is deur die Sybokhaarraad besluit om voort te gaan met sy program om te adverteer. So is dan besluit om die materiale wat in die modewêreld gebruik

word, bekend te stel gedurende 1965 en 1966 - die tema sou wees: „Daardie Man en Vrou in Sybokhaar." Met die hulp van die Ford Maatskappy, is daar in die jare 1966 en 1967 daarin geslaag om kleuradvertensies vir die genoemde tema daar te stel en volgens onafhanklike waarnemers beoordeel as die beste wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Ontwerpers is nou die geleentheid gebied om kledingstukke te ontwerp. In die begin van 1966 het 15 Suid-Afrikaanse ontwerpers ingeskryf vir die ontwerp van Sybokhaar-kledingstukke. Na beoordeling, is die beste ontwerp in die Raad se Mode- Ontwerp-kompetisie deur Dalenes van Pretoria verower vir dié se uitstaande ensemble in Sybokhaar en wol; terwyl Union Clothing 'n mans aandpak ingeskryf het. Hierna is die kledingstukke wat deur die ontwerpers ontwerp is, deur die Raad aan uitgesoekte gehore in Durban, Johannesburg, Kaapstad en Port Elizabeth vertoon. Die advertensie was van onskatbare waarde en dit kan afgelei word vanuit die koerante en tydskrifte, dat die Raad se pogings geslaagd was en dat dit die Sybokhaar tot eer gestrek het dat hulle pogings van hoë gehalte was. Die samewerking van tydskrifte en koerante is aanbevelingswaardig en hulle het ook daarin geslaag om hulle lesers onder die besef te bring van die gehalte van Sybokhaar, verwerkte materiale en watter binnehuisversiersels beskikbaar was.

Die pers het sy advertensiemasjienerie vir die Raad beskikbaar gestel en terwyl die advertensie-veldtog vir die Raad nie finansiële verpligtinge ingehou het nie, het laasgenoemde die veldtog opgevolg deur 'n groot aantal artikels beskikbaar te stel vir publikasie in die Pers, asook in die Angorablad.

Ter opvolging van die advertensies deur die Pers en die kompetisies deur Ontwerpers, is daar besluit om verdere reekse modevertonings te hou wat dan ook gedurende 1968 onder die naam „Salon 68" geskied het.

'n Vaste beleid om bevordering ter plaatse uit te voer, is dus aanvaar en een of ander metode van uitstalling op Skoue, ensovoorts, sou dus in die toekoms benut word.

Op die Randse Paasskou van 1970 het die Sybokhaar met sy uitstallings weereens 'n Goue medalje verwerf, met die uitstalling waar klem gelê is op die gebruik van sybokhaar in klerasie, komberse en bekleedsel. Soos vantevore, het die uitstalling die verbeelding van die skougangers aangegryp, veral die Raad se poging om Sybokhaar-pluisbekleedsel na motors uit te brei. Die reaksie op hierdie poging was gunstig en daar word met motorvervaardigers onderhandel om die genoemde bekleedsel 'n werklikheid te maak.

174/..... Sekere

Sekere Vroue-Organisasies stel ook besonder belang in die produkte van die Sybokhaar en om hulle te bereik, word lesings en demonstrasies by hulle gereël.

Plaaslike bevordering het in 1969/70 'n groot stoot vorentoe gekry toe die Sybokraad dit goed gevind het om die beroemde Italiaanse vervaardiger van hoë kwaliteit manspakmateriale na Suid-Afrika uit te nooi om hom op hoogte van die Sybokhaar te bring en om die moontlikheid om meer sybokhaar te gebruik in die kleremaakindustrie.

Verlede jaar het Graaf d. Angelo Zegna, R2,000 geskenk vir 'n wisseltrofee wat uitgeloof sou word aan die produsent van die beste gehalte kleinbokkiehaar in die wêreld. Hierdie internasionale kompetisie het wye belangstelling uitgelok en die wenner was 'n Suid-Afrikaanse Sybokhaarboer, mnr. D. A. Hobson van Mount Stewart.

Die Sybokhaarraad sit nooit stil nie en is gedurig besig om nuwe bevorderingsvelde te betree - so vind ons dat skoonheidskoninginne hulle deel van die geweefte materiale bekom in die vorm van mantels ensovoorts, terwyl die 1820 Setlaarsfees-optog voorsien is van 'n sierwa om die publiek die geleentheid te bied om die vordering van die Sybok te volg. Die voortgesette program om ook in die plaaslike tydskrifte te adverteer, verleen steeds voorrang.

---

<u>BRON VAN INLIGTING:</u>

1) „Wool Records".

2) Sybokhaar-jaarverslae 1965 - 1970.

3) Verskeie Angora Joernale.

## E. HEFFING EN FONDSE

Vanaf 1951 tot Junie 1966, is fondse vir die werksaamhede van die Sybok-Adviesraad en later die Sybokhaarraad verkry uit inspeksiegelde wat met die goedkeuring van die Minister opgelê is.

Die Sybokhaarraad het in Julie 1966 sy eie heffings in werking gestel, naamlik:

(a) 'n Administratiewe Heffing van ½c per pond op alle sybokhaar wat in die Republiek verkoop is (bokhaar aan velle is hier ingesluit); en

(b) 'n Spesiale Heffing van 1½c per pond.

Omdat pryse van bokhaar skerp gedaal het en die knellende droogte ook meegebring het dat die grootste gedeelte van die gebiede waar sybokke aangehou word geraak is, het die Minister op aanbeveling van die Sybokhaarraad, goedgekeur dat die Spesiale Heffing van 1½c na ½c per pond vanaf 1 Julie 1967 verlaag word.

Die Sybok-Adviesraad se fondse is op 1 Oktober na die Sybokhaarraad oorgedra en die fonds wat toe al R1,050,063 beloop het, is toe oorgedra na die Spesiale Heffingsfonds. Die inkomste verkry van die uitvoer-inspeksies, is gedeel op die basis van ½c per pond na die Sybokhaar-heffingsfonds (Administrasie) en 1½c per pond na die Spesiale Heffingsfonds, ten einde die lopende uitgawe vir die res van die jaar, wat op 30 Junie 1966 geeindig het, te bestry.

Die Sybokhaarraad het op 30 Junie 1967 oor die volgende fondse beskik:

| | |
|---|---|
| Sybokhaar-heffingsfonds | R45,924 |
| Spesiale Heffingsfonds | R109,796 |
| Algemene Reserwefonds | R1,095,952 |
| Fondse vir Vaste Bates | R9,735. |

Hierdie besonderhede sover dit heffingsfondse betref, verskyn in die Raad se Inkomste- en Uitgawerekeninge vir die jaar geeindig 30 Junie 1967 en is deur die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal as korrek gesertifiseer. (Sien ook Hoofstuk 3 H). Om 'n vergelyking te tref, kan hier genoem word dat die Sybokhaarraad in sy finansiële verslag vir die jaar geeindig 30 Junie 1970,

176/..... gesertifiseer

gesertifiseer deur die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal, bekend gemaak dat sy fondse soos volg was:

| | |
|---|---|
| Sybokhaar-heffingsfonds | R43,517 |
| Spesiale Heffingsfonds | R282,219 |
| Algemene Reserwefonds | R1,023,357 |
| Fondse vir Vaste Bates | R139,633. |

Die vermindering van die Sybokhaar-fondse van R45,924 na R43,517, is daaraan toe te skryf dat die beleid so geformuleer is dat die Sybokhaar-heffingsfondse slegs voldoende moet wees om sy administrasie-uitgawes te dek. Die heffing van ½c per pond wat in 1966 ingestel is, het dus onveranderd gebly.

Vanuit die Spesiale Heffingsfonds dek die Raad sy onkoste ten opsigte van voorligtinge- en navorsingstoekennings asook sy reklameprogramme. Die Spesiale Heffing word van tyd tot tyd gewysig afhangende van die produksie en beoogde programme. Hierdie heffing was 1½c per pond en vir die jaar eindigende 30 Junie 1970, was dit 2c per pond.

Finansiële Maatreëls - Oplegging van Heffings:

Die Sybokhaarraad kan volgens Artikel 43 van die Hoofwet met die Minister se goedkeuring, 'n heffing oplê op sybokhaar wat deur 'n produsent verkoop word of wat in die Republiek ingevoer word; met dien verstande dat sodanige heffing nie meer as 1,5c per kilogram (met desimilisasie), bereken op die basis van onverwerkte sybokhaar mag wees nie.

Die heffing wat kragtens bogenoemde paragraaf opgelê word moet -

(a) in die geval van sybokhaar wat deur die Raad verkoop word, bygevoeg word by en op dieselfde tydstip betaalbaar gemaak word as die prys waarteen die Raad sybokhaar aan enige persoon van die hand sit, of afgetrek word van die prys deur die Raad betaalbaar aan die produsent van die sybokhaar wanneer betaling gemaak word;

(b) in die geval van sybokhaar wat anders as deur die Raad verkoop word of aan die Raad verkoop word op die tye en die wyse wat by regulasie kragtens die Wet voorgeskryf mag word en moet betaal word deur -

(1) in die geval van sybokhaar, behalwe sybokhaar aan velle, aangebied vir verkoop deur 'n agent, deur daardie agent;

(2) in die geval van sybokhaar, behalwe sybokhaar aan velle,

177/..... ontvang

ontvang op 'n ander wyse verkry deur enige persoon met die doel om dit te verwerk, behalwe sybokhaar deur 'n agent te koop aangebied, deur daardie persoon wat die genoemde sybokhaar aldus ontvang of op 'n ander wyse verkry het vir genoemde doel;

(3) in die geval van sybokhaar, behalwe aan velle, wat vir uitvoer uit die Republiek bestem is, behalwe deur 'n agent te koop aangebied of verwerkte sybokhaar deur daardie persoon wat van voorneme is om sodanige sybokhaar aldus uit te voer;

(4) in die geval van sybokhaar behalwe aan velle, wat in die Republiek ingevoer word, behalwe sybokhaar wat bestem is vir verkoop per openbare veiling in Port Elizabeth of Oos-Londen, deur daardie persoon wat genoemde sybokhaar aldus invoer;

(5) in die geval van sybokhaar behalwe aan velle, wat deur 'n produsent verkoop word direk aan 'n persoon wat met sybokhaar as 'n besigheid handel, deur daardie koper;

(6) in alle ander gevalle waar sybokhaar, behalwe aan velle, verkoop word deur 'n produsent anders as ooreenkomstig sub-paragrawe (1) tot (5) hierbo, deur die produsent;

(7) in die geval van sybokhaar aan velle ontvang of op 'n ander wyse verkry deur enige persoon met die doel om dit te verwerk, deur daardie persoon, wat die velle ontvang of op 'n ander wyse verkry het vir die genoemde doel;

(8) in die geval van sybokhaar aan velle wat vir uitvoer uit die Republiek bestem is, behalwe verwerkte velle, deur daardie persoon wat van voorneme is om sodanige velle uit die Republiek uit te voer.

'n Agent wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie heffingsregulasies, 'n heffing aan die Raad betaal het, kan die bedrag verhaal van die persoon ten behoewe van wie die betrokke sybokhaar te koop aangebied was.

<u>Spesiale Heffing op Sybokhaar</u>:

Die Sybokhaarraad kan volgens die bepalings van Artikel 43 van die Bemarkingswet van 1968, met die goedkeuring van die Minister en soos deur die Raad bepaal, 'n heffing oplê op sybokhaar wat -

178/..... (a) deur

(a) deur 'n produsent verkoop word; en

(b) in die Republiek ingevoer word.

Algemene Heffingsfonds:

'n Heffingsfonds is ingestel wat die Algemene Heffingsfonds heet, waarin alle gelde deur die Raad ontvang, gestort moet word en waaruit alle betalings deur die Raad moet geskied. Die Raad kan ook onderhewig aan die Minister se goedkeuring, gelde verkry uit 'n heffing opgelê en aanwend vir enige doel wat na die Raad se oordeel tot voordeel sal strek van persone wat belang het by sybokhaar.

Spesiale Fondse:

'n Spesiale Heffingsfonds is ingestel en waarin gestort moet word die opbrengs van 'n Spesiale Heffing opgelê, asook die ander bedrae tot die beskikking van die Raad wat die Minister goedkeur - die Raad kan met die gelde in die fonds handel op die wyse deur die Minister goedgekeur.

Reserwe-Fonds:

Die Raad moet een of meer Reserwefondse instel waarin die bedrae tot die beskikking van die Raad gestort moet word wat van tyd tot tyd deur die Minister goedgekeur word, of wat hy na afloop van 'n boekjaar van die Raad en na oorlegpleging met die Raad bepaal - en die Raad kan dan oor die gelde in so 'n fonds beskik op die wyse wat die Minister goedkeur.

Bates van Raad by Opheffing van die Skema:

Indien hierdie Sybokhaarraad-Skema opgehef word:

(a) Sal alle bates van die Raad, nadat al sy skulde betaal is, aan die Minister oorhandig word en die bates aldus oorhandig, word deur die Minister na goeddunke vir die bevordering van Sybokhaarbedryf aangewend.

(b) Sal enige tekort wat mag bestaan nadat al die bates van die Raad tot geld gemaak is, gedra word deur alle produsente op wie die Skema van toepassing is, pro rata tot die waarde van sybokhaar deur of ten behoewe van sodanige produsent verkoop gedurende die tydperk van twee jaar, onmiddellik voor die datum waarop hierdie Skema opgehef word.

179/..... Leen van Geld:

Leen van Geld:

Die Raad kan met die Minister se goedkeuring geld leen wat ter verwesentliking van die oogmerk van hierdie Skema aangewend moet word.

Boekjaar:

Die Boekjaar van die Raad is die tydperk vanaf die eerste dag van Januarie in enige jaar tot die 31ste dag van Desember in dieselfde jaar, albei dae ingesluit.

Oudit:

Volgens Artikel 56 en 57 van die Skatkis- en Ouditwet 1956 (No. 23 van 1956) soos gewysig, word die rekeninge van die Raad jaarliks deur die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal geouditeer. Die bedrag wat deur die Tesourie na raadpleging met die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal ten opsigte van so 'n ouditering bepaal word, word deur die Raad ten bate van die Gekonsolideerde Inkomstefonds betaal.

(Hoofstuk 3 H oor die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal, sal in meer besonderhede behandel word).

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Deel 3 van die Regeringskennisgewing 705 van 1970.

2) Sybokhaarraad-verslae en Finansiële-verslae - 1965 - 1970.

## F. KODES

KODE MET BETREKKING TOT:

I. BESOLDIGING EN DIENSVOORWAARDES VAN PERSONEEL.

II. TOELAE AAN EN VERSEKERING VAN BEHEERRADE.

III. FINANSIëLE ADMINISTRASIE VAN BEHEERRADE.

-------

### AGTERGROND VAN INSTELLING VAN KODE OP BEHEERRADE

Die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), maak in artikel 19 (3) (a) onder andere daarvoor voorsiening dat 'n Skema sy beherende raad kan magtig om „die dienaars aan te stel..... wat hy nodig ag vir die verrigting van sy werksaamhede en vir die bereiking van die doel van die Skema". Die voorgemelde Wet, bevat geen voorbehoudsbepalings in verband met die aanstelling van personeel nie, sodat die aanstelling, besoldiging en ander diensvoorwaardes van raadsamptenare die prerogatief van beherende rade is nie en die besluite van beherende rade in dié verband nie wetlik aan die Minister se goedkeuring onderhewig is nie. Reeds in die veertigerjare het Kommissies van Ondersoek hulle reeds ten gunste van 'n mate van beheer oor die besoldiging van raadsamptenare uitgespreek.

Die Kommissie van Ondersoek na die Staatsdiens (Centlivres-Kommissie), het byvoorbeeld in sy Vyfde Verslag (U.G. 53 - 1946), soos volg opgemerk:-

> „Dit wil voorkom asof die algemene massa van personeel van hierdie rade, ten aansien van die gebrek aan sekerheid van ampsbehoud, nie te veel betaal word nie. Maar dit skyn asof die salarisse wat aan sommige hoofamptenare betaal word, taamlik ruim is en daar bestaan 'n neiging om hierdie salarisse te verhoog."
>
> Die Kommissie het gevolglik aanbeveel -
>
> „dat alle besoldiging bo R2,000 per jaar, vasgestel word op aanbeveling van die Staatsdienskommissie, tensy die Goewerneur-Generaal-in-Rade, 'n ander besoldiging vasstel en dat waar enige amptenaar wat tans besoldiging ontvang bo dié wat aldus vasgestel is, dit geag word dat hy 'n persoonlike salaris trek ten opsigte van sodanige te veel".

181/..... Die

Die Bemarkingswet-kommissie het in sy verslag (U.G. No. 48 van 1949) in paragraaf 75, soos volg aanbeveel:-

„Die Kommissie beskou dit as noodsaaklik dat in die toekoms, 'n mate van beheer oor die besoldiging wat die rade aan hulle senior amptenare betaal, uitgeoefen behoort te word. Met hierdie doel voor oë, word die aanbeveling wat in die Centlivres-kommissie oor dié onderwerp gedoen, ondersteun."

Dit is opmerklik dat drie van die dertien lede van die Kommissie nie die aanbeveling dat die Staatsdienskommissie aanbevelings moet maak, ondersteun nie, maar genoem dat die Bemarkingsraad dit moes doen.

In die Konsepwysingswetsontwerp van die Bemarkingswet van 1950, maak Klousule 13 daarvoor voorsiening dat geen beheerraad 'n beampte op 'n salaris van hoër as R2,000 per jaar kan aanstel sonder die toestemming van die Minister nie, en dat hy die Bemarkingsraad daaroor moes raadpleeg. Die klousule het ook bepaal dat 'n bestaande salaris by 'n beheerraad, nie bo R2,000 per jaar verhoog word sonder die goedkeuring van die Minister nie.

In 1950 en 1951 het die Landbou-adviesraad vergader en by hierdie vergadering het lede van die Adviesraad, asook beheerrade teen die voorgestelde klousule beswaar gemaak. Dit is voorgestel dat die klousule summier geskraap word. Die President van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het op sy beurt voorgestel dat die Minister die klousule terugtrek, op voorwaarde dat daar nouer samewerking in hierdie verband tussen hom en die beheerrade sou wees. In die lig hiervan het die Minister besluit om aan die versoek te voldoen en die artikel is gevolglik teruggetrek. Hierdie terugtrekking is gedoen onder die uitdruklike verstandhouding dat daar uitvoering gegee sou word aan die versekering wat die Adviesraad gegee het, dat die beheerrade die Departement sou raadpleeg in verband met die skepping van poste op die diensstaat van enige beheerraad waar die salaris die bedrag van R3,000 per jaar oorskry - hierdie vanweë veranderde omstandighede is later verhoog.

Toe die Voorsitters en Bestuurders van die destydse beheerrade die aangeleentheid met die Minister bespreek het op 10 Junie 1958, is besluit dat die reëling, waarna in die vorige paragraaf verwys word, van krag bly. Voortspruitend uit hierdie samesprekings, is die bestaande beheerrade op 16 September 1959 deur middel van 'n omsendbrief, wat terselfdertyd as 'n handleiding vir beheerrade kon dien, ingelig oor die Minister se wense, betreffende

toelaes en salarisse van raadsamptenare, toelaes aan raadslede en die belegging van fondse.

Probleme het later ontstaan wat die toepassing van die vrywillige stelsel van beheer, waaroor besluit en akkoord gegaan is, bemoeilik het. Sedert die aanvanklike reëling en selfs na 1958, is heelwat nuwe beheerrade ingestel wat nie destyds by die ooreenkoms betrek is nie. Die mening word ook gehuldig dat die ooreenkoms tussen die Minister en die Landbou-adviesraad slegs op salarisse van raadsbeamptes betrekking het en nie op ander diensvoorwaardes soos dag- en onthaaltoelaes, behuising, motorvervoer, ensovoorts.

In 1952 het die Gekose Komitee oor Openbare Rekenings sy standpunt gestel, dat die gelde tot beskikking van beheerrade die aard van openbare fondse het en dat daar 'n verpligting op beheerrade rus om hulle finansiële administrasie so te reël dat dit sover moontlik met die standaardpraktyk in ander dienste van die Staat ooreenstem, en om enige optrede wat waarskynlik lastige presedente in Staatsdiensadministrasie in die Republiek kan laat ontstaan, te vermy.

Die Gekose Komitee, in sy Derde Verslag van 1967, meld dat uit die getuienis van 'n aantal beheerrade wat voor hom verskyn het, verneem is dat in sekere van hulle transaksies, sommige van hierdie rade nie alleen in stryd met die algemene beginsel wat die Gekose Komitee in 1952 vasgelê het, gehandel het nie, maar ook spesifieke bepalings van die 1958 - ooreenkoms tussen die Minister en beheerrade, verontagsaam het. Die Komitee het hom ook uitgespreek ten gunste van die formulering van 'n eenvormige gebruikskode wat die besoldiging en diensvoorwaardes van personeel en die toelaes wat aan raadslede betaalbaar is, asook die vernaamste fasette van finansiële Administrasie behels. Met hierdie doel voor oë, het die Komitee in sy besluit No. 2 van sy Derde Verslag van 1967, soos volg aanbeveel:-

„(1) dat die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, nou oorweging skenk aan die hersiening en moontlike uitbreiding van die 1958 ooreenkoms, met die oog daarop om te verseker dat 'n eenvorminge kode wat statutêre gesag besit en die besoldiging en diensvoorwaardes van die personeel van beheerrade en die toelaes wat aan raadslede betaalbaar is, asook die vernaamste beginsels van finansiële administrasie behels, aan alle beheerrade beskikbaar gestel word; en

183/..... (2) dat

(2) dat afwyking van die kode slegs met die skriftelike magtiging van die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking toegelaat word."

Die Gekose Komitee het in sy verslag aan die Parlement ook gemeld dat daar uit inligting wat die verskillende beheerrade aan die Komitee verstrek het, opgemerk is dat sommige beheerrade ander jaarlikse toelaes as skadeloosstellingstoelaes aan voorsitters en ondervoorsitters betaal in die vorm van 'n onthaal of spesiale toelae - 'n ontwikkeling waarmee die Komitee nie akkoord gaan nie.

Die Gekose Komitee se verslag en aanbevelings is in die Volksraad ter tafel gelê en dit word nou van die Minister en sy Departement verwag om uitvoering aan die besluite van die Komitee te gee.

Soos opgemerk sal word, behels die Komitee se aanbevelings die uitreiking van 'n kode wat statutêre gesag besit en wat die volgende aspekte moet dek -

(i) die salarisse en diensvoorwaardes van personeel van beheerrade;

(ii) die toelaes wat aan raadslede betaalbaar is; en

(iii) die vernaamste fasette van finansiële administrasie.

Na oorweging van die Gekose Komitee se opmerkings en aanbevelings en nadat die saak op 1 November 1967 voor die Landbou-adviesraad gedien het, het die Minister aangedui dat sy benadering in die saak is dat, aangesien beheerrade kragtens wetgewing van die Parlement daargestel is en die gelde wat beheerrade invorder as in die aard van staatsgeld beskou moet word, die Parlement kennis wil dra van die wyse waarop die gelde aangewend word. Die Minister word in dié verband deur die Parlement verantwoordelik gehou en waar beheerrade kragtens wetgewing, die bevoegdheid het om ten opsigte van sekere aspekte sonder die Minister se medewete of goedkeuring te handel, beskik die Minister nie oor die inligting om die optrede van die beheerrade te kan verdedig nie. Die Minister het aangedui dat hy verlang dat 'n konsepkode oor die aspek waarna die Gekose Komitee in sy jongste verslag verwys, aan elke beheerraad beskikbaar gestel moet word vir kommentaar, alvorens sodanige kodes op beheerrade van toepassing gemaak word. Hieraan is uitvoering gegee en elke beheerraad asook die Wolraad en S.A. Wolkommissie is voorsien van 'n konsepkode wat in drie dele opgedeel is, naamlik:

KONSEPKODE A - Besoldiging en diensvoorwaardes van raadsamptenare.

KONSEPKODE B - Toelaes aan en versekering van raadslede.

KONSEPKODE C - Finansiële Administrasie van beheerrade.

Alle rade se opmerkings is verlang en die Minister wou die sienswyses verkry van alle betrokke beheerrade alvorens die Konsepkode aanvaar word. Soos verwag, is menings gelug en verdere aanbevelings gemaak, sodat die kode vanaf 25 September 1968 in werking getree het.

Na aanleiding van die samesprekings met verteenwoordigers van beheerrade op 26 Augustus 1968 met die Minister gevoer, word elke beheerraad van afskrifte van Kodes A en B wat betrekking het op die besoldiging en diensvoorwaardes van personeel en die toelae van raadslede, soos dit finaal deur die Minister goedgekeur is, voorsien.

Aandag word gevestig op paragraaf 3 onder die hoof „algemeen". Soos opgemerk sal word, moet die Minister se goedkeuring verkry word in alle gevalle waar van die bepalings van die Kodes afgewyk word. Enige afwykings wat die Minister egter reeds in die geval van partikulêre rade goedgekeur het, sal as deel van die Kodes vir sodanige rade beskou word.

Ten opsigte van Ministeriële beheer oor die salarisse van raadsamptenare, het beheerrade in hulle konsepkode voorgestel dat die beheer beperk moet word tot die poste op die hoogste drie vlakke in die Administrasie. Die bepalings van paragraaf 1 van Kode A, wyk egter hiervan af. Omdat dit by nadere oorweging van beheerrade se voorstelle geblyk het dat die poste-struktuur by verskillende rade, in so 'n mate verskil dat dit vir die doeleindes van die kodes wenslik is dat die Ministeriële beheer betrekking moet hê op die salarisse, toelaes en ander diensvoorwaardes verbonde aan die pos van hoof-uitvoerende beampte <u>en</u> die poste op die volgende drie hoogste vlakke in die Administrasie, dit wil sê, dié van die hoof-uitvoerende amptenaar en dié op die volgende twee vlakke beperk sou word, sou dit in die geval van sommige rade meebring dat slegs <u>drie</u> poste in die gedrang kom en dat die relatief hoë poste van hoofde van departemente nie aan Ministeriële goedkeuring onderhewig sou wees nie.

Kode A se bepalings met betrekking tot die reis- en verblyftoelae aan raadsamptenare, vakansiebesparingsbonus, pensioenskema en pensioenarisse en weduwees se voortgesette lidmaatskap van geregistreerde mediese skemas, kon

reeds vanaf 1 April 1968 toegepas word. Ander aspekte wat in die kodes behandel word, tree vanaf 25 September 1968 in werking.

Aandag word gevestig op paragraaf 10 (iii) van Kode A waarvolgens voorgestelde skemas vir die beskikbaarstelling van gesubsideerde vervoer aan raadsamptenare vir die Minister se goedkeuring voorgelê moet word. Enige ander reëlings wat ingevolge hierdie Kodes aan Ministeriële goedkeuring onderhewig sal wees en wat nog nie aan die Minister voorgelê is nie, moes so spoedig moontlik vir sy goedkeuring voorgelê word.

Konsep C wat op die Finansiële Administrasie van beheerrade betrekking het, was nog teen hierdie tyd onder oorweging en is eers toe op 13 November 1968 goedgekeur.

ALGEMEEN:

1. Vir die doeleindes van hierdie kode, beteken „beheerrade" en die rade ingestel ingevolge 'n Skema kragtens die Bemarkingswet 1968, die Wolraad ingestel kragtens die Wolwet 1967 en die Wolkommissie ingestel kragtens die Wolkommissie- en Wolwysigingswet 1960.

2. Dit word in beginsel aanvaar dat die Minister van Landbou 'n mate van beheer oor die besoldiging en diensvoorwaardes van personeel, toelae van lede en die finansiële administrasie van beheerrade sal uitoefen.

3. Uit hoofde van die oorweging dat die aard van die werksaamhede van die beheerrade gespesialiseerd en baie uiteenlopend is, word die beginsel van 'n kode wat op alle beheerrade bindend is, aanvaar; met dien verstande dat die Minister onderneem om vertoë tot afwykings in die geval van partikulêre rade op die meriete daarvan te oorweeg. Enige afwykings van sodanige kode wat die Minister reeds in die geval van partikulêre rade goedgekeur het, sal as deel van die kode vir sodanige rade beskou word. Geen rade sal sonder die goedkeuring van die Minister afwyk van die kode wat in sy geval van toepassing is nie.

A F D E L I N G A:

BESOLDIGING EN DIENSVOORWAARDES VAN PERSONEEL:

In hierdie verband sal die kode betrekking hê op die volgende aangeleenthede tot die mate soos aangedui:-

1. Die Minister se goedkeuring moet verkry word met betrekking tot die maksimum salarisse en ander diensvoorwaardes verbonde aan:-

(a) die poste op die drie hoogste vlakke in die Administrasie van elke raad, dit wil sê, dié van die pos van hoof-uitvoerende beampte en die volgende twee hoogste Administrasie vlakke;

(b) enige spesiale of tegniese poste ten spyte waarvan die salarisse gelykstaande is aan of hoër is as dié verbonde aan die laagste vlak waarna onder (a) verwys word. Insgelyks is die getal poste onder (a) en (b) hierbo aan die goedkeuring van die Minister onderhewig.

2. <u>Reis- en Verblyftoelaes aan Raadsamptenare</u>:

(a) Dagtoelaes soos deur elke raad bepaal, onderworpe aan 'n maksimum van R10 per dag, sal betaalbaar wees ooreenkomstig verskillende salarisgroepe en/of werksomstandighede; met dien verstande dat enige verhoging van die maksimum aan die Minister se goedkeuring onderworpe sal wees. In gevalle waar enige raadsamptenaar noodsaaklikerwys meer per dag moet bestee as die tarief wat in sy geval van toepassing is, sal sy eis na voorlegging van die nodige bewysstukke, waar moontlik, met die goedkeuring van die voorsitter of hoof-uitvoerende beampte van die raad of 'n ander senior beampte deur laasgenoemde genomineer, betaal word. Die tye wat betrokke is, word genoem in die kode.

(b) Wanneer 'n raadsamptenaar 'n raadslid op 'n buitelandse reis vergesel, kan 'n Raad self die tarief van die dagtoelae bepaal. Wanneer amptenare van 'n raad alleen die buiteland besoek, sal dagtoelae teen sekere tariewe betaal word. Die tariewe vir sekere lande wissel.

3. <u>Onthaaluitgawes tydens Buitelandse Reise</u>:

Die onthaaluitgawes wat aan 'n raadsamptenaar tydens 'n buitelandse reis betaal word, is onderhewig aan die voorafgaande goedkeuring van die Minister en moet ingesluit word wanneer die beraming van die reiskoste vir die Minister se goedkeuring voorgelê word.

187/..... 4. Onthaaluitgawes

4. Onthaaluitgawes in die Republiek:

In geregverdige gevalle mag senior raadsamptenare persone namens beheerrade in die Republiek onthaal. Bewysstukke moet ingedien word vir betaling.

5. Vakansie besparingsbonus:

'n Jaarlikse besparingsbonus teen die Staatsdienstariewe, word betaal aan raadsamptenare wat twaalf maande aaneenlopende diens het - ander amptenare word pro-rata (een twaalfde van elke maand se diens), betaal.

6. Verlofverdienste:

Die jaarlikse verlofverdienste ten opsigte van gewone, spesiale en siekteverlof sal nie hoër wees as dié wat in die Staatsdiens geld nie.

7. Verlofgratifikasie:

Vakansieverlof wat kragtens die diensvoorwaardes van 'n raad opgeloop het, kan na goeddunke van die raad, tot 'n maksimum van 184 dae kwalifiseer in die geval van mans en dames.

8. Vakansiereiskonsessies:

Wanneer raadsamptenare vakansiereise per vliegtuig of boot onderneem, sal 10% van die reisgelde van hulle en hul afhanklikes betaal word.

In gevalle waar amptenare vakansiereise per motor onderneem, is die konsessie dus betaalbaar asof die reis per trein onderneem is. Die tarief van terugbetsling is 40% van 'n eersteklas treinkaartjie, maar die amptenaar sal afdoende bewys moet lewer dat die reise waarvoor geeis word, wel onderneem is.

9. Myltoelae:

Myltoelae aan raadsamptenare vir die gebruik van hulle privaat motors op amptelike diens, kan tot verdere kennisgewing teen die volgende tariewe betaal word. Voertuie met 'n enjinslagvolume van -

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tot en met 750 c.c. | | | - 6.3c.per myl |
| 751 c.c. | tot | 1,350 c.c. | - 7.1c. " " |
| 1,351 c.c. | " | 1,750 c.c. | - 8.5c. " " |
| 1,751 c.c. | " | 2,500 c.c. | - 9.0c. " " |

188/..... 2,501 c.c.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2,501 c.c. | tot | 2,500 c.c. | - 9.9c. per myl |
| 3,501 c.c. | " | 5,000 c.c. | - 10.9c. " " |
| Bo 5,000 c.c. | | | - 13.9c. " " |

Enige wysiging van die myltoelae sal aan die Minister se goedkeuring onderhewig wees. 'n Logboek moet gehou word vir amptelike ritte en 'n senior amptenaar moet streng beheer uitoefen en die eise kontroleur. Geen vasgestelde maandelikse reiskoste sal in die toekoms betaal word nie.

10. Motorvervoer:

Slegs amptenare wat volgens die mening van die raad, motors in so 'n mate in diens van die raad sal gebruik dat die aankoop daarvan nie slegs geregverdig is nie, maar ook in belang van die raad sal wees, sal vir motorlenings in aanmerking kom. Indien motorlenings uit raadsfondse toegestaan word, moet rente jaarliks teen 6% op die gemiddelde balans bereken word. Reise tussen 'n amptenaar se woning en sy werksplek, sal nie as reise in die diens van die raad beskou word nie.

11. Reise per Vliegtuig:

Waar 'n amptenaar in sy uitvoer van pligte per vliegtuig reis, moet die goedkeuring van die hoof-uitvoerende beampte of voorsitter van die raad, vir sodanige rit vooraf verkry word.

12. Pensioenskema:

Rade mag reël vir die instelling van 'n voorsorgfonds of 'n pensioenskema, met inbegrip van groepsversekering van hoogstens vyf maal 'n amptenaar se jaarlikse salaris, waarvolgens die amptenaar se bydrae, insluitende bydraes vir 'n weduweepensioenfonds, gemiddeld nie laer as 6% nie en die raad se bydrae nie hoër as gemiddeld 14% van die amptenaar se salaris is nie, tensy anders goedgekeur deur die Minister.

13. Medieseskema:

Rade mag hoogstens 50% van amptenare se bydraes tot geregistreerde mediese skema bydra. Wanneer 'n amptenaar met pensioen uittree, kan hy lid bly van die medieseskema en dan die volle premie betaal.

189/..... 14. Versekering:

14. Versekering:

Onderhewig aan die Minister se goedkeuring, kan 'n beheerraad self reël vir groepversekering van persoonlike ongevalleversekering.

15. Behuisingskema:

'n Beheerraad, kan met die goedkeuring van die Minister 'n behuisingsleningskema vir raadsamptenare reël. Hiervolgens kan die raad die verskil tussen die berag van die lening en die persentasie wat die bougenootskap normaalweg bereid is om toe te staan, aan 'n bougenootskap waarborg, teen sekuriteit van die betrokke amptenaar se voordele in die raad se pensioen- of voorsorgfonds. Rade mag egter nie sonder die Minister se voorafgaande goedkeuring, lenings waarborg in die geval van amptenare wat reeds woonhuise besit of in die geval van amptenare wat veranderings aan huise wil aanbring nie. Raadsfondse mag ook nie aangewend word vir die waarborg aan bougenootskappe nie.

16. Oortydbesoldiging:

Rade kan, onderhewig aan raadsbesluite in dié verband, oortydbesoldiging vir volgehoue (en nie slegs sporadiese) oortyddiens aan raadsamptenare toestaan. In hierdie geval verlang die Minister dat die maatstawwe van die Staatsdiens toegepas word. In so 'n geval, sal alleenlik amptenare wat minder as R3,000 per jaar verdien, vir oortyd in aanmerking kom.

17. Algemeen:

Die verskillende rade kan nie sonder die Minister se goedkeuring enige ander voordele aan lede van hulle personeel laat toekom nie.

A F D E L I N G B:

TOELAE AAN EN VERSEKERING VAN LEDE VAN BEHEERRADE:

A. TOELAES AAN RAADSLEDE:

Volgens die bepalings van die Bemarkingswet, die Wolwet en die Wolkommissie- en Wolwysigingswet, is alle toelaes, wat uit raadsfondse aan lede van beheerrade, met inbegrip van adviserende lede van die rade en lede van Komitees ingestel, kragtens die betrokke Wette of Skemas betaal word, aan Ministriële goedkeuring onderhewig.

190/..... 1. Dagtoelae

1. Dagtoelae aan Raadslede in die Republiek, Suid-Wes-Afrika, die Caprivistrook, Botswana, Lesotho en Swaziland:

(a) Dagtoelaes teen hoogstens die volgende tariewe is betaalbaar:

Voorsitter : R16 per dag.

Gewone lede : R13 per dag.

In gevalle waar 'n raadslid noodsaaklikerwys meer per dag moet bestee as die tarief, wat in sy geval van toepassing is, kan sy eis na voorlegging van die nodige bewysstukke, waar moontlik, met die goedkeuring van die Voorsitter betaal word.

(b) Indien reise na en van 'n raads- en/of Komiteevergadering plus sittingstyd minder as 24 uur duur, kan die volle toelaag vir daardie dag geëis word. Indien dit minder as 24 uur duur en 'n lid op daardie dag vergaderings van meer as een raad bywoon, kan die betrokke raad onderling reël vir die betaling van toelae. Waar dit meer as een dag duur, kan die volle toelaag vir elke sittingsdag geëis word, ongeag van die tyd wat 'n lid op die laaste sittingsdag aan die werksaamhede van die raad plus reistyd terug, bestee. Vir motorreise wat noodwendig voor en na sittingsdae afgelê moet word, kan lede vir oorblytyd en reistyd na sittingsdae eis ensovoorts. Indien voorsitters en lede namens hulle rade by ander geleenthede soos Kongresse, Boereverenigings ensovoorts, optree, is hulle ook geregtig op toelae.

(c) Waar lede ook lede van ander rade is, kan onderling gereël word dat dagtoelaes gedeel word.

(d) Waar vergaderings van 'n beheerraad in die Adviserende Verbruikerskomitee mekaar oorvleuel en persone wat lede is van albei liggame beide vergaderings bywoon, kan die koste verdeel word teen die tariewe soos neergelê, ten opsigte van reise per vliegtuig of per trein, asook die betrokke dagtoelae.

(e) Waar 'n staatsamptenaar in 'n beheerraad, uitgesonderd die Wolraad en Wolkommissie dien, ontvang hy dieselfde toelae as 'n gewone raadslid wat in die betrokke beheerraad dien, maar die toelae word deur die raad aan die Departement oorbetaal wat die betrokke amptenaar op sy beurt vir sy onkoste vergoed.

191/..... 2. Dagtoelae

2. Dagtoelae in die Buiteland:

Onderhewig aan 'n raadsbesluit in dié verband mag dagtoelae teen hoogstens die vasgestelde tariewe aan raadslede betaal word. Die tariewe wissel van land tot land. Verwys in hierdie verband na klousule 2 (1) - Kode A. In elke geval moet goedkeuring van die Minister verkry word alvorens oorsese reise onderneem word.

3. Myltoelae:

Net soos in Kode A, mag raadslede hulle private motorvoertuie gebruik vir raadsdoeleindes en hier word ook tariewe volgens enjinvolume bepaal.

4. Spesiale Voorsitters- en/of Onder-voorsitterstoelae:

In gevalle waar die betaling van spesiale toelaes aan voorsitters en/of onder-voorsitters van beheerrade goedgekeur is, kan betaling nie outomaties voortgesit word wanneer daar 'n verandering van voorsitter en/of onder-voorsitter plaasvind nie en moet die saak weer aan die Minister voorgelê word vir goedkeuring.

B. VERSEKERING VAN RAADSLEDE:

1. Kragtens die bepalings van die Bemarkingswet, die Wolwet en die Wolkommissie- en Wolwysigingswet, kan beheerrade met die goedkeuring van die Minister, reël vir die versekering tot 'n maksimum bedrag van R40,000 per lid van raadslede, met inbegrip van adviserende lede van die rade en van lede van Komitees, ingestel kragtens die bepalings van die betrokke wette of skemas, ten opsigte van liggaamlike besering, dood of ongeskiktheid, wat uitsluitlik en regstreeks die gevolg is van 'n ongeluk wat plaasvind in die loop van die verrigting deur so 'n lid van sy pligte.

2. As 'n raadslid, nadat hy kennisgewing van 'n vergadering ontvang het, 'n reis van sy tuiste na 'n raadsvergadering onderneem en na afloop daarvan na sy tuiste terugkeer, sal dit beskou word dat die lid gedurende reis in die „loop van die verrigting van sy pligte" handel.

3. Versekering ten opsigte van die Departementele verteenwoordigers in rade of Departementele beamptes, wat in 'n adviserende hoedanig-

heid in rade aangestel is, moet nie gereël word nie, maar om rade te vrywaar teen eise wat ingestel mag word deur die boedel of naasbestaandes van departementele verteenwoordigers in rade of van departementele beamptes, wat in 'n adviserende hoedanidheid in rade aangestel is, mag rade versekeringsdekking vir dié doel uitneem.

4. Kragtens die bepalings van artikel 30 (2) van die Bemarkingswet, 1968; artikel 4 van die Wolwet, 1967 en artikel 4 bis van die Wolkommissie- en Wolwysigingswet, 1960, kan versekeringsdekking slegs gereël word ten opsigte van die tyd wat lede van die raad/komitees besig is met die verrigting van hul raads/komiteepligte. Waar lede versoek dat versekeringsdekking ook gereël word ten opsigte van daardie tydperke wat hulle nie besig is met die verrigting van hul ampspligte nie, mag dit gedoen word indien lede die addisionele premies aan die raad vergoed.

5. Die bedrae van die addisionele premies moet aan die Minister voorgelê word en raadslede moet in hul eie belang toesien dat die nodige versekering wel gereël word.

6. Sover dit die indiening van eise onder die polisse betref, kan rade daarmee behulpsaam wees, maar hulle moet toesien dat hulle in gevalle waar sulke eise deur die versekeraars betwis word, nie buite hulle verpligtinge onder die polisse, in verband met die bewys van eise in regsgedinge betrokke raak nie. Die terme van sulke polisse mag nie bepaal dat 'n raad namens 'n lid, of sy begunstigde sal optree in die afhandeling van eise nie.

## A F D E L I N G C:

## FINANSIëLE ADMINISTRASIE VAN BEHEERRADE:

Indien die konsepkode en die finale kode vergelyk word, sal opgemerk word dat die finale kode in enkele opsigte afwyk van die inhoud van die konsepkode wat deur die beheerrade voorgelê is en dat sommige van die bepalings van die konsepkode wat deur die Departement van Landbou aan beheerrade vir oorweging gestuur is, gedeeltelik in die finale kode behou is. Paragrawe 7 (b), 8 (d) en 12 (b) van hierdie finale kode, behels toevoegings wat nie in die konsepkode voorgekom het nie en spruit uit praktiese probleme wat nie in die verlede deur ouditeure by sommige rade ondervind is nie.

193/..... Wat

Wat paragraaf 2 van die kode betref (Sendings na die Buiteland), dien gemeld te word dat, in gevalle waar rade dit nodig vind om gereeld en op kort kennisgewing besoeke te bring aan gebiede in Suider-Afrika, met wie hulle handelsbetrekkinge het of saamwerk, in sake van gemeenskaplike belang, die Minister bereid sal wees om onder sekere voorwaardes, die verlening van staande goedkeuring vir reise na dié gebiede te oorweeg.

Paragraaf 4 van die kode (Belegging van Raadsfondse), wyk af van die bepalings van die konsep wat deur beheerrade voorgelê is en soos opgemerk, verwys dit nou slegs na Korttermynbeleggings by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Dit beteken egter nie dat die moontlikheid van beleggings vir lang termyne by ander instansies as die Landbank, noodwendig uitgesluit is nie, maar omdat dit enersyds moeilik is om ondubbelsinnig aan te dui welke beleggingsinstansies as staats of semi-staatsinstansies beskou moet word en daar andersyds probleme met die termyne van beleggings - selfs dié van Landbankobligasies - kan opduik, het die Minister na verdere oorweging aangedui dat hy graag geken wil wees in verband met alle beleggings van raadsfondse, uitgesonderd beleggings by die Landbank vir termyne tot hoogstens twee jaar.

Hierdie finale kode vervang alle vorige kodes en wysigings van kodes wat oor die finansiële administrasie van beheerrade uitgereik is. Die Minister behou hom die reg voor om die bepalings van hierdie kode van tyd tot tyd, aan te pas in die lig van veranderde omstandighede en na oorleg met die beheerrade.

Vir die doeleindes van hierdie kode, beteken „beheerrade" die rade ingestel ingevolge 'n skema kragtens die Bemarkingswet van 1968.

Die Kode C en sy verskillende bepalings is kortliks soos volg:

1. <u>Skenkings en Donasies uit Raadsfondse</u>:

Geen skenkings in kontant of natura, mag uit die beheerrade se fondse aan Staatsamptenare, raadslede of ander persone gemaak word nie, behalwe in die geval van skenkings as gevolg van erkende en aanvaarde handelspraktyke en mits die betrokke Wet of Skema sodanige skenkings magtig.

2. <u>Sendings na die Buiteland</u>:

Indien sendings na die buiteland onderneem moet word, moet die Minister se goedkeuring vooraf verkry word. Volledige besonderhede en die lande wat

194/..... besoek

besoek sal word, asook die beraamde koste moet terselfdertyd voorgelê word. As daar afwykings is van die goedgekeurde reise en beraamde koste, moet na afloop van sulke reise besonderhede aan die Minister vir goedkeuring voorgelê word.

3. Sosiale Funksies:

Rade kan sosiale funksies ten opsigte van besoekers, uittredende lede of sy beamptes op raadskoste reël en sulke funksies moet oordeelkundig gedoen word. Die koste hieraan verbonde mag nie R200 te bowe gaan nie - indien wel, sal die Minister se goedkeuring vooraf verkry moet word. In elk geval, die koste verbonde aan sulke funksies word aan die einde van die raad se boekjaar aan die Minister vir inligting voorgelê.

4. Belegging van Raadsfondse:

Raadsfondse kan sonder Ministeriële goedkeuring by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika belê word vir termyne van hoogstens twee jaar.

5. Toedeling van Rente op Beleggings na Fondse:

Die wetlike bepalings dui daarop dat alle gelde wat beheerrade toeval, behalwe by wyse van 'n spesiale heffing, in die betrokke raad se gewone heffingsfonds gestort moet word. Alhoewel alle renteverdienstes op beleggings van gelde in die verskillende fondse dus in die eerste instansie in die gewone heffingsfonds gestort moet word, behoort dit egter nie in daardie fonds gehou te word nie, maar behoort daardie gedeeltes van die renteinkomste wat verdien is, op beleggings van Spesiale Heffings- en Reserwefondse met die Minister se goedkeuring, na die Spesiale Heffingsfonds of die betrokke Reserwefonds oorgeplaas te word. Behalwe in gevalle waar 'n raad, met die Minister se goedkeuring gewone heffings vorder, wat doelbewus minder is as wat benodig word om die raad se Administrasie uitgawes te dek, behoort die gelde wat by wyse van gewone heffings gevorder word, voldoende te wees om lopende Administrasiekoste te kan dek sonder dat dit met renteverdienstes of ander gelde wat die raad toeval, aangevul moet word.

6. Aanwending van Fondse:

(a) Die noodsaaklikheid van die skepping en voortbestaan van fondse moet deurgaans getoets word aan die doelstellings van die skema of Wet, waarvoor dit bevorderlik moet wees - met ander woorde, die

skepping van fondse (die verkryging van bates soos geboue), moet nie 'n doelstelling op sigself word nie. Verder behoort die omvang van die fondse verband te hou met die aard, omvang en vereistes van die besondere skema of Wet.

(b) Beheerrade behoort normaalweg hulle fondse en gelde slegs te gebruik vir die doelstellings waarvan dit ingestel is of waarvoor dit gehou word. Slegs in uitsonderlike omstandighede behoort fondse vir projekte buite die doel waarvan dit ingestel is, aangewend te word en dan slegs met die voorafgaande goedkeuring van die Minister en met voorbehoud dat sodanige aanwending nie die doelstellings van die skema of Wet sal kortwiek of skaad nie.

(c) Goedkeuring van die Minister moet verkry word ten opsigte van beoogde uitgawes uit die gewone heffingsfonds wat nie as normale Administratiewe uitgawes beskou kan word nie. Ook moet die Minister se goedkeuring verkry word ten opsigte van die aanwending van raadsfondse vir -

(i) betaling van klubfasiliteite;

(ii) betaling van Bestuurskonsultantgelde wat R1,000 per geval en R5,000 per boekjaar in alle gevalle gesamentlik te bowe gaan;

(iii) betalings van aanvullende bydraes tot pensioenfondse;

(iv) betaling van spesiale gratifikasies aan personeel;

(v) goedmaak van verliese, anders as gewone handelsverliese (verliese weens bedrog moet dadelik aan die Minister en die Kontroleur- en Ouditeur-generaal rapporteer word);

(vi) toestaan van lenings van personeel, anders as dié waarna in paragraaf (j) van Afdeling A verwys word;

(vii) betaling van assuransiepremies en lisensiegelde, namens lede van die raad of personeel; en

(viii) verskaffing van maaltye as 'n gereelde instelling aan personeel.

(d) Voorskotte op salarisse aan personeel moet deur die hoof-uitvoerende amptenaar persoonlik goedgekeur word en mag slegs by wyse van uitsondering geskied.

196/..... (e) Die

(e) Die aanwending van poel- en kredietgelde vir die finansiering van kapitaal projekte moet beskou word as lenings waarvoor die Minister se goedkeuring verkry moet word.

7. <u>Skepping van 'n Rekening - Fondse vir Vaste Bates Aangewend</u>:

(a) Enige fondse van 'n beheerraad wat in vaste bates belê is, moet opgeteken word in 'n rekening wat „Fondse vir vaste bates aangewend" heet en in geen ander rekening of fonds nie. Bedrae wat van die oorspronklike koste van vaste bates afgetrek word ten opsigte van waardevermindering of ander verliese in waarde, sal afgetrek word van die rekening wat „Fondse vir vaste bates aangewend" heet. Derhalwe moet die balans tot krediet van die rekening wat „Fondse vir vaste bates aangewend", heet, te alle tye presies gelykstaan aan die totale afgeskrewe waarde van die vaste bates onder die beheer van die betrokke raad.

(b) Indien die fondse vir die verkryging van 'n vaste bate van die Landbank of enige buite-organisasie geleen word, moet daar in oorleg met die Raad se ouditeure besluit word hoe die lening in die Balansstaat opgeteken moet word ten einde die beginsels soos in sub-paragraaf (a) hierbo uiteengesit is, te voldoen.

8. <u>Verkryging van Vaste Eiendom</u>:

(a) Sonder die Minister se goedkeuring mag daar nie vaste eiendom deur 'n raad aangeskaf word nie. Selfs indien vaste eiendom verkoop of vervreem word, moet die Minister goedkeuring verleen.

(b) Verbeterings aan bestaande grond en geboue wat meer as R5,000 per perseel per jaar sal beloop, is ook onderhewig aan die Minister se goedkeuring.

(c) Die opbrengs van die verkoop van vaste eiendom, moet in 'n reserwefonds gestort word in 'n reserwefonds deur die raad aangewys en deur die Minister goedgekeur.

(d) Die aankoop of oprigting van huise en woonstelle vir huisvesting van amptenare, sal nie deur die Minister goedgekeur word nie. Dit is egter bekend dat sekere rade vanweë besondere omstandighede, wel oor sulke huise en woonstelle beskik. Volgens die sienswyse

197/..... van die

van die Gekose Komitee oor Openbare Rekeninge, verlang die Minister dat sulke eiendomme op 'n ekonomiese basis aan amptenare verhuur word.

9. Vordering van Heffing en Spesiale Heffings:

Spesiale heffings en heffings wat opgelê word, kan alleen gevorder word vanaf 'n datum waarop dit in die Staatskoerant afgekondig is en nie voor die tyd nie. Rade is dus verplig om heffings in te vorder, na afkondiging.

10. Verkryging van Ministeriële Goedkeuring:

Die Minister is nie wetlik gemagtig om goedkeurings met terugwerkende krag te verleen nie. In gevalle waar dit 'n wetsvereiste is dat Ministeriële goedkeuring vir besluite van beheerrade verkry moet word, is dit dus noodsaaklik dat sodanige goedkeurings vooraf verkry word. Beheerrade moet derhalwe enige voorgenome optrede deeglik aan die Wets- en Skemabepalings toets ten einde vooraf seker te maak of die Minister se goedkeuring verkry moet word of nie.

Uitvoering van raadsbesluite moet dus nie geskied alvorens die Minister se goedkeuring verkry is nie, want indien die Minister dalk goedkeuring weier, kan die betrokke amptenaar, ingevolge die bepalings van Artikel 14 van die Skatkis- en Ouditwet van 1956, aanspreeklik gehou word vir enige uitgawes wat sonder toestemming of bekragtiging geskied het.

Die Minister moet gedurig die optrede van rade verdedig en verlang dus dat die verskillende beheerrade in die gevalle van buitengewone projekte, hom in die saak ken, afgesien van die feit dat goedkeuring wetlik verkry moet word of nie.

11. Voorleggings vir die Verkryging van Ministeriële Goedkeuring:

Waar voorleggings vir die verkryging van Ministeriële goedkeuring gemaak word, moet al die nodige inligting en motiverings daarin vervat, en behalwe in die geval van die Wolraad en Wolkommissie, direk aan die Nasionale Bemarkingsraad gestuur word, (met drie afskrifte aan die Departement) en daar moet duidelik aangedui word aan welke spesifieke artikel van die Skema of ander wetlike voorskrif, die bevoegdheid om so 'n besluit te kan neem, ontleen is. Daar moet ook aangedui word uit watter fonds die betaling wat uit 'n raadsbesluit voortvloei, gemaak sal word. In gevalle waar 'n beheerraad se

voorstelle meebring dat die skema en ander bepalings wat in die Staatskoerant gepubliseer is, gewysig moet word, moet rade die nodige Konsep, Proklamasie of Kennisgewings na gelang van die geval, saam met voorleggings indien.

12. Algemeen:

(a) Dit is gesonde praktyk dat beheerrade 'n behoorlike kode opstel in verband met die algemene Administrasie van die raad, diensvoorwaardes van personeel en die hou van rekeninge. Sodanige kode moet deur die Raad goedgekeur en vir die inligting van die Minister voorgelê word.

(b) Om enige moontlike verdenking of kritiek te verhoed, verlang die Minister dat raadslede en amptenare direkte of indirekte belang wat hulle mag hê by enige transaksie waarby raadsfondse of produkte betrokke is, aan die Raad moet verklaar. Hier word veral gedink aan Kommissieverdienstes, reklamewerk of enige ander dienste wat deur privaat instansies namens die Raad verrig word, asook die afset van produkte teen verlaagde tariewe aan sekere privaat ondernemings waarin raadslede of amptenare 'n belang mag hê.

Die Sybokhaarraad wat 'n Beheerraad onder die Bemarkingswet is, moet dus ook aan die bepalings van bogenoemde Kode voldoen.

---

BRON VAN INLIGTING:

1. Memorandum aan Beheerrade met betrekking tot instelling van kodes.

199/..... G. BESTUUR

## G. BESTUUR VAN POELE

Hierdie aangeleentheid kom voor in die seksies 37 en 38 van die Skema en alhoewel dit in Hoofstuk 3 genoem word, sal dit in hierdie afdeling breedvoerig behandel word.

Die bestuur van poele in die geval van sybokhaar, vorm deel uit van die Skema wat in Kennisgewing 705 van 1970 verskyn en die Minister het ingevolge Artikel 9 (1) van die Bemarkingswet, na oorlegpleging met die Nasionale Bemarkingsraad, voorlopig die Skema goedgekeur, maar nog nie finaal daaroor besluit nie, omdat besware daarteen ingewag word. Die Nasionale Bemarkingsraad het reeds die Skema ondersoek en het reeds sy aanbevelings aan die Minister bekend gemaak. Nou berus dit net by die Minister om die Skema amptelik te bekragtig en in die Staatskoerant te adverteer.

Die idee was om die Skema stelselmatig toe te pas, sodat wanneer die Skema geadverteer word vanaf 'n sekere datum, daar so min vertraging moontlik sou plaasvind en daar sover dit die toepassing betref reeds aanvoorwerk gedoen is. Die idee was dat die hele Skema op 1.7.71 in werking sou tree, maar in afwagting van die Minister se goedkeuring wat hopelik eersdaags bekend gemaak sal word, word daar nou gevoel dat die bestuur van die voorgestelde poele nou eers aan die begin van die Sybokhaar se somer seisoen aan die einde van Februarie 1972 in werking kan tree.

Die bepalings van Artikel 38 van die voorgestelde Skema (Regeringskennisgewing 705 van 1970) is soos volg:-

„Artikel 38:

(1) Die Raad moet 'n afsonderlike poel bestuur ten opsigte van elke klas en graad sybokhaar aan die Raad gelewer gedurende sodanige tydperk as die Raad, met die goedkeuring van die Minister, mag bepaal en elke hoeveelheid sybokhaar aan die Raad vir verkoop gelewer, moet toegewys word aan die graad van elke klas waartoe sodanige hoeveelheid sybokhaar na bevinding aan die Raad behoort ten tye van lewering vir verkoop.

(2) Die Raad kan poele wat kragtens sub-artikel (1) bestuur word, finansier.

200/..... (3) Die

(3) Die Raad kan enige hoeveelheid sybokhaar wat aldus gelewer en toegewys is, hergradeer of behandel soos hy goedvind, verpak, opberg, vir verkoop geskik maak, verseker, adverteer, vervoer en op sodanige basis as wat die Minister goedkeur, verkoop.

(4) So gou doenlik nadat al die sybokhaar wat die Raad vir die rekening van 'n poel aangeneem het, verkoop is, moet die Raad die netto opbrengs van daardie poel bepaal deur van die bruto opbrengs daarvan plus sodanige gelde as wat die met die goedkeuring van die Minister in die poel stort, af te trek die koste verbonde aan die verkoop van sodanige sybokhaar waarby ingesluit word alle uitgawes en koste regstreeks in verband met die ontvangs, hantering, opberging, finansiering en verkoop van sodanige sybokhaar aangegaan.

(5) Behoudens die bepalings van Artikel 24 (2) (a), Artikel 25 en sub-artikel 7 van hierdie Artikel, moet die Raad die netto opbrengs van elke graad sybokhaar in elke poel, soos bepaal ooreenkomstig sub-artikel 4, verdeel onder produsente wat tot daardie graad in daardie poel bygedra het in verhouding tot die onderskeie hoeveelhede sybokhaar wat elke produsent gelewer het en wat die Raad vir rekening van daardie graad in daardie poel aangeneem het.

(6) Die bedrag wat aan 'n produsent ingevolge sub-artikel (5) betaalbaar is, moet verminder word met die bedrag van enige voorskotte kragtens subartikel (7) aan daardie produsent betaal.

(7) Die Raad kan, met die goedkeuring van die Minister, van tyd tot tyd en op enige tyd voordat die netto opbrengs uit die verkoop van sybokhaar aan die Raad gelewer gedurende die tydperk genoem in sub-artikel (1) en deur die Raad vir die rekening van 'n poel aangeneem,verdeel is soos in hierdie artikel bepaal, aan produsente wat sodanige sybokhaar aldus gelewer het, voorskotte betaal in verhouding tot die onderskeie hoeveelhede van sodanige sybokhaar van elke graad aldus deur hulle gelewer.

(8) Ondanks andersleidende bepalings in hierdie artikel kan die Raad, met goedkeuring van die Minister, 'n gedeelte van die opbrengs in 'n poel oordra na 'n ander sodanige poel deur die Raad bestuur ooreenkomstig hierdie artikel.

201/..... (9) Waar

(9) Waar 'n saldo in 'n poel (deur die Raad bestuur ingevolge hierdie artikel), wanneer die Raad se rekening afgesluit word, na die oordeel van die Raad en die Minister so klein is dat 'n verdeling daarvan onder die deelnemers in die poel nie geregverdig is nie, kan met sodanige saldo gehandel word op die wyse wat die Minister goedkeur.

(10) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken - „gelewer", gelewer op 'n plek deur die Raad bepaal, en „graad", die graad sybokhaar wat bepaal is op die wyse wat by regulasie kragtens Artikel 89 van die Wet voorgeskryf is".

Hoewel die verlangde finale goedkeuring deur die Minister by die ter perse gaan van hierdie proefskrif, nog nie ontvang is nie, moet volgens inligting wat van tegniese-beamptes, produsente en makelaars van sybokhaar van die standpunt uitgegaan word, dat die bestuur van die poele stelsel suksesvol behoort te wees, mits dit aan die ondergenoemde basiese beginsels beantwoord:

1. Dit word allerweë aanvaar dat die Skema nie bedoel is om 'n styging in die Sybokhaarpryse teweeg te bring nie, maar eerder om te verhoed dat die pryse daal. Die bedoeling is dat pryse hierdeur gestabiliseer word en dat bevordering opgeknap moet word. Krediet moet dus deur die Raad daargestel word om die mark vir 'n lang tyd te stut. Voorskotte moet dus aan die produsent beskikbaar wees op 'n basis van byvoorbeeld 40 sent per pond. As in aanmerking geneem word dat die Republiek se produksie van sybokhaar ongeveer 9 miljoen pond is en indien die mark vir 'n paar jaar nie standvastig bly nie, sou daar krediet-fasiliteite moet wees van R8 miljoen (Lesotho se bokhaar-produksie is nie hierin beraam nie). Sulke fondse kan uit die Raad se Algemene Reserwe Fonds, wat omtrent R1 miljoen beloop, geneem word. Ander lening-fondse sal ook van die Landbank verkry moet word, maar hierin sal die Regering die Landbank moet bystaan in die vorm van addisionele bystand - as daar vir twee jaar nie enige bokhaar verkoop kan word nie.

2. Die verhouding tussen produsente, makelaars en kopers moet so min as moontlik gesteur word, om die Skema 'n kans te bied om sy natuurlike gang te gaan. Daar kan op die huidige tydstip nie toegelaat word dat die bestaande openbare veilingstelsel opsy geskuif word nie, want die Makelaars het veel bygedra tot die werkinge van dié verkoopstelsel en kan dit meehelp om die Koper tevrede te stel, deur voort te gaan met die

202/..... vertoning

vertoning van sybokhaar voor veilings. Die Makelaar sal onder die nuwe poel skema nou twee funksies vervul: enersyds bly hy die agent van die produsent en andersyds sal hy nou as agent van die Raad self optree.

Die punt om opgeklaar te word, sal wees dat die Makelaar nog sal moet voortgaan om sybokhaar saam te voeg (binning), om kleiner hoeveelhede sybokhaar te groepeer en om vas te stel hoeveel 'n baal sal moet weeg. Die „binning" sal nog die verantwoordelikheid van die Raad wees in samewerking met die Makelaars en Kopers - katalogusse sal nog daarvoor opgestel moet word.

Die Makelaar bly die agent van die produsent tot tyd en wyl die produsent se sybokhaar aanvaar is om onder die poel te ressorteer en die Makelaar is verantwoordelik vir opberging en assuransie ensovoorts. Sodra die bokhaar aangebied word, tree die Makelaar as agent van die Raad op en word eersgenoemde die nodige kommissie betaal.

Indien sybokhaar nie op die veiling verkoop word nie, word dit as „nie-verkoop" aan die Koper verklaar en kan hy van die „nie-verkoop" voorreg gebruik maak om die bokhaar aan te koop en dan word die Makelaar in kennis gestel om dit vir die Koper beskikbaar te stel. Betaling moet binne 14 dae geskied. As lotte nie verkoop word nie, kan dit later weer op 'n ander Katalogus en veiling aangebied word. Die idee om 'n lot „nie-verkoop" te verklaar, is te probeer om 'n hoër prys as wat op die veiling aangebied is, te verkry.

3. Deur middel van die poel, verloor die produsent sy identiteit, want nou sal produsente nie meer hulle name, tipe bokhaar, ensovoorts op die baal wat verkoop word, toon nie, ofskoon dit nog moontlik is dat die produsent se naam op die baal sal verskyn, afhangend van die grootte en gewig van sy bokhaar. Groepering onder die naam „verskeie" of „various" - waar bokhaar van verskillende produsente onder een lot saamgevoeg word, sal die produsente se naam nog op die baal verskyn, terwyl dit in die katalogus onder „various" of „verskeie" aangetoon word. Elke poel tipe sal ook sy eie voor- en agterskot bepaal.

Die Raad se tegniese amptenare sal die finale tipering bepaal in medewerking met die makelaar, hoewel hierdie metode van poele beide die produsent en makelaar sal bevoordeel. Lotte van verskillende poele, hoewel van dieselfde gehalte of tipe kan tot gevolg hê dat die pryse van lotte nog verskil en daar is geen beheer hieroor nie, hang van kopers af wat hy bereid is om te betaal. Die produsent sal egter nie skade ly omdat die winste gepoel word nie.

203/..... 4. VOORSKOTTE.

4. VOORSKOTTE:

Die meeste produsente lewe vandag van die hand na die mond en die Makelaar het gewoonlik op sterkte van die produsent se vorige oes, voorskotte of oeslenings, van ongeveer 50% toegestaan wat dan van die opbrengs van die skeersel afgetrek word. Hierdie prosedure sal nou met die nuwe poelstelsel hersien moet word. Die Raad sal indien pryse nie na wense is nie, die bokhaar moet opberg totdat pryse verbeter en in hierdie geval sal die produsent nie op 'n agterskot regverdig wees nie. Die Raad sal ook die voorbeeld van die Makelaar moet volg om voorskotte beskikbaar te stel en indien die pryse lonend is ook 'n agterskot aan die produsent betaal aan die einde van die seisoen.

Produsente kan ook bepaal dat hulle skeersel by die eerste of latere veiling verkoop of aangebied word. Uitbetalings sal geskied met so min vertraging as moontlik.

5. Die poel sal onderneem moet word op 'n manier om so min moontlik die koper te hinder in sy benodighede in terme van tegniese en prys-balanse van die besendings. Hierdie vereistes verskil van Koper tot Koper en self van tyd tot tyd afhangende sover dit die verwerker betref. So word beoog om die aantal bale wat 'n lot uitmaak, nie te groot te maak nie, sodat alle kopers 'n kans kan kry om te koop of 'n klein lot te bekom, ten einde sy bestelling te voltooi.

6. Die koste van die Skema moet ter alle tye so laag as moontlik gehou word. Die enigste addisionele koste sal wees vir die ekstra verslagrekenings en ekstra tjeks vir voor- en agterskotte, in plaas van een soos voorheen. Die meeste Administratiewe verpligtings sal nog op die Makelaar rus.

Koste behoort laag gehou te word omdat die Landbank-lenings lae rente vereis. Die Raad mag volgens wet nie 'n profyt maak op die poelstelsel nie en al wat in werklikheid van die opbrengs afgetrek mag word, is rente op die lenings wat van die Landbank verkry is. Sodra die bokhaar verkoop word, gaan die opbrengs direk na die Landbank ter afbetaling van enige lening en sodoende word rente gespaar.

'n Baie belangrike punt wat hier genoem kan word, is in verband met die terme „binning difference" waar klein hoeveelhede bokhaar saamgepak word - net soos in wol is daar ook 'n ekstra gewig verkry vanweë die klam weer. Hierdie ekstra gewig het gewoonlik die Makelaar toegeval, want die inkomende

204/..... bokhaar

bokhaar word geweeg en op daardie gewig word die produsent betaal. Nou onder die nuwe beoogde poel skema behoort die ekstra gewig wat tog maar vog is, aan die Raad en sal die Makelaar met die ekstra gewig vergoed word.

Dit word geskat dat die aantal bokhaar wat onder die Skema sal ressorteer, plus-minus 25% van die Wêreld se produksie sal wees en pogings sal seker in die nabye toekoms aangewend moet word om die ander bokhaar-produserende lande in hierdie Skema te betrek en ooreenkomste sal seker mettertyd in hierdie verband aangegaan moet word.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Regeringskennisgewing 705 van 1970.

2) Mondelikse inligting oor veilings deur Tegniese Beamptes van Sybokhaarraad, Makelaars en Kopers.

205/..... H. KONTROLEUR-

## H. KONTROLEUR- EN OUDITEUR-GENERAAL; PARLEMENTêRE GEKOSE KOMITEE TEN OPSIGTE VAN OPENBARE REKENINGE EN HOE DIT DIE SYBOKHAARRAAD RAAK

### REKENING VAN STATUTêRE LIGGAME: HOOFSTUK IV VAN DIE SKATKIS- EN OUDITWET, 1956, (NO. 23 VAN 1956).

Hierdie Wet dek die finansiële posisie van Staatsdepartemente en sekere bepalings word gevolglik neergelê wat die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal in staat stel om vas te stel of aan die nodige vereistes voldoen word.

Die Skatkis- en Ouditwet van 1956, maak ook voorsiening daarvoor dat Beheerrade wat as statutêre liggame beskou word, se rekenings afsonderlik onder die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal benader word.

Die Wet, met betrekking tot statutêre liggame, lees soos volg:

ARTIKEL 56:

(1) Ondanks andersluidende wetsbepalings, is die bepalings van hierdie hoofstuk op die ouditering van die rekenings van statutêre liggame deur die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal van toepassing.

(2) Vir die doel van so 'n ouditering (hieronder 'n spesiale ouditering genoem), kan die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal -

(a) een of meer persone aanstel om hom te help, onderworpe aan die voorskrifte wat hy goedvind;

(b) die besondere en rekeningstate aanvra wat hy nodig het;

(c) na goeddunke die omvang van die ondersoek of ouditering wat uitgevoer moet word, bepaal.

(3) By die uitvoering van 'n spesiale ouditering, is die bepalings van Artikel twaalf, sewentien en agtien „mutatis mutandis" van toepassing en by sodanige toepassing -

(a) word die verwysing na die Tesourie in Artikel twaalf -

(i) in die geval van 'n beherende raad wat ingevolge die Bemarkingswet, 1968 (Wet no. 59 van 1968), ingestel is, geag 'n verwysing na die Minister van Landbou te wees;

206/..... (ii) in

(ii) in alle gevalle geag 'n verwysing na die uitvoerende bestuur in beheer van die betrokke statutêre liggaam te wees.

(b) word die verwysing in Artikel dertien en veertien van 'n persoon in diens van die Regering of die Administrasie, geag ook 'n verwysing van 'n persoon in diens van die betrokke statutêre liggaam te wees.

(c) word die verwysing in Artikel sewentien na die Tesourie geag 'n verwysing na die betrokke statutêre liggaam te wees.

(4) (a) As 'n vergoedingsvordering gedurende 'n spesiale ouditering deur die Kontroleur- en Oudit-Generaal ingestel word, stel hy die betrokke statutêre liggaam onmiddellik daarvan in kennis.

(b) Die bedrag van so 'n vergoedingsvordering is 'n skuld wat die persoon teen wie die vergoedingsvordering ingestel is aan die betrokke statutêre liggaam verskuldig is en word, behoudens die bepalings van Artikel Agtien, soos toegepas by sub-artikel (3) van hierdie Artikel, deur bedoelde liggaam op bedoelde persoon verhaal.

(c) Die bedrag van 'n vergoedingsvordering word verhaal deur aftrekking van die salaris van die persoon deur wie dit verskuldig is in maandelikse paaiemente van hoogstens 'n kwart van bedoelde maandelikse salaris, maar as bedoelde bedrag om enige rede nie deur aftrekkings soos voormeld, verhaal kan word nie, kan bedoelde liggaam dit deur aksie in 'n bevoegde hof verhaal.

ARTIKEL 57: VERSLAG VAN DIE KONTROLEUR- OUDITEUR-GENERAAL:

(1) So gou moontlik na die voltooiing van 'n spesiale ouditering moet die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal 'n verslag oor sy ouditering aan die Minister deurstuur en ook 'n afskrif van die verslag aan sodanige ander Minister en sodanige liggaam of gesag as wat die Wetsbepalings ingevolge waarvan die betrokke statutêre liggaam saamgestel of ingestel is, voorskryf.

(2) Die Minister laat genoemde verslag en rekeningstate wat daarmee saamgestuur word en enige spesiale verslag in sub-artikel (3) van hierdie artikel genoem, aan beide Huise van die Volksraad voorlê binne sewe dae

nadat hy hulle ontvang het, as die Volksraad dan in gewone sitting is, of as die Volksraad nie dan in gewone sitting is nie, binne sewe dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sitting.

(3) Die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal kan te enige tyd, as dit vir hom wenslik blyk, 'n spesiale verslag oor enige aangeleentheid verbonde aan die bevoegdhede en pligte, in verband met 'n spesiale ouditering aan die Minister deurstem.

(4) Die bepalings van sub-artikel (2) van artikel nege-en-dertig is, „mutatis mutandis" van toepassing ten opsigte van 'n verslag wat ingevolge sub-artikel (1) of sub-artikel (3) aan die Minister deurgestuur word.

ARTIKEL 58: OUDITERING WAT AS SPESIALE OUDITERING BESKOU WORD:

(1) Die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal gaan voort met 'n ouditering wat ingevolge artikel sestig (Algemene Bepalings) van die „Financiewet 1911", voor die wysiging daarvan by die Finansiewet - Wysigingswet 1954, aan hom toevertrou is, en vir daardie doel word so 'n ouditering beskou 'n ouditering van die rekenings van 'n statutêre liggaam soos in Artikel Een omskryf te wees.

(2) As dit te enige tyd in die openbare belang wenslik blyk dat die rekenings van 'n liggaam, vereniging of organisasie, wat nie 'n statutêre liggaam is nie, deur die Kontroleur- en Ouditeur geouditeer behoort te word, kan die Volksraad by besluit van beide Huise die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal opdrag gee om die ouditering van sulke rekenings te onderneem en so 'n liggaam, vereniging of organisasie word dan as 'n statutêre liggaam vir die doeleindes van die Wet beskou.

ARTIKEL 59: OUDITERINGSGELDE:

Ten opsigte van 'n spesiale ouditering word 'n bedrag wat die Tesourie, na oorlegpleging met die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal vasstel, deur die betrokke statutêre liggaam ten bate van die Gekonsolideerde Inkomstefonds betaal; met dien verstande dat die Tesourie vrystelling van die betaling van 'n ouditeringsgeld ten opsigte van enige sodanige ouditering kan verleen.

METODE VAN INDIENING VAN REKENINGS
DEUR DIE KONTROLEUR- OUDITEUR-GENERAAL:

Die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal lê die rekenings, tesame met sy verslag daaroor aan die Minister voor. Die Minister moet die Rekening en die verslag aan albei Huise van die Volksraad voorlê. Die Volksraad verwys hierdie rekenings na 'n Gekose Komitee oor die Openbare Rekenings vir oorweging. Met behulp van die Kontroleur- en Oudit-Generaal en die Tesourie, gaan hierdie Komitee die verslag en Rekenings na. Die Gekose Komitee het die bevoegdheid om getuienis af te neem en dokumente op te vra en verwag van die verantwoordelike rekenpligtige beampte 'n verklaring van enigiets onreëlmatig of betwisbaars waarop sy aandag gevestig is. Hy rapporteer sy bevindings aan die Volksraad en doen aanbevelings oor die finansiële sake wat na sy mening verbeter kan word. Hierdie aanbevelings word na die Uitvoerende Gesag verwys en gedurende die volgende sitting moet die Tesourie antwoorde op die besluite verstrek en meld watter stappe gedoen is.

OPSOMMING VAN HOOFPUNTE:

Die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal het onder die Skatkis- en Ouditwet No. 23 van 1956, die mag om ouditeure aan te stel ingevolge die bepalings van die Wet. Ouditeure wat aangestel is vir statutêre liggame stuur 'n verslag aan die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal om te kontroleer of openbare fondse volgens Wet reg bestuur en bestee is.

Die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal is regstreeks aan die Volksraad verantwoordelik vir die behoorlike nasien van Rekenings van die verskillende Beheerrade, wat statutêre liggame is.

Die aangestelde Ouditeure, deur die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal stuur verslae aan die Minister van Landbou - wat dit aan albei Huise voorlê vir aandag aan die Parlementêre Gekose Komitee van Openbare Rekeninge - daarna verskyn Rade in persoon voor die Gekose Komitee, wat magte het om vrae te vra en op verduideliking aan te dring. Die Gekose Komitee kan dan besluite neem of aanbevelings maak en dit dan na die Tesourie verwys. Die besluite deur die Gekose Komitee geneem, word deur die Volksraad afdwingbaar gemaak. Onder die Kode-gedeelte van hierdie proefskrif, word vasgestel of die Beheerrade nie hulle magte oorskry het nie.

Die Sybokhaarraad wat 'n Beheerraad is en 'n statutêre liggaam is, se

ouditeure wat deur die Kontroleur- Ouditeur-Generaal aangestel is, doen verslag oor die werkinge van die Raad. 'n Voorbeeld van die verslag kan beter begryp word indien die ondergenoemde verslag in oënskou geneem word -

VERSLAG VAN DIE KONTROLEUR- OUDITEUR-GENERAAL

oor die

REKENINGE VAN DIE SYBOKHAARRAAD

vir die

BOEKJAAR VAN 1.7.1969 - 30.6.1970

en die

BALANSSTAAT SOOS OP 30.6.1970

1. OUDITERING:

Die ouditering van die Rekeninge van die Raad is by Artikel 51(i) van die Bemarkingswet No. 59 van 1968, aan my opgedra en kragtens die bepalings van die Skatkis- en Ouditwet No. 23 van 1956, het ek die firma Wolmarans en Kruger (Geoktrooide Rekenmeesters van Suid-Afrika) van Port Elizabeth, aangestel om hierdie rekeninge vir die jaar ge-eindig 30 Junie 1970, onder my toesig te ouditeer.

2. Funksies en Beginsels.

3. Fondse van Raad.

4. Heffing en Spesiale Heffings.

5. Inkomste- en Uitgawerekening.

6. WAARDERING - Betuig dank vir hulp en bystand wat Raad en personeel tydens oudit verleen het.

---

210/..... Vir

Vir verdere studie word die Sybokhaar se -

1. Inkomste- en Uitgawerekening 1969 - 1970 (Tabel E);
2. Balansstaat soos op 30.6.1970 (Tabel F); en
3. Heffing- en Spesiale Heffingsfonds (Tabel G)

se verskillende Balansstate op bladsy nos. 211, 212 en 213 onderskeidelik, uiteengesit.

In die verbygaan kan genoem word dat die jaarverslae van die Sybokhaarraad telkens in hierdie verhandeling genoem word en vir duidelikheidshalwe kan dit hier genoem word dat die aanhef van die 1970 jaarverslag soos volg lui:

> „Hierdie Verslag, vir voorlegging aan die Minister van Landbou-Ekonomie en Bemarking in terme van Artikel 40 van die Bemarkingswet (Wet No. 59 van 1968) soos gewysig, dek die vierde volle jaar van die Sybokhaarraad se aktiwiteite sedert dit ingestel is kragtens Proklamasie No. R238 van Oktober 1965.
>
> Die Sybokhaarraad het oor die algemeen voortgegaan met die beleid geformuleer deur die Sybokhaar-Adviesraad waaruit dit ontstaan het.
>
> Hierdie Verslag bevat min besonderhede van die geskiedkundige ontwikkelings wat gelei het tot die stigting van die Sybokhaarraad of sy benadering tot die probleme van die Sybokhaarbedryf."

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Skatkis- en Ouditwet, No. 23 van 1956.
2) Jaarverslae Sybokhaarraad 1965 - 1970.
3) Finansiële Verslag - Sybokhaarraad 1970.

211/..... TABEL E.

TABEL E:

# SYBOKHAARHEFFINGSFONDS

## INKOMSTE- EN UITGAWEREKENING VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 1970

### UITGAWE

| | | 1970 | 1969 |
|---|---|---|---|
| **ADMINISTRASIE** | | | |
| Huur Sale en Stoele | | | 75 |
| Gebou - Onderhoud en Algemeen | 131 | | 347 |
| Belasting | 820 | | 1,264 |
| Elektrisiteit, Water en Gas | 323 | | 210 |
| Assuransie | 279 | | 252 |
| Kantoorbenodigdhede | 2,289 | | 2,038 |
| Tydskrifte en Publikasies | 411 | | 368 |
| Posgeld en Telefoon | 1,541 | | 1,503 |
| Bankkoste | 130 | | 25 |
| Assuransie | 320 | | 290 |
| Instandhoudingskoste | 224 | | 158 |
| Onthaalkoste | 598 | | 599 |
| Kommissie op Heffings Ingevorder | 93 | | 129 |
| Verwerking Statistiese Gegewens | 8,000 | | 8,000 |
| Ledegeld | 56 | | 53 |
| Uitgawes i.s. Handelsmerk | 15 | 15,230 | - |
| **PERSONEEL** | | | |
| Salarisse en Toelae | 46,589 | | 38,680 |
| Pensioene | 5,759 | | 4,929 |
| Werkloosheidsversekering | 25 | | 26 |
| Mediese Hulpfonds | 607 | 52,980 | 395 |
| **RAAD EN KOMITEES** | | | |
| Reis- en Verblyfkoste | 2,353 | | 2,669 |
| Toelae aan Voorsitter | 400 | | 400 |
| Ongeluksversekering | 190 | 2,943 | 106 |
| **REISKOSTE** - Personeel en Algemeen | 4,682 | | 5,872 |
| Motorvoertuigkoste | 1,438 | 6,120 | 1,259 |
| **OUDITGELDE** - Voorsiening vir 1969/70 | | 600 | 420 |
| **WAARDEVERMINDERING** | | | |
| Motorvoertuie | 1,910 | | 1,262 |
| Private Outomatiese Taksentrale | 565 | | 671 |
| Meubels en Toerusting | 2,319 | 4,794 | 1,180 |
| | | R82,667 | R73,180 |

### INKOMSTE

| | | 1970 | 1969 |
|---|---|---|---|
| **HEFFING** | | | |
| Sybokhaar bemark | 65,433 | | |
| Sybokhaar aan velle | 1,031 | | |
| Sybokhaar ingevoer | 111 | 66,575 | 69,688 |
| RENTE ONTVANG EN OPGEHOOP | | 1,710 | 1,615 |
| WINS OP VERKOOP VAN MOTORVOERTUIG | | | 175 |
| BEDRAG VAN UITGAWES BO INKOMSTE - Oorgedra na Sybokhaarheffingsfonds | | 13,382 | 1,702 |
| | | R82,667 | R73,180 |

TABEL F:

# BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 1970

## LASTE

| | 1970 | 1969 |
|---|---|---|
| **OPGEHOOPTE FONDSE** | | |
| Heffingsfonds | 43,517 | 56,408 |
| Spesiale Heffingsfonds | 282,219 | 172,509 |
| **ALGEMENE RESERWE** | 1,023,357 | 969,555 |
| **FONDSE VIR VASTE BATES AANGEWEND - PER KONTRA** | 139,633 | 140,889 |
| KREDITEURE | 9,203 | 840 |
| | R1,497,929 | R1,340,201 |

## BATES

| | Koopprys | Opgehoopte waardevermindering. | 1970 Saldo | 1969 |
|---|---|---|---|---|
| **VASTE BATES** | | | | |
| Grond en Geboue | 122,242 | - | 122,242 | 122,007 |
| Private Outomatiese Taksentrale | 2,930 | 1,236 | 1,694 | 2,259 |
| Meubels en Toerusting | 17,150 | 6,260 | 10,890 | 9,906 |
| Motorvoertuie | 8,631 | 3,841 | 4,790 | 6,700 |
| Biblioteek | 17 | - | 17 | 17 |
| | 150,970 | 11,337 | 139,633 | 140,889 |
| **BELEGGINGS EN KONTANT** | | | | |
| Land- en Landboubank van Suid-Afrika (insluitende opgehoopte rente. | | | 1,256,975 | 1,104,698 |
| Deposito's by Volkskas Beperk | | | 15,000 | 30,000 |
| Lopende Rekeninge by Bolkskas Beperk | | | 80,061 | 63,732 |
| Debiteure | | | 6,260 | 882 |
| | | | R1,497,929 | R1,340,201 |

TABEL G:

# SPESIALE HEFFINGSFONDS

## INKOMSTE- EN UITGAWEREKENING VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 1970

### UITGAWE

| | | 1970 | 1969 |
|---|---|---|---|
| **NAVORSINGSTOEKENNINGS** | | | |
| Leeds-Universiteit | 5,000 | | 5,000 |
| S.A. Wolinstituut | 20,000 | | 21,667 |
| Duitse Wolinstituut | 4,000 | | 4,000 |
| Leerinstituut | 250 | | 250 |
| Nieu-Suid-Wallis Universiteit | 2,000 | | 2,000 |
| Verwerkingsproewe | 43,892 | | 29,273 |
| Studiebeurse | 2,300 | | 1,850 |
| Universiteit Port Elizabeth | 1,000 | | 1,000 |
| Oostenrykse Veselnavorsingsinstituut | 500 | 78,942 | 500 |
| **VOORLIGTINGSTOEKENNINGS** | | | |
| Kwekersvereniging | 12,020 | | 13,250 |
| Telersvereniging | 3,000 | | 3,000 |
| Lesotho | 4,000 | | 4,000 |
| Skougenootskappe | 370 | | - |
| Kuddekompetisie | 307 | | 680 |
| Angorablad | 2,350 | 22,047 | 2,750 |
| **PLAASLIKE REKLAME** | | | |
| Skoue en Uitstallings | 11,464 | | 10,109 |
| Advertensies en Pers | 8,099 | | 2,313 |
| Skenkings | 200 | 19,763 | - |
| **BUITELANDSE REKLAME** | | | |
| Industriële Navorsing | 1,239 | | |
| Skoue en Uitstallings | 1,431 | | 1,905 |
| Advertensies en Pers | 12,371 | | 14,191 |
| Oorsese Besoeke | 22,613 | | 5,507 |
| Oorsese Besoekers | 3,658 | 41,311 | 3,200 |
| | | 162,063 | 126,457 |
| **BEDRAG VAN INKOMSTE BO UITGAWES** | | | |
| Oorgedra na Spesiale Heffingsfonds | | 109,710 | 72,290 |
| | | R271,773 | R198,747 |

### INKOMSTE

| | | 1970 | 1969 |
|---|---|---|---|
| **SPESIALE HEFFING** | | | |
| Sybokhaar bemark | 261,737 | | |
| Sybokhaar aan velle | 2,062 | | |
| Sybokhaar ingevoer | 442 | 264,241 | 139,476 |
| **RENTE ONTVANG** | | 7,392 | 59,336 |
| **UITGAWES HERWIN** | | 140 | 35 |
| | | R271,773 | R198,747 |

# H O O F S T U K 4

## VEE-VERMINDERINGSKEMA

Ofskoon hierdie vee-verminderingskema nie onder die Bemarkingswet ressorteer nie, word dit in elk geval as belangrik beskou, want die boer se produksie van bokhaar word daardeur geraak, al kry hy die nodige vergoeding van die Staat om sekere vee van sy plaas te onttrek.

In 'n tyd waar daar soveel gedoen en bestee word om meer te wete te kom van die oppervlakte van die maan, is dit verblydend dat die Republiek steeds ernstiger aandag aan ons landsbodem gee. Om veldagteruitgang teen te werk en te stuit, is daar van owerheidsweë reeds jare gelede begin met planmatige stappe om die land se grootste bate - die grond en die plantegroei daarop - teen aanslae van die natuur te beskerm - hier kan gemeld word die pogings op die gebied van grondbewaring en veldherwinning.

Die plan vir die vermindering van vee op plase, is aangekondig en daar moes hard gewerk word om die praktiese toepassing daarvan, so vinnig moontlik te verseker.

Die doel en konsep van die skema is om veral in die skaapweistreke, wat oor lang tydperke onderhewig is aan droogtes, groter bestendigheid in die boerdery te bring, deur die stabilisasie van die bodem. Dit word verwag dat 'n aansienlike vermindering in die getal vee tesame met die algehele onttrekking van erg ontblote erosiedele en oordeelkundige weidingsbestuur op die oorblywende dele, die veld die geleentheid sal bied om te herstel. Kenners is oortuig daarvan dat die natuur sy eie letsels sal heel en dit is 'n doelstelling wat elke boer se samewerking verdien. Die skema sal nie na die oorwegende grasveldgebiede waar die weiding met gemiddelde reënval en bestuur gouer sal herstel, uitgebrei word nie. Die sybok se eetgewoontes is anders as dié van die skaap, omdat hy meer growwe weidingmateriaal benut, soos die groter bosse en struike.

Wat die boer betref, bied die skema hom verder nog verskeie korttermynvoordele, soos 'n gewaarborgde inkomste sonder die risiko van veeverlies of uitgawes op veevoer indien droogtetoestande sou intree, 'n geleentheid om strenger seleksie in sy kudde toe te pas. Daarby kan hy 'n deel van sy bates

215/..... (vee)

(vee) in kontant omsit, wat hom in staat stel om sy laste en sy rentelas te verminder. Bowenal, behoort sy veld so te verbeter dat hy met 'n kleiner en beter kudde en met beter voeding en bestuur van sy vee, 'n produksie per eenheid en uiteindelik groter weerbaarheid teen droogte toestande sal hê. Die staat se hulp moet teen hierdie agtergrond gesien word en is vanselfsprekend nie bedoel om volle vergoeding van potensiële opbrengs onder gunstige omstandighede te verteenwoordig nie. Die vergoeding is dus net 'n skenking en is nie bedoel as 'n vergoeding vir potensiële produksieverliese, of om die boer finansieel te rehabiliteer nie.

Die gebiede wat op die skema van toepassing is, is die hele Karoostreek en Ooskaapland in die geval van die Sybok, terwyl in die geval van die wolskaap, dele van die Vrystaat, Ooskaapland, S.W.A., dele van die winterreënvalstreek ensovoorts. Binne die gebiede wat vir die skema afgebaken is, is daar plase wat van die skema uitgesluit is. Sulke eiendomme is plase wat so erg met indringerbosse soos swarthaak, besmet is, dat die gewenste plantegroei nie onder die skema sal herstel nie en plase waarop hoofsaaklik of uitsluitlik met wild geboer word; plase wat nie omhein is nie en plase waar daar nie met vee geboer word nie.

Die deelname aan die vee-verminderingskema is vrywillig, hoewel dit nie beteken dat alle aansoeke aanvaar moet word nie. 'n Aansoek om deelname ten opsigte van 'n eiendom waarop daar nie met vee geboer word nie, voldoen nie aan die doel waarvoor die skema ingestel is nie en so 'n aansoek moet van die hand gewys word. In teenstelling hiermee, moet in gedagte gehou word dat die Grondbewaringswet bepalings bevat waarkragtens veegetalle en onttrekkings van veld, sonder vergoeding voorgeskryf kan word, indien dit nodig geag word.

Vir elke grondbewaringsdistrik (vir deelnemers wie se aansoeke voor 1.1.1971 goedgekeur is) en elke ekologiese gebied (vir deelnemers wie se aansoek na 1.1.1971 goedgekeur word), word 'n algemeen geldende drakrag onder die skema bepaal. Alle vee, meer as die berekende getal, moet deur die deelnemer sonder aanspraak op enige geldelike bystand van die eiendomme wat hy onder die skema inskryf, verwyder word. Daarna moet minstens een-derde van die berekende getal verwyder word, waarvoor hy 'n toekenning ontvang en hy mag vir 'n tydperk van vyf jaar nooit meer as twee-derdes van die berekende getal verminder, ontvang dieselfde toekenning asof 'n volle derde verminder is.

216/..... Benewens

Benewens die vermindering van vee op die weiveld van die eiendomme wat ingeskryf is, moet dié dele van die weiveld waar ernstige erosie voorkom of waar so erg aan plantegroei ontbloot is dat dit nie meer op normale rus kan reageer nie, (dit sluit kaal kolle, vermelde berghange, voorskootveld en waterbane in) vir 'n aaneenlopende tydperk van minstens vyf jaar geheel-en-al aan beweiding onttrek word. Alhoewel hierdie deel ten tye van onttrekking geen of baie min weidingswaarde het, word die aantal kleinvee-eenhede nogtans soos vir die res van die plaas bepaal en ontvang die deelnemer geldelike bystand vir die onttrekking daarvan. Geldelike bystand vir die onttrekking van erosielede is net beskikbaar vir deelnemers aan die skema wat vee verminder of al hulle vee van die plaas verwyder.

Die Skema het op 1 Oktober 1969 in werking getree en die Departement van Landbou-tegniese Dienste is bereid om tot 30 September 1974, aansoeke om deelname te ontvang. 'n Persoon wie se aansoek om deelname voor 1 Januarie 1971 goedgekeur is (hierna ou deelnemers genoem) gaan voort onder die voorwaardes waaronder hy ingeskryf het. 'n Persoon wie se aansoek om deelname na 1 Januarie 1971 goedgekeur word (hierna nuwe deelnemers genoem), neem aan die Skema deel op die voorwaardes wat op daardie datum in werking tree.

Sover dit 'n ou deelnemer betref, wat binne die afgebakende gebied van die Skema meer as een eiendom of plaaseenheid besit, moet al hierdie eiendomme waarop hy vir eie voordeel boer, onder die Skema ingeskryf word. Vir sulke eiendomme sal een gesamentlike getal vee vir berekening van geldelike bystand aan die deelnemer bepaal word. Indien 'n deelnemer voor die datum een of meer van sy eiendomme voor sy aansoek verhuur het, moet hy by verstryking van die huurtermyn, sodanige eiendomme ook onder die Skema inskryf, ongeag of hy dit self benut of weer verhuur en as die huurder vrywillig aan die Skema vir sy onverstreke huurtermyn wil deelneem, moet die eienaar 'n sessie teken vir betaling van die toekenning aan die huurder.

Dit is 'n vereiste dat 'n nuwe deelnemer wat binne die afgebakende gebied van die Skema meer as een plaaseenheid besit, al daardie plaaseenhede onder die Skema moet inskryf; met dien verstande dat indien 'n eienaar verlang om nie al sy plaaseenhede in te skryf nie, omrede sommige van hulle heeltemal afsonderlik geboer word (uitgesonder onverdeelde grond met aparte boerdery - ondernemings), die Afdeling Bodembeskerming, bereid sal wees om 'n aansoek vir uitsluiting daarvan op aanbeveling van die streek, te oorweeg.
Die deelnemer kan sulke plaaseenhede ook later inskryf en die geldelike by-

stand word dan bereken asof al sy plaaseenhede gelyktydig ingeskryf is.

Indien meer as een boerdery-onderneming op een deelnemer se grond plaasvind, sal geldelike bystand onder die Skema slegs wees vir eienaars soos in die Wet omskryf, beskikbaar wees met die oog op die kontraktuele verpligtings wat 'n bewoner normaalweg nie ten opsigte van grond kan aanvaar nie. Dit spreek dus vanself dat kinders wat vir hulle eie rekenings op grond boer, wat nog in die ouer se naam geregistreer is, nie afsonderlik as deelnemers kan inskryf nie. Daarbenewens sal dit op 'n ontduiking van die beperking van die wisselskaal vir berekening van die toekenning, neerkom.

Waar enige deelnemer benewens die grond wat hy besit ook nog enige ander grond wat binne of buite die gebied vir die Skema geleë is, huur of op 'n ander wyse die gebruik daarvan het, moet hy volledige besonderhede van sodanige ander gronde verstrek, sodat die betrokke streek 'n spesiale toekenning daarvan kan maak. Indien enige ooglopende wanpraktyke daar waargeneem sou word, moet die streek, geskikte aanbevelings vir voorskrifte aan die Afdeling maak om dit te beëindig.

Waar die verskuiwing van vee van een eiendom of groep eiendomme van enige deelnemer, en 'n ander eiendom wat aan hom behoort, 'n wesentlike gevaar inhou dat een of meer van die eiendomme nadelig getref kan word, byvoorbeeld by trekstelsels, kan benewens die gesamentlike getal vee wat vir sy deelname neergelê word, getalle vee vir bepaalde eiendomme of groep daarvan bepaal word, met dien verstande dat die neergelegde verminderde getal nie oorskry mag word nie.

Die drakrag vir eiendomme van deelnemers, is slegs vir geldelike bystand onder die Skema bepaal en dit moet baie duidelik aan voornemende deelnemers gestel word dat hierdie drakrag nie noodwendig die langtermyndrakrag vir die gebied of enige besondere plaas, verteenwoordig nie.

In die geval van ou deelnemers, is die drakrag in morg per kleinvee-eenheid ten opsigte van elke voormalige grondbewaringsdistrik wat onder die Skema ingesluit is, bepaal. Die drakrag geld vir alle eiendomme wat in die bepaalde distrik geleë is en geen uitsondering word gemaak nie.

Sover dit nuwe deelnemers van die Skema raak, is die drakrag in hektaar per kleinvee-eenheid vir elke ekologiese gebied wat onder die skema ingesluit is, bepaal.

218/..... Die

Die drakrag geld vir alle eiendomme in die bepaalde gebied met dien verstande, dat vir enige eiendom wat onder normale omstandighede nie voorheen daardie drakrag kon handhaaf nie, 'n minder gunstige drakrag aanbeveel kan word. Waar volledige potensiaalbepalings van plase reeds met die beplanning van sub-opvanggebiede gemaak is, kan die bepaling van drakrag vir doeleindes van die Skema vir daardie besondere plase vir her-oorweging voorgelê word.

Die metode van berekening van 'n kleinvee-eenheid, betreffende ou deelnemers, is een kleinvee-eenheid (K.V.E.) gelyk gestel aan een skaap of bok (tweetand of ouer) of $1\frac{1}{2}$ lammers, tussen speen-oud en tweetande. 'n Grootvee-eenheid (G.V.E.) dit wil sê, een bees bo twee jaar of twee beeste speenoud tot twee jaar of een perd, muil of donkie, word beskou as ses kleinvee-eenhede. Lammers, kalwers en vullens voor speen-oud, word buite rekening gelaat.

Vir nuwe deelnemers aan die Skema, word een skaap of bok, tweetand en ouer, beskou as een K.V.E. en alle ongewisselde skape of bokke, as 0.4 K.V.E. Een G.V.E. word gereken as een bees, perd, muil of donkie, tweetand en ouer. 'n Ongewisselde bees, perd, muil of donkie, word beskou as 0.4 G.V.E. Een G.V.E. word beskou as ses K.V.E. gereken. Indien dit nodig geag word kan die streek 'n G.V.E.- K.V.E.-verhouding vasstel.

1. VOORDELE VAN DIE SKEMA:

Vir alle deelnemers word wild op die volgende grondslag in berekening gebring op plase waar daar nie hoofsaaklik of uitsluitlik met wild geboer word nie.

Wild soos koedoes wat rond beweeg en nie tot een plaas of kamp beperk bly nie, word nie in berekening gebring nie.

Die grootte van kampe waarin wild gehou word, word afgetrek van die grootte van die plaas om die totale drakrag te bepaal. Waar die wild oor die hele plaas saam met ander vee loop, word hulle wel ingereken by die vasstelling van die getal. Vir hierdie doel word een springbok met een K.V.E. gelyk gestel en twee blesbokke met drie K.V.E.

Vir die bepalings van 'n ou deelnemer se toelaatbare getal vee vir die doel van geldelike bystand onder die Skema, word die beskikbare weiveld sowel as enige oppervlakte onder lande in aanmerking geneem, terwyl die kampe waarin wild gehou word, geheel-en-al aan beweiding onttrek moet word.

219/..... Vir die

Vir die bepaling van 'n nuwe deelnemer se toelaatbare getal vee vir die doel van geldelike bystand onder die Skema, word die beskikbare weiding, sowel as enige oppervlakte onder lande in aanmerking geneem, terwyl die kampe waarin wild gehou word, die erosiedele wat geheel-en-al beweiding onttrek, moet word, klipplate, panne en ander dele waarop geen plantegroei gevestig kan word nie, buite rekening gelaat word.

Die volgende afwykings is toelaatbaar:-

(a) 'n Deelnemer in die Skema wat nie sy vee getal op besproeiingslande in berekening wil laat bring nie, moet vooraf vir 'n bepaalde getal by die direkteur van die streek, skriftelike toestemming daartoe kry. Hierdie vee mag nooit op die weiveld en droëlande kom nie. Die oppervlakte van sulke besproeiingslande word dan buite rekening gelaat by die berekening van die getal vee van die plaaseenheid.

(b) 'n Deelnemer wat nie sy vee wat in voerkampies, krale, batterye en stalle gehou word in berekening wil laat bring nie, moet vooraf vir 'n bepaalde getal by die direkteur van die streek skriftelike toestemming daartoe kry. Sulke vee mag nooit op die weiveld of land kom nie. Deelnemers moes dus bewys lewer dat hulle oor die nodige fasiliteite beskik.

(c) 'n Ou deelnemer moes binne twaalf maande van die datum van aansoek om deelname, sy vee tot twee-derdes van die getal vee, bereken volgens die drakrag wat vir die doeleindes van die Skema neergelê is, verminder en mag nie die verminderde getal vee vir die tydperk van deelname aan die Skema verhoog is, daarna sal dit slegs verhoog kan word met die skriftelike toestemming van die Minister tot hoogstens die getal vee wat volgens sy sienswyse oor 'n langtermyn 'n veilige getal sal wees.

Waar 'n ou deelnemer meer as een-derde van sy berekende getal vee wil onttrek, moet hy vir die nuwe getal vroegtydig skriftelik aansoek doen, sodat daar voldoende tyd beskikbaar sal wees om 'n gewysigde goedkeuring uit te reik en om sy vee uit die laer getal te verminder voor sy half-jaarlikse of jaarlikse vervaldatum. Die verjaardatum is die datum waarop hy oorspronklik kennis gegee het, dat sy vee verminder is en waarop sy deelname dus begin het. Die

nuwe voorwaardes sal daarna op so 'n deelnemer van toepassing wees.

Waar toestemming verleen word om vee verder te verminder, moet die streek dit baie duidelik stel dat die vee reeds van die half-jaarlikse of jaarlikse verjaardatum verminder moet wees,dat die boer skriftelik kennis moet gee wanneer die vee tot die nuwe getal verminder is en dat die verhoogde toekenning betaalbaar sal wees vanaf die datum van sy half-jaarlikse of jaarlikse verjaardatum, mits die vee dan reeds verminder is.

'n Nuwe deelnemer moet reeds ten tyde van sy aansoek meld tot watter getal hy sy vee gaan verminder - dit kan selfs totale onttrekking wees - en hy moet binne twaalf maande van sy aansoek om deelname, sy vee tot daardie getal wat minstens een-derde van die getal vee bereken volgens die drakrag, moet wees, verminder en na verloop van die vyf jaar van deelname, mag die getal vee nie sonder skriftelike toestemming van die direkteur van die streek bo die langtermyn-drakrag vir die gebied verhoog word nie. Die deelnemer kan egter gedurende deelname, skriftelik aansoek doen -

> „om sy verminderde veegetal verder te verminder, of om sy veegetal te verhoog tot hoogstens twee-derdes van sy berekende getal - indien hy meer vee as een-derde van sy berekende getal verminder het en hierdie verminderde getal vir minstens twee jaar gehandhaaf het".

Die beginsels soos uiteengesit, is ook op nuwe deelnemers wat hulle vee verder wil verminder of wil verhoog, van toepassing.

Waar enige deelnemer weens omstandighede buite sy beheer nie instaat is om sy vee binne twaalf maande na die datum van sy aansoek om deelname tot die neergelegde getal te verminder nie, sal die tydperk vir deelname bereken word vanaf die datum waarop hy kennis gee, dat die vee verminder is met dien verstande dat enige voornemende deelnemer wie se vee nie van 1 Oktober 1975 verminder is nie, nie vir deelname aan die Skema aanvaar sal word nie.

Indien 'n voornemende deelnemer se vee reeds ten tyde van sy aansoek tot die twee-derdes (in die geval van ou deelnemers), of volgens die getal van sy keuse (in die geval van nuwe deelnemers) verminder is, sal sy deelname vanaf die datum van sy aansoek geld, mits hy onmiddellik kennis gee dat sy vee sodanig verminder is. Deelname kan nie terugwerkend gemaak word nie.

221/..... (d) 'n Deelnemer

(d) 'n Deelnemer mag nie sy land uitbrei alvorens 'n potensiaalbepaling van die grond gemaak, die grond geskik gevind en die direkteur van die streek skriftelike toestemming verleen het vir die uitbreiding van die landerye nie. Die oppervlakte van sulke nuwe lande word afgetrek van die oppervlakte van die plaas en 'n nuwe veegetal word bereken. Die deelnemer moet voor die half-jaarlikse of jaarlikse verjaardatum van deelname op die duplikaat van die gewysigde toestemmingsbrief verklaar dat sy getal vee reeds in ooreenstemming met die kleiner oppervlakte, verminder is.

2. VEEREGISTERS:

Dit is gebiedend dat alle deelnemers veeregisters moet hou ten opsigte van alle eiendomme wat ingeskryf is en dit vir vertroulike insae aan 'n departementele beampte voorlê wanneer hulle daarvoor gevra word. Die register moet op die vorm wat die Departement vir hierdie doel beskikbaar stel, gehou word. Vee wat net op besproeiingslande of in voerkampies, krale ens. aangehou word, moet afsonderlik in die veeregister opgeteken word. Die ingevulde bladsy van die veeregister moet by die VLB-kantoor ingelewer word wanneer die advies vir betaling beëdig word.

Waar toestemming verleen is om vee op besproeiingslande en in voerkampies, krale ens. afsonderlik aan te hou, moet die veegetalle jaarliks deur departementele beamptes gekontroleer word. Die Afdeling Bodembeskerming, sal die nodige kennisgewings vir hierdie inspeksies uitstuur. 'n Deelnemer moet op vooraf kennisgewing, sy vee wat op die veld loop, volgens die ouderdomsgroepe waarin sy vee in die veeregister opgeteken word, op 'n bepaalde plek en tyd vir telling asook sy veeregister, beskikbaar hê.

Gedurende deelname van die skema, moet 'n deelnemer al die voorwaardes wat op sy eiendomme wat ingeskryf is van toepassing is, nakom, insluitende die bestuur en gereelde rus van weiveld en die oprigting van ontbrekende werke om dit te kan bewerkstellig. Sulke fasiliteite moet aangebring wees voordat twee jaar van deelname van die Skema verloop het. Indien geldelike bystand op sulke werke verlang word, moet die deelnemer by sy Voorligtingskantoor om beplanning daarvan aansoek doen. Waar alle vee van die plaaseenheid verwyder is, moet die plaas beplan en die noodsaaklike werke vir wisselweiding en die rus van veld opgerig wees, voordat die laaste betaling ten opsigte van veevermindering gemaak sal word of alvorens vee weer op die plaaseenheid gebring word.

222/..... Waar

Waar erosiedele geheel-en-al onttrek word, moet daardie dele afgekamp en onafgebroke vir minstens vyf jaar aan beweiding onttrek word. Hierbenewens moet aandag gegee word aan die oprigting van beskermingswerke, die losmaak van grond en die insaai van saad. Indien die plantbedekking na vyf jaar nog nie bevredigend herstel het nie, kan selfs verdere onttrekking sonder vergoeding voorgeskryf word. Klipplate, panne en ander dele waarop geen plantegroei gevestig kan word nie, moet vir doeleindes van finansiële bystand buite rekening gelaat word.

Toekennings aan deelnemers word, nadat die vee verminder en erosiedeel algeheel onttrek is, bereken vir elke twaalf maande oor 'n onafgebroke tydperk van vyf jaar. Vanaf 1.1.71 sal uitbetaling ses-maandeliks geskied indien deelnemers dit verlang, en deelnemers kan dus in die toekoms na elke ses maande van deelname, die advies in die vorm van 'n beëdigde verklaring indien. Deelnemers wat reeds gedurende die tydperk 1.10.69 tot 31.12.70 'n jaar deelneem, kan dus na nog ses maande weer 'n advies beëdig vir die uitbetaling van die helfte van die daaropvolgende jaarlikse toekenning.

3. <u>VEEVERMINDERING</u>:

Vir die volle tydperk van deelname, is die toekenning per twaalf maande vir elke K.V.E. wat onttrek is soos volg:

(a) <u>Vir ou deelnemers</u>:

R3-00 stuk vir die eerste 600 K.V.E.

R2-50 stuk vir die tweede 600 K.V.E. (601 - 1200).

R1-75 stuk vir die derde 600 K.V.E. (1201 - 1800).

R1.00 stuk vir die vierde 600 K.V.E. (1801 - 2400).

Die maksimum wat per deelnemer per jaar vir vermindering en algehele onttrekking van erosiedele betaal sal word, is R4,950-00.

(b) <u>Vir nuwe deelnemers</u>:

R3-00 stuk vir die eerste 600 K.V.E.

R2-50 stuk vir die tweede 600 K.V.E. (601 - 1200).

R2-00 stuk vir die derde 600 K.V.E. (1201 - 1800).

R1-00 stuk vir alle K.V.E. meer as 1800.

223/..... Die

Die maksimum is opgehef om voorsiening te maak vir alle vee, waar die behoefte daarvoor ontstaan.

Ten opsigte van die algehele onttrekking van erosiedele, is die toekenning R1-25 per K.V.E. vir elke twaalf maande oor die tydperk van deelname. Die totale toekenning ten opsigte van veevermindering en algehele onttrekking van erosiedele is beperk tot R4,950-00 per jaar vir ou deelnemers. Die betaling vir die toekenning sal geskied by ontvangs van 'n beëdigde verklaring wat soos volg lui:

> „Dat die goedgekeurde getal vee vir ses maande gehandhaaf is vanaf die datum waarop die deelnemer kennis gegee het dat hy sy vee in ooreenstemming met die goedgekeurde getal gebring het. Daarna geskied uitbetaling ses-maandeliks gereken vanaf die datum van 'n deelnemer se eerste kennisgewing, indien die deelnemer die advies beëdig dat hy die goedgekeurde getal vee vir die voorafgaande ses maande gehandhaaf het en die kamp wat geheel-en-al aan beweiding onttrek moes word vir die eerste ses maande van deelname aan beweiding onttrek was. Daarna geskied uitbetaling ses-maandeliks, indien die deelname die advies beëdig dat hy geen vee in die betrokke kampe gedurende die voorafgaande ses maande gehad het nie."

(c) <u>Waar nie verdere toekennings aangevra word nie</u>:

Waar 'n deelnemer reeds een of meer toekennings ontvang het en nie 'n verdere toekenning aanvra nie, sal die Afdeling vir 'n inspeksie reël om vas te stel wat die rede vir die versuim is. Indien gevind word dat die voorwaardes vir deelname aan die Skema nie nagekom is nie, sal alle toekennings wat reeds uitbetaal is, tesame met rente teen die koers wat van toepassing is op die datum van opvraging, onmiddellik terugbetaalbaar wees.

(d) <u>Verbreking van voorwaardes</u>:

Indien op enige wyse vasgestel word dat 'n deelnemer wat een of meer toekennings ontvang het, nie aan die voorwaardes van die skema wat op hom van toepassing is, voldoen het nie, sal hy, benewens enige stappe wat teen hom gedoen mag word weens die oortreding van 'n bepaling van Grondbewaringswet of in verband met die aflegging van 'n onjuiste beëdigde verklaring, verantwoordelik wees om alle toekennings wat reeds uitbe-

taal is, tesame met rente teen die koers wat van toepassing is op die datum van die opvraging, onmiddellik terug te betaal. Verder word so 'n deelnemer se deelname aan die skema, onmiddellik opgehef.

(e) Toekennings waar eiendom verkoop is:

Waar 'n eiendom voor verstryking van die vyfjaartermyn van deelname van eienaar verwissel, word die deelnemer se deelname aan die Skema as beëindig beskou. In so 'n geval is dit nie 'n verbreking van die voorwaardes van die Skema nie; derhalwe sal geen uitbetalings wat reeds gemaak is, verhaal word nie.

In gevalle waar 'n eiendom wat onder die Skema ingeskryf is van eienaar verwissel, moet die betrokke streek 'n spesiale aantekening daarvan maak. Indien enige ooglopende wanpraktyke daar waargeneem sou word, moet die streek geskikte aanbevelings vir voorskrifte aan die Afdeling maak om dit te beëindig.

4. ADDISIONELE INLIGTING OM VEEVERMINDERINGSKEMA:

Toepassing van die Skema in die Bo-Oranje en Bo-Sandrivier-opvanggebiede:

Ter beskerming van die twee belangrike opvanggebiede, is die spoedige onttrekking van erg ontblote weiveld, berghange, voorskootveld en waterbronne 'n belangrike doelwit. Geldelike bystand ten opsigte van sodanige algehele onttrekking sal verleen kan word selfs al het die betrokke boer nie om deelname aan veevermindering aansoek gedoen nie.

As 'n verdere aansporing om die afkamp van ontblote veld, berghange, ens. in die Bo-Oranje en Bo-Sandrivier te bespoedig, sal die subsidie ten opsigte van sulke heinings na 88c per tien jaarts verhoog word, mits die boer vir algehele onttrekking van erosiedele onder die Skema aansoek doen en hierdie tarief sal van toepassing wees op sulke heinings waarvan kennis van voltooiing na 1 Oktober 1969 gegee word. In adviese ten opsigte van voltooide heinings en in toekomstige skedules van werke in hierdie gebied, moet die letters „BO" na die werknommer van die heining bygevoeg word. Waar die boer nie sulke heinings binne 'n bepaalde tyd oprig nie, kan die Staat dit doen of laat doen en die koste verhaal.

Waar 'n persoon slegs ten opsigte van algehele onttrekking van erosiedele onder die Skema deelneem en die toestand van die oorblywende weiveld dit nodig maak dat die maksimum getal vee daarvoor voorgeskryf moet word, kan be-

newens die algehele onttrekking met vergoeding egter ook die maksimum getal vee, bereken op die drakrag vir die bepaalde gebied, sonder vergoeding vir die vermindering voorgeskryf word. As die boer bereid is om sy vee tot minstens twee-derdes van die berekende getal te verminder en origens om aan die voorwaardes van die Skema te voldoen, kan hy dan as deelnemer vir geldelike bystand ten opsigte van veevermindering kwalifiseer.

Die Skema vir geldelike bystand ten opsigte van veevermindering is vir die hervestiging van die gewenste plantegroei, veral in die oorwegend kleinvee-gebiede ingestel. In die landdrosdistrikte van Fouriesburg, Ficksburg, Clocolan, Ladybrand, Wepener en Zastron asook die Bo-Sandrivier waar akkerbou 'n betekenisvolle bron van inkomste is, sal die Skema nie outomaties van toepassing wees nie. Vir die gebiede in hierdie dele word geen drakrag vir die Skema bepaal nie. Indien daar 'n eiendom in dié distrikte is waarvan 'n deel geheel-en-al aan beweiding onttrek moet word, moet die streek vir sodanige eiendom 'n drakrag vir berekening van geldelike bystand bepaal wat onder geen omstandighede gunstiger as 0.75 morg per K.V.B. vir ou deelnemers en 0.64 hektaar per K.V.B. vir nuwe deelnemers mag wees nie. Die drakrag aldus bepaal, geld ook vir veevermindering op die res van die veld en ten opsigte van vergoeding indien die boer sy vee met minstens een-derde verminder. Vir sulke deelnemers word lande tot tien persent van die oppervlakte van die plaas net soos weivelde in berekening gebring, terwyl die res van die lande buite berekening gelaat word. Dieselfde norme vir be-oordeling van veld moet deurgaans toegepas word.

Die maksimum geldelike bystand wat enige deelnemer ten opsigte van veevermindering in hierdie gebiede kan ontvang, is R4,950-00 per jaar vir ou deelnemers, benewens enige vergoeding waarna hy ten opsigte van die algehele onttrekking van ontblote veld, berghange, ens. kwalifiseer. Vir nuwe deelnemers sal die toekenning volgens die wisselskaal vir die Skema bereken word en daar is geen maksimum nie.

5. <u>VEEVERMINDERINGSKEMA KRY LOF EN KRITIEK:</u>

Die vee-verminderingskema het op die Noord-Kaaplandse Landbou-Unie se Jaarkongres op Vryburg, lof maar ook kritiek ontvang. Boere besef die noodsaaklikheid van die Skema, maar die vasstelling van hul veld se drakrag is te drasties.

Afgevaardigdes het daarteen beswaar gemaak dat die Skema wat in Desember

226/..... 1970 van

1970 van stapel gestuur is, in sommige gevalle 'n draagkrag-vermindering van tot 25% meegebring het. Hulle beweer dat grondbewaringskomitees nie geraadpleeg is nie en daar word algemeen gevoel dat die verlaging van draagkrag van die veld, nie geregverdig is nie. Boere wat vir die ou vee-verminderingskema ingeskryf het, is beter daaraan toe as dié wat na Desember 1970 aangesluit het.

'n Verdere verandering wat diskriminerend teen nuwe aansoekers is, is dat suiplammers en kalwers ook nou in berekening gebring word by die hoeveelheid vee wat aangehou kan word. Met 'n vervangingstempo van 15%, 'n aanteelpersentasie van 85 en onttrekking van een-derde van sy vee, kan die boer ingevolge die nuwe Skema 19% minder aanteeldiere as ingevolge die ou Skema aanhou. In die geval van bokke waar die lammerpersentasie hoog is, sal die boer ongeveer 30% minder aanteelooie kan aanhou as sy medeboer ingevolge die ou Skema. Hierdie feit ontmoedig boere om aan die vee-verminderingskema deel te neem. Vir eers is daar beginselbesware teen die onderskeid wat die twee skemas maak en ten tweede is dit 'n feit dat boere wat nou aansoek doen om deel te neem, 'n kleiner inkomste uit hulle boerdery kry. Hul vergoeding vir deelname is ook laer.

Lof is egter ook uitgespreek vir die gedagte van vee-vermindering en die wyse waarop dit deur skemas aangemoedig word. Die toegewing vir die nuwe skema dat vee in voerkrale, stalle en besproeiingslande nie by die vasstelling van 'n plaas se dragrag in berekening gebring is nie, vind byval by boere.

Dr. S. W. Pienaar, hoof van die Vrystaat-Streek het gesê dat die Minister van Landbou in September 1970 opdrag gegee het dat die vee-verminderingskema vir kleinvee, so gou moontlik ingestel moet word. In daardie stadium was dit knellend droog en die Minister se oogmerk was om die boere te help om hul vee teen vergoeding minder te maak ten einde uittrapping van die natuurlike weivelde te keer.

Na 'n ruk is leemtes, veral met betrekking tot die Skema gevind - dit is in 'n nuwe Skema reggestel. Albei Skemas hou voordele in, maar die Minister het dit duidelik gestel dat hy nie 'n „verbastering" van die twee Skemas wil hê nie. 'n Boer kan dus net by een Skema ingeskakel wees. Deur die voordele met albei Skemas te haal, wil sommige boere hulle brood aan albei kante gebotter hê.

227/..... Dr. Pienaar

Dr. Pienaar het voorts gesê dat alle veld in die Republiek, selfs dié van departementele proefplase, se draagkrag in die verlede oorskat is. In die nuwe Skema word alle natuurlike veld se draagkrag verlaag wat daarop neerkom dat boere toegelaat sal word om minder vee as voorheen op dieselfde oppervlakte aan te hou. Hy het boere versoek om die twee vee-verminderingskemas toe te laat om langs mekaar te loop. Albei het 'n termyn van vyf jaar. Boere moet dit 'n kans gee en as daar oor 'n paar jaar wysigings voor te stel is, kan dit deur die Departement oorweeg word.

Dit moet egter beklemtoon word dat die vergoeding wat deelnemers aan die Skema ontvang, bloot as 'n geskenk bedoel is, want die hoofgedagte is die herstel van natuurlike weiding.

6. <u>OPSOMMING</u>:

Die idee agter die groot projek van die vee-verminderingskema is om vee in 'n aansienlike mate aan die veld te onttrek, terwyl erg ontblote dele van plase totaal aan beweiding onttrek kan word. Daar sal nie meer soos in die verlede nodig wees om met vee te trek op soek van beter weivelde nie. Uitputting van die natuurlike weiveld, tref die dier en daardeur ook die mens. As dit sou moes voortduur, sou die gevolge 'n verarmingsproses in die hand gewerk het.

Die Skema moet as 'n reddingsdaad gesien word in die lig dat daarby ook die boer betrek word, sodat hy as 'n vennoot van die Staat beskou word, teneinde te verseker dat die grond as kosbaarste besitting van die gemeenskap, behoue bly. Die Skema is so beplan dat dit die boer sal loon om sy bydrae te lewer in hierdie drama van reddingswerk, deur 'n positiewe en realistiese houding teenoor die Skema te openbaar en saam te werk ter behoudenis en rehabilitasie van weivelde. Die mensemassa neem met vinnige tempo toe, terwyl die aarde se oppervlakte, waarvan alle lewe afhanklik is, steeds konstant bly - dit is dus die plig van elkeen wat 'n deeltjie van hierdie aarde besit, om dit teen verwering en ontbloting te beskerm, want dit is inderdaad 'n voorreg. Die grond wat ons nou besit, moet maar in bruikleen gehou word en dit moet per slot van rekening oorgaan in die hande van geslagte wat kom, net soos ons dit ook van die voorvaders ontvang het. Kritiek sal 'n mens altyd kry, al is 'n skema ook hoe gesond en uitvoerbaar en die boer het al klaar gekla dat die bydrae van die staat op 'n grondslag van R2-00 per Kleinvee-eenheid per wat van die veld onttrek word, min is. Hierop is die staat se reaksie dat sy bydrae nie bedoel is om volle vergoeding van potensiële opbrengs deur die

vee in gunstige omstandighede te verteenwoordig nie.

Die bokhaarproduksie moet in geen opsig ly as gevolg van die onttrekking van vee nie. Die grootte van die skeersel hang tog nie noodwendig saam met rekord sybok-getalle nie. Dit is reeds bewys dat goed geteelde sybokke in gunstige voedingstoestande meer haar kan lewer as 'n groter getal wat met swak voeding te kampe het. Op die lange duur is dit selfs moontlik dat die vermindering van vee nou 'n gunstige uitwerking op die veestapel van die toekoms kan hê. Uit die aard van die saak is dit tog te verwag dat enige boer by so 'n onderneming van sy minder winsgewende diere ontslae sal raak en net met die beste sal voortgaan.

Natuurlik word besef dat die ontlading probleme meebring wat die afset van die ekstra kleinvee op ons vleismarkte betref, waar toereikende slaggeriewe en opbergingsruimte reeds fyn beplanning verg. Dit is egter sake wat deur die owerheid en boereleiers wel deeglik besef word.

Die landsbodem moet ten alle koste bestendig word en versuim kan alleen verdere veldagteruitgang tot gevolg hê wat in die toekoms noodlottig kan blyk te wees. Samewerking moet dus deur ons hele land aan die orde van die dag wees sodat ons geliefde Suid-Afrika soos dit telkens beaam is, nie doodgetrap word nie.

Die Staat het reeds tot Desember 1970 meer as R140,000 aan 80 boere wat van die Vee-verminderingskema gebruik maak, uitbetaal en dit wil voorkom asof die hele skema nog baie miljoene gaan beloop, maar die koste daarvan sal tog op die ou end die moeite en koste loon as die uiteindelike resultate bekend is.

Hierdie hoofstuk, hoewel dit nie direk betrekking het op die Bemarkingswet self nie, affekteer dit tog die handel as geheel terwyl die Vleisraad, Wolraad, Wolkommissie en Sybokhaarraad in die besonder geraak word.

---

BRON VAN INLIGTING:

1) Wolboer - Augustus 1969 en Januarie 1971.

2) Memorandum deur Direkteur van die Afdeling Bodembeskerming van die Landbou-Tegniese Dienste.

3) Persverslae oor wenslikheid van hierdie Regeringskema om vee van die weiding te onttrek.

4) Noord-Kaaplandse Landbou-Unie - Jaarkongres, Vryburg 1971.

5) Landbouweekblad - 18 Mei 1971.

229/..... HOOFSTUK 5.

# HOOFSTUK 5

## SLOT, OPSOMMINGS EN AANBEVELINGS

Vorige hoofstukke van Deel II handel oor die agtergrond van die Sybokhaarbedryf, die Adviesraad en Sybokhaarraad en sy werksaamhede en in hierdie slothoofstuk, sal ander aspekte behandel word, naamlik:-

A. Inleiding.

B. Tegniese weerspieëling oor bokhaar as 'n vesel.

C. Huidige bokhaarposisie in Suid-Afrika - Boere wend hulle tot produsering van skaap of bokvleis.

D. Swakhede van huidige bemarkingstelsel.

E. Toekoms van Sybokhaar en Prysbeheer.

F. Toekoms van Bokhaarindustrie.

G. Hoe die Sybokhaarraad daarin geslaag het om die Bemarkingswet toe te pas.

H. Aanbevelings.

### A. INLEIDING:

Bokhaar bly 'n spesialiteitsvesel wat maar in klein hoeveelhede in Suid-Afrika, Turkye en Amerika produseer word en die verkoop en verwerking daarvan hang grotendeels af van die aanvraag en die veranderings in die modewêreld.

As ons die produksie van wol met dié van sybokhaar vergelyk, sal gevind word dat die ongeveer 6,000 miljoen pond sybokhaar wat jaarliks geproduseer word nie vergelyk kan word nie en soos in Hoofstuk 2 gestel, vind hierdie vesels kompetisie van die kant van sintetiese vesels wat dreig om die gebruik van wol en sybokhaar 'n ernstige knou te gee. Die Internasionale Wolsekretariaat doen hier goeie werk om ook die verkoop van die natuurlike vesels te bevorder onder sy merk van suiwer nuutwol ens. Weereens kan beklemtoon word dat ten einde te verseker dat sybokhaar sy regmatige plek in die handel behou, daar hand in hand met ander vesels gewerk word.

Turkye het voor 1860 'n jaloerse monopolie bewaar vir sy sybokhaar en die bedryf wat daarmee gepaard gegaan het en boonop nog verhoed dat sy diere na ander lande uitgevoer word, maar toe die bedryf in Suid-Afrika posvat, is

230/..... besef

besef dat die haar van die sybok groot moontlikhede inhou. Net soos Turkye destyds gepoog het om die bedryf op 'n gesonde basis te plaas, het Suid-Afrikaanse produsente toe hulle van die opreggeteelde sybokke met 'n omdraai kon invoer, ook daarvoor gesorg het dat hulle aanteelt op 'n gesonde basis geplaas word. Die industrie ter plaatse was onderhewig aan groot skommelinge in pryse, ontberings ens. en die pryse wat in Suid-Afrika sedert 1951 die hoogte ingeskiet het, het as 'n aansporing gedien vir Suid-Afrikaanse bokhaar - beter bekend as „Cape Mohair" en meegebring dat die bedryf se vordering fenomenaal was. Die Kaapse Bokhaar het 'n posisie van voorrang bereik onder die edele vesels wat vir die wêreld se tekstielvervaardigers beskikbaar was. Rekordpryse is uitgebeeld in die menigte suksesse op die publieke veilings in die hoofmark te Port Elizabeth.

Vyftig tipes is geproduseer waaronder die mees waardevolste, die B.S.F.K.-haar, is wat afkomstig is van die vyf maandeoue bokkies. Hierdie tipe verkoop gewoonlik vir meer as R4 per kilo. Aan die ander kant van die skaal is die LOX wat afkomstig is van die pensstukke en in teenstelling met die bokkieshaar, is omtrent 50c of 60c die beste prys wat gewoonlik per kilogram behaal word.

Gedurende 1970 was die produksie van sybokhaar in Suid-Afrika ongeveer 29 miljoen kilogram, terwyl die aantal sybokke in Suid-Afrika en Lesotho, 1,75 miljoen en 750,000 onderskeidelik was.

Lewenskragtige en progressiewe aanteelmetodes is deur die Angora-Ramtelersvereniging toegepas, sodat opreggeteelde diere aan boere beskikbaar gestel is en dus meegehelp dat die mees gesogte tipes bokhaar geproduseer is.

Die voorbereiding van die Kaapse Bokhaar het nie sy gelyke in die wêreld nie. Deur die beywering van die Sybokhaarkwekersvereniging, is die amptelike Regering se toestemming verkry vir die klasseringmetode wat daarop gemik is om te verseker dat bokhaar in 'n gegewe baal wat vir opveiling vir verkoop aangebied is, aan die nodige vereistes voldoen ten opsigte van lengte, fynheid, kleur en opregtheid ens. Boonop nog tree die Sybokhaarraad op as 'n skakel tussen die produsent, ramtelersvereniging, makelaar en die Staat.

Soos in die geval van wol, bevat bokhaar ook sekere vesels wat die naam van „Kemp" of uitkamsels of stukhaar dra. Net soos wol, word daar ook sekere besoedeling of besmetting in bokhaar gevind en hierdie besmetting of bevlekking is toe te skryf aan die feit dat sybokke se haar in aanraking kom met

stof, saad en plantkundige onsuiwerhede, terwyl die natuurlike vette ook sy merk laat. Hierdie besoedeling kan maklik een-derde van die rou vesel oorskry. Die skoongewaste vesel is gewoonlik wit en syagtig en die lengte wissel volgens die ouderdom van die Angora.

B. 1. Tegniese aspek:

Wat die tegniese sy van bokhaar betref kan die volgende gekonstateer word:-

Die oppervlakte van 'n bokhaarvesel kom ooreen met dié van wol. Dit is gedek met epidermiese „scales" of skubbe wat geanker is vlakby die dier se liggaam, maar baie nader as in die geval van die wolskaap. Daar word beweer dat 'n Angorabok se vesel meer as 'n helfte meer skubbe bevat as in die geval van die wolskaap. Bokhaar het 5 tot 6 skubbe per 100 mikron vesel, terwyl wol 10 tot 11 sal wees.

Lig word van die oppervlakte weerspieël om bokhaar sy kenmerkende glans te gee. Die onderskeie skubbe omring gewoonlik die hele vesel in die fyner tipes. Soos in die wolvesel, bestaan die meerendeel van die bokhaarvesel uit 'n „core" of pitlaag, opgebou uit spoelvormige selle. Ongeveer een vesel uit 'n honderd het 'n goedgevormde murg of pit of „medulla". Bokhaar het 'n ronde deursnee. Indien 'n bokhaar onder die mikroskoop bekyk word, sal gevind word dat dit gemerk is met klein holtetjies of sirkels - wat veroorsaak word deur lugborrels wat tussen die spoelvormige selle van die bas of kors aanwesig is.

2. Bokhaar as 'n vesel vir kleredrag:

Bokhaar word hoofsaaklik gebruik as 'n kledingvesel en word meestal gebruik in mans somerpakke in veelvuldige kombinasies, met ander vesels, maar ook in die vervaardiging van bekleedsels en gordyne en damesklere soos fluweel, „boucles" en sajet („worsted"). Aangesien bokhaar bekend is vir sy glans en omdat dit maklik gekleur kan word en sy kleur besonder goed behou, word dit gebruik in die vervaardiging van net, veters, behangsels, hoede, jasse, skoene, ensovoorts.

C. BOERE WEND HULLE NA DIE PRODUSERING VAN SKAAP OF BOKVLEIS:

Baie Ooskaapse skaap- en sybokboere beoog nou ander metodes en neem drastiese stappe om finansiële ondergang teë te werk vanweë die swak wol en bokhaarpryse, as gevolg van die droogte en ander omstandighede.

232/..... Klein

Klein boere het al hulle vee onder die Regering se vee-verminderingskema verkoop en het hul plase verlaat om 'n ander heenkome in die stede of dorpe te vind. Ander weer is besig om kruisteelt toe te pas met ander skaap- of boksoorte, ten einde vleis vir slagdoeleindes te produseer.

Die merino en sybok word gewoonlik geproduseer met die doel om beide wol of bokhaar en vleis te voorsien, hoewel wol en sybokhaar die hoofdoel is. Die dorper en boerbok wat uitsluitlik vleisrasse is, word geteel suiwer vir die voorsiening van vleis en behaal goeie pryse en is swaarder aan die haak wanneer dit by die slagpale per veiling aangebied word. So vind boere in die Murraysburg en Aberdeen distrikte die behoefte om hulle inkomste aan te vul en boere wat nie merinos en sybokke teel nie, is 'n uitsondering in die reël in hierdie gebiede. Kruisraslammers, beide skaap en die sybok, behaal uitstekende pryse. Sommige boere wat uitsluitlik merino en sybokke teel, is besig om dorperramme by hulle ooie toe te laat. Dit blyk nie moontlik om die omvang van hierdie metode van kruisteling statisties te bepaal nie, maar daar kan met veiligheid gesê word dat ten minste die helfte van die telers nou kruisteling toepas vir die teel van groter slagskape en -sybokke. Hierdie metode mag later 'n invloed hê op die aantal slagdiere wat die slagplase bereik en dit mag lei tot oorproduksie en daling in vleispryse - maar die boere is desperaat en klou aan enige strooitjie ten einde 'n lewe te probeer maak. Sommige maak gebruik van die Regering se vee-verminderingskema en gooi tou op. Vanweë plaasarbeid-tekorte, begin die idee ook posvat dat arbeiders, ten einde lopende kostes te besnoei, gebruik kan word om om die beurt by verskillende plase te werk.

Al word daar op die oomblik probleme ondervind wat nie onoorbrugbaar is nie, meen sommige boere dat dit dwaas sou wees om <u>alleenlik</u> na die produksie van slagvee oor te skakel. Dit sou wys wees om die slagdier en die wol- of sybok-produserende diere in gelyke mate aan te hou, sodat die een die ander kan aanvul. Dit moet hier weer net soos in Hoofstuk 1 (Deel 2), genoem word dat die syboktelers voor dieselfde moeilikhede te staan gekom het toe bokhaarpryse skerp gedaal het en daar feitlik geen mark was vir die vesel nie - net soos nou was daar boere wat vasgebyt het en vertroue gehad het in hulle stoetvee. Van tyd tot tyd kom die oproep om kuddes suiwer te hou vir die bemarking van wol en sybokhaar en die tyd sal weer aanbreek dat die Departement van Landbou weer sal moet ingryp om skaap- en sybokkuddes, suiwer te hou deur boere aan te moedig om opreggeteelde kuddes aan te hou.

233/..... Sedert

Sedert die depressie jare was dit nog altyd die Merino en die Sybok wat die boer deurgehaal het in sy finansiële moeilikhede. Die waarde van die jaarlikse skeersel van 'n merinoskaap is gewoonlik in die omtrek van R3 en in die geval van 'n sybok heelwat meer. Merino- en syboklammers wat goed opgepas word, selfs al neem hulle langer om uit te groei as gewone slagskape of sybokke, sal nog 'n goeie prys behaal wanneer hulle geslag word. Slagskape en -sybokke moet verkoop word voordat hulle enige inkomste kan inbring, terwyl met die merinoskaap en sybok is dit ten minste moontlik om die vagte te verkoop.

Kruisteling het onlangs weer sy kop uitgesteek en dit kan as 'n sonde beskou word dat sodra dinge nie na wense gaan nie, die telers alles wat hy oor die jare opgebou het, oorboord gooi net om vleis vir die mark te produseer. Wat sou met hierdie boere gebeur indien die pryse op die vleismark drasties sou daal? Sonder 'n Regerings-subsidie ten opsigte van die uitvoer van skaapvleis, sal dit nie vir die boer lonend wees nie, want hy kan die vleis plaaslik teen hoër pryse verkoop. Gelukkig is die verskynsel van kruisteelt in sekere distrikte nie van groot omvang nie, maar indien die swak pryse van wol en sybokhaar verdere dalende neigings toon, ten spyte van die toepassing van reserweprysskemas van die Wolkommissie en Sybokhaarraad, kan daar sonder twyfel verwag word dat al hoe meer telers die middele weg gaan volg, wat ook sal meebring dat die waardevolle valuta wat wol en sybokhaar vir Suid-Afrika verdien, 'n ernstige knou toegedien sal word wat weer jare sal neem om in ere herstel te word. Dit moet hier gestel word dat die Regering 'n aantal jare gelede so ver terug soos 1960, boere vermaan het om nie te oorkapitaliseer nie, hulle skulde te betaal en in die dele soos Transvaal, liewer na grootvee oor te skakel of ten minste sekere soorte diere in sulke gevalle aan te hou sodat daar in moeilike tye die een die ander kan aanvul. Hierteenoor kan onomwonde gekonstateer word dat indien boere hulle alleenlik op die teelt van slagdiere gaan toespits, hulle hul teen probleme gaan vasloop, veral as die slagplase nie daarop toegespits is, weens ruimtegeriewe en arbeid om die hoeveelheid slagdiere te hanteer nie.

In verband met bogenoemde aangeleentheid kan aanbeveel word dat plaaslike slagplase doeltreffend uitgebou word om die nodige geriewe daar te stel sodat meer slagdiere hanteer kan word. Sodra die geriewe vir die hantering van slagdiere 'n werklikheid word, moet agente en boere met die samewerking van die Vleisraad, meer kwotas of permitte toegestaan word, sê byvoorbeeld 60% aan agente en 40% aan die boer, mits daar aan sekere regulasies en ver-

eistes voldoen word. (Bogenoemde aangeleentheid is ook in die „Evening Post" en „Die Oosterlig" op 27.3.71 en 8.6.71 onderskeidelik behandel, terwyl daar ook 'n Kommissie aangestel is om aanbevelings in hierdie verband te maak).

Angoravleis- en velle:

Die pryse van Angorabokvleis- en velle kom gedurig onder bespreking en boere kla dat die pryse vir hierdie twee kommoditeite nie lonend is nie. Telkens word verlang dat ondersoek ingestel moet word om hierdie bedryf ook aan te help. Hierdie sake ressorteer onder die Vleisraad en hulle sal beweer dat die Raad in geen omstandighede die verkoop van enige besondere soort bokvleis kan bevorder nie, hoewel reklame vir bokvleis normaalweg geskied. Die prys van die vleis by veilings word deur vraag en aanbod bepaal, wat die normale prosedure in 'n land met 'n vrye bemarkingstelsel is. Die Sybokhaarkwekersvereniging behoort die Regering in hierdie verband te nader om die klagtes te ondersoek.

Ten opsigte van Angoravelle het dr. D. R. Cooper van die Navorsingsinstituut van die Leernywerheid op Grahamstad, herhaalde male gesê dat die leerwaarde van 'n opreggeteelde Angorabok feitlik nul is. Hy het al met proewe by die Instituut vasgestel dat, hoe suiwerder die bok geteel is, hoe swakker is sy vel. Navorsings om die bemarking van Angoravelle met die haar aan vir motorsitplekoortreksels en vloermatte, is nog nie intensief gedoen nie, maar daar is bepaal dat 'n Angoravel glad nie vir motorsitplekke geskik is nie. Die aanbod van Angoravelle op die mark is buitendien te klein om positiewe bemarking die moeite werd te maak.

D. SWAKHEDE VAN DIE HUIDIGE BEMARKINGSTELSELS:

Die swakhede van die teenswoordige bemarkingstelsels wentel om die produsent se begeerte om 'n winsgewende stabiliteitsprys te bekom, asook die versekering dat hy beskerming verleen word indien die pryse van sy produk drastiese dalings toon.

Produksie van bokhaar verteenwoordig maar 1% van gewig van wol in die wêreld en minder as 0,1% van alle vesels. Dit is dus 'n gesogte en skaars vesel en bevat eienskappe wat die vesel in aanvraag bring onder die kledingsfabrikante en hulle belangstelling moet gehandhaaf word.

Een belangrike punt wat egter beklemtoon moet word, is dat die produsent die

hoogste prys moontlik vir sy produk verlang, maar hy kan alleenlik 'n prys behaal indien daar 'n gedurige verbruikers aanvraag vir produkte van sy vesel is. As die aanvraag daarvoor permanent verdwyn, is daar geen ekonomiese sin in om daardie vesel-produserende industrie kunsmatig aan die lewe te hou nie. Gelukkig bestaan daar in die geval van die sybokhaar so 'n werklike aanvraag en behoort in die onvoorsiene toekoms so voort te gaan.

Bemarking van sybokhaar in die Verenigde State van Amerika is myns insiens nie goed georganiseer nie want daar is feitlik geen klassering en voorbereiding van die skeersels vir die mark nie. Sekere tipes word egter bymekaar sorteer en word deur private ooreenkoms, soos ons in Suid-Afrika voor 1950 gehad het, verkoop. Pogings om verkope op 'n georganiseerde grondslag op openbare veilings te verkoop, is met geweldige teenkanting van die kopers teengestaan. Bokhaar-produsente in die Verenigde State van Amerika kry Regeringshulp teen 'n nasionale gemiddelde prys op 'n aansporingsvlak („incentive level") en word soos volg bepaal: As die aansporingsvlak 75c per pond is en die nasionale skeersel is slegs 50c per pond, sal die Amerikaanse Regering 'n subsidie van 50% van die werklike gemiddelde prys van die mark betaal. 'n Produsent wat alleenlik 40% per pond oplewer, sal nog 'n verdere 20c per pond ontvang, terwyl een wat 60c per pond gemiddeld behaal, ontvang nog 30c per pond. Die gelde wat van hierdie subsidie bekombaar is, word verhaal van 'n invoerbelasting van 23 Amerikaanse sent per pond op alle wol en bokhaar wat verwerk word. Dit kan hier genoem word dat selfs die Suid-Afrikaanse produsente meehelp om die Amerikaanse wol- en bokhaarkweker of die kopers van hulle wol en bokhaar, te subsidieer.

Die aansporingsbasis en werklike prys van Amerikaanse Sybokhaar het in die jongste tyd baie geskommel.

Die tabel op die volgende blad (Tabel H op bladsy 236), verwerk uit inligting deur die Sybokhaarraad verskaf, toon 'n vergelyking tussen die aansporingsprys en werklike markprys in die Verenigde State van Amerika en die Suid-Afrikaanse prysvlak vanaf 1961 tot 1970.

Dit is opmerklik dat in 1962 en sedert 1965, die aansporingsvlak hoër was as die markprys en sal in 1970/1 baie na aan 100% wees. Die werklike prys wat Suid-Afrikaanse produsente in ope veilings behaal het, was hoër as die V.S.A.-aansporingsvlak en dit is maar eers in die jongste aantal jare, dat hulle begin agterraak het.

236/..... TABEL H.

TABEL II:

| JAAR | V.S.A. AAN-SPORINGSPRYS PER C PER LB. | PRYSVLAK IN S.A. C PER LB. | MARKPRYS V.S.A. | IN S.A. |
|---|---|---|---|---|
| 1961 | 73,0 | 51,1 | 85,6 | 59,6 |
| 1962 | 74,0 | 51,8 | 71,4 | 50,0 |
| 1963 | 76,0 | 53,2 | 88,1 | 61,7 |
| 1964 | 72,0 | 50,4 | 94,3 | 66,0 |
| 1965 | 72,0 | 50,4 | 65,5 | 45,9 |
| 1966 | 75,8 | 53,1 | 53,7 | 37,5 |
| 1967 | 76,4 | 53,5 | 40,9 | 28,6 |
| 1968 | 77,4 | 54,2 | 45,2 | 31,6 |
| 1969 | 77,4 | 54,2 | nog nie beskik-baar nie | nog nie beskik-baar nie |
| 1970 | 80,2 | 56,1 | | |


Die vraag ontstaan nou waarom die Amerikaanse Sybokhaarkwekers ten spyte van die groot subsidie onder hulle aansporingskema, teen rasse skrede van hulle bokke ontslae raak. Dit mag wees omdat hulle produksiekoste hoog is en die aansporingsvlak heelwaarskynluk te laag is. Dit wil dus voorkom asof die subsidie-idee nie meehelp om die agteruitgang te stuit nie.

Om nader tuis te kom kan gekonstateer word dat die veilingsisteem vir sybokhaar maar 20 jaar in werking is en dit bring mee dat dit die beste sisteem is om bokhaar te verkoop - veral as daar 'n goeie vraag na haar is en die bieërs oor mekaar val om die sybokhaar te bekom. Aan die anderkant, is dit te betwyfel of die huidige veilingstelsel 'n ware refleksie van die werklike aanvraag na sybokhaar openbaar - te meer omdat sybokhaar-produsente 'n moeilike tydjie agter die rug het vanweë droogte en inkorting van krediet-fasiliteite. Selfs die fabrikant kan, omdat modes verander, nie bekostig om groot hoeveelhede sybokhaar aan te koop nie - boonop nog kan produsente dit nie bekostig om die mark te oorvoer nie, of hulle kan nie bekostig om die produk van die mark af terug te hou nie. (Sien grafiek op bladsy 237 ten opsigte van die vergelyking tussen Suid-Afrikaanse en Verenigde State van Amerika se bokhaarpryse vanaf 1945 tot 1970).

237/..... GRAFIEK

GRAFIEK: No. 3.

**VERGELYKING TUSSEN SUID-AFRIKAANSE & V.S.A. BOKHAARPRYSE 1945-1970**




SKAAL:- EEN SPASIE PER JAAR.

E. TOEKOMS VAN BOKHAAR:

1. Inleiding:

Daar moet met ander vesels saamgewerk word om materiale met bokhaar te meng ten einde te verseker dat daar bokhaar verkoop word, met ander woorde, die Sybokhaarraad se beleid om bokhaar te bevorder, moet uitgebrei word om te verhoed dat pryse daal, mits weersomstandighede en droogtes nie weer 'n merkbare daling in produksie toon nie.

Daar moet middele gevind word om die aanvraag na bokhaar te verhoog, veral in die vervaardiging van klere en bekleedsels en selfs hier is die bedreiging van sintetiese vesels 'n groot faktor wat die bokhaarbedryf aandag sal moet skenk.

Die bemarking van goed-geteelde en geklaste bokhaar blyk winsgewend te wees. Hierteenoor moet produsente veral let op die gehalte van die haar wat produseer en bemark word, want bokhaar het nog nie 'n stadium bereik waar dit as onmisbaar beskou word nie. Indien pryse egter te hoog bly, kan die fabrikant nog altyd oorslaan na sintetiese vesels wat goedkoper blyk te wees. Dit is om hierdie rede dat bokhaar en sintetiese vesels langs mekaar moet beweeg en dit sal verseker dat 'n hoeveelheid bokhaar, hoewel in 'n geringe mate, met bokhaar gemeng word.

Die feit wat die bokhaarbedryf in die gesig staar, is die kwessie van aanvraag, veral omdat dit as 'n luukse kommoditeit beskou word en grotendeels afhang van die mode wat telkens wissel, soos dit maar dikwels gevind word. Die aanvraag na sekere tipes bokhaar, wanneer die aanvraag opduik, kan nie oornag verander word nie en by die tyd dat produsente hulle produksie verander het, is daar alweer 'n verandering in die vraag na sekere ander tipes. Hoe hierdie probleem egter die hoof gebied kan word, sal nog baie hoofbrekens besorg.

Omdat bokhaar se produksie in Suid-Afrika klein is vergeleke met ander tekstielvesels, moet verseker word dat meer en meer bokhaar gebruik word om 'n basis te vorm vir verwerking van stowwe.

Die aanvraag vir bokhaar in teenstelling met sy aanbod, is onderhewig aan hewige veranderings, want omdat dit 'n spesialiteit vesel is, is dit vatbaar vir veranderings in die modes. Nog verder, sulke vesels word opgeneem vir tekstiele vir die hoër-inkomste-groep-kliënte en wan-

neer die mode die massa bereik, sal die aanvraag die aanbod verreweg oorskry, sodat pryse opwaarts sal neig en die verwerkte goedere buite bereik van hulle plaas wat tot gevolg sal hê dat die vraag geweldig sal afneem. Elke mode-verandering kan dus die kiem van sy ondergang bewerkstellig indien dit gebasseer word op rou materiale wat in kort aanbod is. Die aanvraag vir bokhaar gebasseer op mode, sal ook wissel ten opsigte van verskillende tipes. Soms is daar 'n aanvraag vir super tipes, soms alleenlik vir beter tipes van 'n somerskeersel en dan ook weer mag daar aanvraag wees vir die korter en growwer tipes. Langs hierdie weg sal daar weereens die vaste aanbod, wye verskille voorkom tussen tipes of verskille wat normaalweg aanwesig is.

2. Prysbeheerskemas:

'n Prysbeheerskema ten opsigte van bokhaar is so ver terug as 1941 in Suid-Afrika ingestel teen 12 pennies per pond, maar dit het nooit in werking getree nie omdat pryse gewoonweg hoër was as die genoemde vloerprys. Die idee om so 'n skema in stand te hou indien pryse dan ongehoorde en rampspoedige laagtes sou bereik, sal meebring dat die nodige fondse daargestel moet word om die skema te finansier. Die S.A. Wolkommissie het so 'n skema ingestel vir 'n gewaarborgde vloerprys, wanneer wol ingekoop word as die wol nie deur die handel opgeneem word nie - hierdie ingekoopte wol word later wanneer pryse weer styg, verkoop en die winste word in die stabilisasiefonds gestort.

Ander lande soos Amerika, betaal subsidies indien die noodsaaklikheid ontstaan en dit is te betwyfel of die ander bokhaarprodusente lande so 'n skema kan bekostig. Omdat die Suid-Afrikaanse boere en hulle verenigings en selfs die Sybokhaarraad nie oor die fondse beskik nie, sal die Regering dus moet bydra om die bokhaarprodusente by te staan in tye van nood sodat die bedryf op 'n gesonde basis kan bly voortbestaan.

Ten slotte, kan dit hier gestel word dat bokhaar nog nie die stadium bereik het waar dit as onmisbaar beskou kan word nie en enige prysbeheerskema sal meebring dat dit heeltemaal uit die mark gedwing kan word. Veral op hierdie stadium het die taamlike hoë pryse van bokhaar al so 'n invloed uitgeoefen dat die vesel-vervaardigers nie kans sien om bokhaar wat duur is, suiwer te bemark nie en sal dit meebring dat hulle heeltemaal sal wegskram van die gebruik van suiwer bokhaar en hulle weer gaan toelê op die gebruik van sintetiese vesels omdat dit goedkoper blyk te wees.

240/..... 'n Karaktertrek

'n Karaktertrek van sybokhaar is die gemak waarmee dit met ander vesels soos wol, katoen en rayon gemeng kan word, òf in die vesel- òf gare vorm. Dit is geredelik verenigbaar met ander vesels, vanweë sy spesiale eienskappe en soos vroeër gestel is, sal dit hand in hand kan werk met ander vesels en daardeur 'n wig dryf in die opkoms en rasse vordering van die sintetiese vesels. Bevordering op hierdie gebied is dus uiters noodsaaklik.

Om al hierdie moeilikhede soos pryse ensovoorts, die hoof te bied, moet liewer gepoog word om die internasionale samewerking te verkry en uit te bou sodat alle lande op hoogte bly van toestande, pryse en benodighede. Daar is reeds aanvoorwerk in hierdie opsig gedoen en daar kan met dankbaarheid erken word dat daar reeds vrugte afgewerp is om die bedryf op 'n gesonde grondslag te plaas.

## F. OPMERKINGS OOR DIE TOEKOMS VAN BOKHAAR-INDUSTRIE SOOS DIT OORSESE VERVAARDIGERS IN BRADFORD, ENGELAND RAAK MET BETREKKING TOT DIE MODES VAN DIE DRA VAN SYBOKHAAR VERWERKTE ARTIKELS:

Wanneer daar oor die huidige neiging en strekking van sybokhaar geskryf word soos dit die Bradfordse vervaardigers en handelaars in die besonder raak, kan die huidige vergelyk word met die doodsberig oor die heengaan van 'n ou vriend wat talle grille en nukke gehad het. Die toestand in die Bokhaarbedryf is daar vir almal om te dien en dit is dus nie nodig om voorspellings te waag nie. Dit is dus raadsaam om die algemene prentjie in oënskou te neem en te probeer bepaal waar die foute, indien enige, lê en bowenal om vas te stel wat gedoen kan word om die noodlottige teenspoed van weersomstandighede wat die produserende lande al vir jare dreig, te bekamp.

Die kringloop van modes in sybokhaar, hou niks nuuts in nie en self al word alle pogings aangewend om propaganda daarvoor te verskerp, is dit te betwyfel of die uitslag op die lange duur enige verskil sou maak. Oor die afgelope 20 of 30 jaar het ons gevind dat die omvang van modes plaasgevind het en dit is seldsaam vir alle seksies van die bedryf om gelyktydig daaronder te ly. Hierteenoor egter word die vernuf en tegnieke van die Sybokhaarbedryf ingespan om die gebruik daarvan uit te brei en dit kan 'n verminderde effek hê op die heftigheid van 'n „slump" of skielike daling van pryse.

Die ongelukkige feit in verband met die huidige bokhaardaling is, dat

dit nie alleen die pryse van die hoë prystipes affekteer nie, maar ook dat hierdie tipes hulself afgegradeer het as gevolg van die ernstige droogte toestande wat in Suid-Afrika sowel as Lesotho ondervind is. Daarom waar ons normaalweg sou verwag dat 'n vesel van hoogstaande gehalte ten minste 'n ekonomiese basis sou hê vanweë sy relatiewe skaarswaarde, ontbreek beide prys, beinvloed deur aanvraag of gebrek daaraan en die standaard van kwaliteit. Hierdie daling in pryse raak nie alleen die produsent nie maar affekteer almal binne die raamwerk van die bedryf, maar waar die produsent se verkoopspryse gesubsidieër word deur bystandskemas wat op verskillende maniere op verskillende plekke van krag is, het die kambolverwerker en handelaar geen sulke subsidie nie en het hy feitlik geen keuse as om maar voort te gaan met sy huidige metode om 'n diens aan sy kliente te lewer nie.

Die Bradford sektor van die Sybokhaarbedryf, beskou die toekoms as duister te wees. Wêreld ekonomiese druk affekteer altyd die luukse handel eerste en in baie opsigte is bokhaar nog 'n luukse artikel. Daar is gewoonlik een sektor van die industrie wat op 'n hoë peil van produksie voortgaan en dit word gehoop om nog hierdie jaar 'n verandering te bespeur in ander sektore, sodat die kringloop maar weer van vooraf begin. Die vrye wisseling van inligting tussen produsent en verbruiker, kan by tye voordelig wees, maar dit kan nie op 'n amptelike handelsvlak geskied nie. Persoonlike kontak kan heilsaam wees, maar dan ook net in verhouding tot 'n besondere firma.

Dit moet aan beide produsente en verbruikers gestel word dat die bokhaarnywerheid nie van jaar tot jaar beoordeel kan word nie. 'n Veel langer beskouing is nodig; waarnemings van aanvraag en aanbod moet oor 'n langer tydperk van nie minder nie as 5 jaar geskied en enige skemas wat ingestel word om bemarking in die produserende lande te verbeter, moet so ingestel en toegespits wees vir so 'n periode.

Vir diegene wat behulpsaam is om die bokhaarhandel in Bradford te bevorder, kan gesê word dat hulle funksie steeds belangrik bly en hoewel hulle nie beherende skemas het om hulle te help nie, moet dit van produsente en verskaffers van Sybokhaar verwag word om steeds sterk en gesond te bly teneinde hulle in staat te stel om 'n waardevolle bydrae tot 'n klein maar belangrike industrie te maak.

---

BRON VAN INLIGTING - ten opsigte van F.

1) Wool Record Survey March, 1971.

2) Speciality Fibres 1971.

3) Oorsig oor Bokhaarbedryf in Bradford deur H. Laycock.

## G. DIE SYBOKHAARRAAD HET DAARIN GESLAAG OM DIE BEMARKINGSWET TOE TE PAS:

Inleiding:

Die bedoeling van hierdie proefskrif, veral Deel II oor die Sybokhaarraad geneem as 'n model, is om te bepaal in hoeverre die Raad geleer het uit die ondervinding van die jare voor en tydens die Sybokhaar-Adviesraad se dienstyd en of die Sybokhaarraad as een van die jongste Beheerrade, alle aspekte benut het van ander Rade onder die Bemarkingswet. Een aspek kan egter nou al beklemtoon word, dat toe die Sybokhaarraad in 1965 in werking getree het, dit nie vir hom nodig was om in onkunde voort te bou en beleide te formuleer nie; nog minder was dit vanweë die beskikbare inligting en beleid nodig om in die modder te ploeter, of in die duister rond te tas nie. Die Sybokhaarraad het geweet wat hy wou hê en dus wyslik besluit om op die beleid en beginsels van sy voorganger die Sybokhaar-Adviesraad, voort te bou en doelgerig voort te gaan gerugsteun deur die beskikbare masjienerie.

Die Sybokhaar-Adviesraad het dus baanbrekerswerk verrig en die fondamente stewig gelê, sodat die Sybokhaarraad net as't ware 'n naamsverandering kon ondergaan om as 'n statutêre liggaam en Beheerraad onder die Bemarkingswet, te fungeer. Die daarstelling van die Sybokhaarraad het dus stap vir stap gevorder totdat sy einddoel verwesenlik kon word en die Sybokhaar-Adviesraad se beleid in sy geheel kon oorneem, omdat dit beproef en uitvoerbaar was. Hierdeur het die Sybokhaarraad volle beheer oor die skeersels verkry met die bemarking en verkoop van sybokhaar.

Ander Beheerrade moes maar sukkel om die mas op te kom omdat hulle nie soos die Sybokhaarraad, vaste beleide en beginsels gehad het om op voort te bou nie - veranderings moes dus gereeld aangepak word en die ou wette wat op hulle produkte van toepassing was, moes as maatstawwe dien en telkens gewysig word om by hulle besondere behoeftes en heersende toestande aan te pas.

Die Sybokhaarraad as 'n Beheerraad:

Die volgende besonderhede in opsommingsvorm, sal bewys dat die Sybokhaarraad die bepalings van die Bemarkingswet van 1937, soos gewysig, in sy geheel toegepas het.

Art. 25: Behoudens die bepalings, moet 'n skema voorsiening maak vir die instelling van 'n Raad om die skema uit te voer. Die Sybokhaar-

raad is met regspersoonlikheid beklee en het in sy eie naam alle handelings verrig wat nodig was vir die bereiking van sy doelstellings en die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge die skema, wat hy uitvoer.

Art. 26: Die skema vir die beheer van Sybokhaar is met welslae deur die Raad uitgevoer.

Art. 28: Hierdie artikel met betrekking tot die samestelling van 'n Beheerraad, is getrou deur die Sybokhaarraad uitgevoer en die vereiste lede soos bepaal, naamlik sewe (vier verteenwoordig produsente; twee verteenwoordig Sybokhaarmakelaars en een 'n beampte van die Departement Landbou-Ekonomie en -Bemarking of Landbou-Tegniese Dienste), is deur die Staatspresident aangestel.

Art. 29: Die Sybokhaarraad het ook die aanbeveling soos in hierdie artikel van die Bemarkingswet vervat, uitgevoer en twee adviserende lede aangestel.

Art. 30: Toelaes aan en versekeringsdekking vir die lede van die Raad en Aksiekomitee is met die Minister se goedkeuring aangevoor.

Art. 31: Vergaderings van die Raad, is gereeld volgens die bepalings belê.

Art. 32: Alle besluite van die Raad ten opsigte waarvan die Minister se goedkeuring ingevolge die wet vereis word, is aan die Bemarkingsraad gestuur en tesame met sy aanbevelings aan die Minister deurgestuur. (Hier ook is dieselfde prosedure gevolg wat ten gevolg gehad het dat Kennisgewing No. 5 van 1970, vir die voorgestelde skema vir die reëling van die bemarking van Sybokhaar en vir aangeleenthede in verband daarmee, gepubliseer is).

Art. 33: Die nodige personeel is met welslae aangestel vir die behoorlike verrigting van die Raad se werksaamhede en die bereiking van die oogmerke van die Skema wat hy moes uitvoer.

Art. 34: Die nodige eiendom is aangeskaf nadat die Raad persele moes huur. 'n Eie perseel met die nodige gebou en meublement, het daartoe bygedra dat die Raad sy werksaamhede beter kon ko-ordineer.

Art. 35: Die Raad het met die Minister se goedkeuring bystand aan sekere onderwys-instansies en navorsingsinstitute verleen vir navorsing op die gebied van Sybokhaar.

244/..... Art. 36:

Art. 36: Die Raad het sy magtiging benut om advies met betrekking tot bemarking- en verpakkingsmetodes en inligting aan produsente, te verleen.

Art. 37: Die Raad het sodanige stappe gedoen wat die Minister goedgekeur het ter bevordering of stimulering van die vraag na Sybokhaar binne en buite die Republiek.

Art. 38: Die Raad het ook met ander persone, instansies en soortgelyke Rade saamgewerk soos die Suid-Afrikaanse Wolraad, en die Suid-Afrikaanse Wolkommissie.

Art. 40: Jaarverslae is gereeld na 'n boekjaar aan die Minister verstrek aangaande die Raad se werksaamhede.

Artikels 41, 42, 43 en 44: Die Sybokhaarraad het behoudens die bepalings van hierdie artikels met die Minister se goedkeuring en op 'n grondslag wat die Raad bepaal het, heffings opgelê op Sybokhaar wat in die Republiek produseer is. Spesiale heffings is ook met die Minister se goedkeuring gehef op sybokhaar wat deur 'n produsent verkoop of in die Republiek ingevoer is.

Art. 45: Die Raad het sy magte om gelde te leen, om die Skema uit te voer, benut.

Art. 46: Die fondse van die Sybokhaarraad, asook die reserwefondse soos bepaal, is aandag gegee.

Art. 50: Die Boekjaar van die Raad vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember van dieselfde jaar, albei dae ingesluit, is getrou nagekom.

Art. 51: Behoudens die bepalings van artikels 56 en 57 van die Skatkis- en Oudit-wet 1956 (no. 23 van 1956), soos gewysig, is die Rekeninge van die Sybokhaarraad jaarliks deur die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal (wat 'n plaaslike ouditeur aangestel het), geouditeer.

Art. 52: Die Raad het toegesien dat persone wat gelas is om sekere aantekeninge te hou en opgawes te maak met betrekking tot die verkoop of verwerking van Sybokhaar, gereeld die nodige besonderhede indien.

Art. 53: Die Raad het, onderworpe aan die voorwaardes deur die Minister goedgekeur, sodanige agente aangestel wat nodig was vir die behoorlike verrigtinge van sy werksaamhede.

245/..... Art. 54.

Art.54: Die magtiging en bevoegdhede van inspekteurs om persele waar sybokhaar verwerk word te betree, om vas te stel of die skema en die Wet getrou toegepas is, is getrou uitgevoer.

Art. 55: Die Sybokhaarraad het met die Minister se toestemming verskillende klasse van sybokhaar omskryf.

Artikels 57 - 63: Die Sybokhaarraad het die artikels wat handel oor die Bestuur van Poele aandag geskenk wat as 'n nuwe skema beoog word. Die nodige voorbereiding is gedoen en na oorlegpleging met die Bemarkingsraad, het die Minister die nuwe skema voorlopig goedgekeur en die nodige Regeringskennisgewing, 705 van 1970 (23.10.1970), afgekondig vir inwerkingtreding op 'n datum wat by die omstandighede sal aanpas. Sodra finale goedkeuring verkry word, sal die Sybokhaarraad 'n afsonderlike poel bestuur ten opsigte van elke klas en graad sybokhaar aan die Raad gelewer. (Hierdie aspek is behandel in Hoofstuk 3 G).

Art. 64: Die Raad het met die Minister se goedkeuring 'n verbod geplaas, soos hy gemagtig is om te doen op die verkoop van sybokhaar en dus volle beheer verkry oor die hantering en verwerking van Sybokhaar.

OPMERKING:

Die werksaamhede van die Sybokhaarraad is volledig in Hoofstuk 3 behandel, maar dit kan sonder twyfel gestel word dat die Raad wel daarin geslaag het om sy doelstellings uit te voer en sybokhaar te bevorder, maar bowenal om die Bemarkingswet wat betrekking het op Beheerrade in sy geheel noukeurig toe te pas en van tyd tot tyd uit te voer, anders sou hy nie toegelaat gewees het om as 'n Beheerraad voort te bestaan nie.

H. AANBEVELINGS:

Afgesien van die idee en aanbevelings van die Sybokkwekersvereniging dat boere hul kuddes suiwer hou en nie geheel en al na vleisproduksie oor te skakel soos elders in hierdie proefskrif genoem word nie, is deur 'n aantal ander belangrike aanbevelings wat ek meer volledig hieronder wil behandel. Dit mag wees dat by die tyd dat hierdie proefskrif ingehandig word, daar moontlik een of ander verbetering ingetree het - dus word die inligting verskaf, soos dit gesien word gedurende Mei 1971.

Die aanbevelings is soos volg:-

246/..... 1. Angoraproefplaas

1. Angoraproefplaas dringend nodig vir Oos-Kaapland.
2. Staatshulp ten opsigte van reklame, navorsing en stabilisering en finansiële hulp aan jong boere.
3. Plaaslike verwerking van Bokhaar.
4. Hoe beter Bokhaar deur goeie bestuur verkry kan word.
5. Belangrikheid van Britanje as 'n Wol- en Bokhaar invoerder.

1. <u>Angoraproefplaas dringend nodig vir Oos-Kaapland</u>:

Op die oomblik beskik Angoraboere nie oor 'n proefplaas nie en strek vertoë ter verkryging van 'n Angoraproefplaas in die sybokhaar-

ERRATA

Bladsy 246: sterk i.p.v. strek.

aan die Regering se
hierdie aangeleent-
veel, maar die vertoë
.e uitvoering daarvan,

bespoedig word.

Dit is duidelik dat die beste navorsing met die Angorabok in sy natuurlike omstandighede gedoen word. 'n Proefplaas vir die vertakking van die kleinveeboerdery moet dus in die Oos-Kaapland, as die Angorastreek van Suid-Afrika, opgerig word. Daar mag probleme wees, want geskikte en opgeleide vakkundige-en navorsingspersoneel is uiters skaars. Om die mannekrag posisie te oorbrug, is die moontlikheid daar dat die proefplaas op 'n koöperatiewe grondslag bestuur kan word, waar beamptes van die Departement net aan boere self inligting oor die proewe gee, of dat dit soos 'n proefboerdery bestuur word waarby 'n boer op sy eie plaas 'n bestuurdersalaris van die Departement ontvang en hy dan toesig oor proewe hou.

2. <u>Staatshulp ten opsigte van Reklame,</u>
<u>Navorsing, Stabilisasie en Finansiële Hulp</u>:

Die Suid-Afrikaanse Sybokhaarkwekersvereniging moet die Regering vra vir geldelike steun, teneinde reklame, navorsing en stabilisering van die bokhaarbedryf die hoof te bied en dit in lyn te bring met die voordele wat die wolbedryf tans geniet.

Finansiële hulp aan jonger boere, om hulle in staat te stel om nie hulle plase te verlaat nie, maar op die platteland te bly, is 'n saak wat die Regering daadwerklik moet aanpak.

247/..... Die

Die Adjunk-Minister van Landbou, het op die 28ste Kongres van die Suid-Afrikaanse Sybokhaarkwekersvereniging gehou te Port Elizabeth gedurende Mei 1971, bogenoemde kwessie aangeroer en gesê „dat enige versoek van boere-organisasies altyd simpatiek oorweeg word, maar boere moet die inisiatief neem en om hulp vra, anders sou die Staat nie op hoogte wees waar en hoe om bystand te verleen nie."

Die Adjunk-Minister het die 28ste Kongres te Port Elizabeth daaraan herinner dat by die 27ste Kongres in 1970 ook te Port Elizabeth, afgevaardigers 'n hele paar besprekingspunte wat vir Staatshulp gevra het, afgestem het. Hulle het in daardie stadium gemeen die toestande in die bedryf regverdig nie werklike hulp van owerheidsweë nie. Bokhaarboere kan dus nou nie met verwyte van diskriminasie teen die Regering kom as hulle self besluit het dat hul nie hulp wil hê nie.

Die versekering van die Regering dat hulp wel beskikbaar is, moet dus opgevolg word.

3. <u>Plaaslike verwerking van Sybokhaar:</u>

Die Suid-Afrikaanse Sybokhaarkwekersvereniging moet by die Sybokhaarraad aandring vir die plaaslike verwerking van bokhaar en die bemarking van verwerkte bokhaar sover moontlik te bevorder.

Dit lyk onlogies dat Suid-Afrikaanse bokhaar vir verwerking uitgevoer moet word en die verwerkte produk hetsy gare of materiaal, dan later weer ingevoer moet word.

Die Sybokhaarraad sal op sy beurt kan bevestig dat 'n fabriek in Kaapstad beoog word om bokhaarmateriale en klerasie plaaslik te vervaardig en dat 'n internasionale ontwerper met die naam van Bernat Klein, reeds vir hierdie doel aangestel is.

Die aanvanklike idee was dat hierdie fabriek ingevoerde gare sou gebruik, maar die plan is om uiteindelik plaaslike gespinde gare te gebruik. Die Raad sal ook beweer dat hy nie genoeg fondse het om die oprigting van fabrieke te finansier nie, maar hy sal wel 'n fabriek wat privaat opgerig word, geldelik steun onder sy bevorderingsbeleid.

Bokhaar word steeds op kleinskaal in beide gekamde en in die rou vorm plaaslik verwerk vir die maak van komberse, bekleedstowwe en growwe

gordynmateriaal. Groot bokhaar word in die meeste van die gevalle gebruik en tot 23,000 Kg. haar word jaarliks plaaslik verwerk.

Daar moet op gewys word dat die grensnywerheidgebiede van Oos-Kaapland uitstekende geleenthede bied vir die vestiging van bokhaarverwerkingsfabrieke. Arbeid is beskikbaar, vervoergeriewe word voorsien en die vestiging van grensnywerhede word boonop deur die Regering gesubsideer. Die geleentheid bestaan dus vir oorsese verwerkingsfabrieke om hul bedrywighede hier te kom vestig teen 'n heelwat laer produksiekoste as wat oorsee die geval is.

4. <u>Hoe beter Bokhaar deur goeie bestuur verkry kan word</u>:

'n Ekonomiese oorsig geneem in die distrik Graaff-Reinet het aan die lig gebring dat die gemiddelde inkomste van 'n uitgegroeide Angorabok R5,43 beloop het gedurende die jaar Maart 1967 tot Februarie 1968. As die Angora se produksie gedurende sy leeftyd dus in aanmerking geneem word, is dit duidelik dat die Angorabok 'n waardevolle dier is.

Hierteenoor kan die verlies van een bok onmiddellik die totale profyte van 'n groot aantal bokke verminder. Ook mag verliese as gevolg van siektes, parasiete en droogte toestande, asook onkunde en nalatigheid oor die behandeling van die diere en die vag, meebring dat al die vooruitgang wat deur selektiewe teling- en voedingspraktyke bereik is, ten gronde gaan en verliese in die hand werk.

Dr. Wouter Hugo van die Grootfontein-Landbounavorsingsinstituut, asook die Sybokhaarraad en menere Cooper en Nephews (S.A.) Bpk., het al baie kere wenke bekend gemaak vir die beter versorging en bestuur van die Angorabok.

Afgesien van oordeelkundige teling- en voedingmetodes, beter versorging en bestuur, is dit absoluut noodsaaklik dat -

(a) genoegsame skuiling;
(b) beheer van parasiete;
(c) immunisering teen siektes; en
(d) metodes om die haar of vag te alle tye skoon te hou, deur die produsent aandag moet geniet, ten einde die voortbestaan van die bedryf te verseker.

249/..... Die volgende

Die volgende is ondermeer 'n paar wenke en handleiding vir produsente van sybokhaar:-

(a) Genoegsame skuiling:

Angorabokke regverdig hulle bestaan as 'n belangrike bydrae ten opsigte van 'n redelike goeie inkomste, alleenlik wanneer hulle by die verskillende veranderde omstandighede aanpas, maar kan bowenal aangehou word onder sulke omstandighede. Nalatigheid om voldoende skuiling te verskaf, kan die produsent suur te staan kom. Die beleid om afdakke, krale en ander beskerming te verleen teen die abnormale koue weer en nat toestande, sal vrugte afwerp en meebring dat ernstige verliese, veral die eerste paar weke na die skeer van die diere plaasgevind het. Honger, pasgeskeerde bokke, wat in 'n vreemde kamp gejaag word, is meer vatbaar vir siektes ens. en hierdie gewoonte stel die diere in gevaar, veral voordat hulle aan abnormale weersomstandighede gewoont raak. Aanpassing in gehardheid van Angorabokke sal aan die ander kant, ook nie verkry word as hulle gewoonlik onder dak in skure gehuisves word as die weer dit toelaat nie. Goeie oordeel moet dus aan die dag gelê word met die oprigting van skuilplekke.

(b) Beheer oor parasiete:

In meeste dele van die land waar met Angorabokke geboer word, word hulle geplaag deur die rooi-luis, die suigluis, die bont-, oor-, bruin- en die karoo-verlammingsluise. Besmetting deur die bontborsluis en die karoo-verlammingsluise, verg nog elke jaar 'n hoë tol onder die getalle van die Angoras. Die aanwesigheid van ander borsluise, luise ens., wek steeds kommer omdat die diere hulself byt en krap en as gevolg hiervan benadeel hulle die produksie en gehalte van die haar, asook ernstige bloedarmoede as dit nie betyds gekeer word nie. Die toediening van middels word deur fabrikante, soos Cooper en Nephews aanbeveel, terwyl aangeraai word dat boere gereeld hulle diere moet dip en doseer. Daar word ook bepaal dat ten einde nie die haar te beskadig nie, nie voor sê, ses weke voor die diere geskeer word, gedip word nie - sodat die haar nie beskadig word nie. Produsente word gereeld van raad bedien, wanneer en hoe te werk gegaan moet word om hul kuddes gesond en vry van parasiete te hou. Dit is ook beweer dat wild die oorsaak is van bespreiding van parasiete, maar hierdie stelling is weerlê, omdat

250/..... sekere

sekere parasiete alleenlik op sekere diere teer en dit is deur deskundiges bewys dat die parasiete van wild nie op bokke gevind word nie.

Wat betref interne parasiete, is die bewerings al gemaak dat Angoras beter bestand is as die Merino-skaap, teen die geval van interne parasiete, maar dit is al telkens bewys dat dieselfde parasiete wat by Merino-skape gevind word, ook by die Angora aanwesig is en omgekeerd. Dieselfde middels moet in albei rasse toegedien word vir effektiwiteit. Dat sekere parasiete gedurende sekere jaargetye meer priwilent is, bring mee dat die bestryding van interne parasiete soos maagwurm, draadwurm, bankrotwurm, langnekbankrotwurm en bruin maagwurm, gereeld aandag moet geniet en daar word van die deskundiges op hierdie gebied verneem hoe en wanneer om diere te doseer. In warme dele van ons land sal sekere maagwurmsoorte in omvang toeneem en boere moet dus op die uitkyk wees vir uitermatige besmetting van hul kuddes en die raad van die verskaffers van teenmiddels noukeurig volg. Sommige boere dien middels toe ter bestryding van die parasiete in 'n vroeë stadium, voordat die eiertjies van die parasiete uitbroei en dit blyk volgens die deskundiges, raadsaam te wees om die bedreiging in die kiem te smoor, hoewel dit nie altyd so suksesvol is nie, omdat dit ook die kondisie van die diere benadeel.

(c) <u>Immunisasie teen siektes</u>:

Angorabokke is feitlik vry van siektes van 'n epidemiese aard, maar ten spyte hiervan, vrek groot getalle bokke nog elke jaar van siektes soos, hartwater en niersiektes, terwyl die jongbokkies geteister word deur maagaandoenings. Beproefde middels om die twee siektes te bekamp, is wyd bekend en is geredelik bekombaar. Die voorgeskrewe teenmiddels moet altyd toegedien word waar die siektes voorkom.

Om maagaandoenings tee te werk, word aanbeveel dat die lammers liefs op die veld moet wei, sodat hulle meer bestand kan word teen die siektes wat hulle bedreig en hierteenoor word beweer dat sulke lammers beter op natuurlike weiding vorder as dié wat in krale ens. grootgemaak en gevoer word - hierdie metode maak hulle beter bestand teen siektes, veral die gevreesde maagwerking wat onder die lammers voorkom.

(d) Skoner haar:

Die waarde van die sybokhaarvag wat omtrent ses maande geneem het om te groei, kan aansienlik en in 'n paar minute benadeel word, as dit toegelaat word om besmet te raak deur urine en plantegroei - om dit te verhoed, kan die volgende aanbevelings gedoen word:-

(i) Angorabokke wie se haar vry is van saad, moet nie in 'n reserwe kamp gejaag word voordat hulle geskeer word nie.

(ii) Angorabokke in volle haar, moet nooit aangejaag word oor 'n doubevlekte weiding nie, want dit bevorder plantevlekke.

(iii) Bokke moet in klein troppe aangejaag word om te verhoed dat hulle teenmekaar skuur en urinevlekke veroorsaak.

(iv) Jaag die diere wat geskeer moet word in 'n droë kamp 'n dag van te vore, sodat die natuurlike ontlasting kan geskied.

(v) Moenie die Angoras verskrik nie, omdat hulle sal saamdrom en veroorsaak dat die haar beskadig word.

(vi) Die skeerhokke moet ten alle tye skoon wees voor en terwyl die bokke geskeer word.

(vii) Die metode om Angoras wat per trein of andersins vervoer word te „crutch" of te mikskeer, sal ook meebring dat urinevlekke veroorsaak word (mikskeer of „crutching", beteken die verwydering van sybokhaar in die bok se mik en aan die binnekant van die agterbene. Dit word ook gedoen ter bestryding van brommeraanvalle en om die vorming van misklosse te voorkom. Die vlekke van urine, kan nooit uit die haar verwyder word wanneer dit gewas word nie en dit word dus aanvaar dat sulke vlekke die gehalte van die vag affekteer).

5. Belangrikheid van Britanje as 'n Wol- en Bokhaar-invoerder:

'n Wye deursnee van Suid-Afrikaanse boere behoort noual bewus te wees van die belangrikheid van die Britse aankope en invoere, beide in die geval van wol en bokhaar, dan meeste van ons bereid was om gedurende die afgelope paar seisoene te erken.

Suid-Afrika is grotendeels afhanklik van vier groot kopers van wol, naamlik die Verenigde State van Amerika, Frankryk, Japan en Duitsland,

252/..... terwyl

terwyl daar 'n merkbare afname van invoere beide deur die Verenigde State van Amerika en Italië te bespeur is wat toe te skryf kan word aan huishoudelike resessie, wat soos 'n kettingreaksie na ander lande kan uitbrei.

Wat bokhaar betref, het die Verenigde Koninkryk 38% van die Kaapse Bokhaar geabsorbeer en byna die hele Basoetohaar wat gedurende die eerste kwartaal van die huidige seisoen 1970/71, uitgevoer is, betrek, wat meebring dat die Verenigde Koninkryk se aandeel op die hele mark byna 50% is.

Hierdie bewering word gestaaf deur die Sybokhaarraad se statistiese oorsig vir die seisoen 1970/1971.

-------

# ADDENDUMS

Sedert die voorgemelde proefskrif opgestel is, het daar sekere wysigings geskied naamlik:

1. In verband met die afskaffing van die permitstelsel ten opsigte van die bemarking van beesvleis;
2. Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke (1970, Wet 82 van 1970 - Proklamasie no. R91 op 30.4.71, op 1 Mei 1971 in werking getree);
3. Kommissie van Ondersoek insake Wol- en Bokhaarbemarking en Bestuur van Poele.

## 1. AFSKAFFING VAN PERMITSTELSEL T.O.V. DIE BEMARKING VAN BEESVLEIS:

In Hoofstuk 6 (Deel I) is besonderhede verstrek oor die vleisbemarking en die permit- en kwotastelsels.

Die voorsitter van die Vleisraad, mnr. P. R. du Toit het op 1.9.1971 aangekondig dat die permitstelsel vanaf 1 Oktober 1971 opgehef sal word. Dié besluit is geneem by 'n vergadering van die Bemarkingskomitee van die Raad in die lig van die verwagte bemarking van beesvleis vanaf Oktober tot die einde van Desember 1971 en ook weens die feit dat die prysvlakke by buiteveilings en in beheerde gebiede, min of meer belanseer.

Mnr. du Toit het gesê permitte wat in September 1971 uitgereik is, sal van krag bly en produsente wat reeds permitte ontvang het, mag nog in gevolge sulke permitte bemark, maar produsente wat nie permitte kan gebruik nie, word versoek om die Vleisraad se betrokke takkantoor so gou moontlik in kennis te stel.

Die registrasiestelsel wat as 'n grondslag vir die aansoek van die permitstelsel ingestel word, word deur omstandighede genoodsaak en sal deurentyd van krag wees.

Dit is 'n vereiste dat voorgenome bemarkers wat vir permitte in aanmerking wil kom wanneer dit nodig sal word om die permitstelsel toe te pas, by die Raad registreer moet word. Aansoekvorms kan vanaf die begin van November 1971 van alle bemarkingsorganisasies en die Vleisraad verkry word.

254/..... Voltooide

Voltooide aansoekvorms vir registrasie moet die Vleisraad se hoofkantoor, Posbus 1357, Pretoria, voor of op 31 Desember 1971 bereik.

(Bron van Inligting)
Aankondiging deur die Vleisraad i.v.m. opheffing van permitstelsel op 1 September 1971.

2. WET OP KOMMISSIE VIR VARSPRODUKTEMARKE
WET 1970 (NO. 82 VAN 1970) PROKLAMASIE R91 OP 30.4.71.

In Hoofstuk 6 (Deel I) is besorgdheid uitgespreek dat daar geen skema bestaan vir die bemarking van vars groente nie. Sedert hierdie proefskrif opgestel is, is daar sekere wetgewing passeer, m.a.w. die Minister het die vertoë tot hom gerig, simpatiek behandel en die saak laat ondersoek sodat die Wet 1970 (No. 82 van 1970) in die Staatskoerant gepubliseer is. Die inwerkingtreding sou later aangekondig word. Die nuwe Wet was bedoel om voorsiening te maak vir beheer oor die plasing, oprigting, verandering, gebruik, bestuur en dryf van sekere varsproduktemarke; vir die instelling van 'n Kommissie om met sekere varsprodukte te handel; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak. (Die Engelse teks is op 30 September 1970 goedgekeur en deur die Staatspresident onderteken).

Art. 2: (1) Die Wet maak voorsiening vir 'n Kommissie om ingestel te word wat die „Kommissie van Varsproduktemarkte"heet.

(2) Die oogmerk van die Kommissie is om die Minister van advies te bedien oor alle aangeleenthede i.v.m. die plasing, oprigting, uitbreiding, verandering, gebruik, bestuur en dryf van produktemarke en die oprigting van dienste by varsproduktemarke en om in die algemeen die Minister behulpsaam te wees om die bedrywighede wat met varsproduktemarke in verband staan, te koordineer en te rasionaliseer.

Art. 4: bepaal die konstitusie van die Kommissie. Dit sou bestaan uit 3 of 4 lede - ten minste een van die lede moes 'n persoon wees wat vertroud is met kennis oor marke en die hantering van varsprodukte.

Art. 10: is belangrik in soverre dat geen persoon toegelaat sal word om 'n varsproduktemark in 'n beheerde gebied op te rig, sonder die Minister se toestemming nie. Sekere bepalings word neergelê.

255/..... Art. 14:

Art. 14: is ook belangrik, want geen persoon sal toegelaat word om die mark se plasing af te breek om veranderings aan te bring, mits die Minister se goedkeuring nie vooraf verkry is nie.

Indien Art. 14 saam met Art. 17 gelees word, sal dit opgemerk word dat die Minister die inisiatief mag neem om die oprigting van 'n nuwe mark op te rig. Die Minister sal in elk geval die Kommissie hieromtrent raadpleeg en ook mag hê om 'n sekere gebied as 'n „beheerde gebied" verklaar.

Art. 16: Gee die Minister ook die mag om die eienaar van 'n Nasionale Varsproduktemark te laat geld leen ens.

Art. 17: Gee die Minister ook mag om sekere bevele uit te reik i.v.m. die hantering en oprigting van varsproduktemarke.

Art. 19: hier vind ons dieselfde bepalings soos in die Slagpale-Kommissie Wet, naamlik dat tariewe opgelê word t.o.v. hantering ens.

Die Kommissie kry ook die reg om 'n gedragskode op te stel, t.o.v. geboue, fasiliteite, hantering van produkte ens.

Art. 24: bepaal dat die Minister die mag het om t.o.v. 'n Nasionale Varsproduktemark 'n Marke-Advieskomitee aan te stel.

Art. 30: Op die oog af lyk dit of hierdie artikel sekere bepalings aan die eienaar van die van die mark voorskryf, want laasgenoemde moet verantwoordelikheid aanvaar vir die flinke hantering en ko-ordinasie van dienste ens.

Art. 31: is ook belangrik, want van die eienaar van 'n varsproduktemark word verwag om rekords te hou van verkope; boeke moet ook ge-ouditeer word so gou moontlik na 'n vasgestelde boekjaar.

Art. 34: maak ook voorsiening daarvoor dat die betrokke Administrateur ook geraadpleeg moet word voordat finansiële verpligtings aangegaan word.

OPMERKING: (Persverklaring)

„Die Departement van Landbou-ekonomie en Bemarking maak bekend dat die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (no. 82 van 1970), ingevolge die

bepalings van Proklamasie no. R91, wat in die Staatskoerant van 30 April 1971 verskyn het, op 1 Mei 1971 in werking getree het.

Die Wet maak onder andere voorsiening vir die aanstelling van 'n Kommissie om die Minister van advies te bedien oor alle aangeleenthede in verband met die plasing, oprigting, uitbreiding, verandering, gebruik, bestuur en dryf van varsproduktemarke en die verrigting van dienste by varsproduktemarke en om in die algemeen die Minister behulpsaam te wees om die bedrywighede wat met varsprodukte in verband staan, te ko-ordineer en te rasionaliseer.

Mnr. Piet Venter, voormalige Direkteur van Marke, Kaapstad, is die voltydse Voórsitter van die Kommissie en word bygestaan deur twee deeltydse kommissarisse.

Aangesien die bepalings van die Wet wye implikasies inhou, word dit aan die hand gedoen dat betrokke instansies hulleself daarvan op hoogte stel.

Enige navrae in verband met die interpretasie van die Wet, moet aan die Voorsitter, Kommissie vir Varsproduktemarke, Privaatsak 250, Pretoria, gerig word."

(Bron van Inligting)

1. Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (no. 82 van 1970).
2. Proklamasie no. R91 van 30 April 1971.
3. Persverklaring.

3. (a) KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE WOL- EN SYBOKHAARBEMARKING EN
   (b) BESTUUR VAN POELE.

(a) Soos in Hoofstuk 3 G (Deel II) van hierdie proefskrif gestel, moet die Minister nog besluit om die Kommissie se aanbevelings goed te keur of af te wys.

Die Nasionale Wolkwekerskongres word op Woensdag 22 September 1971 in Durban gehou en na verneem word, sal die Kongres in beginsel aanvaar dat die Kommissie van Ondersoek se bevindings aanvaar word. Vir hierdie besluit kan ongelukkig nie gewag word nie, want my proefskrif word nou persklaar gemaak.

257/..... (b) Bestuur

(b) Bestuur van Poele:

Die Minister se besluit oor die bestuur van poele, sover dit die Sybokhaarraad betref, word grootliks geraak deur die Kommissie van Ondersoek oor Bemarking se aanbevelings en die Minister mag wag totdat hy die aanbevelings en besluite bekom onder 3 (a).

Opmerking:

Gesien in die lig van alle aanbevelings oor die bemarking van wol en sybokhaar en of dit in die nasionale belang onkostes sal besnoei, moet die pertinente vraag gestel word of die beoogde besnoeiing van hanteerkoste die moeite werd is en of die verskillende aanbevelings wel die aanvraag vir die betrokke produkte sal vermeerder. Indien laasgenoemde die oogmerk is, sal daar volle samewerking kom van alle instansies.

-------

## LITERATUURLYS

Nageslaan vir navorsing:

| | | | |
|---|---|---|---|
| A. | Boeke. | E. | Jaarverslae |
| B. | Wette. | F. | Regeringskennisgewings |
| C. | Hofsake. | G. | Rapporte |
| D. | Artikels. | H. | Verslae |

A. BOEKE:


1. Allen, G. R. : Agricultural Marketing Policies; Oxford, 1959.

2. Casselman, P. H. : Education in the Co-operative Movement; Quebec, 1948.

3. Coetzee, F. J. J. : Landbou-koöperasies in Suid-Afrika; Leiden, 1957.

4. Commonwealth Economic Committee : Industrial Fibres - A Review; Her Majesty Stationery Office - London.

5. de Kock, M. H. : Economic Development of South Africa; London - P. S. King & Sons Ltd., 1936.

6. du Toit, F. J. : Mohair and its Future; Jansenville, Sid Fourie, 1933.

7. Encyclopaedia Brittanica

8. Grimley, O. B. : Co-operatives in Sweden; London, 1948.

9. Handbook of Textile Fibres , 1970.

10. Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie, Pretoria, 1966.

11. Saunders, A. R. : Maize in South Africa, C.N.A., Johannesburg, 1930.

12. South African Year Book, 1970.

13. Schreiner, S. C. C. : The Angora Goat - Longmans, Green & Co., London, 1898.

14. Small, J. G. C. : Landbou-Koöperasies in Suid-Afrika, 1933.

15. Tonsley, R. D. & Clark, E. & F. F. : Principles of Marketing - New York, The MacMillan Co., 1962.

16. Villiers, M. : A Historical Survey of Mohair Manufacturers - Leeds University, 1960.

17. Wessels, N. G. : The Angora Goat and Mohair Industry; Dept. of Agriculture, Pretoria - April 1948.

B. WETTE:

18. Bemarkingswet, 1937 (no. 26 van 1937) soos gewysig deur Wet 1938 (no. 19 van 1938) Wet 1941 (no. 12 van 1941) en Wet 1946 (no. 50 van 1946).

19. Bemarkingswet, 1968 (no. 59 van 1968) - Gekonsolideerd.

20. Britse Bemarkingswette, 1931 - 1933.

21. Co-operative Societies (Act 1922 (no. 28 of 1922) - as amended 1925 & 1933.

22. Koöperatiewe Wet, 1939 (no. 29 van 1939) soos gewysig.

23. Landbankwet, 1944 (no. 13 van 1944).

24. Maatskappywet, 1926 (no. 46 van 1926).

25. Mielie Reëlings-wysigingswet, 1935 (no. 59 van 1935).

26. Suid-Afrikaanse Wolkommissie Wet, 1960 (no. 35 van 1960).

27. Wet op Mielies, 1931 (no. 39 van 1931).

28. Wet op die Vee- en Vleisnywerhede, 1934 (no. 40 van 1934) en 1932 (no. 29 van 1932).

29. Wet op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1930 (no. 35 van 1930).

30. Wet op die Beheer van die Koringnywerheid, 1935 (no. 58 van 1935).

31. Wet op die Raad van Handel en Nywerheid, 1944 (no. 19 van 1944).

32. Wet op Tabak, 1932 (no. 19 van 1932) en 1935 (no. 17 van 1935).

260/..... 33. Wolheffings-

33. Wolheffingsfonds, Suid-Afrikaanse Wolkommissiewet 1955 (no. 57 van 1955).

34. Zuivelnywerheidswet, 1918 (no. 16 van 1918).

C. HOFSAKE:

35. Rex v Bham en Ander, 1947 (1) P.H., K16.

36. Rex v Ohlamini and Another, 1945 (1) P.H., K2.

37. Rex v Meltzer and Another, 1946, T.P.D., 597.

38. Rouxville Dairy (Pty.) Ltd. v Minister of Agriculture, 1940, T.P.D., 366.

D. ARTIKELS:

39. Allerlei artikels in die Wolboer, Georganiseerde Landbou, Landbou-weekblaaie.

40. Allerlei artikels in die Angorabok- en Sybokhaarjoernaal, Jansenville, K.P.

41. Allerlei artikels in die „Farmers Weekly" oor Bokhaar en veilings.

42. Allerlei artikels in die „Wool Record" oor Bokhaar en veilings.

43. Allerlei artikels in die plaaslike nuusblaaie oor Bokhaar en veilings.

44. Commodity Credit Corporation - V.S.A.

45. Direkteur - Voedselvoorrade en Distribusie- Suid-Afrika, 1943.

46. Explanatory Notes on "New Mohair Scheme" - Sybokhaarraad, 1970.

47. Memorandum oor Bokhaarbemarking aan Kommissie van Ondersoek insake Wolbemarking - Sybokhaarraad, 1971.

48. „Price Support Scheme" - Kanada.

49. Rorich, A. J. - "Some aspects of the Marketing Act"- Short course on Co-operatives in Agriculture - arranged by the E.P. Agricultural Union, together with Rhodes University - May, 1959.

50. „Speciality Fibres" - A Wool Record Survey, 1971.

51. Britse Melk-bemarkingsraad - oorsig deur S.A. Melkraad, 1940.

52. Suid-Afrikaanse Wolkommissie Reserweprysskema - J. D. MacDonald - Port Elizabeth, 18.9.1967.

53. „Thoughts on Mohair Marketing" - E. H. G. Outram - Chairman, S.A. Mohair Board, 1970.

54. van Wyk, S. P. - „Farm Enterprise Planning" - Agricon, June, 1961.

55. Volkshandel - insake Marknavorsing, Julie 1959.

56. Wolbemarking, Suid-Afrikaanse Wolkommissie - 1960 - 1965.

E. <u>JAARVERSLAE</u>:

57. Departement van Landbou, Suid-Afrika - 1946/7, 1952/3, 1956/7, 1967/8 en 1969/70.

58. Nasionale Bemarkingsraad, Pretoria - 1938/9, 1962/3 en 1967/8.

59. Sekretaris van Landbou-Ekonomie en Marke, Pretoria - 1962/3.

60. Suid-Afrikaanse Landbou-Unie: 1960, 1962 en 12de Kongres, 1967.

61. Sybokhaar-Adviesraad, Port Elizabeth tot 1965.

62. Sybokhaarraad, Port Elizabeth - vanaf 1965 tot 1970.

F. REGERINGSKENNISGEWINGS:

63. Kommissie van Ondersoek insake Koöperasies en Landboukrediet - U.G. - 16/1934.

64. Kommissie van Ondersoek i.v.m. Koöperatiewe Aangeleenthede - Verslag R.P., 78/1967.

65. MacDonald Ondersoekkomitee oor Vee-pryse - U.G. no. 10 van 1944.

66. Proklamasie no. R238 - Oktober 1965 - insake Sybokhaar.

67. Regeringskennisgewings: U.G. 26 van 1933
U.G. 25 van 1941
U.G. 31 van 1945
U.G. 53 van 1946
U.G. 27 van 1947
U.G. 48 van 1949

68. Regulasies met betrekking tot die klassering, verpakking en merk van wol en bokhaar wat bestem is vir verkoop in die Republiek van Suid-Afrika - R756 - 28.5.1965.

69. Staatskoerant (Buitengewoon) no.1244 - 1.10.1965 insake Bokhaar.

70. Staatskoerant (Buitengewoon) no. 702 - Oktober 1970 insake Bokhaar.

71. Staatskoerant (Buitengewoon) no. 705 - 23.10.70 insake Bokhaar.

72. Staatskoerant (Buitengewoon) no. R1033 - 1.7.1966 - verbod op verkoop van Sybokhaar.

G. RAPPORTE:

73. Rapporte van die Nasionale Bemarkingsraad t.o.v. Beheerrade onder Bemarkingswet - 1950/1 en 1963/4.

74. „Recommendation on Wool Marketing in South Africa - Submitted to the Hon. Sen. D. C. H. Uys, Minister of Agriculture (Sub-judice)" - 1971.

75. Sybokhaarraad - Statistiese ontleding van Republiek se Sybokhaarskeersel, 1970.

263/..... 76. „The

76. „The Production of South African Mohair - Report by the Mohair Board Mission to Britain and Europe" - Junie 1962.

77. Tidmarsh Kommissie rapport oor Bokhaar aangeleenthede - 1949.

H. <u>VERSLAE</u>:

78. Centlivres-kommissie - 5de Verslag.

79. Distribusie-kommissie, U.G. 27 van 1947.

80. Hansard - Kaapstad - 18.4.1969.

81. Memorandum van Minister van Landbou aan Volksraad - Maart 1969.

82. Nasionale Bemarkingsraad - no. 28 van 1947.

83. Raad van Handel en Nywerheid - Verslag no. 582.

84. Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad - U.G. no. 10 van 1945.

85. Suid-Afrikaanse Landbou-Unie - 1938 - 1965.

-----

EFS/sms.